
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Frederik Gerhardus Andreas Wolmarans, in leven ouderling van Potchefstroom; vader van Senator A. D. W. Wolmarans.*

*Frederik Gerhardus Andreas Wolmarans, in leven ouderling van Potchefstroom; vader van Senator A. D. W. Wolmarans.*

Met dank ontvang van mnr. N.M.J.B. Wolmarans, (kleinseun).

Uit: Almanak voor de
Ned. Herv. Kerk
van Afrika, 1927.
Teenoor bl. 81.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE ROL VAN DIE WOLMARANS-FAMILIE IN KERK EN STAAT TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENIS TOT 1884

-

In die geslagslyn na senator A.D.W. Wolmarans.

Joseph
Josephus Johannes
Frederik Gerhardus
Frederik Gerhardus Andreas

---ooOoo---

DEUR

NICOLAAS DREYER

---oOo---

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria
PRETORIA

Junie 1968

© University of Pretoria

LEIER: Prof. dr. A.N. Pelzer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In diepe erkentlikheid vir die liefde en steun deur die jare van hulle ontvang word hierdie werkstuk opgedra aan my ouers

JOHANNES GERHARDUS MARTHINUS DREYER

en

ELIZABETH HELENA DREYER (HENDRIKS)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


Bladsy

Voorwoord

Stamboom van die Wolmarans-familie

Hoofstuk 1.

Die voorgeskiedenis van die Wolmarans-familie en hul rol in Transvaal tot 1846. .... 1

Hoofstuk II

Die rol van F.G. Wolmarans in die kerklike lewe van Transvaal tot die koms van ds. Van der Hoff, 27 Mei 1853 .... 21

Hoofstuk III

Die rol van F.G. Wolmarans in die staatkundige lewe van Transvaal tot die koms van ds. Van der Hoff, 27 Mei 1853. .... 45

Hoofstuk IV

Die verwikkelinge in Transvaal gedurende 1853, vanaf die aankoms van ds. Van der Hoff. .... 62

Hoofstuk V

Die aandeel van die familie Wolmarans in die staatkundige geskiedenis van Transvaal, 1854-1860. .... 81

Hoofstuk VI

Die aandeel van die familie Wolmarans in die kerklike geskiedenis van Transvaal, 1854-1860. .... 105

Hoofstuk VII

Die rol van F.G. en F.G.A. Wolmarans in die staatkundige lewe van Transvaal 1860-1872. .... 141

Hoofstuk VIII

Die rol van F.G. en F.G.A. Wolmarans in die kerklike lewe van Transvaal, 1860-1872. .... 179

Hoofstuk IX

Die laaste jare van F.G.A. Wolmarans, 1872-1884 .... 193

. . . .

Bylaag 1

Brief van F.G. Wolmarans aan M.W. Pretorius

Bylaag 2

Uittreksel in verband met Wolmarans uit Baines, T.: Journal of residence in Afrika, 1842-1853.


2/....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

Bylaag 3
Algemene Kerkvergaderings bygewoon deur F.G. en F.G.A. Wolmarans en lidmaatskap van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 1853-1882.

Literatuur- en bronnelys

Foto's

1. F.G.A. Wolmarans -- teenoor titelblad
2. Testament van Joseph Wolmarans en Sara Coetzee -- tussen bl. 2 en 3
3. Verslag van veldkornet F.G.A. Wolmarans. -- tussen bl. 49 en 50
4. Eed van getrouheid afgelê deur F.G. Wolmarans en ander afgevaardigdes na Sandrivier konvensie -- tussen bl. 54 en 55
5. Sandrivier Traktaat 1852, mede onderteken deur F.G. Wolmarans -- tussen bl. 56 en 57
6. Borgakte vir 'n leraar vir die gemeente Lydenburg, mede onderteken deur F.G.A. Wolmarans. -- tussen bl. 116 en 117.
7. Graf van F.G. Wolmarans -- tussen bl.178 en 179.

---oOo---

© University of Pretoria

# VOORWOORD

Uit 'n studie van die lewe van A.D.W. Wolmarans het die gedagte ontstaan om eers die lewe en rol van sy voorvaders te ondersoek.

Uit die bestudering daarvan het geblyk dat hulle ook 'n groot rol in kerk en staat gespeel het net soos hul kind en kleinkind, senator A.D.W. Wolmarans.

Met groot belangstelling is verdere feite opgediep en dit het gelei tot hierdie werkstuk oor die lewe en werk van veral F.G. en F.G.A. Wolmarans in die staatkundige en kerklike lewe van Transvaal tot 1884.

Die ondersoek is egter alleen moontlik gemaak deur die hulp van ander wat my met raad en daad bygestaan het. Aan hulle elkeen in die besonder my opregte dank.

Aan my leier, prof. dr. A.N. Pelzer, my dank vir die goedkeuring van die titel van hierdie verhandeling en sy gewaardeerde vriendelike en altyd bereidwillige hulp en leiding met die aanvaring en voltooiing van die werk.

My dank aan die personeel van die Transvaalse Argief, in besonder die in die leeskamer vir hulle vriendelike hulp; aan mnr. Rex, argivaris van die kerkargief van die Ned. Herv. Kerk wat gevraagd en ongevraagd gehelp het en die navorsing aansienlik vergemaklik het; aan mnr. J.A. Pretorius, wat met sy vol program van werksaamhede gewillig was om die manuskrip taalkundig te versorg; aan mev. H. Bezuidenhoud vir die bereidwilligheid om die tikwerk hiervan te doen en dit ook op so 'n keurige wyse asook vir haar aangename hulp met die afrolwerk; aan mnr. J.A. van der Walt, hoof van die Hoërskool Tuine, vir sy toestemming om die afrolmasjien te mag gebruik; aan my broer dr. A.J.G. Dreyer vir die naslaan van enige dokumente in die Kaapse Argief en aan alle vriende wat geduldig ons vriendskapsbande behou het in die lang tyd van navorsing.

Hiermee veral my opregte dank aan my vrou Babs en die kinders Johannes, Willem en Elize vir die veelvuldige opofferings wat hulle hulle moes getroos om my in staat te stel om die my selfopgelegde taak te voltooi. Aan my vrou ook my dank vir haar ondersteuning, geduld, besieling en getroue bystand.

N. DREYER
Junie 1968

---oOo---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# S T A M B O O M

A. Uit die huwelik van JOSEPH WOLMARANS en Sara Coetsee[1] is gebore:

1. Johanna Rosina
2. Johanna Catharina
3. Gerrit Stephanus
4. Susanna Carolina
5. Hendrina Rosina
6. Josephus Stephanus
7. Anna Catharina
8. Sara Helena
9. Petrus Gerhardus
10. Johannes Mattheus
11. Dirk Jacobus
12. JOSEPHUS JOHANNES getroud met Dorothea Geyser.
13. Sara Jacomina
14. Dirkje Anna.

B. Uit die huwelik van Josephus Johannes Wolmarans en Dorothea Geyser is gebore:

1. Josephus Hendricus.
2. FREDERIK GERHARDUS (15.11.1788-28.4.1872) getroud met Catharina Maria le Roux.[2] (12.6.1792-9.9.1870)
3. Judith
4. Dirk Johannes
5. Hendrik Jacobus
6. Sara Petronella
7. Dorothea
8. Jan Barend
9. Hendrina Dorothea
10. Dina Jacoba.
11. Johanna Jacoba.

C. Uit die huwelik van Frederik Gerhardus Wolmarans en Catharina Maria le Roux is gebore:

1. Josephus Johannes
2. FREDERIK GERHARDUS ANDREAS (31.7.1812-5.3.1884) getroud met Anna Eleonora Steyn (17.6.1828-24.11.1870)
3. Catharina Elizabeth Maria
4. Gabriel Matthys
5. Johannes Barend
6. Dorothea Johanna Jacoba
7. Michiel Josias de Kock
8. Johanna Jacomina Jacoba
9. Dirk Johannes [3]
10. Andries Bernardus
11. Judik Frederika Salomina.[4]

2/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



D. Uit die huwelik[5] van Frederik Gerhardus Andreas Wolmarans en Anna Eleonora Steyn is gebore:

1. Anna Eleonora Deborah
2. Jacobus Marthinus Andreas
3. Josephus Johannes Hermanus
4. Gabriel Johannes Matthys
5. <u>ANDREAS DANIEL WYNAND</u> (23/9/1857-12/7/1928)[6] getroud met Anna Cornelia Sophia Elizabeth Prinsloo.[7]
6. Johannes Barend
7. Catharina Maria
8. Dirk Jacobus
9. Douw Gerbrand Steyn

E. Uit die huwelik van Andreas Daniel Wynand Wolmarans en Anna Cornelia Sophia Elizabeth Prinsloo is gebore:

1. Anna Eleonora
2. Frederik Gerhardus Andreas
3. Nicolaas Marthinus Johannes Barend
4. Catharina Maria
5. Martha Magdalena
6. Dorothea Johanna Jacomina
7. Andreas Daniel Wijnand
8. Jacobus Louis Christiaan.

Uit die huwelik van Andreas Daniel Wynand Wolmarans en die weduwee Susara Maria Margaretha Erasmus[8] (gebore Roos) is gebore:

9. Willem Maartin.

- - - - - - - - - - -

1. Oorlede 7/10/1774. M.O.O.C. 6/1, Kaapse Argief.
2. Oorlede 9/9/1870. Boedelakte 20735, C.M. le Roux, T.A. Volgens grafskrif, plaas Boschhoek, oorlede 27/9/70.
3. Boedelakte 20733, F.G.A. Wolmarans, en Dirk Jacobus volgens doopregister van die gemeente George (gebore 20/3/1829).
4. Boedelakte 20733, F.G.A. Wolmarans, en Judith F.S. volgens doopregister van die gemeente George (gebore 17/10/1833).
5. Die tweede huwelik van F.G.A. Wolmarans was met Maria Petronella Botha. (Oorlede 17/1/1898).
6. Doopboek III, 1851-1857, Nederduitsch Hervormde gemeente, Potchefstroom, nr. 1725. Ned. Herv. Kerkargief 91/3.
7. Oorlede 9/8/1909. Boedelakte 14346, A.C.S.E. Prinsloo, T.A. S.P.E. versameling XII/35/3. Nederduitsch Hervormde Kerkargief.
8. Gebore 2/9/1870. Weduwee van Antonie Philippus Erasmus, oorlede 5/12/1907. Op 25/4/1911 getroud met A.D.W. Wolmarans. Volgens geslagsregister van F.G.A. Wolmarans in S.P. Engelbrecht Museum. Nederduitsch Hervormde Kerkargief.

VIR ANDER VERWYSINGS EN BESONDERHEDE KYK HIERONDER.

- - - - - - - - - - - - - -

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K   I

## DIE VOORGESKIEDENIS VAN DIE WOLMARANS-FAMILIE EN HUL ROL IN TRANSVAAL TOT 1846

„Ik dien uit den Kaapstad, van daar tot alhier aan Mooyrevier en alle streeken in den binnen landen ten allen tyden voor eerlik, op regt en getrouw is erkend geworden, en niemand kan van myn carakter eyts seggen, van myn gedrag en handel, daar ik in den binnen landen alles vrywillig heeft verlaten zonder ik het nodig had. Ik hep niemand een vading schuldig gebleven maar met spyd van myn leerraar en commisaris, wylen er nooyt eenige beschuldiging tegens my is ingekomen, en van ik hier gekomen ben, hebbe ik alles mede gewerkt tot onser aller besten.[1)]

Dit is voorwaar mooi om so van 'n mens self te kan getuig - veral as elke woord waar is. Dit is dan ook die kern-outobiografie van 'n staats- en kerkman wat deur die genade van Bo vir baie jare gespaar is om in diens van sy volk te kan staan: Frederik Gerhardus Wolmarans.

- - - - - - - - - - - -

Die stamvader van die Wolmarans-familie in Suid-Afrika was Joseph[2] Wolmarans. Hy was die seun van Andreas Stephanus en Susanna Rosina Wolmarans[3] wat te Straatsburg in die destydse Heilige Romeinse Ryk woonagtig was.[4]

Staatsburg, 'n vry en onafhanklike stad, het sy vryheid in die veertiende eeu as geskenk van die Duitse koning Filips van Swabe ontvang. Die stad kon dus oor sy eie sake besluit en daar is die leerstellinge van die kerkhervormers geredelik aanvaar teen ongeveer 1523. Dit is ook daár waar die kerkhervormer Calvyn, drie van sy gelukkigste jare deurgebring het (1538-1541) toe hy uit Geneve moes padgee. Die stad Straatsburg het dan ook betreklik vroeg die kant van die Hervorming gekies wat daartoe bygedra het dat daar 'n groot mate van godsdiensvryheid was.[5]

2/...

1. V.R.3/45: Brief van F.G. Wolmarans aan die Raad te Andries-Ohrigstad, 2 Augustus 1845. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal nr. 1, Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850. Saamgestel deur J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius. Cape Times, Kaapstad. bl. 159 (Voortaan Volksraadnotules)
2. De Villiers, C.C.: Geslacht-register der oude Kaapsche familien, Deel 3, P tot Z. Van der Sandt de Villiers. Kaapstad. 1894. bl. 624.
3. Hoge, J: Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806. Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, negende jaargang, 1946. bl. 471.
4. De Villiers, C.C.: a.w. bl. 624.
5. Encyclopaedia Britannica 1963. Deel 21, bl. 467/2, Deel 4, bl. 672.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



So was daar in die sestiende eeu ook 'n Duits-Protestantse gemeente en 'n Franse (as gevolg van die baie Franse vlugtelinge uit Frankryk) terwyl daar ook Engelse en Nederlanders was.[6] Ons kan aanvaar dat Joseph Wolmarans van Duitse afkoms was - een van die 1,325 stamvaders wat hulle tussen 1700 en 1795 aan die Kaap gevestig het en waarvan meer as die helfte van Duitse afkoms was.[7]

In die registers van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie by wie hy in diens getree het, staan vermeld dat hy vanuit Straatsburg afkomstig was en in 1746 as soldaat met die skip Zeelandia in die Kaap aan wal gestap het.[8] Die eerste paar jaar na sy aankoms, 1747 tot 1752, doen hy diens as stalkneg.[9] In die tyd naamlik op 16 Mei 1751 is hy getroud met Sara Coetsee,[10] 'n kleindogter van die bekende oud-landdros van Stellenbosch, Dirk Coetsee.[11] Hierdie Dirk Coetsee was ook diaken en ouderling, in 1687 was hy heemraadslid en in 1706 kaptein van die Stellenbosse voetregiment. Hy was ook goed bevriend met en 'n ondersteuner van die familie van der Stel.[12]

Nog steeds in diens van die Kompanjie kry Joseph Wolmarans op 25 Februarie 1752 verlof van die Kompanjie om by sy vrou te bly maar met die duidelike voorbehoud dat hy te enige tyd weer opgeroep kan word.[13]

In 1755 het Joseph 'n skrywe laat rig aan goewerneur Ryk Tulbagh om vir hom burgerskap aan te vra. Hy is van mening dat hy „onder Gods zeegen ..... genoegsaam in staat te zÿn omme sig alhier op een eerlÿke en betaamelÿke wÿse te kunnen erneeren" en versoek die goewerneur om hom daarom„ met het burger regt deesen plaatse te willen be-

3/...

6. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans en sy kleinseun Andries Daniel Wynand Wolmarans as handhawers van die onafhanklikheid van die Transvaalse kerk. Art. Hervormde Teologiese studies, 15e Jaargang, Afl. ii, iii en iv, November 1959. Bl. 88.
7. Malherbe, D.F. du T.: Driehonderd Jaar Nasiebou, Stamvaders van die Afrikanervolk. Tegniek. Stellenbosch. Julie 1959, Bl. XII.
Hoge, J. a.w.

8. C. 254. Kaapse Argief.
Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans .....
a.w. Bl. 88;

9. Hoge, J.: a.w. Bl. 471.
10. De Villiers, C.C.: a.w. Bl. 624.
11. Malherbe, D.F. du T.: a.w. Bl. 38.
12. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans........ a.w. Bl. 88.
13. Hoge, J.: a.w. Bl. 471. Volgens C.J. 2892 p. N 13 dok. 53 Kaapse Argief kry hy die verlof in 1752. Kyk ook V.C. 43 en 44 Generale Monsterrolle, 1747-1754.

© University of Pretoria

Aldus Getesteert aan Cabo de Goede Hoop op dato, maand dag en uure voorsz: in 't bijzijn der Clerquen Jochem Hendrik Borgwedel en Pieter Caspar Brodersz als Getuijgen van goeden geloove hiertoe expres versogt.

Als Getuijgen.

J. Borgwedel

P.C. Brodersz

joseph wolmarans

Sara coetszee

In kennisse van mij

[illegible]

Gesw: Clercq

Testament van Joseph Wolmarans
en Sara Coetzee met handtekeninge.
C.J. 2619, nr. 13, p.83. K.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gunstigen".[14] Sy aansoek was suksesvol. Nou vestig hy hom as vryburger in Rondebosch waar hy hom toelê op die handel in „Caabse coele en brandewÿnen".[15] Om sy beroep beter te kan beoefen, vra hy in 1760 goedkeuring van die regering om nog drie taphuise op te rig. Hierdie drie bytaphuise sou onder die bestuur van die weduwee Aletta de Nÿs, Johannes Bruÿns en Jan Mostert staan.[16]

Joseph Wolmarans was ook die eienaar van 'n stuk grond in die distrik Kaapstad in die Tygerberge, genaamd „De Oude Westhoff". Hierdie, soos uit bogenoemde feite blyk vooruitstrewende man, het ook in 1771 aansoek gedoen om die erfpag van 'n stuk landbougrond, groot twaalf morge, wat aan syne gegrens het. Hierdie aansoek is goedgekeur met die handtekening van die destydse Goewerneur Joachim van Plettenberg.[17] Die stamvader het 'n goeie begin gemaak en met die opstel van sy testament is getuig dat hy ses duisend gulde besit het - vir dié tyd 'n aansienlike bedrag.[18]

Uit die huwelik van Joseph Wolmarans en Sara Coetsee is veertien kinders gebore[19]. Die twaalfde kind (in die lyn van die bespreking na A.D.W. Wolmarans) was Josephus Johannes wat op 11 September 1768 te Stellenbosch gedoop is[20] en getroud is met Dorothea Geyser die tweede kind van Hendrik Geyser van Lemmer en Judith de Wit.[21]

4/...

---

14. C. 254. Kaapse Argief.
Leibrant's Precis Requesten: V-Z, 1715-1806. Ongepubliseerde getikte kopie, bl. 262. (Ned. Herv. Kerkargief).
Hoge, J: a.w. bl. 471.
15. Coele = wyn
C.259. Kaapse Argief.
Leibrandt: a.w. bl. 467.
Hoge, J: a.w. bl. 471.
16. C. 259. Kaapse Argief: „Aletta de Nÿs, wed^we^ wyler Gerrit Reÿndersz Vos, op haar woonplaats aan de Brouery, den burger Johannes Bruÿns, mede op deszelfs woonplaats aan't Ronde Bosje, en den meede burger Jan Mostert, op de andere plaats van ged^e^ Bruÿns, genaamd Varietas".
Kyk ook Leibrandt: a.w. bl. 467.
17. C.268. Kaapse Argief.
Leibrandt: a.w. bl. 467. Hierdie stuk grond het hy in erfpag gehad tussen 1771 en 1787.
C.81, p. 66. Kaapse Argief.
18. C.J. 2619 nr. 13, p. 83 (Testament) Kaapse Argief.
19. Kyk stamboom voorin
De Villiers, C.C.: a.w. bl. 624.
20. Ibid.
21. De Villiers, C.C: Geslacht-register der oude Kaapsche familien, Deel 2. A-O. Van der Sandt de Villiers. Kaapstad, 1894. bl. 78.
De Villiers C.C: dl. 3 a.w. bl. 624. Dorothea Geyser is gedoop op 20 Maart 1763.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die huwelik van die tweede geslag van die Wolmaranse aan die Kaap, dit wil sê uit die huwelik van Josephus Johannes Wolmarans en Dorothea Geyser, is elf kinders gebore waarvan Frederik Gerhardus die tweede kind was. Hierdie Frederik Gerhardus Wolmarans, in die lyn van die bespreking, is gebore op 15 November 1788 en op 23 November gedoop.[22]

In Februarie 1810 is hy getroud met Catharina Maria le Roux gebore op 12 Junie 1792 en gedoop op 11 November 1792. Sy was die vyftiende kind van Gabriel le Roux, 'n burger van Stellenbosch by sy tweede vrou, Catharina Elizabeth van der Westhuizen.[23]

Die gesin van Frederik G. Wolmarans het in die distrikte Oudshoorn en George gebly,[24] waar al elf hulle kinders gebore is.[25] Die tweede oudste kind van Frederik Gerhardus en Catharina Maria (le Roux) Wolmarans wat die vierde geslag in die lyn van ons bespreking open, was Frederik Gerhardus Andreas[26] gebore op 31 Julie 1812 in die distrik Oudshoorn en gedoop op 8 November 1812 in die gemeente Swellendam.[27]

5/....

---

22. Ibid. bl. 624.
Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ... a.w. bl. 88.
L.W. Boedelakte 20733. F.G. Wolmarans is foutief waar in die plek van sy moeder se naam D. Geyser sy vrou s'n ingevul is nl. C.M. le Roux, en in Akte 7591, F.G. Wolmarans word sy moeder aangegee as C.M. Geyser. Dit is weer sy moeder se van met sy vrou se voorletters.
23. De Villiers, C.C.: a.w. bl. 194 en Boedelakte nr. 20735 C.M. Wolmarans (le Roux). Argief Pretoria.
24. So is hul seun F.G.A in 1912 in die distrik Oudshoorn gebore (Boedelakte nr. 2517, F.G.A. Wolmarans. Staatsargief Pretoria) en hul seun Gabriel Matthys in 1817 in die distrik George (Boedelakte nr. 14892, G.M. Wolmarans. Staatsargief Pretoria).
25. De Villiers. C.C: dl. 3 a.w. bl. 624 gee net sewe kinders se name. Die ander vier is verkry uit die twee boedelaktes van F.G. Wolmarans nl. nr. 7591 en Miscellaneous Estates nr. 20733 in die Staatsargief Pretoria; uit die dooperegister van die gemeente George te N.G. Kerkargief, Kaapstad; en Boedelakte nr. 20735, C.M. Wolmarans, (le Roux), Argief Pretoria. Kyk stamboom voorin.
26. De Villiers, C.C: dl. 3 a.w. bl. 624 gee hy die name aan as Frederik Gerhardus, sonder Andreas soos ook blyk uit die doopboeke van die gemeente Swellendam, N.G. Kerkargief, Kaapstad, maar volgens die Boedelakte van sy seun A.D.W. Wolmarans nr. 66396 in die Paleis van Justisie, Pretoria, was sy vader F.G.A.; ook volgens die name van die doopouers met die doop van A.D.W. in doopboek III, 1851-1857 van die Ned. Herv. Gemeente, Potchefstroom nr. 1725, 8 November 1857; asook volgens die boedelakte van F.G.A. nr. 2517, Argief Pretoria en die van die vrou van F.G.A. (A.E. Steyn) nr. 201A, Argief Pretoria.
27. Doopboek, Gemeente Swellendam, N.G. Kerkargief, Kaapstad
De Villiers, C.C: dl. 3 a.w. bl. 624.
Boedelakte 2517, F.G.A. Wolmarans. Argief Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As ons dink aan die rol wat die Wolmaranse reeds kort na hul aankoms in Transvaal in Kerk en Staat gespeel het, kom ons tot die logiese gevolgtrekking dat hulle wetsgetroue burgers in die Kaap was asook lewende lede in die kerk en dus reeds dáár die liefde vir die Nederduitsch Hervormde kerk waaraan hulle behoort het,[27a] ontwikkel het.

Die lewe in die binneland van die Kaapkolonie met al sy moeilikhede het hulle gestaal vir die Groot Trek en die opbou van 'n nuwe staat wat sou voorlê en deur die stryd in Graaff-Reinet en Swellendam van 1795 het hulle kennis gemaak met gedagtes soos „volkstem", „het volk" en „volkssoewereiniteit" en het hul hul gewig ingegooi by die Calvinisties-demokratiese rigting wat ontstaan het.

Die gesin van Frederik Gerhardus Wolmarans het die Kaapkolonie tydens die Groot Trek verlaat want hulle het reeds in 1840 in Transvaal gewoon en aan die Potgietergroep behoort, alhoewel hulle nie oorspronklik saam met die groep uit die Kolonie weggetrek het nie. Aan die westekant van die Drakensberge het F.G. Wolmarans egter as die geestelike leier van die Potgieter-trek opgetree.[28] Hulle laaste kind, 'n dogter, is in 1833 gebore sodat al die kinders reeds 'n rol tydens die Groot Trek kon speel en veral in die Transvaalse Geskiedenis later.

Die Groot Trek was 'n beweging van „een dapper, geduldig, vlytig, ordelÿk en godsdienstig volk .... de keur der grensboeren"[29] om in die binneland 'n nuwe land te soek „waar hulle vry van dwang, vervolging, laster en berowing kon woon.[30] Almal was besiel „met 'n vaste vertroue op die alsiende, regverdige en genadige God, wat ons altoos sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam";[31] almal met een en dieselfde doel: vryheid en 'n behoorlike regering volgens hul eie insigte.

6/...

---

27a Tot 1842 was die naam van die kerk in die Kaapkolonie Nederduitsch Hervormd. Kyk o.a. Agendas en Notules van Sinodes voor 1842. De Handelingen der zeven eerste Vergaderingen van de Algemeene Synode der Ned. Geref. Kerk in S.A. 8e druk, G.J. Pike, Kaapstad 1857.

28. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ... a.w. bl. 88
Die Volkstem. Halfweekliks: 18 Jan.; Dagblad: 17 Jan. 1945, bl.2

29. Die woorde van Sir Benjamin D'Urban.
Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal. A. de Lange, Amsterdam, 1906. bl. 48.

30. Wichmann, F.A.F: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1941. dl. II, bl. 6.

31. Preller, G.S.: Piet Retief. Tiende druk. Nasionale pers, 1930. bl. 80, 81.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met hierdie selfde ideale was die familie Wolmarans ook besiel en daarom het hulle huis en haard in die Kaapkolonie agtergelaat soos sy eie woorde in 'n brief aan die Raad te Andries-Ohrigstad, 2 Augustus 1845, getuig: „Den heer Potgieter is overtuigd hoe ik hem voor en met en naa den oorlog (teen die Engelse in Natal) gesegt heeft, als het onder den Britsche gesag weeder zoude geraken, als er dan maar 99 trek waar heen het syn mag en het woeste, ik den 100ste syn sal."[32]

Stadig maar seker het die ossewaens die Suid-Afrikaanse landskap deurkruis sodat teen 1836 die eerste grondgebied van die trekkers tussen die Vet- en Vaalrivier reeds aangekoop was. Teen 1837 was die Matabele-mag verpletter en hul grond as blanke gebied geannekseer „kragtens die regte van 'n oorwinnaar in 'n regverdige saak."[33] Ook die mag van Dingaan is in Januarie 1840 verdelg met die slag van die Makonko-koppe, maar voor die finale oorwinning oor die Zoeloes was daar reeds 'n Volksraad van 24 lede in Natal en is die „Regulatien en Instructien voor den Raad van Representanten van het Volk" ook opgestel.[34] So kom in Natal die eersteling van die Voortrekkerrepublieke tot stand, die Republiek Natalia, terwyl aan die westekant van die Drakensberge die „Maatschappy" bekend was as Potchefstroom-Winburg, bestuur deur A.H. Potgieter as hoofkommandant saam met 'n Burgerraad.

Andries Pretorius, die held van Bloedrivier, wou graag die vereniging van al die Voortrekkers in een staat bewerkstellig en as gevolg van sy ywer in die verband, vind daar op 16 Oktober 1840 te Potchefstroom 'n vergadering tussen hom en A.H. Potgieter plaas waar besluit is om één Verenigde Voortrekkerrepubliek te stig met die Umzimvubu- en Vetrivier as suidgrens.

7/...

---

32. V.R. 3/45. Brief van F.G. Wolmarans aan die Raad van Ohrigstad, 2/8/1845. (Volksraadnotule, Deel 1, bl. 159.
33. Potgieter, C. en Theunissen N.H.: Andries Potgieter A.P.B. 1938, bl. 92.
34. Daar word algemeen aangeneem dat die presiese datum nie bepaal kan word nie. Suid-Afrikaanse Argiefstukke Natal Nr. 1, bl. XLIII, XLIV, XLV bl. 3-9.
Du Plessis, A.J.: Die Republiek Natalia. Argiefjaarboek, Vyfde Jaargang, Deel 1, bl. 162, 163.
Vergelyk ook:
Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing, 1839-1845, J.L. van Schaik, 1924 bl. III, IV, XII-XVII.
Bird J: Annals of Natal, Vol II, P. Davis & Sons, Pietermaritzburg, 1888. bl. 207.
Vir „Regulatien en Instructien" kyk kopie in Zuid-Afrikaan 21/6/1839 soos gedruk in Natal nr. 1, a.w. bl. 285, 286.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens dié ooreenkoms sou Potgieter die hoofkommandant wees ten weste, en Pretorius ten ooste van die Drakensberge en is bepaal dat verteenwoordigers van Potchefstroom-Winburg in die Natalse Volksraad sitting sou hê. Volgens 'n besluit van die Natalse Volksraad, 2 Februarie 1841, is bepaal dat twaalf lede verkies moes word om die Adjunkraad vir Potchefstroom-Winburg te vorm.[35] Verder is bepaal dat minstens twee lede, tweekeer per jaar die vergadering in Pietermaritzburg moet bywoon.[36]

In hierdie vroeë wordingsjare van die Republieke het die familie Wolmarans reeds 'n belangrike rol gespeel. Hulle was troue ondersteuners van hul hoofkommandant Hendrik Potgieter terwyl F.G. Wolmarans een van die leidende figure wes van die Drakensberge was.[37]

Met die instelling van die Adjunkraad is hy dan ook tot lid verkies soos blyk uit sy teenwoordigheid op die sittings van die Volksraad in Pietermaritzburg van 4-12 Oktober 1841[38] en op 7 Augustus 1843[39]. Verder was hy o.a. ook voorsitter van die Adjunkraad te Potchefstroom soos blyk uit die notule van die Volksraad van 24 Februarie 1842. „Gelezen een verslag van den heer Wolmarans, voorzitter van de Raad aan P.S. Stroom"[40] Ook op 'n ander terrein het hy leiding geneem sodat hy op voorstel van die

8/...

---

35. Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing, bl. 102. Notule Volksraadsvergadering 2 Februarie 1841, art. 4 (ook in Natal nr. 1. a.w. bl. 81, 82).
36. Kyk Soutter-versameling: pak 2, nr. 2, vir Akte van Vereniging:
Natal nr. 1: a.w. Notule van vergadering 16.11.1840, art. 1, bl. 67 en bl. 350, 351.
Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing. bl. X. Kyk ook Preller, G.S.: Sketse en Opstelle. J.L. van Schaik, 1928, bl. 91, 92.
37. Vergelyk Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans, a.w. bl. 89 en latere skriftelike steun aan Potgieter, Mei en Aug. 1845, R108/45 en R109/45. Voortrekkerargiefstukke: 1829-1849. Staatsdrukkers, Pretoria 1937. bl. 182, 183 en 186-188.
38. Notule van Volksraadsittings 4-12 Oktober 1841. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 144-147, 149, 152, 155, 159 (Ook in Natal nr. 1, a.w.) Die notules van die Adjunkraad het almal verlore gegaan.
39. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 244 en Natal nr. 1: a.w. bl. 178. Notule van vergadering 7 Augustus 1843.
40. Natal nr. 1: a.w. bl. 143 en Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 191. Notule vergadering 24.2.42, art. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Adjunkraad van „Vaal Revier" deur die Volksraad van Pietermaritzburg tesame met David Jacobs en P. van Staaden as ouderlinge vir Potchefstroom aangestel is saam met die diakens P.F. Strydom, P. du Preez, G. Maree en H. Viljoen op 23 Februarie 1842. Dit getuig dat hy 'n goeie kerkman was, 'n kerkman by uitnemendheid, want later sou hy nog die „leidsouderling" word.[41] Dié eerste Potchefstroomse kerkraad is bevestig deur ds. Lindley op 25 Maart 1842. Ds. Daniel Lindley was 'n geordende Amerikaanse Presbiteriaanse sendeling wat onder die Trekkers Woord en Sakrament bedien het. Met die sitting van die Volksraad in Januarie 1840 „Is voorgebragt door enige leden van de Raad, om den heer Lindley aan te stellen als Predikant onder ons", en is dit goedgekeur „mits hÿ zyn documenten toonen zal voor de volgende vergadering",[42] wat dan ook gedoen is en goedgekeur is tydens die vergadering van 16 Januarie[43] 1841. Die aanstelling is gemaak namens die hele Voortrekkergebied noord van die Umzimvubu- en Vetrivier en moes ds. Lindley dus ook Potchefstroom-Winburg besoek. Sy eerste besoek aan die gewoste vind plaas in Maart 1842 by welke geleentheid hy, in teenwoordigheid van ouderlinge F.G. Wolmarans en D. Jacobs, 188 kinders gedoop en 103 jongmense as lidmate van die kerk aangeneem het. Hulle het ook die eerste lidmaatregister in Transvaal aangelê op 26 Maart 1842.[44]

Die volgende enkele grepe uit die volksraadsnotules waarin F.G. Wolmarans 'n rol gespeel het, getuig van sy ideale en die leidende aandeel wat hy in volksake gespeel het.

Met die Volksraadsitting te Pietermaritzburg op 9 Oktober 1841 is onder andere die probleem bespreek wat ontstaan het toe Landdros J. de Klerk van Potchefstroom sy bedanking ingedien het.

9/...

---

41. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 189. Notule vergadering 23/2/42, art. 6 (Ook Natal nr. 1, bl. 142) Kyk ook Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. H.A.U.M.- J.H. du Bussy, 1953, bl. 18
42. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 31. Notule vergadering 3/1/1840, art. 15. Brief aan Lindley verstuur 4/1/1840. Kyk ook bl. 34 art. 17.
43. Ibid, bl. 91. Notule vergadering 6/1/1841, art. 3. Verder bewyse ingehandig op Volksraadsitting 5.10.1841, art. 2.
44. Vergelyk Engelbrecht S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 48.
Badenhorst, W.J.: Die geskiedenis van Potchefstroom 1838-1938. A.P.B. 1939. bl. 37, 38.
Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Nasionale Pers. Kaapstad. 1930. bl. 185.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die klagtes van die Adjunkraad is mondelings deur F.G. Wolmarans aan die vergadering voorgelê.[45] Die probleem was dat bykans geen instruksies of ander papiere van die landdros gevind is nie; dat hy voortgegaan het om bevele uit te vaardig en dat hy sy geldelike verslag alleen aan die Volksraad in Pietermaritzburg wou voorlê. Die Volksraad het die oordeel van die Adjunkraad onderskryf en dienooreenkomstig aan landdros de Klerk laat weet.[46]

Met die sitting van 8 Januarie is die saak weer aangehaal toe 'n brief van landdros J. de Klerk gelees is met 'n verduideliking vir sy optrede. Die Volksraad het besluit om 'n kopie van sy brief (en die geldelike verslag wat daarby ingesluit was) aan die Raad in Potchefstroom te stuur, en hul verdere verduideliking te vra veral oor 'n bewering in die brief gemaak, nl. „aangaande zekere voorslagen van onafhanklikheid etc. door gem. heer Wolmarans gedaan."[47]

Landdros de Klerk was nie baie populêr in Potchefstroom nie, moontlik omdat hy aangestel is vanuit Pietermaritzburg „om aan de andere zÿde van den Drakensberg" te ageer voordat die verbintenis van die twee dele van die Emigrante tot stand gekom het en ook juis omdat die latere eenheid glad nie baie heg was nie.[48] Dit is ook daarom dat die landdros sy geldelike verslag by die Volksraad in Pietermaritzburg wou inhandig en daarom maak hy, as amptenaar van die Volksraad, die beskuldiging teen F.G. Wolmarans (wat die klag van die Adjunkraad teen hom in die Volksraad voorgedra het), as sou hy dan vir die onafhanklikheid van die Transvaal werk.

Die bewering was seker raak want die Adjunkraad (waarvan Wolmarans 'n lid was) en die grootste gedeelte van die bevolking wes van die Drakensberge het taamlik afsydig gestaan van die Volksraad, juis onder andere as gevolg van die vrees dat hulle saam met Natal geannekseer kon

10/...

---

45. Natal nr. 1.: bl. 118 en Voortrekkerwetgewing: bl. 154. Notule vergadering 9 Oktober 1841, art 12. Kyk ook Natal nr. 1: bl. 118, voetnoot 78. Dit is van die weinige sake van die Adjunkraad wat die Volksraad behandel het. Kyk Wichmann: a.w. bl. 28.
46. Ibid.
47. Natal nr. 1.: bl. 133 en Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 177. Notule Volksraad 8.1.1842, art 6 en 7. A.g.v. die gebrek aan gegewens deur die verlore gaan van talle briewe kan die saak nie verder nagegaan word nie.
48. Notule Volksraad 7.9.1839, art 3. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 11. Kyk ook Wichmann: a.w. bl. 22 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word.[49]

Die Volksraad het dan ook gedurende hul sitting van 18 Junie 1841 'n brief behandel van 'n sekere A.S. du Toit en twintig ander wat die volgende bevat het: „Wÿ ondergetekende vraag af aan den Raad om de wettigheid te sien de reg die weÿ aan Portnatal heef dat daar geen ander moogentheid reg aan Portnatal heef om onze bloet voor te laaten, want wy is niet van meening om iets te doen dat ons niet toekom: wy ondergeteekende verlang hier op de wettigheid te zien"[50]

Die besluit van die Volksraad op die brief was dat die Raad van oordeel is dat hul 'n onbetwisbare reg op die land het. Hulle het die inhoud van die brief oorgedra aan die Adjunkraad met die opdrag dat die ondertekenaars van die brief geen grond „binnen de grenzen van deze Maatschappij" mag besit nie, want daar kan nie verwag word dat mense wat die wettigheid van die grondbesit in twyfel trek, van enige nut sal wees as hulle eendag miskien vir die behoud daarvan sal moet veg nie.[51]

Die Adjunkraad van Potchefstroom het egter gedurende hul sitting van 25 Augustus 1841 met die memorialiste saamgestem[52] waarop die Natalse Volksraad op 11 Oktober hul verwondering uitspreek oor die aanmerkings van die Adjunkraad wat die gedrag van die mense goedkeur en die Raad nog skyn te berispe ook. Hulle sê elkeen behoort te besef dat die vraag in die brief vervat „vergezeld gaat met een bedreiging die de duidelykste blyken draagd van ongehoorzaamheid, eigengezag en niet anders als strekken moet, tot de aller nadeeligste gevolgen niet alleen voor de inwooners van de baay van Portnatal maar voor onze geheele vereenigde maatschappÿ" [53]

11/...

---

49. Wichmann: a.w. bl. 29, 31 en kyk
Notule Natalse Volksraad, 2 Februarie 1841, art. 23.
(Voortrekkerwetgewing: bl. 107)
50. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 156 en Natal nr. 1:
a.w. bl. 119 Notule Volksraad, 11 Oktober 1841, art. 2.
Brief gedateer 12 April 1841.
51. Natal nr. 1.: a.w. bl. 103 en Voortrekkerwetgewing:
a.w. bl. 133. Notule Volksraad, 18 Junie 1841, art. 10.
52. Notules ontbreek.
53. Natal nr. 1,: a.w. bl. 119, 120 en Voortrekkerwetgewing a.w. bl. 156, Notule Volksraadsvergadering, 11 Oktober 1841, Art. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Raad besluit daarom andermaal dat hulle reg opgetree het en hul besluit nie kan terugtrek nie aleer die ondertekenaars 'n brief aan die Adjunkraad oorhandig „waar in zy hunne leedweezen te kennen geeven over de onvoorsigtige stap door hun genomen"[54] en hul woorde terug trek. Daarop het F.G. Wolmarans vir die ondertekenaar in die bresse getree en gesê dat die ondertekenaars „niet anders gemeent hebben als eene gepaste voorstel te doen om omtrend het punt in questie te worden onderricht tot hunne eigene gerusstelling"[55] en voeg hy daarby, dat hy nie daaraan twyfel dat hulle die voorstel sal terug trek nie.

Ten slotte voel die Raad nog beswaard oor die besluit van die Adjunkraad en versoek hulle om 'n verduideliking te verstrek waarom hulle met die publiek ingestem het om hul nog meer in hul dwaling te sterk in plaas van om die gesag van die Raad van Pietermaritzburg te erken.

'n Ander belangrike rede vir die afvalligheid van die Adjunkraad[56] was die gebrekkige verbinding wat daar tussen die twee dele is as gevolg van die geografiese toestande en stadige vervoermiddele. Dit was omtrent onmoontlik om driemaandeliks 'n notule van die Adjunkraad aan die Volksraad op Pietermaritzburg te lewer en halfjaarliks die sittings by te woon. So het F.G. Wolmarans op 30 November 1841 'n verslag behelsende enige voorstelle aan die Volksraad gestuur waarop hy op of voor die 15de Februarie antwoord wou hê. Die brief het egter eers op 4 Februarie by die sekretaris van die Volksraad aangekom. In die kort tydjie voor die 15de kon die antwoord Potchefstroom nie bereik nie.al het die sekretaris volgens sy eie oordeel geantwoord. Die Volksraadsitting waar die voorstelle behandel kon word het eers 19 Februarie begin, dus eers vier dae ná die 15de. Daar is toe aan Wolmarans, as voorsitter van die Adjunkraad, berig dat die Volksraadsitting van April na Mei uitgestel is sodat die Potchefstroomse

12/...

---

54. Natal nr. 1: a.w. ibid.
Voortrekkerwetgewing: a.w. ibid bl. 157.
55. Ibid.
56. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. XI
Notule vergadering 14 November 1842, art. 2. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 227 en Natal nr. 1: bl. 166 en Notule vergadering 3 Januarie 1843, art. 4. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 230 en Natal nr. 1,: a.w. bl. 168.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verteenwoordigers die vergadering kon bywoon.[57]

Gedurende 1843 het F.G. Wolmarans weer na Pietermaritzburg afgereis soos blyk uit sy brief aan die Raad te Andries Ohrigstad, 2 Augustus 1845 en het sy hele sending misluk, meer a.g.v. slegte posverbinding en die verloreraak van briewe. F.G. Wolmarans skryf as volg: „Daar ik in het jaar 1843 in den maand Maey door den Eedele Raad van Potchefstroom benevens den heer Js. Gro(b)ler, medeleeden van den Raad, afgezonden bin als een deputasie naar gewoonte om ons verslag te doen te Pieter Mouretsburg en te vernemen hoe ofte het met onze staad zy, wylen wy niet gewaar konden worden hoe of het aldaar stand sedert den onderwerping gedaan aan Comsr. Cloete, onder haare Majestyds gesag".[58] Met hul aankoms op 1 Junie vind hulle die Raad nie vergader nie omdat hulle brief aan die Raad verlore geraak het[59] en omdat die Juniesitting uitgestel is „Overmits wy deze morgen van U Edelen (H. Cloete) vernomen hebben wat de oorzaak van uwe aanzyn alhier is, zyn wy door het algemeen verzogt de vergadering van den Volks Raad uittestellen tot den eersten Maandag in Augustus aanstaande om al die leden van de Volks Raad in het Publiek die aan de andere zyde van de Draaksberg woonen op dien dag na deze plaats te ontbieden."[60]

'n Derde rede vir die afval van die Adjunkraad - en dit is die belangrikste rede - is geleë in die aankoms van die Britse troepe in Natal in Mei 1842. Toe die Volksraad hom op 15 Julie 1842 aan die Britse regering onderwerp het, het die belangstelling van Potchefstroom-Winburg afgeneem, alhoewel die Volksraad nog bly voortbestaan het onder Britse toesig. Op 12 Mei 1843 is Natal tot Britse kolonie verklaar en toe dit blyk dat die besetting nie tydelik sou wees soos in 1838-1839 nie, het die Adjunkraad besluit om hulle af te skei.

Met die Augustus-sitting was F.G.[61] Wolmarans andermaal in Natal om sy mense te verteenwoordig, vergesel van nog vier lede. Die sitting was bepaal „ten einde

13/...

---

57. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 191.
Notule Volksraad 24 Februarie 1842, art. 9.
Die voorstelle van die Adjunkraad het verlore gegaan.
Kyk ook du Plessis, A.J.: a.w. bl. 169, 170.
58. V.R.3/45. Brief F.G. Wolmarans aan Raad te Ohrigstad 2/8/1845 (Volksraadsnotules 1, bl. 157)
59. Ibid.
60. G.H. 28/23, Encl. 2(b)2 to Desp. No. 196/1843. 9 Junie 1843. Natal nr. 1, bl. 438.
61. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 244 gee foutief P. Wolmarans. Volgens Natal nr. 1. bl. 178 moet wees F.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



schikkingen met de Engelse Gouvernement aantegaan dan wel de mening van Natals ingezetenen op dit onderwerp te hooren, te overwegen en te besluiten".[62] Nadat die lede ingesweer is en voordat iets besluit is, „heeft de leden van agter de Berg zich ontrokken om geen stem te hebben"[63] en vanaf die datum 7 Augustus word geen verdere melding gemaak in die Volksraadnotules van Potchefstroom-Winburg nie.[64]

Met dieselfde sitting het P.H. Zietsman die volksraadlede probeer aanspoor tot onderwerping aan Engeland volgens die voorwaardes van art. 6 van die proklamasie van 12 Mei 1843[65] en hoewel die „meerderheid des Publieks" nie wou toegee nie, was daar geen uitweg nie en is die proklamasie deur die Volksraad onderteken.[66]

Die afgevaardigdes van Potchefstroom het met hul terugkeer verslag gedoen aan Potgieter waarop hy op 3 Oktober 1843 'n brief na Natal stuur om hulle mee te deel dat hy en sy mense geen deel aan die onderwerping van die Natalse Volksraad gehad het nie, en „alle naasies zÿn vreÿ en goed waar sÿ wil; en wÿ als vreÿ geboren hoopen ook

14/...

---

62. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 243 en Natal nr. 1: a.w. bl. 178
Notule Volksraad, 7 Augustus 1843.
63. Ibid.
Kyk ook Wichmann: a.w. bl. 36.
64. Volgens du Plessis was verteenwoordigers van oorkant Drakensberg die 8e ook nog in sitting. Foutief - vergel;
Notule Volksraad 7/8/1843
Voortrekkerwetgewing bl. 244.
65. Z. Afrikaan. 13 Oktober 1843 soos opgeneem in Natal nr. 1: a.w. bl. 442, 443.
66. Voortrekkerwetgewing: bl. 244, 245, Notule Volksraad, 8 Augustus 1843, art. 1 en kyk:
G.H. 28/23, Encl. 2e/2 to Desp. No. 196/1843. Akte van onderwerping in Soutter-versameling, pak 4, nr. 16 asook in Natal nr. 1: a.w. bl. 435-8.
Art. 6 lui as volg:
1st. That there shall not be, in the eye of the law, any distinction or disqualification whatever, founded on the mere distinction of colour, origin, language, or creed; but that the protection of the law, in letter and in substance, shall be extended inportially to all alike.
2nd. That no aggression shall be sanctioned upon the natives residing beyond the limits of the Colony, ...... etc, etc.
3rd. That slavery ..... is absolutely unlawful .... etc.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onafhankelik en vreÿ ons eÿgene saaken te bestieren"[67]

'n Paar maande later is daar, vermoedelik deur Potgieter weer 'n raad, die Burgerraad genoem, gekies om voorsiening te maak vir die bestuur van die gebied wes van die Berg. Die bestuur is verkies tydens 'n Volksvergadering te Potchefstroom op 9 en 10 April 1844 by welke geleentheid ook 'n verklaring van onafhanklikheid deur die nuut verkose Burgerraad aan die Natalse Volksraad gestuur is. „Wy beschouwen ons vry en onafhankelyk en zullende voortvaren met onze eigen bestier, en hopen van niemand gehindert te worden en ons bestier aan de maatschappelyke burgers strek tot aan den wal van Grootrivier."[68] Die notule van die vergadering het verlore gegaan maar tydens die byeenkoms is ook 'n eie „grondwet" saamgestel wat as die Drie-en-dertig Artikels bekend staan[69] Hierin is 'n belangrike beginsel neergelê dat hulle op die Hollandse wette sou terugval as dit nodig was - hulle wou hulle dus wegoriënteer van die Kaapse Engelse wette soos later ook op kerklike en kulturele gebied.[70]

Intussen vind die opdringing van die Britse gesag noord van die Oranje plaas (1845-1846) en besluit Potgieter om as gevolg daarvan en as gevolg van die moontlikheid van handel deur Lourenco Marques, soos duidelik was na sy besoek van 1844, Potchefstroom te verlaat en uit te wyk

15/...

---

67. Soutter-versameling, Paket 4, nr. 19.
Kyk ook Volksraadnotules 1, bl. XXIII, XXIV en Engelbrecht, S.P.: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom 1842-1942.
J.H. de Bussy, Pretoria. bl. 19.
68. R.120/47. Brief gedateer 10 April 1844. Voortrekkerargiefstukke: bl. 258/9 en G.H. 28/28, no. 65/1844. (Natal 1: bl. 468 e.v.)
Kyk ook Notule Natalse Volksraad 3,4 Junie 1844, Art.8. Voortrekkerwetgewing: bl. 257; Wichmann: a.w. bl. 37, 38 en Volksraadnotules 1, bl. XXIV.
Die brief is aan die Britse regering deurgestuur. Vgl. G.H. 28/28, Encl. 94 to Desp. No. 65/1844. (Natal nr. 1. bl. 468-9)
69. Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910. George Routledge, London 1918, bl. 349-356
Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 131, 132 (Volksraadnotule 1, bl. 5-9.)
70. Kyk Engelbrecht S.P.: a.w. Geskiedenis Potchefstroom, bl. 20 en art.31. Drie-en-dertig artikels. Eybers: a.w. bl. 356.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na Noord-oos Transvaal, tot noord van die 25° Suiderbreedte lyn[71] tot waar die regsgesag van die Kaapse regering sou strek volgens die „Cape of Good Hope Punishment Bill" van 1836.

Na die anneksasie van Natal het talle gesinne vanuit Natal Transvaal binnegetrek en het die groep onder leiding van die voormalige Natalse Volksraadsekretaris, Jacobus Johannes Burger, onmin gesaai omdat hulle nie onder Potgieter en sy Raad wou buig nie. Dit het die ouer ingesetene Potgieter-groep diep gegrief en daar het 'n verwydering tussen hulle en die nuwe intrekkers ontstaan.[72] Potgieter sou sake nie so laat nie en op 6 Mei 1845 is daar 'n vergadering te Potchefstroom belê om te verneem wat die volk se houding teenoor hom was.

Met algemene stemme is besluit dat hulle hul met 'n band van liefde en trou aan elkander verbind; dat hul A.H. Potgieter as hul hoofkommandant verkies; dat hy altyd 'n stem in die Raad sou behou en dat hulle manne sou kies om alle sake saam met hul leier te handhaaf. Alle mense wat van elders intrek, moes hulle aan die bogenoemde bestuur onderwerp. Hierdie besluit is met die handtekeninge van die burgers beëdig onder andere ook die van die reeds bekende figuur F.G. Wolmarans sowel as sy seun F.G.A wat as 'n man van 32 jaar ook op die politieke terrein begin verskyn.[73]

Toe Potgieter, wat toe te Buffelshoek, Magaliesberg, in die teenswoordige distrik Rustenburg gewoon het, sy mense oproep om met hom te trek gee die Wolmaranse dadelik aan die roepstem gehoor en volg hul aanvoerder.[73a]

16/...

---

71. Ad.R.120/47. Voortrekkerargiefstukke: bl. 259. Potgieter wou tot Noord van die 26° Suiderbreedte lyn trek aangesien daar 'n vae staatkundige reëling is dat tussen 25° en 26° aan beide kante sou behoort.
72. Vergelyk Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 139.
73. R.108/45. Voortrekkerargiefstukke: a.w. bl. 182, 183. Ook Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 140. Op die dokument vind ons behalwe die handtekening van F.G. Wolmarans en F.G.A. Wolmarans ook die handtekeninge van J.B. en G.M. Wolmarans, ook seuns van F.G. ZAR 1. Volksraadnotule 1, bl. 18.

73a. „Not many of his friends accompanied him to Schoemansdal. His closest adherent Erasmus, Wolmarans, Minnaar and Bronkhorst ...."
Nathan M: The Voortrekkers of S.A.
C.N.A. 1937.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Junie vind die trek na die noord-ooste plaas[74] en in Julie 1845 bereik hulle hul bestemming waar hulle die dorp Andries Ohrigstad aanlê.[75]

Op 30 Julie word die eerste byeenkoms gehou om die regering te reorganiseer aangesien die Burgerraad met die verhuising ontbind het. Daar word besluit om 'n Volksraad in te stel en dat daar dadelik twee lede per veldkornetskap gekies moet word om die volgende dag om sewe-uur te vergader.[76] F.G. Wolmarans is dadelik voorgestel as lid van sy wyk, maar, het hy later self gesê „ik heeft het afgeslagen merkende dat mogelyk eymand er op tegen zal syn."[77]

Die probleem en rede vir die weiering van sy nominasie het sy oorsprong gehad in 1843 toe hy en Js. Grobler die Adjunkraad op 'n vergadering in Mei te Pietermaritzburg moes verteenwoordig en die vergadering nie in sitting gevind het nie.[77a] Die sitting is toe bepaal vir 7 Augustus en toe hy andermaal afgaan na Natal, is die gerug versprei dat hy verraad sou gepleeg het. In Pietermaritzburg kon hy nie kans kry om hom te verweer nie, maar direk na sy terugkoms in Potchefstroom met die eerste sitting van die Burgerraad, het hy verslag gedoen van die raadslede en publiek wat teenwoordig was, en is sy verslag aangeneem deur almal behalwe deur 'n sekere Vermaas en nog 'n paar ander.[78] Vermaas het beweer dat Wolmarans sou gesê het dat hy nie teen die Engelse sou veg nie. Daarop het Wolmarans die beskuldiging weerlê en is niks meer teen hom ingebring nie. Die Raad was egter nie voltallig nie en daar is later weer baie leuens rond versprei onder andere dat hy nie wou hê dat die kommandante[79] die gebied Natal teen die Engelse moes verdedig nie. Hy het daarvan egter die volgende verklaring gegee:

17/...

74. Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 142.
75. Ibid, bl. 146 en
Wichmann: a.w. bl. 45, 47.
76. E.V.R.1 bl.1. Byeenkoms te Ohrigstad 30/7/1845.
Volksraadnotule 1, bl. 13.
77. „Hier is ik, genommert voor een lid in den Raad"
V.R. 3/45: Brief van F.G. aan Volksraad; 2/8/1845.
77a. Vergelyk bl. 11 en 12 hierbo.
78. Ongelukkig het die notule verlore gegaan en is die saak effens onduidelik.
79. Kommandant Mocke, met vyf tot sewe ander kommandante en ongeveer 800 gewapende burgers hoofsaaklik uit die huidige Vrystaat.
Kyk du Plessis A.J.: a.w. bl. 202.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„om dat ik alle tyd wouden sorgen dat wy ons vrey houden mogt opdat den Britsche Gouferment ons niet by de Euroopietsche mogendheeden konde bechuldigen".[80] Die Winburgers was teen hom gekant „om reden ik niet woude instimmen om ook te Winburg beurtelings settings te houden".[81] Die „voorste leden" (van Winburg) wou ook nie sy verslag aanhoor nie omdat hy dit opgestel het toe Grobler, sy mede-afgesant, nie teenwoordig was nie - m.a.w. hulle wou nie sy verslag as geloofwaardig aanvaar nie. Hy is daarop, met die teenstem van een van die lede, veroordeel op ongegronde getuienis en in die verband beweer hy „Ik stonde alleen en wierd voor altoos van den Raad ontstooken".[82]

Vervolgens het F.G. 'n memorie ingedien en daarop gewys hoe hy altyd tot beswil en in diens van sy volk opgetree het en dat die Raad wel kon agterkom dat dit „alleen uit booshyd is geschieden". Hy vervolg dat hy nie onder die blaam kan lewe sodat sy kinders na sy dood nog verwyte sal hê nie en daarom besluit hy „dat ik genegen ben een jaar ontstooken te syn van den Raad en my sullen stil en rustig gedragen, dat se in dien jaar sullen overtuigd worden dat nooyt bedrog ofte verraad in herte was, maar als den jaar ten einde ware ik dan weer vrey stond gelyk als alle andere lieden om weer gekosen te kunnen worden en tot alle poste".[83] Daarna volg 'n karakterskets van homself[84] en voeg hy by: „Alleen is deze zaak aan my geschied uit nyd en booshyd van eenige dien tot hun oogmerk niet konde geraken zoo lange ik in den Raad was".[85] Dit word gevolg deur 'n beleefde smeekbede waarin hy sy diepste wese uitstort dat hulle tog nie sleg van hom moet dink nie, dat sy dade nog altyd tot heil van sy medemens bedoel was en dat hulle van hom tog net in waarheid voor God moet getuig soos sy getuienis waar is, „want voor den Heere is niets verborge". Hy sluit af met die woorde: „Waarde heere en mede landgenoten, ik geeve het in uwer overdinkking over, want ik bin op't diepste verdrukt. Ik verwagte van uEdens nu hier een gunstig antwoord ...."[86]

18/...

80. V.R. 3/45. Brief van F.G. Wolmarans aan Raad Andries Ohrigstad, 2 Augustus 1845. Volksraadnotule 1, bl. 158.
81. Ibid.
82. Ibid. bl. 159
83. Ibid.
84. Kyk bl. 1 hierbo.
85. V.R. 3/45. Volksraadnotule 1, bl. 159.
86. Ibid. bl. 160, 161.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie brief is tog nie in die Volksraad voorgelees en behandel nie kragtens 'n reëling tussen Wolmarans en die sekretaris van die Volksraad (J.J. Burger) in die bysyn van C.J. Kruger. Daar is te min oor die saak bekend om 'n suiwer gevolgtrekking te maak maar blykbaar het die twee persone hierbo genoem dit nie die moeite werd geag om die brief te laat behandel nie omdat die hele klag niks om die hals gehad het nie. Dat die optrede van Wolmarans verkeerd geinterpreteer is, blyk uit sy verdere optrede in belang van volk en staat. Alhoewel hy, sover bekend, nie in die Volksraad te Andries Ohrigstad gedien het nie, het die saak gou oorgewaai en is hy tog op 4 Mei 1858 ingesweer as lid van die Volksraad[87] van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

Op 1 Augustus 1845 vind die eerste volksvergadering in die geweste plaas en is die lede van die nuutverkose Volksraad ingesweer. Een van die eerste take van die Volksraad, op dieselfde dag, was om 'n tweede dokument ter goedkeuring van A.H. Potgieter in die posisie van hoofkommandant aan die publiek vir ondertekening voor te lê: „Andries Hendrik Potgieter, Raadslid en Hoofd Commandant, ter eere van zyn standvastigheid en eiver voor de Zuid Hollandsche Emigranten hunner welvaart en vreiheid, as een dier hoofden welke staande gebleven is van het jaar 1836, en destyds eene comissie gemaakt heeft, waar wy ons thans bevind - .... zal en moet onafgebroken in die betrekking blyven dienen zoo lang hy sig houd en gedraag als ZynEd. tot hiertoe gedaan heef, teneevens de verdere leeden van den Volksraad zal uitmakin de hoogste gesag en bestier dezer volksplanting ......"[88] Hierdie dokument het die posisie van Hendrik Potgieter onaanvegbaar gemaak. Onder die lang lys ondertekenaars vind ons andermaal die handtekening van F.G. Wolmarans wat met vaste vertroue in sy God en sy leier saamgetrek het en waarvan hy sê: „(Ik) hep nu weder myn tot hier begeeven om te sien ofte God eens mogte behagen om ons te verlossen en tot een volk te stellen tot syn eer, opdat als het den Heere behaagen mogen, myn ogen het mogen sien dat wy gevestig ben en syn kerk onder ons te sien bloei(en); dat, wanneer ik dan sterve, ik weeten mogen myne kinderen heeft een ervenis in dit

19/...

87. Notule van Volksraadsvergadering 4/5/1858, art. 2.
Staats Courant, 7 Mei 1858 en Volksraadnotule 3,bl.170.
88. R.109/45.Voortrekkerargiefstukke, bl. 186-188.
Kyk ook E.V.R.1. Notule vergaderings 30 Julie en 1 Augustus. Volksraadnotules 1, bl. 13, 14.
Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 148.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lant"[89]

Op 4 Augustus 1845 het F.G. te Ohrigstad vir hom 'n woonplaas aangelê aan die Sandrivier waar dit in die Olifantsrivier inloop en dit Trigartskraal genoem.[90] Hy het ook vier erwe nrs. 1, 2, 45 en 46 te Ohrigstad besit.[91] Sy seun F.G.A. Wolmarans het die plaas Voorzorg aangelê wat geleë was aan die Olifantsrivier van waar Mafaffasrivier in die Olifantsrivier inloop tot deur die tweede poort.[92]

Op 4 Desember het daar 'n boodskap van die Portugese goewerneur te Dalagoabaai, gedra deur 'n Knopneus, te Ohrigstad aangekom waarin eksepsie geneem word teen die plant van 'n baken deur sekere Boere op Portugese gebied. Frederik Wolmarans en nog veertien ander was teenwoordig toe die boodskap afgelewer is. Die Goewerneur wou weet of Potgieter die bevel gegee het vir die oprigting van die baken naby die baai.[93]

In 'n „Bekentmaking aan den geerde publiek" aangaande die probleem hierbo genoem, word die publiek opgeroep na 'n byeenkoms op 10 Desember 1845 om die saak te bespreek „ten eynde wy weeten moge wat ons te doen staat ..... want deze zaak, zoo ons voor komt, kunnen ons veel nadeel toebrengen". Die sitting sou gehou word op die dorp aan huis van F.G. Wolmarans.[94]

Hy was een van die vooraanstaande burgers van Andries Ohrigstad. Dit blyk ook uit die volgende notule van die Kommissieraadsvergadering van 1 Oktober 1845: „De Comiessie Raad sittinge gehouden ..... per verzoek van den Heer F.G.

20/...

---

89. V.R. 3/45. Brief aan Raad Andries-Ohrigstad, 2/8/1845. Volksraadnotules 1, bl. 160.
90. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ..... a.w. bl. 88.
E.V.R. 264. Volksraadnotule 1, bl. 187.
91. Landdrosdistrik Lydenburg, band 83. Indeksregister eienaars van plase en erwe, bl. 718;
Boedelakte F.G. Wolmarans. T.A. nr. 7591.
92. E.V.R. 264. Volksraadnotules 1, bl. 191. Kyk oók Notule Volksraad 2/8/1845. Volksraadnotule 1, bl. 14-16.
93. R.111c/45. Afgeneem deur J.J. Burger 4/12/1845. Voortrekkerargiefstukke, bl. 193, 194.
Vergelyk ook E.V.R.1.Notule vergadering 11/12/1845, art. 3.
Volksraadnotule 1, bl. 25, 26.
E.V.R.2, bl. 29, 30. T.A.
94. R. 111d/45. Voortrekkerargiefstukke, bl. 195, 196. (6.12.1845). Ook Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 152.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wolmarans, verzoekende den Eedele Raad daar inne te willen voorzien wylen den 2 commezaris leden niet precent zyn 2 andere te willen aanstellen om by zulke geleegendheden hunne plaatse te kunne vervullen".[95]

Andries Ohrigstad het egter geblyk nie die ideale woonplek te wees nie en toe die gebied om verskeie redes[96] verlaat moes word, het F.G. Wolmarans teruggetrek na Potchefstroom en hom op die plaas Boschhoek gaan vestig[97] waar hy vir ongeveer 22 jaar lank gewoon het.[98]

---oOo---

95. E.V.R. 1. Notule Kommissieraadsvergadering 1/10/1845. Volksraadnotules 1, bl. 23.
96. Rusies met die Volksraadgroep onder leiding van J.J. Burger; Malaria; Tsetsevlieg; e.a.
97. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans .... a.w. bl. 88.
Vergelyk ook Boedelakte F.G. Wolmarans. T.A. 20733. Oorlede te Boschhoek 1872.
98. In 1848 was hy reeds in Potchefstroom, vergelyk V.R 46/48. Brief vanuit Hekpoort 10/2/1848. Volksraadnotules 1, bl. 250.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## DIE VOORGESKIEDENIS VAN DIE WOLMARANS-FAMILIE EN HUL ROL IN TRANSVAAL TOT 1846

„Ik dien uit den Kaapstad, van daar tot alhier aan Mooyrevier en alle streeken in den binnen landen ten allen tyden voor eerlik, op regt en getrouw is erkend geworden, en niemand kan van myn carakter eyts seggen, van myn gedrag en handel, daar ik in den binnen landen alles vrywillig heeft verlaten zonder ik het nodig had. Ik hep niemand een vading schuldig gebleven maar met spyd van myn leerraar en commisaris, wylen er nooyt eenige beschuldiging tegens my is ingekomen, en van ik hier gekomen ben, hebbe ik alles mede gewerkt tot onser aller besten.[1)]

Dit is voorwaar mooi om so van 'n mens self te kan getuig - veral as elke woord waar is. Dit is dan ook die kern-outobiografie van 'n staats- en kerkman wat deur die genade van Bo vir baie jare gespaar is om in diens van sy volk te kan staan: Frederik Gerhardus Wolmarans.

- - - - - - - - - - - -

Die stamvader van die Wolmarans-familie in Suid-Afrika was Joseph[2] Wolmarans. Hy was die seun van Andreas Stephanus en Susanna Rosina Wolmarans[3] wat te Straatsburg in die destydse Heilige Romeinse Ryk woonagtig was.[4]

Staatsburg, 'n vry en onafhanklike stad, het sy vryheid in die veertiende eeu as geskenk van die Duitse koning Filips van Swabe ontvang. Die stad kon dus oor sy eie sake besluit en daar is die leerstellinge van die kerkhervormers geredelik aanvaar teen ongeveer 1523. Dit is ook daár waar die kerkhervormer Calvyn, drie van sy gelukkigste jare deurgebring het (1538-1541) toe hy uit Geneve moes padgee. Die stad Straatsburg het dan ook betreklik vroeg die kant van die Hervorming gekies wat daartoe bygedra het dat daar 'n groot mate van godsdiensvryheid was.[5]

2/...

1. V.R.3/45: Brief van F.G. Wolmarans aan die Raad te Andries-Ohrigstad, 2 Augustus 1845. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal nr. 1, Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850. Saamgestel deur J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius. Cape Times, Kaapstad. bl. 159 (Voortaan <u>Volksraadnotules</u>)
2. De Villiers, C.C.: Geslacht-register der oude Kaapsche familien, Deel 3, P tot Z. Van der Sandt de Villiers. Kaapstad. 1894. bl. 624.
3. Hoge, J: Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806. Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, negende jaargang, 1946. bl. 471.
4. De Villiers, C.C.: a.w. bl. 624.
5. Encyclopaedia Britannica 1963. Deel 21, bl. 467/2, Deel 4, bl. 672.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



So was daar in die sestiende eeu ook 'n Duits-Protestantse gemeente en 'n Franse (as gevolg van die baie Franse vlugtelinge uit Frankryk) terwyl daar ook Engelse en Nederlanders was.[6] Ons kan aanvaar dat Joseph Wolmarans van Duitse afkoms was - een van die 1,326 stamvaders wat hulle tussen 1700 en 1795 aan die Kaap gevestig het en waarvan meer as die helfte van Duitse afkoms was.[7]

In die registers van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie by wie hy in diens getree het, staan vermeld dat hy vanuit Straatsburg afkomstig was en in 1746 as soldaat met die skip Zeelandia in die Kaap aan wal gestap het.[8] Die eerste paar jaar na sy aankoms, 1747 tot 1752, doen hy diens as stalkneg.[9] In die tyd naamlik op 16 Mei 1751 is hy getroud met Sara Coetsee,[10] 'n kleindogter van die bekende oud-landdros van Stellenbosch, Dirk Coetsee.[11] Hierdie Dirk Coetsee was ook diaken en ouderling, in 1687 was hy heemraadslid en in 1706 kaptein van die Stellenbosse voetregiment. Hy was ook goed bevriend met en 'n ondersteuner van die familie van der Stel.[12]

Nog steeds in diens van die Kompanjie kry Joseph Wolmarans op 25 Februarie 1752 verlof van die Kompanjie om by sy vrou te bly maar met die duidelike voorbehoud dat hy te enige tyd weer opgeroep kan word.[13]

In 1755 het Joseph 'n skrywe laat rig aan goewerneur Ryk Tulbagh om vir hom burgerskap aan te vra. Hy is van mening dat hy „onder Gods zeegen ..... genoegsaam in staat te zÿn omme sig alhier op een eerlÿke en betaamelÿke wÿse te kunnen erneeren" en versoek die goewerneur om hom daarom„ met het burger regt deesen plaatse te willen be-

3/...

---

6. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans en sy kleinseun Andries Daniel Wynand Wolmarans as handhawers van die onafhanklikheid van die Transvaalse kerk. Art. Hervormde Teologiese studies, 15e Jaargang, Afl. ii, iii en iv, November 1959. Bl. 88.
7. Malherbe, D.F. du T.: Driehonderd Jaar Nasiebou, Stamvaders van die Afrikanervolk. Tegniek. Stellenbosch. Julie 1959, Bl. XII.
   Hoge, J. a.w.

8. C. 254. Kaapse Argief.
   Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ..... a.w. Bl. 88;

9. Hoge, J.: a.w. Bl. 471.
10. De Villiers, C.C.: a.w. Bl. 624.
11. Malherbe, D.F. du T.: a.w. Bl. 38.
12. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans........ a.w. Bl. 88.
13. Hoge, J.: a.w. Bl. 471. Volgens C.J. 2892 p. N 13 dok. 53 Kaapse Argief kry hy die verlof in 1752. Kyk ook V.C. 43 en 44 Generale Monsterrolle, 1747-1754.

© University of Pretoria

Aldus Getesteert aan Cabo de Goede Hoop op Jaar, maand dag en uure voorz: in 't bijzijn der Clerquen Jochem Hendrik Borgwedel en Pieter Caspar Brodersz als Getuijgen van goeden gelove hiertoe expres versogt.

Als Getuijgen.

J. H. Borgwedel

P. C. Brodersz

Joseph Wolmarans

Sara Coetszee

Jn kennisse van mij

Abr. [illegible]

Gesw. Clercq

Testament van Joseph Wolmarans
en Sara Coetzee met handtekeninge.
C.J. 2619, nr. 13, p.83. K.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gunstigen".[14] Sy aansoek was suksesvol. Nou vestig hy hom as vryburger in Rondebosch waar hy hom toelê op die handel in „Caabse coele en brandewÿnen".[15] Om sy beroep beter te kan beoefen, vra hy in 1760 goedkeuring van die regering om nog drie taphuise op te rig. Hierdie drie bytaphuise sou onder die bestuur van die weduwee Aletta de Nÿs, Johannes Bruÿns en Jan Mostert staan.[16]

Joseph Wolmarans was ook die eienaar van 'n stuk grond in die distrik Kaapstad in die Tygerberge, genaamd „De Oude Westhoff". Hierdie, soos uit bogenoemde feite blyk vooruitstrewende man, het ook in 1771 aansoek gedoen om die erfpag van 'n stuk landbougrond, groot twaalf morge, wat aan syne gegrens het. Hierdie aansoek is goedgekeur met die handtekening van die destydse Goewerneur Joachim van Plettenberg.[17] Die stamvader het 'n goeie begin gemaak en met die opstel van sy testament is getuig dat hy ses duisend gulde besit het - vir dié tyd 'n aansienlike bedrag.[18]

Uit die huwelik van Joseph Wolmarans en Sara Coetsee is veertien kinders gebore[19]. Die twaalfde kind (in die lyn van die bespreking na A.D.W. Wolmarans) was Josephus Johannes wat op 11 September 1768 te Stellenbosch gedoop is[20] en getroud is met Dorothea Geyser die tweede kind van Hendrik Geyser van Lemmer en Judith de Wit.[21]

4/...

---

14. C. 254. Kaapse Argief.
    Leibrant's Precis Requesten: V-Z, 1715-1806. Ongepubliseerde getikte kopie, bl. 262. (Ned. Herv. Kerkargief).
    Hoge, J: a.w. bl. 471.
15. Coele = wyn
    C.259. Kaapse Argief.
    Leibrandt: a.w. bl. 467.
    Hoge, J: a.w. bl. 471.
16. C. 259. Kaapse Argief: „Aletta de Nÿs, wed^we wyler Gerrit Reÿndersz Vos, op haar woonplaats aan de Brouery, den burger Johannes Bruÿns, mede op deszelfs woonplaats aan't Ronde Bosje, en den meede burger Jan Mostert, op de andere plaats van ged^e Bruÿns, genaamd Varietas".
    Kyk ook Leibrandt: a.w. bl. 467.
17. C.268. Kaapse Argief.
    Leibrandt: a.w. bl. 467. Hierdie stuk grond het hy in erfpag gehad tussen 1771 en 1787.
    C.81, p. 66. Kaapse Argief.
18. C.J. 2619 nr. 13, p. 83 (Testament) Kaapse Argief.
19. Kyk stamboom voorin
    De Villiers, C.C.: a.w. bl. 624.
20. Ibid.
21. De Villiers, C.C: Geslacht-register der oude Kaapsche familien, Deel 2. A-O. Van der Sandt de Villiers. Kaapstad, 1894. bl. 78.
    De Villiers C.C: dl. 3 a.w. bl. 624. Dorothea Geyser is gedoop op 20 Maart 1763.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die huwelik van die tweede geslag van die Wolmaranse aan die Kaap, dit wil sê uit die huwelik van Josephus Johannes Wolmarans en Dorothea Geyser, is elf kinders gebore waarvan Frederik Gerhardus die tweede kind was. Hierdie Frederik Gerhardus Wolmarans, in die lyn van die bespreking, is gebore op 15 November 1788 en op 23 November gedoop.[22]

In Februarie 1810 is hy getroud met Catharina Maria le Roux gebore op 12 Junie 1792 en gedoop op 11 November 1792. Sy was die vyftiende kind van Gabriel le Roux, 'n burger van Stellenbosch by sy tweede vrou, Catharina Elizabeth van der Westhuizen.[23]

Die gesin van Frederik G. Wolmarans het in die distrikte Oudshoorn en George gebly,[24] waar al elf hulle kinders gebore is.[25] Die tweede oudste kind van Frederik Gerhardus en Catharina Maria (le Roux) Wolmarans wat die vierde geslag in die lyn van ons bespreking open, was Frederik Gerhardus Andreas[26] gebore op 31 Julie 1812 in die distrik Oudshoorn en gedoop op 8 November 1812 in die gemeente Swellendam.[27]

5/....

---

22. Ibid. bl. 624.
Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ... a.w. bl. 88.
L.W. Boedelakte 20733. F.G. Wolmarans is foutief waar in die plek van sy moeder se naam D. Geyser sy vrou s'n ingevul is nl. C.M. le Roux, en in Akte 7591, F.G. Wolmarans word sy moeder aangegee as C.M. Geyser. Dit is weer sy moeder se van met sy vrou se voorletters.
23. De Villiers, C.C.: a.w. bl. 194 en Boedelakte nr. 20735 C.M. Wolmarans (le Roux). Argief Pretoria.
24. So is hul seun F.G.A in 1912 in die distrik Oudshoorn gebore (Boedelakte nr. 2517, F.G.A. Wolmarans. Staatsargief Pretoria) en hul seun Gabriel Matthys in 1817 in die distrik George (Boedelakte nr. 14892, G.M. Wolmarans. Staatsargief Pretoria).
25. De Villiers. C.C: dl. 3 a.w. bl. 624 gee net sewe kinders se name. Die ander vier is verkry uit die twee boedelaktes van F.G. Wolmarans nl. nr. 7591 en Miscellaneous Estates nr. 20733 in die Staatsargief Pretoria; uit die dooppregister van die gemeente George te N.G. Kerkargief, Kaapstad; en Boedelakte nr. 20735, C.M. Wolmarans, (le Roux), Argief Pretoria. Kyk stamboom voorin.
26. De Villiers, C.C: dl. 3 a.w. bl. 624 gee hy die name aan as Frederik Gerhardus, sonder Andreas soos ook blyk uit die doopboeke van die gemeente Swellendam, N.G. Kerkargief, Kaapstad, maar volgens die Boedelakte van sy seun A.D.W. Wolmarans nr. 66396 in die Paleis van Justisie, Pretoria, was sy vader F.G.A.; ook volgens die name van die doopouers met die doop van A.D.W. in doopboek III, 1851-1857 van die Ned. Herv. Gemeente, Potchefstroom nr. 1725, 8 November 1857; asook volgens die boedelakte van F.G.A. nr. 2517, Argief Pretoria en die van die vrou van F.G.A. (A.E. Steyn) nr. 201A, Argief Pretoria.
27. Doopboek, Gemeente Swellendam, N.G. Kerkargief, Kaapstad
De Villiers, C.C: dl. 3 a.w. bl. 624.
Boedelakte 2517, F.G.A. Wolmarans. Argief Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As ons dink aan die rol wat die Wolmaranse reeds kort na hul aankoms in Transvaal in Kerk en Staat gespeel het, kom ons tot die logiese gevolgtrekking dat hulle wetsgetroue burgers in die Kaap was asook lewende lede in die kerk en dus reeds dáár die liefde vir die Nederduitsch Hervormde kerk waaraan hulle behoort het,[27a] ontwikkel het.

Die lewe in die binneland van die Kaapkolonie met al sy moeilikhede het hulle gestaal vir die Groot Trek en die opbou van 'n nuwe staat wat sou voorlê en deur die stryd in Graaff-Reinet en Swellendam van 1795 het hulle kennis gemaak met gedagtes soos „volkstem", „het volk" en „volkssoewereiniteit" en het hul hul gewig ingegooi by die Calvinisties-demokratiese rigting wat ontstaan het.

Die gesin van Frederik Gerhardus Wolmarans het die Kaapkolonie tydens die Groot Trek verlaat want hulle het reeds in 1840 in Transvaal gewoon en aan die Potgieter-groep behoort, alhoewel hulle nie oorspronklik saam met die groep uit die Kolonie weggetrek het nie. Aan die westekant van die Drakensberge het F.G. Wolmarans egter as die geestelike leier van die Potgieter-trek opgetree.[28] Hulle laaste kind, 'n dogter, is in 1833 gebore sodat al die kinders reeds 'n rol tydens die Groot Trek kon speel en veral in die Transvaalse Geskiedenis later.

Die Groot Trek was 'n beweging van „een dapper, geduldig, vlytig, ordelÿk en godsdienstig volk .... de keur der grensboeren"[29] om in die binneland 'n nuwe land te soek „waar hulle vry van dwang, vervolging, laster en berowing kon woon.[30] Almal was besiel „met 'n vaste vertroue op die alsiende, regverdige en genadige God, wat ons altoos sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam";[31] almal met een en dieselfde doel: vryheid en 'n behoorlike regering volgens hul eie insigte.

6/...

---

27a Tot 1842 was die naam van die kerk in die Kaapkolonie Nederduitsch Hervormd. Kyk o.a. Agendas en Notules van Sinodes voor 1842. De Handelingen der zeven eerste Vergaderingen van de Algemeene Synode der Ned. Geref. Kerk in S.A. 8e druk, G.J. Pike, Kaapstad 1857.

28. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ... a.w. bl. 88
Die Volkstem. Halfweekliks: 18 Jan.; Dagblad: 17 Jan. 1945, bl.2

29. Die woorde van Sir Benjamin D'Urban.
Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal. A. de Lange, Amsterdam, 1906. bl. 48.

30. Wichmann, F.A.F: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1941. dl. II, bl. 6.

31. Preller, G.S.: Piet Retief. Tiende druk. Nasionale pers, 1930. bl. 80, 81.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met hierdie selfde ideale was die familie Wolmarans ook besiel en daarom het hulle huis en haard in die Kaapkolonie agtergelaat soos sy eie woorde in 'n brief aan die Raad te Andries-Ohrigstad, 2 Augustus 1845, getuig: „Den heer Potgieter is overtuigd hoe ik hem voor en met en naa den oorlog (teen die Engelse in Natal) gesegt heeft, als het onder den Britsche gesag weeder zoude geraken, als er dan maar 99 trek waar heen het syn mag en het woeste, ik den 100ste syn sal."[32]

Stadig maar seker het die ossewaens die Suid-Afrikaanse landskap deurkruis sodat teen 1836 die eerste grondgebied van die trekkers tussen die Vet- en Vaalrivier reeds aangekoop was. Teen 1837 was die Matabele-mag verpletter en hul grond as blanke gebied geannekseer „kragtens die regte van 'n oorwinnaar in 'n regverdige saak."[33] Ook die mag van Dingaan is in Januarie 1840 verdelg met die slag van die Makonko-koppe, maar voor die finale oorwinning oor die Zoeloes was daar reeds 'n Volksraad van 24 lede in Natal en is die „Regulatien en Instructien voor den Raad van Representanten van het Volk" ook opgestel.[34] So kom in Natal die eersteling van die Voortrekkerrepublieke tot stand, die Republiek Natalia, terwyl aan die westekant van die Drakensberge die „Maatschappy" bekend was as Potchefstroom-Winburg, bestuur deur A.H. Potgieter as hoofkommandant saam met 'n Burgerraad.

Andries Pretorius, die held van Bloedrivier, wou graag die vereniging van al die Voortrekkers in een staat bewerkstellig en as gevolg van sy ywer in die verband, vind daar op 16 Oktober 1840 te Potchefstroom 'n vergadering tussen hom en A.H. Potgieter plaas waar besluit is om één Verenigde Voortrekkerrepubliek te stig met die Umzimvubu- en Vetrivier as suidgrens.

7/...

---

32. V.R. 3/45. Brief van F.G. Wolmarans aan die Raad van Ohrigstad, 2/8/1845. (Volksraadnotule, Deel 1, bl. 159.
33. Potgieter, C. en Theunissen N.H.: Andries Potgieter A.P.B. 1938, bl. 92.
34. Daar word algemeen aangeneem dat die presiese datum nie bepaal kan word nie. Suid-Afrikaanse Argiefstukke Natal Nr. 1, bl. XLIII, XLIV, XLV bl. 3-9.
Du Plessis, A.J.: Die Republiek Natalia. Argiefjaarboek, Vyfde Jaargang, Deel 1, bl. 162, 163.
Vergelyk ook:
Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing, 1839-1845, J.L. van Schaik, 1924 bl. III, IV, XII-XVII.
Bird J: Annals of Natal, Vol II, P. Davis & Sons, Pietermaritzburg, 1888. bl. 207.
Vir „Regulatien en Instructien" kyk kopie in Zuid-Afrikaan 21/6/1839 soos gedruk in Natal nr. 1, a.w. bl. 285, 286.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens dié ooreenkoms sou Potgieter die hoofkommandant wees ten weste, en Pretorius ten ooste van die Drakensberge en is bepaal dat verteenwoordigers van Potchefstroom-Winburg in die Natalse Volksraad sitting sou hê. Volgens 'n besluit van die Natalse Volksraad, 2 Februarie 1841, is bepaal dat twaalf lede verkies moes word om die Adjunkraad vir Potchefstroom-Winburg te vorm.[35] Verder is bepaal dat minstens twee lede, tweekeer per jaar die vergadering in Pietermaritzburg moet bywoon.[36]

In hierdie vroeë wordingsjare van die Republieke het die familie Wolmarans reeds 'n belangrike rol gespeel. Hulle was troue ondersteuners van hul hoofkommandant Hendrik Potgieter terwyl F.G. Wolmarans een van die leidende figure wes van die Drakensberge was.[37]

Met die instelling van die Adjunkraad is hy dan ook tot lid verkies soos blyk uit sy teenwoordigheid op die sittings van die Volksraad in Pietermaritzburg van 4-12 Oktober 1841[38] en op 7 Augustus 1843[39]. Verder was hy o.a. ook voorsitter van die Adjunkraad te Potchefstroom soos blyk uit die notule van die Volksraad van 24 Februarie 1842. „Gelezen een verslag van den heer Wolmarans, voorzitter van de Raad aan P.S. Stroom"[40] Ook op 'n ander terrein het hy leiding geneem sodat hy op voorstel van die

8/...

---

35. Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing, bl. 102. Notule Volksraadsvergadering 2 Februarie 1841, art. 4 (ook in Natal nr. 1. a.w. bl. 81, 82).
36. Kyk Soutter-versameling: pak 2, nr. 2, vir Akte van Vereniging:
Natal nr. 1: a.w. Notule van vergadering 16.11.1840, art. 1, bl. 67 en bl. 350, 351.
Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing. bl. X. Kyk ook Preller, G.S.: Sketse en Opstelle. J.L. van Schaik, 1928, bl. 91, 92.
37. Vergelyk Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans, a.w. bl. 89 en latere skriftelike steun aan Potgieter, Mei en Aug. 1845, R108/45 en R109/45. Voortrekkerargiefstukke: 1829-1849. Staatsdrukkers, Pretoria 1937. bl. 182, 183 en 186-188.
38. Notule van Volksraadsittings 4-12 Oktober 1841. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 144-147, 149, 152, 155, 159 (Ook in Natal nr. 1, a.w.) Die notules van die Adjunkraad het almal verlore gegaan.
39. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 244 en Natal nr. 1: a.w. bl. 178. Notule van vergadering 7 Augustus 1843.
40. Natal nr. 1: a.w. bl. 143 en Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 191. Notule vergadering 24.2.42, art. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Adjunkraad van „Vaal Revier" deur die Volksraad van Pietermaritzburg tesame met David Jacobs en P. van Staaden as ouderlinge vir Potchefstroom aangestel is saam met die diakens P.F. Strydom, P. du Preez, G. Maree en H. Viljoen op 23 Februarie 1842. Dit getuig dat hy 'n goeie kerkman was, 'n kerkman by uitnemendheid, want later sou hy nog die „leidsouderling" word.[41] Dié eerste Potchefstroomse kerkraad is bevestig deur ds. Lindley op 25 Maart 1842. Ds. Daniel Lindley was 'n geordende Amerikaanse Presbiteriaanse sendeling wat onder die Trekkers Woord en Sakrament bedien het. Met die sitting van die Volksraad in Januarie 1840 „Is voorgebragt door enige leden van de Raad, om den heer Lindley aan te stellen als Predikant onder ons", en is dit goedgekeur „mits hÿ zyn documenten toonen zal voor de volgende vergadering",[42] wat dan ook gedoen is en goedgekeur is tydens die vergadering van 16 Januarie[43] 1841. Die aanstelling is gemaak namens die hele Voortrekkergebied noord van die Umzimvubu- en Vetrivier en moes ds. Lindley dus ook Potchefstroom-Winburg besoek. Sy eerste besoek aan die gewoste vind plaas in Maart 1842 by welke geleentheid hy, in teenwoordigheid van ouderlinge F.G. Wolmarans en D. Jacobs, 188 kinders gedoop en 103 jongmense as lidmate van die kerk aangeneem het. Hulle het ook die eerste lidmaatregister in Transvaal aangelê op 26 Maart 1842.[44]

Die volgende enkele grepe uit die volksraadsnotules waarin F.G. Wolmarans 'n rol gespeel het, getuig van sy ideale en die leidende aandeel wat hy in volksake gespeel het.

Met die Volksraadsitting te Pietermaritzburg op 9 Oktober 1841 is onder andere die probleem bespreek wat ontstaan het toe Landdros J. de Klerk van Potchefstroom sy bedanking ingedien het.

9/...

---

41. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 189. Notule vergadering 23/2/42, art. 6 (Ook Natal nr. 1, bl. 142) Kyk ook Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. H.A.U.M.- J.H. du Bussy, 1953, bl. 18
42. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 31. Notule vergadering 3/1/1840, art. 15. Brief aan Lindley verstuur 4/1/1840. Kyk ook bl. 34 art. 17.
43. Ibid, bl. 91. Notule vergadering 6/1/1841, art. 3. Verder bewyse ingehandig op Volksraadsitting 5.10.1841, art. 2.
44. Vergelyk Engelbrecht S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 48.
Badenhorst, W.J.: Die geskiedenis van Potchefstroom 1838-1938. A.P.B. 1939. bl. 37, 38.
Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Nasionale Pers. Kaapstad. 1930. bl. 185.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die klagtes van die Adjunkraad is mondelings deur F.G. Wolmarans aan die vergadering voorgelê.[45] Die probleem was dat bykans geen instruksies of ander papiere van die landdros gevind is nie; dat hy voortgegaan het om bevele uit te vaardig en dat hy sy geldelike verslag alleen aan die Volksraad in Pietermaritzburg wou voorlê. Die Volksraad het die oordeel van die Adjunkraad onderskryf en dienooreenkomstig aan landdros de Klerk laat weet.[46]

Met die sitting van 8 Januarie is die saak weer aangehaal toe 'n brief van landdros J. de Klerk gelees is met 'n verduideliking vir sy optrede. Die Volksraad het besluit om 'n kopie van sy brief (en die geldelike verslag wat daarby ingesluit was) aan die Raad in Potchefstroom te stuur, en hul verdere verduideliking te vra veral oor 'n bewering in die brief gemaak, nl. „aangaande zekere voorslagen van onafhanklikheid etc. door gem. heer Wolmarans gedaan."[47]

Landdros de Klerk was nie baie populêr in Potchefstroom nie, moontlik omdat hy aangestel is vanuit Pietermaritzburg „om aan de andere zÿde van den Drakensberg" te ageer voordat die verbintenis van die twee dele van die Emigrante tot stand gekom het en ook juis omdat die latere eenheid glad nie baie heg was nie.[48] Dit is ook daarom dat die landdros sy geldelike verslag by die Volksraad in Pietermaritzburg wou inhandig en daarom maak hy, as amptenaar van die Volksraad, die beskuldiging teen F.G. Wolmarans (wat die klag van die Adjunkraad teen hom in die Volksraad voorgedra het), as sou hy dan vir die onafhanklikheid van die Transvaal werk.

Die bewering was seker raak want die Adjunkraad (waarvan Wolmarans 'n lid was) en die grootste gedeelte van die bevolking wes van die Drakensberge het taamlik afsydig gestaan van die Volksraad, juis onder andere as gevolg van die vrees dat hulle saam met Natal geannekseer kon

10/...

---

45. Natal nr. 1.: bl. 118 en Voortrekkerwetgewing: bl. 154. Notule vergadering 9 Oktober 1841, art 12. Kyk ook Natal nr. 1: bl. 118, voetnoot 78. Dit is van die weinige sake van die Adjunkraad wat die Volksraad behandel het. Kyk Wichmann: a.w. bl. 28.
46. Ibid.
47. Natal nr. 1.: bl. 133 en Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 177. Notule Volksraad 8.1.1842, art 6 en 7. A.g.v. die gebrek aan gegewens deur die verlore gaan van talle briewe kan die saak nie verder nagegaan word nie.
48. Notule Volksraad 7.9.1839, art 3. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 11. Kyk ook Wichmann: a.w. bl. 22 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word.[49]

Die Volksraad het dan ook gedurende hul sitting van 18 Junie 1841 'n brief behandel van 'n sekere A.S. du Toit en twintig ander wat die volgende bevat het: „Wÿ ondergetekende vraag af aan den Raad om de wettigheid te sien de reg die weÿ aan Portnatal heef dat daar geen ander moogentheid reg aan Portnatal heef om onze bloet voor te laaten, want wy is niet van meening om iets te doen dat ons niet toekom: wy ondergeteekende verlang hier op de wettigheid te zien"[50]

Die besluit van die Volksraad op die brief was dat die Raad van oordeel is dat hul 'n onbetwisbare reg op die land het. Hulle het die inhoud van die brief oorgedra aan die Adjunkraad met die opdrag dat die ondertekenaars van die brief geen grond „binnen de grenzen van deze Maatschappij" mag besit nie, want daar kan nie verwag word dat mense wat die wettigheid van die grondbesit in twyfel trek, van enige nut sal wees as hulle eendag miskien vir die behoud daarvan sal moet veg nie.[51]

Die Adjunkraad van Potchefstroom het egter gedurende hul sitting van 25 Augustus 1841 met die memorialiste saamgestem[52] waarop die Natalse Volksraad op 11 Oktober hul verwondering uitspreek oor die aanmerkings van die Adjunkraad wat die gedrag van die mense goedkeur en die Raad nog skyn te berispe ook. Hulle sê elkeen behoort te besef dat die vraag in die brief vervat „vergezeld gaat met een bedreiging die de duidelykste blyken draagd van ongehoorzaamheid, eigengezag en niet anders als strekken moet, tot de aller nadeeligste gevolgen niet alleen voor de inwooners van de baay van Portnatal maar voor onze geheele vereenigde maatschappÿ" [53]

11/...

---

49. Wichmann: a.w. bl. 29, 31 en kyk Notule Natalse Volksraad, 2 Februarie 1841, art. 23. (Voortrekkerwetgewing: bl. 107)
50. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 156 en Natal nr. 1: a.w. bl. 119 Notule Volksraad, 11 Oktober 1841, art. 2. Brief gedateer 12 April 1841.
51. Natal nr. 1.: a.w. bl. 103 en Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 133. Notule Volksraad, 18 Junie 1841, art. 10.
52. Notules ontbreek.
53. Natal nr. 1,: a.w. bl. 119, 120 en Voortrekkerwetgewing a.w. bl. 156, Notule Volksraadsvergadering, 11 Oktober 1841, Art. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Raad besluit daarom andermaal dat hulle reg opgetree het en hul besluit nie kan terugtrek nie aleer die ondertekenaars 'n brief aan die Adjunkraad oorhandig „waar in zy hunne leedweezen te kennen geeven over de onvoorsigtige stap door hun genomen"[54] en hul woorde terug trek. Daarop het F.G. Wolmarans vir die ondertekenaar in die bresse getree en gesê dat die ondertekenaars „niet anders gemeent hebben als eene gepaste voorstel te doen om omtrend het punt in questie te worden onderricht tot hunne eigene gerusstelling"[55] en voeg hy daarby, dat hy nie daaraan twyfel dat hulle die voorstel sal terug trek nie.

Ten slotte voel die Raad nog beswaard oor die besluit van die Adjunkraad en versoek hulle om 'n verduideliking te verstrek waarom hulle met die publiek ingestem het om hul nog meer in hul dwaling te sterk in plaas van om die gesag van die Raad van Pietermaritzburg te erken.

'n Ander belangrike rede vir die afvalligheid van die Adjunkraad[56] was die gebrekkige verbinding wat daar tussen die twee dele is as gevolg van die geografiese toestande en stadige vervoermiddele. Dit was omtrent onmoontlik om driemaandeliks 'n notule van die Adjunkraad aan die Volksraad op Pietermaritzburg te lewer en halfjaarliks die sittings by te woon. So het F.G. Wolmarans op 30 November 1841 'n verslag behelsende enige voorstelle aan die Volksraad gestuur waarop hy op of voor die 15de Februarie antwoord wou hê. Die brief het egter eers op 4 Februarie by die sekretaris van die Volksraad aangekom. In die kort tydjie voor die 15de kon die antwoord Potchefstroom nie bereik nie.al het die sekretaris volgens sy eie oordeel geantwoord. Die Volksraadsitting waar die voorstelle behandel kon word het eers 19 Februarie begin, dus eers vier dae ná die 15de. Daar is toe aan Wolmarans, as voorsitter van die Adjunkraad, berig dat die Volksraadsitting van April na Mei uitgestel is sodat die Potchefstroomse

12/...

---

54. Natal nr. 1: a.w. ibid.
Voortrekkerwetgewing: a.w. ibid bl. 157.
55. Ibid.
56. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. XI
Notule vergadering 14 November 1842, art. 2. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 227 en Natal nr. 1: bl. 166 en Notule vergadering 3 Januarie 1843, art. 4. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 230 en Natal nr. 1,: a.w. bl. 168.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verteenwoordigers die vergadering kon bywoon.[57]

Gedurende 1843 het F.G. Wolmarans weer na Pietermaritzburg afgereis soos blyk uit sy brief aan die Raad te Andries Ohrigstad, 2 Augustus 1845 en het sy hele sending misluk, meer a.g.v. slegte posverbinding en die verloreraak van briewe. F.G. Wolmarans skryf as volg: „Daar ik in het jaar 1843 in den maand Maey door den Eedele Raad van Potchefstroom benevens den heer Js. Gro(b)ler, medeleeden van den Raad, afgezonden bin als een deputasie naar gewoonte om ons verslag te doen te Pieter Mouretsburg en te vernemen hoe ofte het met onze staad zy, wylen wy niet gewaar konden worden hoe of het aldaar stand sedert den onderwerping gedaan aan Comsr. Cloete, onder haare Majestyds gesag".[58] Met hul aankoms op 1 Junie vind hulle die Raad nie vergader nie omdat hulle brief aan die Raad verlore geraak het[59] en omdat die Juniesitting uitgestel is „Overmits wy deze morgen van U Edelen (H. Cloete) vernomen hebben wat de oorzaak van uwe aanzyn alhier is, zyn wy door het algemeen verzogt de vergadering van den Volks Raad uittestellen tot den eersten Maandag in Augustus aanstaande om al die leden van de Volks Raad in het Publiek die aan de andere zyde van de Draaksberg woonen op dien dag na deze plaats te ontbieden."[60]

'n Derde rede vir die afval van die Adjunkraad - en dit is die belangrikste rede - is geleë in die aankoms van die Britse troepe in Natal in Mei 1842. Toe die Volksraad hom op 15 Julie 1842 aan die Britse regering onderwerp het, het die belangstelling van Potchefstroom-Winburg afgeneem, alhoewel die Volksraad nog bly voortbestaan het onder Britse toesig. Op 12 Mei 1843 is Natal tot Britse kolonie verklaar en toe dit blyk dat die besetting nie tydelik sou wees soos in 1838-1839 nie, het die Adjunkraad besluit om hulle af te skei.

Met die Augustus-sitting was F.G.[61] Wolmarans andermaal in Natal om sy mense te verteenwoordig, vergesel van nog vier lede. Die sitting was bepaal „ten einde

13/...

---

57. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 191.
Notule Volksraad 24 Februarie 1842, art. 9.
Die voorstelle van die Adjunkraad het verlore gegaan.
Kyk ook du Plessis, A.J.: a.w. bl. 169, 170.
58. V.R.3/45. Brief F.G. Wolmarans aan Raad te Ohrigstad 2/8/1845 (Volksraadsnotules 1, bl. 157)
59. Ibid.
60. G.H. 28/23, Encl. 2(b)2 to Desp. No. 196/1843. 9 Junie 1843. Natal nr. 1, bl. 438.
61. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 244 gee foutief P. Wolmarans. Volgens Natal nr. 1. bl. 178 moet wees F.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



schikkingen met de Engelse Gouvernement aantegaan dan wel de mening van Natals ingezetenen op dit onderwerp te hooren, te overwegen en te besluiten".[62] Nadat die lede ingesweer is en voordat iets besluit is, „heeft de leden van agter de Berg zich ontrokken om geen stem te hebben"[63] en vanaf die datum 7 Augustus word geen verdere melding gemaak in die Volksraadnotules van Potchefstroom-Winburg nie.[64]

Met dieselfde sitting het P.H. Zietsman die volksraadlede probeer aanspoor tot onderwerping aan Engeland volgens die voorwaardes van art. 6 van die proklamasie van 12 Mei 1843[65] en hoewel die „meerderheid des Publieks" nie wou toegee nie, was daar geen uitweg nie en is die proklamasie deur die Volksraad onderteken.[66]

Die afgevaardigdes van Potchefstroom het met hul terugkeer verslag gedoen aan Potgieter waarop hy op 3 Oktober 1843 'n brief na Natal stuur om hulle mee te deel dat hy en sy mense geen deel aan die onderwerping van die Natalse Volksraad gehad het nie, en „alle naasies zÿn vreÿ en goed waar sÿ wil; en wÿ als vreÿ geboren hoopen ook

14/...

---

62. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 243 en Natal nr. 1: a.w. bl. 178
Notule Volksraad, 7 Augustus 1843.
63. Ibid.
Kyk ook Wichmann: a.w. bl. 36.
64. Volgens du Plessis was verteenwoordigers van oorkant Drakensberg die 8e ook nog in sitting. Foutief - vergel;
Notule Volksraad 7/8/1843
Voortrekkerwetgewing bl. 244.
65. Z. Afrikaan. 13 Oktober 1843 soos opgeneem in Natal nr. 1: a.w. bl. 442, 443.
66. Voortrekkerwetgewing: bl. 244, 245, Notule Volksraad, 8 Augustus 1843, art. 1 en kyk:
G.H. 28/23, Encl. 2e/2 to Desp. No. 196/1843. Akte van onderwerping in Soutter-versameling, pak 4, nr. 16 asook in Natal nr. 1: a.w. bl. 435-8.
Art. 6 lui as volg:
1st. That there shall not be, in the eye of the law, any distinction or disqualification whatever, founded on the mere distinction of colour, origin, language, or creed; but that the protection of the law, in letter and in substance, shall be extended inportially to all alike.
2nd. That no aggression shall be sanctioned upon the natives residing beyond the limits of the Colony, ...... etc, etc.
3rd. That slavery ..... is absolutely unlawful .... etc.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onafhankelik en vreÿ ons eÿgene saaken te bestieren"[67]

'n Paar maande later is daar, vermoedelik deur Potgieter weer 'n raad, die Burgerraad genoem, gekies om voorsiening te maak vir die bestuur van die gebied wes van die Berg. Die bestuur is verkies tydens 'n Volksvergadering te Potchefstroom op 9 en 10 April 1844 by welke geleentheid ook 'n verklaring van onafhanklikheid deur die nuut verkose Burgerraad aan die Natalse Volksraad gestuur is. „Wy beschouwen ons vry en onafhankelyk en zullende voortvaren met onze eigen bestier, en hopen van niemand gehindert te worden en ons bestier aan de maatschappelyke burgers strek tot aan den wal van Grootrivier."[68] Die notule van die vergadering het verlore gegaan maar tydens die byeenkoms is ook 'n eie „grondwet" saamgestel wat as die Drie-en-dertig Artikels bekend staan[69] Hierin is 'n belangrike beginsel neergelê dat hulle op die Hollandse wette sou terugval as dit nodig was - hulle wou hulle dus wegoriënteer van die Kaapse Engelse wette soos later ook op kerklike en kulturele gebied.[70]

Intussen vind die opdringing van die Britse gesag noord van die Oranje plaas (1845-1846) en besluit Potgieter om as gevolg daarvan en as gevolg van die moontlikheid van handel deur Lourenco Marques, soos duidelik was na sy besoek van 1844, Potchefstroom te verlaat en uit te wyk

15/...

---

67. Soutter-versameling, Paket 4, nr. 19.
Kyk ook Volksraadnotules 1, bl. XXIII, XXIV en Engelbrecht, S.P.: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom 1842-1942.
J.H. de Bussy, Pretoria. bl. 19.
68. R.120/47. Brief gedateer 10 April 1844. Voortrekkerargiefstukke: bl. 258/9 en G.H. 28/28, no. 65/1844. (Natal 1: bl. 468 e.v.)
Kyk ook Notule Natalse Volksraad 3,4 Junie 1844, Art.8. Voortrekkerwetgewing: bl. 257; Wichmann: a.w. bl. 37, 38 en Volksraadnotules 1, bl. XXIV.
Die brief is aan die Britse regering deurgestuur. Vgl. G.H. 28/28, Encl. 94 to Desp. No. 65/1844. (Natal nr. 1. bl. 468-9)
69. Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910. George Routledge, London 1918, bl. 349-356
Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 131, 132 (Volksraadnotule 1, bl. 5-9.)
70. Kyk Engelbrecht S.P.: a.w. Geskiedenis Potchefstroom, bl. 20 en art.31. Drie-en-dertig artikels. Eybers: a.w. bl. 356.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na Noord-oos Transvaal, tot noord van die 25° Suiderbreedte lyn[71] tot waar die regsgesag van die Kaapse regering sou strek volgens die „Cape of Good Hope Punishment Bill" van 1836.

Na die anneksasie van Natal het talle gesinne vanuit Natal Transvaal binnegetrek en het die groep onder leiding van die voormalige Natalse Volksraadsekretaris, Jacobus Johannes Burger, onmin gesaai omdat hulle nie onder Potgieter en sy Raad wou buig nie. Dit het die ouer ingesetene Potgieter-groep diep gegrief en daar het 'n verwydering tussen hulle en die nuwe intrekkers ontstaan.[72] Potgieter sou sake nie so laat nie en op 6 Mei 1845 is daar 'n vergadering te Potchefstroom belê om te verneem wat die volk se houding teenoor hom was.

Met algemene stemme is besluit dat hulle hul met 'n band van liefde en trou aan elkander verbind; dat hul A.H. Potgieter as hul hoofkommandant verkies; dat hy altyd 'n stem in die Raad sou behou en dat hulle manne sou kies om alle sake saam met hul leier te handhaaf. Alle mense wat van elders intrek, moes hulle aan die bogenoemde bestuur onderwerp. Hierdie besluit is met die handtekeninge van die burgers beëdig onder andere ook die van die reeds bekende figuur F.G. Wolmarans sowel as sy seun F.G.A wat as 'n man van 32 jaar ook op die politieke terrein begin verskyn.[73]

Toe Potgieter, wat toe te Buffelshoek, Magaliesberg, in die teenswoordige distrik Rustenburg gewoon het, sy mense oproep om met hom te trek gee die Wolmaranse dadelik aan die roepstem gehoor en volg hul aanvoerder.[73a]

16/...

---

71. Ad.R.120/47. Voortrekkerargiefstukke: bl. 259. Potgieter wou tot Noord van die 26° Suiderbreedte lyn trek aangesien daar 'n vae staatkundige reëling is dat tussen 25° en 26° aan beide kante sou behoort.
72. Vergelyk Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 139.
73. R.108/45. Voortrekkerargiefstukke: a.w. bl. 182, 183. Ook Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 140. Op die dokument vind ons behalwe die handtekening van F.G. Wolmarans en F.G.A. Wolmarans ook die handtekeninge van J.B. en G.M. Wolmarans, ook seuns van F.G. EVR 1. Volksraadnotule 1, bl. 18.
73a. „Not many of his friends accompanied him to Schoemansdal. His closest adherent Erasmus, Wolmarans, Minnaar and Bronkhorst ...."
Nathan M: The Voortrekkers of S.A.
C.N.A. 1937.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In Junie vind die trek na die noord-ooste plaas[74] en in Julie 1845 bereik hulle hul bestemming waar hulle die dorp Andries Ohrigstad aanlê.[75]

Op 30 Julie word die eerste byeenkoms gehou om die regering te reorganiseer aangesien die Burgerraad met die verhuising ontbind het. Daar word besluit om 'n Volksraad in te stel en dat daar dadelik twee lede per veldkornetskap gekies moet word om die volgende dag om sewe-uur te vergader.[76] F.G. Wolmarans is dadelik voorgestel as lid van sy wyk, maar, het hy later self gesê „ik heeft het afgeslagen merkende dat mogelyk eymand er op tegen zal syn."[77]

Die probleem en rede vir die weiering van sy nominasie het sy oorsprong gehad in 1843 toe hy en Js. Grobler die Adjunkraad op 'n vergadering in Mei te Pietermaritzburg moes verteenwoordig en die vergadering nie in sitting gevind het nie.[77a] Die sitting is toe bepaal vir 7 Augustus en toe hy andermaal afgaan na Natal, is die gerug versprei dat hy verraad sou gepleeg het. In Pietermaritzburg kon hy nie kans kry om hom te verweer nie, maar direk na sy terugkoms in Potchefstroom met die eerste sitting van die Burgerraad, het hy verslag gedoen aan die raadslede en publiek wat teenwoordig was, en is sy verslag aangeneem deur almal behalwe deur 'n sekere Vermaas en nog 'n paar ander.[78] Vermaas het beweer dat Wolmarans sou gesê het dat hy nie teen die Engelse sou veg nie. Daarop het Wolmarans die beskuldiging weerlê en is niks meer teen hom ingebring nie. Die Raad was egter nie voltallig nie en daar is later weer baie leuens rond versprei onder andere dat hy nie wou hê dat die kommandante[79] die gebied Natal teen die Engelse moes verdedig nie. Hy het daarvan egter die volgende verklaring gegee:

17/...

---

74. Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 142.
75. Ibid, bl. 146 en
Wichmann: a.w. bl. 45, 47.
76. E.V.R.1 bl.1. Byeenkoms te Ohrigstad 30/7/1845.
Volksraadnotule 1, bl. 13.
77. „Hier is ik, genommert voor een lid in den Raad"
V.R. 3/45: Brief van F.G. aan Volksraad; 2/8/1845.
77a. Vergelyk bl. 11 en 12 hierbo.
78. Ongelukkig het die notule verlore gegaan en is die saak effens onduidelik.
79. Kommandant Mocke, met vyf tot sewe ander kommandante en ongeveer 800 gewapende burgers hoofsaaklik uit die huidige Vrystaat.
Kyk du Plessis A.J.: a.w. bl. 202.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„om dat ik alle tyd wouden sorgen dat wy ons vrey houden mogt opdat den Britsche Gouferment ons niet by de Euroopietsche mogendheeden konde bechuldigen".[80] Die Winburgers was teen hom gekant „om reden ik niet woude instimmen om ook te Winburg beurtelings settings te houden",[81] Die „voorste leden" (van Winburg) wou ook nie sy verslag aanhoor nie omdat hy dit opgestel het toe Grobler, sy mede-afgesant, nie teenwoordig was nie - m.a.w. hulle wou nie sy verslag as geloofwaardig aanvaar nie. Hy is daarop, met die teenstem van een van die lede, veroordeel op ongegronde getuienis en in die verband beweer hy „Ik stonde alleen en wierd voor altoos van den Raad ontstooken".[82]

Vervolgens het F.G. 'n memorie ingedien en daarop gewys hoe hy altyd tot beswil en in diens van sy volk opgetree het en dat die Raad wel kon agterkom dat dit „alleen uit booshyd is geschieden". Hy vervolg dat hy nie onder die blaam kan lewe sodat sy kinders na sy dood nog verwyte sal hê nie en daarom besluit hy „dat ik genegen ben een jaar ontstooken te syn van den Raad en my sullen stil en rustig gedragen, dat se in dien jaar sullen overtuigd worden dat nooyt bedrog ofte verraad in herte was, maar als den jaar ten einde ware ik dan weer vrey stond gelyk als alle andere lieden om weer gekosen te kunnen worden en tot alle poste".[83] Daarna volg 'n karakterskets van homself[84] en voeg hy by: „Alleen is deze zaak aan my geschied uit nyd en booshyd van eenige dien tot hun oogmerk niet konde geraken zoo lange ik in den Raad was".[85] Dit word gevolg deur 'n beleefde smeekbede waarin hy sy diepste wese uitstort dat hulle tog nie sleg van hom moet dink nie, dat sy dade nog altyd tot heil van sy medemens bedoel was en dat hulle van hom tog net in waarheid voor God moet getuig soos sy getuienis waar is, „want voor den Heere is niets verborge". Hy sluit af met die woorde: „Waarde heere en mede landgenoten, ik geeve het in uwer overdinkking over, want ik bin op't diepste verdrukt. Ik verwagte van uEdens nu hier een gunstig antwoord ...."[86]

18/...

80. V.R. 3/45. Brief van F.G. Wolmarans aan Raad Andries Ohrigstad, 2 Augustus 1845. Volksraadnotule 1, bl. 158.
81. Ibid.
82. Ibid. bl. 159
83. Ibid.
84. Kyk bl. 1 hierbo.
85. V.R. 3/45. Volksraadnotule 1, bl. 159.
86. Ibid. bl. 160, 161.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie brief is tog nie in die Volksraad voorgelees en behandel nie kragtens 'n reëling tussen Wolmarans en die sekretaris van die Volksraad (J.J. Burger) in die bysyn van C.J. Kruger. Daar is te min oor die saak bekend om 'n suiwer gevolgtrekking te maak maar blykbaar het die twee persone hierbo genoem dit nie die moeite werd geag om die brief te laat behandel nie omdat die hele klag niks om die hals gehad het nie. Dat die optrede van Wolmarans verkeerd geinterpreteer is, blyk uit sy verdere optrede in belang van volk en staat. Alhoewel hy, sover bekend, nie in die Volksraad te Andries Ohrigstad gedien het nie, het die saak gou oorgewaai en is hy tog op 4 Mei 1858 ingesweer as lid van die Volksraad.[87] van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

Op 1 Augustus 1845 vind die eerste volksvergadering in die geweste plaas en is die lede van die nuutverkose Volksraad ingesweer. Een van die eerste take van die Volksraad, op dieselfde dag, was om 'n tweede dokument ter goedkeuring van A.H. Potgieter in die posisie van hoofkommandant aan die publiek vir ondertekening voor te lê: „Andries Hendrik Potgieter, Raadslid en Hoofd Commandant, ter eere van zyn standvastigheid en eiver voor de Zuid Hollandsche Emigranten hunner welvaart en vreiheid, as een dier hoofden welke staande gebleven is van het jaar 1836, en destyds eene comissie gemaakt heeft, waar wy ons thans bevind - .... zal en moet onafgebroken in die betrekking blyven dienen zoo lang hy sig houd en gedraag als ZynEd. tot hiertoe gedaan heef, teneevens de verdere leeden van den Volksraad zal uitmakin de hoogste gesag en bestier dezer' volksplanting ......"[88] Hierdie dokument het die posisie van Hendrik Potgieter onaanvegbaar gemaak. Onder die lang lys ondertekenaars vind ons andermaal die handtekening van F.G. Wolmarans wat met vaste vertroue in sy God en sy leier saamgetrek het en waarvan hy sê: „(Ik) hep nu weder myn tot hier begeeven om te sien ofte God eens mogte behagen om ons te verlossen en tot een volk te stellen tot syn eer, opdat als het den Heere behaagen mogen, myn ogen het mogen sien dat wy gevestig ben en syn kerk onder ons te sien bloei(en); dat, wanneer ik dan sterve, ik weeten mogen myne kinderen heeft een ervenis in dit

19/...

---

87. Notule van Volksraadsvergadering 4/5/1858, art. 2.
Staats Courant, 7 Mei 1858 en Volksraadnotule 3,bl.170.
88. R.109/45.Voortrekkerargiefstukke, bl. 186-188.
Kyk ook Ë.V.R.1. Notule vergaderings 30 Julie en 1 Augustus. Volksraadnotules 1, bl. 13, 14.
Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 148.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lant"[89]

Op 4 Augustus 1845 het F.G. te Ohrigstad vir hom 'n woonplaas aangelê aan die Sandrivier waar dit in die Olifantsrivier inloop en dit Trigartskraal genoem.[90] Hy het ook vier erwe nrs. 1, 2, 45 en 46 te Ohrigstad besit.[91] Sy seun F.G.A. Wolmarans het die plaas Voorzorg aangelê wat geleë was aan die Olifantsrivier van waar Mafaffasrivier in die Olifantsrivier inloop tot deur die tweede poort.[92]

Op 4 Desember het daar 'n boodskap van die Portugese goewerneur te Dalagoabaai, gedra deur 'n Knopneus, te Ohrigstad aangekom waarin eksepsie geneem word teen die plant van 'n baken deur sekere Boere op Portugese gebied. Frederik Wolmarans en nog veertien ander was teenwoordig toe die boodskap afgelewer is. Die Goewerneur wou weet of Potgieter die bevel gegee het vir die oprigting van die baken naby die baai.[93]

In 'n „Bekentmaking aan den geerde publiek" aangaande die probleem hierbo genoem, word die publiek opgeroep na 'n byeenkoms op 10 Desember 1845 om die saak te bespreek „ten eynde wy weeten moge wat ons te doen staat ..... want deze zaak, zoo ons voor komt, kunnen ons veel nadeel toebrengen". Die sitting sou gehou word op die dorp aan huis van F.G. Wolmarans.[94]

Hy was een van die vooraanstaande burgers van Andries Ohrigstad. Dit blyk ook uit die volgende notule van die Kommissieraadsvergadering van 1 Oktober 1845: „De Comiessie Raad sittinge gehouden ..... per verzoek van den Heer F.G.

20/...

---

89. V.R. 3/45. Brief aan Raad Andries-Ohrigstad, 2/8/1845. Volksraadnotules 1, bl. 160.
90. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans ..... a.w. bl. 88.
E.V.R. 264. Volksraadnotule 1, bl. 187.
91. Landdrosdistrik Lydenburg, band 83. Indeksregister eienaars van plase en erwe, bl. 718;
Boedelakte F.G. Wolmarans. T.A. nr. 7591.
92. E.V.R. 264. Volksraadnotules 1, bl. 191. Kyk oók Notule Volksraad 2/8/1845. Volksraadnotule 1, bl. 14-16.
93. R.111c/45. Afgeneem deur J.J. Burger 4/12/1845. Voortrekkerargiefstukke, bl. 193, 194.
Vergelyk ook E.V.R.1. Notule vergadering 11/12/1845, art. 3.
Volksraadnotule 1, bl. 25, 26.
E.V.R.2, bl. 29, 30. T.A.
94. R. 111d/45. Voortrekkerargiefstukke, bl. 195, 196. (6.12.1845). Ook Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 152.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wolmarans, verzoekende den Eedele Raad daar inne te willen voorzien wylen den 2 commezaris leden niet precent zyn 2 andere te willen aanstellen om by zulke geleegendheden hunne plaatse te kunne vervullen".[95]

Andries Ohrigstad het egter geblyk nie die ideale woonplek te wees nie en toe die gebied om verskeie redes[96] verlaat moes word, het F.G. Wolmarans teruggetrek na Potchefstroom en hom op die plaas Boschhoek gaan vestig[97] waar hy vir ongeveer 22 jaar lank gewoon het.[98]

---oOo---

95. E.V.R. 1. Notule Kommissieraadsvergadering 1/10/1845. Volksraadnotules 1, bl. 23.
96. Rusies met die Volksraadgroep onder leiding van J.J. Burger; Malaria; Tsetsevlieg; e.a.
97. Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans .... a.w. bl. 88.
Vergelyk ook Boedelakte F.G. Wolmarans. T.A. 20733. Oorlede te Boschhoek 1872.
98. In 1848 was hy reeds in Potchefstroom, vergelyk V.R 46/48. Brief vanuit Hekpoort 10/2/1848. Volksraadnotules 1, bl. 250.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II

## DIE ROL VAN F.G. WOLMARANS IN DIE KERKLIKE LEWE VAN TRANSVAAL TOT DIE KOMS VAN DS. VAN DER HOFF, 27 MEI 1853.

Voor die koms van die eerste vaste predikant in Transvaal, het Frederik Wolmarans die grootste invloed op die kerklike terrein gehad en net soos op staatkundige gebied, het hy sy kragte en helder verstand in diens gestel van sy kerk. Die leiding in kerksake het dus meestal by hom berus. Jare lank was hy dan ook ouderling en moes hy saam met ouderlinge D. Jacobs en P. van Staden sake so goed as moontlik reël[1] want geen predikant uit die Kaapkolonie het die roeping gevoel om hom onder hulle te kom vestig nie.

Op 1 November 1841 het A.H. Potgieter egter reeds die aanvoorwerk gedoen vir die oprigting van 'n kerkgebou te Potchefstroom en is 'n kollektelys rondgestuur aan die „Waarde Broeders Landgenooten en mede Leedematen der Hervormde Kerken benevens alle Christelyke Kerken van Zuid-Afrika.[2]

Hul eerste predikant uit Nederland, proponent P.N. Ham, het hulle nooit bereik nie[2a] maar in 1847 het dit andermaal gelyk asof die herderloosheid eindelik op 'n end sou kom want ds. A.C. Stucki was op pad na Port Natal. Groot was egter die teleurstelling toe verneem is dat hy in die nag van 25/26 Januarie op see oorlede is.[3]

F.G. Wolmarans het besef dat hulle nou van voor af weer na 'n predikant uit Nederland sou moes begin soek en dat al bearbeiding wat hulle vir afsienbare tyd kon verwag, net vanuit die Kaap was wat nou wakkergeskrik het en predikante na die Emigrante uitgestuur het om hulle te besoek. In die verband rig F.G. Wolmarans saam met ouderling P.J. van Staden en diaken C.J.K. Kruger, die vader van die latere president S.J.P. Kruger, die volgende aan die Volksraad te Ohrigstad: „Edele Heeren, naardien wey alhier nu al twee reysen twee leeraren gekregen hebben door de eerwaarde synoden uit medogendhyd en liefde voor ons, die

22 /...

1. Die Natalse Volksraad het die eerste Transvaalse kerkraad aangestel op 23/2/1842. Voortrekkerwetgewing: a.w. bl. 189. Kyk ook bl. ~~21-23~~ 8.
2. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 59; Gerdener: a.w. bl. 536; R88/41, Voortrekkerargiefstukke bl.146.
2a Toe die skip met ds. Ham in Port Natal aankom op 7 Mei 1843 was die Republiek pas deur Engeland annekseer. Niemand kon van die skip aan wal gaan nie. Ander pogings om by die Voortrekkers uit te kom het misluk.
3. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 51; Engelbrecht, S.P.: De Herderloosheid onder de Voortrekkers. Artikel, Almanak Ned. Herv. Kerk. 1924, bl. 163.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meede behoord onder de gemeente van Christus tot ons gesonden; en nu meheer en vrinde, men hoopt dat nu dit zal agtervolg worden; en nu heere, indien ze weder hier mogt komen, en ik meenne dat ze dan begeerig zal weezen om ook UEd. te besoeken, zoo gelief dan my ten eersten te melden ofte den eerwaardes, wanneer ze komt, welkom sal zyn ofte niet."[4]

Onder die weinige besoeke van die Kaapse predikante was die van dr. Robertson en ds. Faure en laasgenoemde het veral voorligting aan die Emigrante gegee hoe om te werk te gaan om 'n predikant uit Nederland te kry. Met die inligting het die kerkraad dan ook kort daarna, op 10 Februarie 1849, waarskynlik onder voorsitterskap van ouderling F.G. Wolmarans, op die plaas Hekpoort vergader[5] en 'n brief aan die Sinode van die Hervormde kerk gerig wat in Den Haag, Nederland, in sitting was.[6] Daarin skryf hulle „Wij ondergeteekenden Kerkraden van die Hollandsche Emigranten in zuid Africa alle woonachtig, tenoorden vaalrevier, - dus buiten het Britsche Grond gebied, hiertoe gemachtigd door het gantsche Volk - wenden wy ons tot uEd. meijne heeren - Mit de beëden om door uwe tussen Komst Eene Leeraar, onder, ons, zoo arm En verdrükt Volk te ontfangen![7] Hierdie brief is ook onderteken deur F.G. Wolmarans.[8] Die begeleidende brief is vergesel van 'n blanko beroepsbrief wat deur sewe dienende kerkraadslede onderteken is - F.G. Wolmarans, D.F. Jacobs, P.J. van Staden en vier diakens. Die Sinode moes dan net die naam van die predikant invul wat gewillig was om die beroep aan te neem.[9]

23 /...

---

4. V.R.46/48. Brief gerig vanuit Hekpoort aan Volksraad, 10/2/1848. Volksraadnotule 1, bl. 250.
5. Sewe weke na die vertrek van di. Robertson en Faure. Die vergadering val saam met die volksvergadering van 10/2/1849 waaruit later sou spruit die byeenkoms van Olifantsrivier 22/3/1849 en wat uiteindelik sou lei tot die eenheid in Transvaal op 22/5/1849 te Derdepoort.
6. Engelbrecht, S.P.: De Herderloosheid ... a.w., bl. 164.
7. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 63.
8. Kyk Almanak: Ned. Herv. Kerk, 1924, bl. 160 vir foto van dokument.
9. Vir bewoording van beroepsbrief kyk Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom a.w. bl. 31, 32.
   Vir foto-afdruk kyk Engelbrecht S.P.: Eeufeesalbum 1842-1942. Pretoria 1942. bl. 14.
   Daar was ook 'n derde brief by wat behalwe deur die kerkraadslede, ook geteken was deur generaal H. Potgieter. Engelbrecht S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Intussen het die aktiewe ouderling Wolmarans nie stilgesit nie maar 'n brief aan die Volksraad gerig in verband met die oprigting van 'n „lyfbergeng" vir 'n predikant te Potchefstroom (Mooirivier) en oor die verlenging van hul aanstelling as kerkraadslede.[10] Die Raad antwoord hulle as volg soos opgeneem in die notule van die volksvergadering te Derdepoort 23 Mei 1849:[11] „.... dat het onmogenlyk voor hun op het ogenblik is een voldoende antwoord UEd. daarop te kunnen geven, terwyl wij ons nog onzeker onder die omstandigheid bevind, hoewel de Raad grote genoegen in UE. werkstelligheid vind en hoop UE. in de grootste manier te assisteren."[12]

Waarom het die Voortrekkers dan eers in 1853 'n eie predikant gekry nadat hul reeds sewentien jaar vantevore die Kaapkolonie verlaat het? Ons sal die redes breedvoerig bespreek sodat dit ook kan dien as agtergrond om die verdere geskiedenis op kerklike gebied te kan verstaan.

Daar was verskillende probleme in verband met die verkryging van 'n predikant of predikante vir die Emigrante. Die eerste was dat die Kaapse kerk in dié tyd Engelsgesind was, en dat die inwoners die Kaap nog nie as hul vaderland beskou het nie. So verwys Luitenant-Goewerneur Stockenström na die Kaap as „dit land"[13]. Na 1806, tot diep in die negentiende eeu is Nederland of Engeland nog beskou as die „vaderland" en is die Kaap as Britse kolonie ook so behandel. Daarom is gewoonweg in 1822 Nederlands as amptelike taal afgeskaf[14] en deur Engels vervang en sê Lord Charles Somer-

24/....

---

10. V.R. 69/49. Opgestel in handskrif van F.G. Wolmarans. Mei 1849. Mede onderteken deur P.J. van Staden en P.D. du Pree. Volksraadnotule 1, bl. 277, 278. „.... nu terwylen wy verhuist is tot hier in wy met onsen gemeenten meegetrokken zyn in niet weetende ofte dien aanstellinge zouder kunnen vervallen zoo lange wy geen leerhaar onder ons weeder krygt om een neuve aanstelling te kunnen doen plaats vinden, wylen cerken cologien niet kunnen in hunnen ambt bevestigd worden door den regters des volks;" ook „den regeerders des volks zullen mede moeten hunne verantwoording doen wanneer er niet gesorgd word voor godsdienst" en later „In daar den heer Smellencamp melt in zyn brief als hy comt mede te zorgen voor een leeraar, en waar sal men hoem in plaatsen? Er moet dog een lyfbergeng voor hem zyn .... men moet een waar eiver betonen in doen wat wy kunnen uit liefde voor Jesus en syn dienst, opdat den Heer voor ons mogt syn in niet jegens ons".
11. R.178/49. Voortrekkerargiefstukke, bl. 385.
12. R.180/49. Voortrekkerargiefstukke, bl. 388; E.V.R.3. Notule vergadering 23 Mei, art. 3. (Ander spelling) Volksraadnotule 1, bl. 100.
13. Die Voortrekkers het met die Groot Trek S.A. as hul vaderland beskou. Vergelyk Preller: P. Retief, a.w. , bl 61.
14. Eybers: a.w., bl. 23.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



set in sy proklamasie van 5 Julie 1822: „It has pleased His Majesty most graciously to approve that measure, and to enable me to act more extensively upon it, not only by having commanded clergymen of the Established Church of Scotland (whose religious tenents are precisely similar to those of the Reformed Church of this Country), who have received instruction in the Dutch Language, in Holland, to be sent hither to be placed in the vacant Churches, but by having outhorised competent and respectable Instructors being employed at public expense, at every principle place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English Language to all classes of Society."[15] Met ander woorde, ook die kerk moes met die verengelsing help.

Die verengelsing het vinnig deurgewerk sodat die sinodesitting te Kaapstad in 1824 reeds 'n verslag behandel ter voorbereiding van die „vereeniging van onze Kerk met die van Schotland, en ons te stellen onder hare protectie"[16] en word die volgende noteer: „Door Cessie dezer Volksplanting aan Zijne Groot Brittannische Majesteit alle werkdadige betrekking tusschen de Hervormde Kerk in Nederland en die van deze volksplanting opgehouden zijnde, is in overweging genomen, of en in hoe verre de Hervormde Kerk alhier, eene gelyke betrekking met de Hervormde Kerk in Schotland zoude behoren te verkrygen, en is na ryke deliberatie unaniem geoordeeld, dat eene verbroedering met deze Kerk van wezenlyk belang zoude zyn voor de Koloniale Kerk".[17] Hoe meer Skotse predikante ingevoer is, hoe meer het die Engelse gees

25/...

---

15. Ibid
Kyk ook: Engelbrecht, S.P.: Die Afrikaners met die geestelike swaard vervolg. Artikel. Almanak Ned. Herv. Kerk, 1935. bl. 94.
Leyds; Eerste anneksasie .... a.w. bl. 45 en voetnote bl. 45, 46.
Op 1/1/1828 sou Engels ook die regstaal word. Eybers: a.w., bl. 111, art. VII.
16. De Handelingen der zeven eerste vergaderingen van de Algemeene Synode der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika. G.J. Pike, Kaapstad, 1857. bl. 6; 8ste druk.
Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse kerk en die Voortrekkers. Artikel. Almanak Ned. Herv. Kerk, 1929. bl. 163.
Kyk ook Spoelstra B: a.w. bl. 43.
17. De Handelingen van Sinodes: a.w. bl. 19;
Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 163.
Engelbrecht, S.P. Die Afrikaner met die geestelike swaard vervolg, a.w. bl. 94.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegeneem[18] en verder bevorder deur selfs Engelse preke.[19] Saam met hulle het ook die Methodisme gekom, want in die tyd was die invloed van Wesley baie sterk. In die distrik Swellendam het die nuwe idees 'n gerug in die rondte laat gaan dat die Kaapse Kerk besig was om Rooms te word en het die Trekkers nie meer veilig gevoel in die godsdienstige kader van die Kolonie nie.[19a]

Die Kaapse kerk was teen die Groot Trek gekant soos blyk uit 'n herderlike skrywe wat die Sinode, na sy sitting in 1837, gerig het „aan allen, die het Evangelie van Jesus den Gekruisten omhelsen, en meer bÿzonder aan de leden der onderscheiden Hervormde Gemeenten aan de Kaap de Goede Hoop" met die volgende woorde: „Zoo kan de Synode hare goedkeuring geenzins hechten aan het voornemen van velen, de deze Nomaden op't spoor wenschen te volgen, zolang zÿ zich niet overreden kan, dat het een gebiedende wenk der Goddelÿke Voorzienigheid is -" en die vermaning „betoont u in den burgerstaat als eerlÿke, arbeidzame en nuttige leden der maatschappÿ, als getrouwe en gehoorzame onderdanen, zoo zult gÿ gewis de bescherming en toegenegenheid wegdragen van hen, die u regeren".[20]

26 /...

18. Na die besoek van Somerset in Engeland het di. A. Murray, A. Smith, H. Sutherland, C. Fraser en G. Morgan na die Kaap gekom terwyl di. Thom, J. Taylor reeds in die Kaap was. In 1834 was 8 uit die 22-, in 1837 was 12 van die 22- en in 1848 17 uit die 35 predikante Skotse predikante en gedurig het nog meer gekom soos nog 9 tussen 1862-1867. Morrees, A.: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873. S.A. Bybelvereniging, Kaapstad. 1937. bl. 507-509, 586;
De Handelinge van Sinodes: a.w., bl. 113, 114;
Van Belkum: Bÿdrage tot de geschiedenis der Hervormde Kerk in Zuid-Afrika. Artikel. Almanak Ned. Herv. Kerk, 1918. bl. 101.
19. Waarteen die redakteur van „De Zuid-Afrikaan" J.J.H. Smuts en Adv. Christoffel Brand so heftig protesteer het. Bosman, F.C.L. en Dreyer, A.: Hollandse Joernalistiek in S.A. en Lewenssketse van Hollandse Joernaliste in Kaapland. Brosjure bl. 5, 25.
Kyk ook De Handelingen van Sinodes: a.w., bl. 89. Notule Sinodesitting, 6 November 1834.
Vergelyk ook: Eene stem uit de Kaapstad door den Advokaat Brand weerklonken in Mooirivier ... met eenige aanmerkingen en toevoegselen uitgegeven door D. van der Hoff. 1857, bl. 2; Spoelstra B: a.w. bl. 43, 44.
19a. Dreyer: Die Kaapse Kerk .... a.w. bl. 6, Brief van Robertson aan Fairbairn, 13/3/1836;
Kyk ook Pretorius, H.S.: Die Eerste Grondwet. Artikel. Die Huisgenoot, Des. 1938, Gedenkuitgawe, bl. 191;
Spoelstra, B.: a.w., bl. 86, 87.
20. Die brief is gedateer Kaapstad, 22 November 1837 en onderteken deur di. A. Faure en Wm. Robertson.
Engelbrecht S.P.: Die Kaapse Kerk ... a.w., bl. 164, 165;
Preller G.S.: Andries Pretorius, 1937, bl. 457;
Du Toit, S.: Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis, 2e uitgawe 1945, Calvyn-Jubileum-Boekefonds bl. 123.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



So het die skriba van die Sinode van 1837, dr. Robertson dan ook die Trek beoordeel as 'n „foolish idea".[21]

In die werk van J.H. Hattingh getuig hy as volg oor die houding van die destydse Kaapse kerk en predikante: „Sommige predikanten gingen zelfs zoover, dat zÿ nog jonge kinderen, welke ver uit de Kaapkolonie kwamen, en wier ouders in het voorbytrekken ze wilden laten doopen, den doop weigerden"[22] sodat baie ongedoop die binneland in is.[23]

In die notule van die Ring van Graaff-Reinet van 21 November 1840 kom die geval voor van ds. J. Taylor van Cradock wat die Voortrekkers drie maande wou gaan besoek en 'n versoek in die voege aan die Ring gerig het. Hy het toestemming gekry om te gaan „onder de stellige voorwaarde dat zyn W.E. aan deze Vergadering de verzekering wil geven, dat hy als dan de Heilige Sacramenten niet zal uitdelen, noch ledematen aannemen."[24] Hiermee is gepoog om op indirekte wyse die sensuur toe te pas want die gedagte was dat hulle aan die sonde „skeuring in kerklike en wêreldlike regering" wat in die Nagmaalsformulier genoem word, skuldig was.[25]

27 /...

---

21. Dreyer, A: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Van der Sandt de Villiers. Kaapstad 1929, bl. 6. Brief aan John Fairbairn, 13/3/1836.
22. Preller, G.: Voortrekkermense 1. Herinneringe van J.H. Hattingh Sr. Nasionale Pers, 1920. bl. 135, 136. Kyk ook Dreyer A: Die Kaapse kerk ... a.w. bl. 33; Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse kerk ... a.w. bl. 166, 167.
23. Met die besoek van ds. Faure en dr. Robertson aan Magaliesberg bv. was die tweede vrou van Paul Kruger met wie hy in 1846 getroud is, nog nie aangeneem nie en is die seun van H. Potgieter gedoop toe hy op twee weke na reeds 5 jaar oud was. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, a.w. bl. 11.
24. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w., bl. 32 en 166; Wolmarans, A.D.W.: Kerkhistoriese Feiten II, Wallachs, Pretoria. bl. 21, 22; Morrees: a.w. bl. 695, 699; Engelbrecht, S.P.: Die Herderloosheid ... a.w. bl. 163; Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse Kerk .... a.w., bl. 167. Van der Hoff, D.: Open brief aan ds. J.P. Jooste. Potchefstroom 1871, bl. 2.; Muller, P.J.: De Ned. Herv. Kerk van Transvaal. Historiese Herinneringen. Artikel. Almanak. Ned. Herv. Kerk, 1909, bl. 42; Preller, G.S.: Andries Pretorius, a.w. bl. 458. Dieselfde voorwaarde is aan ds. Reid van Colesberg gestel. Du Toit, S.: a.w. bl. 123.
25. Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Herv. Kerk in 1853 en die eerste afskeiding van Lydenburg in 1854 - kerkregtelike implikasies. Herv. Teol. Studies, Jaargang 20, afl. 3 en 4, bl. 149, voetnoot 1 en 2; Du Toit, S.: a.w. bl. 123.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Voortrekkers het gevoel en gekla dat die Kaapse kerk hulle nie wou help nie, hulle het predikante beroep en hul traktemente gewaarborg - maar sonder gevolg. In 1840 het iemand uit Natal na die Kaap geskrywe „waar blÿven onse Afrikaansche predikanten? Waarom komen dezen niet hier? Hebben de Eerwaarde Heeren in het geheel geen nationaal gevoel?"[26] Selfs die Engelse pers in Natal het hulle die herderlose toestand van die Emigrante aangetrek en 'n brief in die „Natal Witness" van 27 Maart 1846 geplaas.[27]

Daar was egter baie ander faktore wat verantwoordelik was vir die afsydige houding vanuit die Kaap. Dit was nie alleen die Engelse gees en daardeur antipatie nie, want daar was sommige wat die Emigrante in hul gebede nie vergeet het nie soos di. J. Taylor en T. Reid. Die probleem was ook dat die predikante staatsamptenare was, dat hulle deur die Goewerneur aangestel,[28] ontslaan en verplaas[29] is, (alhoewel hy selde van die reg gebruik gemaak het) en dat die regering vir die traktemente verantwoordelik was. Die predikante kon nie instaan vir die belange van mense wat met die Engelse bestuur gebreek het nie, hulle was verplig om die beleid van die regering uit te voer. Hulle kon ook nie teen die wil van hul Sinode handel wat teen die Trek gekant was nie.

Die regering wou die „summus episcopus", die hoof van die kerk wees soos die koning hoof van die staatskerk was. So moes die goewerneur in die Kaap altyd konsidereer word as „Hoofd der kerk in deze volksplanting".[30] Die kerk is doodgewoon beskou as 'n staatsdepartement. So is die kerk in Desember 1811 laat weet dat „voortaan elken Zondag voor Zÿne Majesteit den Koning George III, Hare Majesteit de Koningin Charlotte ... ens. ... ens... zou gebeden worden in den openlyken Godsdienst."[31]

As 'n predikant in die tyd sou waag om saam met die „uitgewekenis" te trek of hulle sou besoek, sou die regering hom afgedank het.[32]

28/...

---

26. Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse Kerk .... a.w. bl. 168.
27. Preller, G.S.: A. Pretorius, a.w. bl. 456.
28. Eybers, G.W.: a.w. bl. 43.
29. Art. 22 van Kerkorde van de Mist wat onder die Engelse bewind van krag gebly het (vergelyk art. 8 van Kapitulasie) So is ds. van Manger verplaas, vergelyk Morrees: a.w. bl. 471/2 en ook die geval van ds. Scholtz, Ibid. bl. 543.
30. Morrees: a.w. bl. 470. Notule Kerkraad Stellenbosch, 23/2/1816, bylae 4.
31. Morrees: a.w. bl. 477. Kyk ook bl. 478.
32. Van Oord. J.F.: Paul Kruger en die Opkomst der Z.A.R. Hollandsch Afrikaansche Uitgevers-Maatschappy. Amsterdam-Kaapstad 1898. bl. 80.
Morrees: a.w. bl. 702, 703.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar waar was dan die ware roepingbewustheid van die predikante en Sinode van die Kaapse Kerk? Waarom het die Sinode nie iemand genader om saam te trek nie? Het die afgedwaalde skape nie die hulp van die herder meer nodig gehad nie? Was dit nodig dat ds. Ham as hulpprediker moes optree te Paarl as daar dan so 'n tekort was aan predikante[33] soos dikwels as verskoning voorgehou is? Dit is te betreur dat niemand hom die roeping aangevoel het om die Voortrekkers geestelik te bearbei nie.

Na die besetting van Natal deur die Engelse in 1843, het Sir George Napier dit goedgedink om 'n predikant na Natal te stuur om die mense te bearbei en is ds. A. Faure, wat destyds Actuarius Synodi was, aangestel.[34] Dit is eienaardig dat die Britse regering en Kaapse kerk tot met die sitting van die Sinode 1847, toe die kerk volkome vry geword het om sy eie sake te bestuur, alleen bereid was om die Trekkers geestelik by te staan as die Britse vlag oor hulle gewapper het. So het die Kaapse kerk nie die lidmaatattestate van persone wat onder ds. Lindley en die Pietermaritzburgse kerkraad resorteer het, erken voor 1845 toe Natal finaal Britse gebied geword het nie.[35]

Ds. Faure is hartlik deur die Trekkers verwelkom[36] maar toe hy op die kansel van ds. Lindley vir die Britse koningin bid,[37] het argwaan ontstaan en het verskeie gemeenskappe hom gevra om hulle nie te besoek nie.[38]

As gevolg van die herhaalde teleurstellings met die Kaapse kerk en sy predikante, het generaal Andries Pretorius 'n brief aan sy „Waarde Landgenooten" geskryf met die waarskuwing: „Daar ik nooyt sullen ophouden (een) Affrikaander te zyn kan ik niet zwygen wanneer ik myne landgenooten sien dwaalen" en vervolg hy: „Soo gÿ een vrÿe volk wilde blyven zoude ik UE. stellig raadden van de tegenwoordige Leeraars

29/...

33. Ibid. bl. 695 en 725.
34. Dreyer. A.: a.w. bl. 40, 41.
35. Engelbrecht S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 49;
Engelbrecht S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 9.
Hier is dan ook nie gehou aan die kerkwet, artikel 2 „binnen de kolonie" nie. Kyk ook Morrees: a.w. bl. 725;
Pont, A.D.: a.w. bl. 152.
36. Vergelyk verwelkomingsadres 2 Okt. 1843.
Dreyer, A.: a.w. bl. 45, 46;
Bird, J.: a.w. bl. 287. (Engelse vertaling);
37. Bird,J.: a.w. bl. 356. Brief van Faure aan John Montagu, die Goewermentsekretaris, 4/1/1844;
Du Toit, S.: a.w. bl. 124; Morrees, a.w. bl. 727, 728.
38. Bird, J.: a.w. bl. 357. Sy hele optrede in Natal het onderwerping aan die Britse regering voorgestaan - hy is met agterdog bejeen - beskou as afgesant van die Britse regering.
Preller, G.S.: A. Pretorius, a.w. bl. 40;
Morrees: a.w. bl. 728, 729.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hier of Elders geen te neemen."[39] Hy gee verder die raad dat hulle met 'n geldinsameling moet begin om 'n predikant uit Nederland te bekom. Hier word duidelik 'n onafhanklike Staatskerk beoog.

Een van die verdere redes vir die afwysende houding teenoor die Kaapse predikante is geleë in die dreigement wat Sir Harry Smith aan die bolope van die Tugela teenoor Andries Pretorius geuit het (Januarie 1848) dat hy die Emigrante voortaan met die geestelike swaard sou beveg as hy nie sy doel met die wêreldlike kan bereik nie. Indien hulle hom sou weerstaan, herinner hy hulle aan die snelheid waarmee hy die „zwaard" hanteer.[40] Dit het by baie 'n reaksie teen die Kaapse regering en kerk ingehou. Paul Kruger het onder andere verklaar dat die proklamasie hom versigtig gestem het vir die „invloed van het Britsche Goewernement" deur middel van die Kaapse Sinode.[40a]

Kort na die anneksasie van die Vrystaat op 3 Februarie 1848[41] (net soos in die geval met Natal) is ds. A. Murray (snr.) van Graaff-Reinet en ds. Albertyn in opdrag van die sinode maar op regeringskoste gestuur om die Oranjerivier-Soewereiniteit te besoek[42] en in 'n brief van 29 Mei 1848 sê Sir H. Smith „These gentlemen were sent by the Synod among you for Christian and political purposes".[43]

Hulle was veronderstel om net die bewoners langs die Riet- en Modderrivier te besoek maar te Winburg het hul besluit om die oor-Vaal ook te besoek,[44] en was so van 9-19 April[45] in Mooirivier. Hulle was egter as gevolg van die anneksasie van die Vrystaat en die vrees vir 'n verband tussen die predikante en hul regering glad nie baie welkom

30/...

39. R.74/41. Voortrekker-argiefstukke, bl. 121, 122; Preller, G.S.: A. Pretorius, a.w. bl. 461; Spoelstra, B: a.w. bl. 95; Gerdener: a.w. bl. 542.
40. Manifes H.G. Smith, 29.3.1848.
Gerdener: a.w. bl. 92e.v.; Spoelstra, B: a.w. bl. 95.
Kyk en vergelyk Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse Kerk .... a.w. bl. 169-171
40a. Tydens Algemene Kerkvergadering, Potchefstroom, April 1859, Gerdener: a.w. p. 243.
Wolmarans, A.D.W.: a.w. bl. 21.
41. Eybers: a.w. bl. 270-273.
42. Dreyer, A.: Die Kaapse kerk .... a.w. bl. 88.
In 1850 is die O.R.S. gebied as die ring Transgariep opgeneem in die Kaapse organisatoriese verband. Hier is dan andermaal nie gehou aan die kerkwet, art. 2 „binnen de kolonie" nie.
Kyk ook Morrees: a.w. bl. 731 e.v.
43. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 110. Brief van Sir Harry aan Kruger, 29/5/1848.
Op navraag van verskeie kante aan die Sinode kom die antwoord dat dit „not political" moes gewees het. Dreyer, A.: Ibid. bl. 115. Brief van ds. Faure, 22/9/48.
Kyk ook Engelbrecht: Die Kaapse kerk ... a.w. bl. 172; Wolmarans, A.D.W. a.w. bl. 24. Vergelyk Morrees; a.w. voetnoot 10, bl. 735.
44. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk .... a.w. bl. 88 en 101.
45. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 28.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie[45a] en A.W.J. Pretorius het hulle op F.G. Wolmarans afgeskuif „die zich welgezind betoonde jegens de commissie en haar doel, maar bevreesd scheen om iets te doen daar hy heemraad zowel als ouderling en ex-landdroster is."[46] Later verkry hulle die reg om te preek en baie mense daag op nadat Gert Kruger, F.G. Wolmarans en die landdros briewe in alle rigtings uitgestuur het om die dienste bekend te stel. A.W.J. Pretorius het hulle nie vertrou nie en hulle dienste nie bygewoon nie, soos onder andere die te Magaliesberg, met die verskoning van siekte in sy familie.[46a] Die predikante het hul nie met die kerklike organisasie ingelaat nie en geen kerkvergadering is gehou nie.[47]

Gedurende die tweede helfte van 1848 is 'n verdere sending noord van die Oranje gestuur in die persone van ds. P.E. Faure van Wynberg en dr. W. Robertson van Swellendam na 'n versoek van die inwoners tussen die Modder- en Rietrivier dat 'n kommissie hul weer moet besoek. Die bogenoemde persone is deur die sinode aangestel met die toestemming en wenk van Sir Harry Smith.[48] Hierdie besoek het plaasgevind toe die beroeringe oor die anneksasie van die Vrystaat op die hoogtepunt was. „Sir H. Smith ..... het gevoel dat die aanwesigheid en werksaamheid van twee sulke vername predikante .... kalmerend onder die ontevredenes kon werk; en gevolglik het hy aangebied om die onkoste van die afvaardiging uit die staatskas te betaal."[49] Is die predikante hier nie vir „political purposes" gebruik nie? Watter ander verklaring kan gegee word vir die dra van die onkoste

31/...

45a. Morrees: a.w. bl. 733.
46. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 106.
46a. Preller, G.S.: Voortrekkermense V, Herinneringe van J.H. Hattingh, Nas. Pers., 1938, bl. 158;
Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse Kerk. a.w. bl. 173, 174.
47. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 106, 107
(Vergelyk die waarskuwing van Pretorius hierbo genoem). Vir mededeling van die gebeurtenis kyk „De Zuid Afrikaan", 1/6/1848.
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, a.w. bl. 28.
48. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 123. Omsendbrief van die Actuarius Synodi aan die Sinodale Kommissie in sake tweede sending, 7/7/1848.
Kyk ook bl. 133. Brief Oktober 1848: „doctor Robertson having, in accordance with the wishes of His Excellency been oppointed by the Commission of the Synod of the Dutch Reformed Church".
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 28.
49. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk .... a.w. bl. 121, bl. 133. (Briewe 30/9/48 en Oktober 1848).
Morrees: a.w. bl. 735, 736.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


deur die Britse regering? Die Voortrekkers het dan ook herhaaldelik beweer dat die predikante wat hulle na 1848 besoek het, hul met die Britse vlag probeer versoen het, veral die in die Vrystaat wie se gebied pas geannekseer is. In 'n brief van dr. Robertson aan Sir Harry lees ons die volgende: „We have abstained in our public services from allusion directly to Rebellion, but we embrace every opportunity of speaking very candidly with those who are said to be disaffected, in private, and seldom omit to tell them what has been lately going on in France after they got rid of their King, and we generally take care to obey the Apostolic command by praying for the Queen and all in authority."[50]

Die aanbod van die goewerneur dat die regering die reisonkoste sou dra, het gou agterdog gewek, veral toe geweier is om die aanname openlik te erken - „with regard to the payment of their expenses these gentlemen requested that they might in the first instance, defray their expenses themselves, apprehending it might injure the cause if the expenses were advanced by the Government."[51] Die agterdog dat die sending nie suiwer kerklik was nie, het bly staan en baie navrae, verskille en bespreking ten gevolg gehad.[52]

In hulle reisverslag verhaal die twee predikante as volg: „In den namiddag van den 12den December vertrokken wy over de Vaalrivier en bevonden ons vroeg in den voormiddag van den 13den aan de oevers der Mooirivier, ter plaatse Elandsheuvel, de woning van den ouderling F.G. Wolmarans, met wien wÿ het overige van den dag doorbragten in gesprekken, rakende de gemeente aldaar, de op handen zÿnde werkzaamheden en het groote doel onzer zending ... Op den 18den Dec. verlieten wÿ Potchefstroom, vergezeld van den ouderling Wolmarans, en namen de reis aan naar het Kafferopperhoofd Magali ... In den namiddag van Zaterdag den 23sten December waren wÿ weder te Potchefstroom ... Bÿ dit ons tweede bezoek aan deze plaats doopten wÿ 54 kinderen en namen wÿ, na gedane belÿdenis, 63 leden aan; en vindende dat de Kerkeraad hier niet voltallig was, zynde er, behalwe de

32/...

---

50. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 140, 141, 149, 151.
Brief 23 Novembember 1848.
51. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 134. Brief Okt. 1848.
Wolmarans, A.D.W.: a.w. bl. 24.
Toe die ring van Kaapstad by die Sinodale Kommissie in die verband navraag gedoen het was hulle antwoord dat hul geen verantwoording aan die ring verskuldig is nie.
Morrees: a.w. bl. 735.
52. Bv. Oudl. de Wet, e.a. Kyk Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. bl. 138-140 en 153-161

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ouderlingen F.G. Wolmarans en David Jacobsen, slechts twee diakenen ... besloten wÿ de opene plaatsen aan te vullen .... Vóórdat wy Potchefstroom verlieten, wierd ons, in naam van de gemeente, door den Kerkenraad en den Landdrost een adres aangeboden........"[53] In die adres het die volgende voorgekom: „Wy verzoeken de Synode ons toch niet te willen vergeten, maar dat onze gemeenten toch altÿd in verband met de Synode mogten staan, want al zÿn wÿ hier buiten de grenzen der Kolonie, wy wonen toch binnen het rÿk va den Heere Jesus, 't welk zonder grenzen is."[54]

As gevolg van die groot behoefte aan bearbeiding wat deur mislukte beroepe en met elke besoek van predikante sterker geword het, was dit die behoefte van die Emigrante dat die Kaapse Sinode hulle nie moes vergeet nie maar dat die geestelike band behoue sal bly en dat die Kaapse Kerk hulle as Geloofsgenote in Christus hierna weer sal kom besoek - dit gaan hier nog glad nie om 'n organisatoriese eenheid nie.

Dit was ook na dié besoek en die wenk van ds. Faure, dat die gemeente 'n beroepsbreif na die Sinodesitting van die Ned. Herv. Kerk in Nederland gestuur het. (Kyk hierbo)

In Februarie 1849 het Sir. H. Smith, op aanbeveling van die kerk, die twintigjarige tweede seun van ds. A. Murray aangestel as predikant van Bloemfontein.[55] Gedurende Desember 1849 en Januarie 1850 het hy sy eerste besoek aan die Oorvaalse mense gebring[55a] en dadelik het hy hom hul lot aangetrek. Hy bevind dat hul aan geestelike armoede ly en dat daar 'n diep begeerte na die Woord van God was. „Hoe langer ik in deze streken vertoefde" sê hy, „des te sterker werd de overtuiging in mÿ dat de Gemeenten over de Vaalrivier zeker het beste en het eerste regt hebben op een Leeraar, zoodra er weder een voorhanden is. Het schÿnt my asof onze Kerk niet zonder een vreeselÿk pligtverzuim, weigeren kan, den eersten Leeraar, die sÿne diensten haar aanbiedt, naar ~~deze herdelooze schapen in de woestyn te zenden."[56]~~

33/...

53. Verslag van die Kommissie, gedateer 11 April 1849. Spoelstra, C.: Het Kerkelÿk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. J.H. Kok, Kampen, 1915. bl. 77, 78, 80, 81. Dit is ook duidelik uit dié verslag dat F.G. Wolmarans die leidende kerklike figuur was.
54. Ibid.: bl. 71. Adres 25/12/1848.
Kyk ook Morrees: a.w. bl. 737 e.v.
55. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk ... a.w. - bl. 150. Brief van Sir Harry aan dr. Robertson, 9/2/1849.
Kyk ook ibid. bl. 168;
Spoelstra, C.: a.w. bl. 61, 70. (Kerkbode 10/2/1849);
Wolmarans, A.D.W.: a.w. bl. 25.
55a. Die konsulentsbediening van ds. Murray in Tvl. het met volle instemming van die Britse amptenare geskied, omdat sy dienste „would tend more towards the security of our Frontier, than 2,000 soldiers" Spoelstra, B. a.w. bl. 107.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deze herderlooze schapen in de woestyn te zenden."[56]

Tydens sy besoek aan Potchefstroom is daar 'n Kerkraadsvergadering gehou op 21 Januarie 1850 waar verslag gedoen is oor bedrywighede in verband met die bou van 'n kerk. Die eerste stap in die rigting was die kollektelys uitgestuur in November 1841[57] en alhoewel die trek na Ohrigstad die insameling onderbreek het, het hulle in 1850 reeds £246.5.9 in die kas gehad.[58] Hulle het egter nog nie grond gehad nie want die Volksraad het die saak vereers uitgestel nadat ouderling Wolmarans om grond by hulle aansoek gedoen het.[58a] Die versoek is toe herhaal en op 22 Januarie het die Volksraad 'n paar erwe vir die kerk afgestaan.[59] 'n Boukommissie is daarop benoem bestaande uit Ouderling F.G. Wolmarans, diakens S.P. Viljoen en W.J. Badenhorst en die gemeentelede landdros H.S. Lombard, P.J. Greyling en N. Grobler.[60] Dadelik sou met die bou van hul Godshuis begin word.

Op die vergadering is weer die vraag gestel „aangaande het bekomen van een predikant" wat andermaal wys op die behoefte aan 'n leeraar.[61]

In dieselfde jaar nog (Oktober 1850) het ds. Murray jnr. sy tweede besoek aan die mense van die Oorvaal gebring en weer kom hy onder die besef van die herderloosheid van die gebied - 'n gebied waarin drie kerkgeboue te Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg byna voltooi was maar sonder predikant. In die verband skrywe hy: „Spreken die kerken niet luid en krachtig, en zullen zÿ niet een getuigenis tegen onze Kerk zÿn, indien er niet spoedig aan die roepstem beantwoord wordt?[62] So bemind was hy onder die mense dat hulle daarop vir ds. Murray na Transvaal beroep en hoe optimisties was die mense tog nie![63] Maar op 11 Februarie 1851 antwoord ds. Murray dat hy na rype oorweging besluit het

34/...

56. Morrees: a.w. bl. 747.
    Spoelstra, C.: a.w. bl. 86-92.
57. R.88/41. Voortrekker Argiefstukke, bl. 146.
58. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, a.w. bl. 33.
58a. V.R.69E49. Volksraadnotule deel 1, bl. 277.
    Brief van F.G. Wolmarans e.a., Mei 1849 en Notule, Volksraadvergadering, 23 Mei 1849, art. 3.
59. Die huidige kerkplein van die Ned. Herv. Gemeente, Potchefstroom, die huidige stadsaalplein oorkant (oos) Kerkstraat met nog ander aangrensende erwe. Notule van Volksraadvergadering, 22 Jan. 1850, art. 6,7. Volksraadnotule 1, bl. 113.
60. Engelbrecht, S.P.: De Herv. Kerk van Potchefstroom. Almanak Ned. Herv. Kerk, 1922. bl. 136, 137.
    Engelbrecht. S.P.: Geskeidenis Potchefstroom, bl. 33.
61. Spoelstra, C.: a.w. bl. 91. Verslag van A. Murray, 14 14/2/1850. Kyk ook R.193/50. Bedanking van A.W.J. Pretorius, 6/2/1850. Transvaalse Argiefstukke, bl. 5.
62. Morrees: a.w. bl. 749. Kyk ook in die verband verslag van die reis. Spoelstra, C.: a.w. bl. 89-102.
63. Lees in die verband die brief van A.W.J. Pretorius aan ds. Faure. R.247/50. Transvaalse Argiefstukke. bl.56,57.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om die beroep nie aan te neem nie.[64] Aan sy vader skryf hy egter: „God heeft thans voor de Kerk een geopende deur aan gindsche zÿde van de Vaalrivier gezet, en als wÿ er niet ingaan, kan zÿ weldra gesloten worden"(!)[65]

Terug in die Soewereiniteit verneem ds. Murray dat ds. van Velden wat vir die gemeente Winburg bestem was, aangekom het, maar die goewerneur het hom aangestel as predikant van Harrismith. Hieroor was ds. Murray verontwaardig en hy noem dit „beginsellooze rooverÿ" en, „een verlagen van de diensknechten van Christus om de dienaars van politieke spekulatie te zÿn" want in Winburg was 3,000 dorstende siele teenoor nie eers 30 in Harrismith nie.[66]

Die Goewerneur het dus nog steeds die mag gehad om predikante na willekeur te plaas waar hy wou.

Daarna volg 'n derde besoek van die ywerige ds. A. Murray van Bloemfontein, die keer vergesel van sy broer ds. John Murray van Burgersdorp, in April 1851. Gedurende die vlugtige besoek is toe die pas voltooide kerk te Potchefstroom ingewy (19 April) sowel as die te Magaliesberg (Rustenburg).[67]

In hul verslag oor die reis[68] lees ons: „By de algemeene dankbaarheid en blÿdschap (om die Evangelie te kan hoor) was er slechts éène gedachte, die by zeer velen kommer en neerslachtigheid verwekte. Menigmaal werd dezelve ontboezemd in de ernstige en zorgwekkende vraag: ‚Moeten wÿ dan altoos zonder Leeraars blÿven?' Zelfs het bemoedigend antwoord hierop gegeven: ‚De Heere zal voorzien' scheen echter weinig indruk te maken".[69]

Om blykbaar te help met die toestand van herderloosheid, het ds. A. Murray in 'n kerkraadsvergadering, gehou op 21 April 1851 te Potchefstroom, voorgestel om 'n ouderling te kies om die gemeente in die Ring Transgariep te verteenwoordig (sodoende sou hulle dan val onder die Kaapse Sinode) maar die Kerkraad, mede op aandrang van F.G. Wolmarans, wou dit nie aanvaar nie en besluit „in verband met politieke

---

64. R.251/51. Antwoord van ds. Murray. Transvaalse Argiefstukke bl. 61, 62.
65. Uittreksel uit genoemde brief. Morrees: a.w. bl. 751.
66. Ibid. bl. 750.
67. R.267/51. Transvaalse Argiefstukke bl. 75. Brief van Landdros Lombard in verband met die voltooide kerk. Ook Morrees: a.w. bl. 752; Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 33.
68. Spoelstra, C.: a.w. bl. 105-107.
69. Ibid. bl. 105.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



zaken het voorstel niet aan te nemen."[70] Op 26 April hou die twee broers Murray ook 'n Kerkraadsvergadering in Rustenburg waarby generaal A.W.J. Pretorius en kommandant G.J. Kruger ook aanwesig was sowel as twee afgevaardigdes van Potchefstroom naamlik F.G. Wolmarans en C.A. Bothma en een van Lydenburg, naamlik J.A. Beetge. Die voorstel hierbo genoem is ook aan die vergadering voorgelê maar die verteenwoordigers van die drie bestaande gemeentes, het ook besluit om dit as gevolg van „politieke zaken"[71] te verwerp - hulle wou beslis organisatories buite die Kaapse kerk bly.

Die volgende dag het die vergadering besluit om ds. Murray van Bloemfontein vir die tweede keer te beroep en is die hulp van die Sinodale Kommissie ingeroep om ds. Murray te help beweeg om dit aan te neem met onder andere die woorde: „ootmoedig maar dringend smeekende, dat er, zoo mogelÿk, voorsiening moge gemaakt worden voor die gemeente, welke thans onder het opzicht van der Wel. Eerw. Heer A. Murray Jnr. staan, opdat alzoo de vurige wensch van al de ingezetenen dezer gewesten verkrygen worde, en de beklagenswaardige toestand van zoovele duizenden herderlooze leden ~~der~~ der Gereformeerde Kerk, die tevergeefs om een leeraar zoeken, toch een einde nemen moge" onderteken deur „U Hoog Eerw. geringe Dienaren en Broeders F.G. Wolmarans, H.J. Pretorius, P.J. van Staden, C.J.H. Kruger" en nog vyf ander.[72]. Andries Pretorius het nie mede-onderteken nie want die beroep was teen sy gemoed.

36/...

70. Notule Kerkraad 21/4/1851.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 66.
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, a.w. bl. 14.
Engelbrecht, S.P.: Ds. G.W. Smits, Artikel, Almanak Ned. Herv. Kerk, 1922, bl. 147.
Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans, a.w. bl. 234.
Vergelyk die waarskuwing vanuit Beaufort, 15/2/1851, waarskynlik gerig aan A. Pretorius „Draag zorg dat gÿ de predikant niet onder de Coloniale Zinode aanneemt, want zy worden door de gouverment betaald; geeft uw predikant zelfs een vaste inkom(ste) onder de bestier van de Hollandsche .... (teks beskadig) .... uw te komen. R.253/51. Transvaalse Argiefstukke, bl. 63. Moontlik is dit 'n verwysing na die beroep uitgebring op ds. A. Murray.

71. „Politieke zaken" verwys skynbaar na die mag van die Kaapse Goewerneur in kerksake óf dat hulle nie by die politiek ingesleep wil word nie, óf dat hulle nie hul vryheid wil verloor nie.
Kyk ook Engelbrecht, S.P.: Ds. G.W. Smits, a.w. bl. 147.

72. Spoelstra, C.: bl. 131, 132 en 62.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„dat de leeraar zoude overkomen om de Evangelie te verkondigen, omrede dat hy op het oogenblik in bediening staat by het Britsch Gouwernement".[73] Ds. Murray het egter weer vir die beroep bedank en die Sinodale kommissie kon niks aan die saak doen nie. Ds. Murray het gevoel dat sy roeping in die Transgariep nog nie verby was nie. Die Sinodale kommissie het egter besluit om, gesien die groot behoefte aan bearbeiding, andermaal 'n sending na die Oorvaalse af te vaardig in die persone van di. A. Murray van Bloemfontein en J.H. Neethling van Prins Albert.[74]

Hulle het die hele Transvaal deurgereis, die Evangelie verkondig, die sakramente bedien, die jongmense aangeneem, kinders gedoop en dies meer, met een woord, uitstekende werk verrig en die liefde en dankbaarheid van baie ontvang. Andermaal is die twee leraars getref deur die gebrek aan predikante en ds. Neethling merk in die verband op: „Ja wist ik, wat ik later zag, dat de Synodale Commissie het duldt, dat de Leeraren onzer Kerk geplaatst worden in gemeenten, waar op twee of drie uur afstands een ander Leeraar te benaderen is, ik zoude mij geschaamd hebben voor hare moederlijke liefde en zorg, één enkel woord ter verdediging in het midden te brengen."[75]

Met hul besoek aan Potchefstroom is 'n Kerkraadsvergadering gehou vir die verkiesing van nuwe lede en is die raadsaamheid oorweeg om „nevens de waardige Broeders Ouderlingen Wolmarans en Viljoen"[76] 'n derde te benoem. Hulle keuse het toe weer geval op die vrome David Jacobs wat in 1840 reeds aangestel was om die katkisasie waar te neem, maar tydelik as gevolg van siekte bedank het.[77]

37/...

---

73. R.306/51 Brief van diaken J.F. Schutte. Transvaalse Argiefstukke, bl. 106. Woorde van 15 Augustus 1851. Dit het betrekking op ds. van Velden maar is natuurlik ook van toepassing op ds. Murray.
Baie lede van die publiek was ook teen moontlike inlywing. Vergelyk die brief van veldkornet van Wyk aan A.W.J. Pretorius gedateer 1 Mei 1851: „Met deze versoek ik UE. met die Raat om morgen hier een zitten te hou, omreden dat hier een ontevredenheyd onder die pebliek is vanwegens die woorden die UE. gezeg hep, dat die kerk onder die Britze gezag ingeweyt is, en dat die menschen geen tree wel verzet of die zaak moet eers onderzoek ley, en dat is een eyszen van myn en die pebliek". R.278/51. Transvaalse Argiefstukke, bl. 83, 84.
74. Vertrek 1/3/1852.
Spoelstra, C: a.w. bl. 108, 132.
Morrees: a.w. bl. 758.
Die derde sending. Die besoeke van ds. Murray 1849-1857 was uit eie beweging.
75. Morrees: a.w. bl. 761.
Spoelstra, C: a.w. bl. 118.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 73.
76. Reisverslag van ds. Neethling. Spoelstra, C: a.w. bl.112
77. Kyk Notule Natalse Volksraadsitting, 2 Januarie 1840, Art. 1. Volksraadnotule, Natal nr. 1, bl. 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na 'n reis deur Transvaal was die twee predikante weer in Potchefstroom terug en is 'n kerkraadsvergadering gehou op 21 Mei 1852. Rustenburg was op die vergadering verteenwoordig deur Ouderling H.S. Pretorius en diaken J.F. Schutte. Die twee leraars was gemagtig om namens Lydenburg op te tree en Potchefstroom was verteenwoordig deur ouderling F.G. Wolmarans, - hulle was dus die mondstuk van al die Transvaalse gemeentes.[78] Diaken Schutte het op die vergadering weer die saak van 'n predikant aangehaal en verklaar dat dit die wens van sy gemeente is dat „opnieuw een Leeraar worde beroepen, in de levendige hoop, dat nu in de geestelijke behoeften der maatschappÿ zal worden voorzien."[79] Daarop het ds. Neethling die woord geneem en die vergadering meegedeel dat hy baie oor die saak gedink het en „met biddend opzien tot God, alles in zijn vermoogen (wil) aanwenden, om zoo spoedig mogelyk een bekwame, ijverigen, Godgewÿden Leeraar alhier te zien arbeiden" maar hy verklaar verder dat hy alleen vir die doel kan arbei as hy 'n bevredigende antwoord op vier vrae ontvang het,[80] waarvan die eerste was: „Zal de Leeraar, zullen de leeraren der Maatschappij, leden blijven van de Synode der Gereformeerde Kerk van Zuid Afrika, en blijven de gemeenten alhier hoewel burgerlijk afgezonderd, geestelijk onder de zorg en het gesag van de Synode?"[81]

Die Transvaalse kerk kon egter nie lid bly nie omdat hulle nooit lid was van die Kaapse Kerk nie, maar volledig

38/...

78. Die Rustenburg verteenwoordigers het nog die gemeente Soutpansberg verteenwoordig wat pas 'n paar dae vantevore eers gestig is. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, a.w. bl. 17.
79. Spoelstra, C.: a.w. bl. 135.
V.R. 213/52. Brief van di. Neethling en Murray aan die Volksraad, 22/5/52. Volksraadnotule 2, bl. 330-334.
80. Preller, G.: A. Pretorius, a.w. bl. 462.
81. Ibid.
R.406b/52. Brief Volksraad aan di. Murray en Neethling. Transvaalse Argiefstukke, bl. 211.
V.R. 213/52. Brief van ds. Neethling aan Volksraad. Volksraadnotules 2, bl. 330-334.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 74.
Spoelstra, C.: a.w. bl. 135 en 139. (Bewoording bl. 135 verskil).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onafhanklik was.[82] 'n Interessante argument het uit hierdie aangeleentheid na vore gekom: Sou Transvaal sy staatkundige vryheid behou as volgens die kerkordonnansie van 1843 bepaal is dat sekere bepalinge afsonderlik deur die Britse Goewerneur goedgekeur moes word?

Ds. Neethling het in verband met sy voorwaardes verder ook gesê dat nie alleen die kerkrade nie, maar ook die Volksraad op die vrae bevestigend moes antwoord want, sê hy, „slechts wanneer de H.E. Volksraad de gemeenten hier wil beschouwen, als staande in kinderlijke betrekking met de Synode der Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, kan hy besluiten en beloven zyne krachten te wijden aan eene zaak, voor den bloei met slechts in het geestelijke, maar, gelijk vanzelf spreekt, ook in het maatschappelyke zoo onontbeerlijk: de komst van eenen Leeraar herwaarts."[83].

Die Kerkraadsvergadering het die voorwaardes aangeneem - dit was intimidasie maar hoe sou hulle anders 'n predikant kry?[84] Van die blanko-beroepsbrief wat hulle Nederland toe gestuur het, het hulle nog niks verneem nie.[85]

39/...

---

82. In die stuk word 'n verkeerde indruk geskep deur tweemaal die woord „blyven" te gebruik, terwyl die Voortrekkerkerk van die begin af 'n selfstandige en eie kerklike organisasie was. So is Erasmus Smit self deur hulle bevestig, word kerkrade verkies, is Doop- en Lidmaatsregisters aangelê en het die lidmate hul kerklike attestate uit die Kolonie saamgebring; so is ds. Lindley aangestel 1840, is die eerste kerkraad van die gemeente Potchefstroom verkies in Februarie 1842 en was die 1824 Kerkwet nog by hullein gebruik. So was die kerklike organisasie van die Voortrekkerrepubliek volledig onafhanklik van die Kaapse Kerk.
Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned.Hervormde kerk ... a.w.bl.150,151.
Wypkema, A.: De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der ZA. Republiek tot 1881. De Bussy, Pretoria, 1939, bl. 227.
83. Spoelstra, C.: a.w. Reisverslag van ds. Neethling, bl. 136.
84. Spoelstra, B.: a.w. bl. 107.
85. Die brief vanuit Transvaal het meer as 'n jaar lank rondgeswerf voordat dit in Nederland aangekom het en omdat die kerk aldaar nie wis of die Boere al geholpe is nie het hulle op 20 Junie 'n brief om meer inligting aan Potchefstroom gestuur wat blykbaar nooit in Transvaal aangekom het nie.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 64.
Daar was net 'n persoonlike korrespondensie tussen A. Pretorius en prof. Lauts, die vriend van die Boere oor 'n predikant maar daaroor was ook nog niks posetiefs nie.
Reeds 16 jaar is gepoog om 'n eie predikant te kry, maar alle pogings was vrugteloos.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op 22 Mei het ds. Neethling in opdrag van die vergadering, 'n brief met 'n strekking soos uiteengesit in die Kerkraadsvergadering, aan die Volksraad gestuur om ook hulle goedkeuring te ontvang. Die brief sou deur F.G. Wolmarans ingehandig word en toegelig word indien nodig.[86]

Op die Volksraadsitting van 22 Junie 1852[86a] is die versoek van die gesamentlike Kerkraad soos vervat in hulle brief van 22 Mei opgestel deur ds. Neethling „in overweging genomen, en, na ryp overleg" besluit om op „het gemelde vragen met ‚ja' te beantwoorden .... opdat ... (L.W. die behoefte om 'n predikant, waarom dit eintlik gaan) „.... ook wij eenmaal een Leeraar in ons midden mogen ontvangen .... O! dat onze bede eens gehoord en verhoort worde, dat wij het voorrecht smaken om ook een herder onder ons te zien ..." en onderteken met die sprekende woorde: „UWelEerw. onderdanige en smeekende Dienare".[87] Die Kaap het geblyk die enigste uitkoms te wees ter verkryging van 'n eie predikant en die Volksraad was daarom genoodsaak om die voorwaardes aan te neem, anders, „hadden de gemeente tegen het opgestaan."[88] Dit was 'n moeilike vraag om bevestigend op te antwoord want dit het onderwerping aan die Kaapse Sinode beteken, waarvan baie niks wou hoor nie as gevolg van hul vrees vir Engelse invloede. Onder die hierbogenoemde omstandighede het die pro-sinodegroep die oorwinning behaal.

Hierdie saak in verband met die inlywing van die Transvaalse gemeentes is by die eersvolgende Sinodesitting van die Nederduitse Gereformeerde kerk beginnende 12 Oktober 1852 behandel, nadat die saak deur di. Murray en Neethling voorgedra is. Ook hier het spoedig 'n probleem opgeduik, naamlik dit, dat in die Ordonnansie van die kerk, artikel 2, alleen verwys word na die kerk „binnen deze kolonie" wat die inlywing van Transvaal dus onmoontlik

40/...

86. V.R.213/52. Brief ds. J.H. Neethling aan Volksraad, 22/5/1852. Volksraadnotules 2, bl. 334.
86a. Volgens endossement onderaan brief van ds. Neethling, (Volksraadnotules 2, bl. 334) is die voorstel goedgekeur volgens artikel 49, van die Volksraadsitting op 14 Junie 1852. (Volksraadnotules 2, bl. 77) maar die vergadering het eers op 15 Junie begin volgens die notule (Volksraadnotules 2, bl. 70.)
Volgens R.406b/52 (Transvaalse Argiefstukke, bl. 211) is die brief behandel op 22 Junie, maar dit kan ook nie wees nie want artikel 39 is alreeds op 24 Junie behandel (Volksraadnotules 2, bl. 77, par 47).
87. R.406b/52. Brief van Volksraad aan di. Murray en Neethling, 23/6/1852. Transvaalse Argiefstukke, bl. 211. Spoelstra, C.: a.w. bl. 139, 140. Kyk ook Morrees: a.w. bl. 764.
88. Brief van ds. van der Hoff aan Prof. Lauts, 1 Augustus 1853. Lauts-versameling A.13, T.A. Band 2, 249, Du Toit, S.: a.w. bl. 126.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak.[89] Om die probleem wat die wetspunt opgelewer het op te los, is besluit om die regsopinie van die prokureur-generaal, William Porter, in te win. Daarop het 'n paar lede van die Sinode die saak mondelings aan hom voorgelê en reeds op die 16de het hy sy skriftelike opinie gegee, naamlik dat inlywing nie met die ordonnansie in stryd sou wees nie.[90]

Op 18 Oktober is die verslag aan die prokureur-generaal voorgelees asook die twee briewe van 22 en 25 Desember 1848 vanuit Magaliesberg en Potchefstroom. Daarna gee ds. Neethling verslag van die Kerkraadsvergadering en lees die antwoord van die Volksraad van 23 Junie 1852 voor. Die aktuaris stel voor dat die woorde „deze Volksplanting" wat voorkom in artikels 11, 12 en 13, na „Zuid Afrika" verander moet word. Nadat verskeie bedenkinge geopper is, is besluit om, voordat inlywing goedgekeur word, „eene Commissie te benoemen om de voorwaarden te bepalen, waarop die inlywing zal geschieden". Die werk is opgedra aan 'n kommissie van ses predikante.[91]

Op 21 Oktober is die rapport van die kommissie behandel. Hulle stel voor dat die inlywing moes deurgaan met inagneming van die voorwaardes reeds deur die Volksraad aangeneem. Dit het die goedkeuring van die vergadering weggedra[92] waarop die assistent-skriba, ds. J. Murray, (baie versigtig) die Engelse goewerneur van die besluit tot inlywing kennis gegee het, asook aan die Transvaalse gemeentes met opgawe van die deur die Sinode gestelde voorwaardes.[93]

Toe die antwoord uit Transvaal egter weggebly het, het dr. Faure dit nog as twyfelagtig beskou „of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen."[94] Op 11 April 1853 het dr. Faure 'n tweede brief oor die inlywing aan die Potchefstroomse Kerkraad gestuur en weer van die besluite oor die inlywing kennis gegee.

41/...

89. Saak voorgelê deur dr. S.P. Heyns op 15 Oktober 1852. Kyk notule van vergadering. De Handelingen der Synode, a.w. bl. 16.
90. Hy het die saak nie diep bestudeer nie, maar tot 'n oorhaastige konklusie gekom.
91. Kyk notule van Sinodesitting, 18 Oktober, 1852. De Handelingen der Synode, a.w. bl. 20.
92. Ds. G.W.A. van der Lingen het nie met alles in die rapport saamgestem nie, hy „voorzag dat de bepalingen door de Synode aangenomen zijne, in de gevolgen groote botsingen en moeijelijkheden zouden worden ondervonden". Notule Sinodesitting, 21 Oktober 1852.
Kyk ook Morrees: a.w. bl. 767; Spoelstra, C.: a.w. bl. 133, 134.
93. Pont, A.D.:Die vestiging van die Ned.Hervormde Kerk .... a.w. bl. 156.
94. Morrees, A.: a.w. bl. 768.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 82.
Wolmarans, A.D.W.: a.w. bl. 26.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Intussen, nog vóórdat die Kaapse kerk begin omsien het na die godsdienstige belange van die Voortrekkers, het Andries Pretorius alle hoop op hulp vanuit die Kaap laat vaar en sy bes gedoen om uit Nederland een of meer predikante te kry.[95] Eindelik is sy roepstem beantwoord - Transvaal sou sy eie predikant kry. Na sestien jaar waarin hulle nie stilgesit het nie, maar gedurig alle middels in hulle vermoë aangewend het om vir hulle 'n predikant te kry, ontvang hulle 'n brief dat hul eerste predikant op weg was na Transvaal. Die vriend van die emigrante, professor Lauts, wat 'n warme pleitbesorger vir die belange van die Voortrekkers was,[96] het daarin geslaag om 'n predikant te kry - ds. Dirk Van der Hoff, 'n predikant „van de Hervormde Godsdiensbelijdenis, overeenkomstig de leerstukken der Dordsche Synode".[97] Toe prof. Lauts verneem het van proponent Van der Hoff, het hy hom dadelik besoek, 'n ooreenkoms met hom gesluit en hom beroep namens die Volksraad van Transvaal as predikant van die Hervormde Kerk.[98] Op 18 Augustus is propcnent Van der Hoff georden en op 2 September het hy en sy vrou Nederland verlaat.

Daarop het J.H.H. Smuts, die redakteur van „De Zuid-Afrikaan" 'n brief aan Pretorius geskryf (6 Oktober 1852) en hom laat weet dat „voor de Emigranten in het Overvaalsche een bekwaam predikant en echt Christen herder en leeraar"[99] op pad was. Die hele Transvaal was in rep en roer en met die Kommissieraadsvergadering van 20 November 1852[100] is dié brief en twee van dr. Lauts voorgelees en behandel.[101]

42/...

95. Preller, G.: A. Pretorius, a.w. bl. 460.
96. Hy was ook verantwoordelik vir die koms van twee onderwysers H. van der Linden en J.W. Spruyt. Vergelyk foutiewe bewering Preller, G.: A. Pretorius, bl. 460.
97. Lauts, U.G.: De Kaapsche Landverhuizers of Nederlands Afstammelingen in Zuid-Afrika. Leyden, 1847. bl.32, 33. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 80.
98. Julie 1852. Vir afdrukke van aanstellings en aannemings brief kyk Almanak, Nederduitsch Hervormde Kerk. 1924, bl. 161, 162.
99. R.438/52. Brief Smuts aan Pretorius, 6/10/52. Transvaalse Argiefstukke bl. 245.
Vir meer besonderhede kyk R.443a/52 en R.472/52, Transvaalse Argiefstukke, bl. 254 en 284.
100. E.V.R.3. Notule Kommissieraadsvergadering, Nov. 1852. Volksraadnotules 2, bl. 91 - 96.
101. V.R.223/52. Prof. Lauts aan Volksraad, 10/7/1852 en V.R. 225/52. Ibid, 5/8/1852. Volksraadnotules 2, bl. 345, 347.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 5 November 1852 het ds. Van der Hoff in Kaapstad aangekom.[102] Die Kaapse Sinode is drie dae voor sy aankoms uiteen maar hulle het geweet van sy koms [103] en besluit dat hy hom eers by die aktuarius moes laat legitimeer - wat dan ook op 9 November deur ds. Faure gedoen is. By die geleentheid het die Britsgesinde ds. Faure hom versoek om ook 'n eed van getrouheid jeens die Britse koning af te lê maar op 'n wenk van dr. Heyns om dit nie te doen nie, het ds. Van der Hoff ook geweier.[104] Dr. Heyns het besef dat 'n ordonnansie van die Kaapse goewerneur nie in die vrye Republiek in Transvaal toegepas kan word nie. As gevolg van afstande en slegte posverbinding het die Transvalers eers later van sy koms verneem. Daarop het ouderling F.G. Wolmarans op 1 Februarie 1853 'n brief van verwelkoming aan ds. Van der Hoff gestuur met die woorde: „.... ik kan UEd. zeggen dat alle, zoowel raatsleden en alle ambtenaren en gemeenten, zoodra de brieven van de Hoogleraar Lauts aangekomen was, een ieder zig met vergenoeginge verblyd was, en verwagt UEd. met opene arme en kunnen den tyd niet afzien, dat u in Natal zouden aankomen om UEd. aftehalen". Bemoedigend en vol geloof vervolg hy: „Weest niet besorg; hoe wel wy nog maar jonge bewoners is en hoewel niet so overvloeg alles hoef als in den binnelande, zo hope ik sal UEd. wel ter harte nemen, dat God overal sorge, voornamelik als wy iets ondernoemt ofte doel tot eer van God en Christus; - hy spysigde zoo veele duisende met wynig brode en visschen."[105]

'n Afskrif van die brief is deur ds. Van der Hoff aan professor Lauts deurgestuur[106] en ook in 'n brief van ds. A. Faure aan professor Lauts word na die brief van ouderling Wolmarans verwys.[107]

43/...

---

102. Lauts-versameling T.A., A 13, Band 2, 236. Brief van J.J.H. Smuts aan prof. Lauts, 4/11/1852.
103. Op 22 Oktober het die praeses in die vergadering 'n brief van prof. Lauts, gerig aan J. Smuts, voorgelees en is besluit dat Smuts aan ds. Van der Hoff met sy aankoms moes berig dat hy hom eers by die actuarius sinodi moes laat legitimeer. Kyk notule van Sinode, 22 Oktober 1852. De Handelingen der Synode ..., bl.29,30.
104. Die eed was nie verpligtend nie. Dit was nie die voorwaarde vir 'n aanstelling soos Engelbrecht, Kerkgeskiedenis, bl. 81 beweer nie.
Morrees, A.: a.w. bl. 773, voetnoot 4. ~~De Gereformeerde~~ De Gereformeerde Kerkbode in Z.A., 25 Okt. 1856, bl. 350. Van der Hoff, D.: Open brief aan ds. J.P. Jooste (1871) bl. 1. S.P. Engelbrecht versameling IV/10. Ned. Herv. Kerkargief.
105. Lauts-versameling T.A., A.13, Band 2, 246. Brief van Wolmarans aan Van der Hoff, 1/2/1853.
106. Ibid. Brief Van der Hoff aan Lauts, 10/3/53.
107. Ibid. Brief Faure aan Lauts, 2/3/1853.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kort daarna het ds. Van der Hoff in die Kaap weer 'n brief van F.G. Wolmarans ontvang waarin hy andermaal versoker word van die blydskap oor sy koms, dat hulle alle geldelike verpligtinge sal nakom en 'n versoek dat hy sy vertrekdatum na Natal aan hulle moet laat weet sodat hy spoedig afgehaal kan word.[108] 'n Afskrif van die brief is ook aan professor Lauts deurgestuur.[109]

In die verslag van die „Commissie ter behartiging van de godsdienstige belangen der Transvaalse Republiek" word daar melding gemaak van „een beroepbrief die in het bezit was geweest van den Hoogleeraar Lauts",[110] maar omdat ds. Van der Hoff sonder 'n beroepsbrief in die Kaap aankom, is Die Transvaalse kerkraad versoek om 'n beroepsbrief te stuur en om te sorg vir die reiskoste want die aktuarius het die genoemde briewe van F.G. Wolmarans nie as voldoende beskou nie.[111] Daar was egter nie die tyd om nog 'n kerkraadsvergadering te belê en 'n beroepsbrief op te stel nie, veral omdat almal verspreid gewoon het en as gevolg van die toestande in die land.[112]

In 'n poging om dadelik geld in die hande te kry vir die reisgeld van ds. Van der Hoff het ouderling F.G. Wolmarans 'n brief aan ds. Faure as tesourier van die sinodale kas van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde kerk gestuur met die versoek om met die geld te help. Ds. Van der Hoff het mondelings 'n dergelike versoek tot ds. Faure gerig maar hy het geweier op grond daarvan dat hy nie daartoe geregtig was nie en nie die mag daartoe gehad het nie.[113]

Ds. Faure was skynbaar so negatief in sy optrede omdat Transvaal nog buite die Kaapse Sinode gestaan het, soos hy onder andere in 'n brief van 1 Maart 1853 aan dr. Heyns en ds. Spyker gestel het: „Het is wel waar dat de Synode tot de inlywing of adoptie heeft besloten, maar het is alsnog twyfelachtig of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen daar zy op de officiële mededeeling niets hebben

44/...

108. Ibid. Band 2, 247. Brief van Wolmarans aan Van der Hoff, 23/2/1853. Kyk ook R503/63. Brief Van der Hoff aan W. Harding, 1/3/1853. Transvaalse Argiefstukke, bl. 317.
109. Ibid. Brief Van der Hoff aan Lauts, 11/3/1853.
110. Morrees, A.: a.w. bl. 772, 773.
111. Preller, G.: A. Pretorius, bl. 462.
112. Met die Kommissieraadsvergadering te Scheerpoort 14-24 Maart 1853 is die korrespondensie tussen ds. Van der Hoff, die Volksraad, Pretorius en prof. Lauts weer behandel. Kyk vir besonderhede: E.V.R.3, Notule van vergadering art. 2, 3, 4, 35. Volksraadnotule 2, bl.96-113. R.510/53, C. Potgieter aan D. v.d. Hoff. Transvaalse Argiefstukke bl. 322;
E.V.R. 3. Notule vergadering Lydenburg, Julie 1853, art. 50. Volksraadnotule 2, bl. 127.
113. Ibid. Band 2, 246. Brief V.d. Hoff aan Lauts, 2/3/1853, bl. 2 en afskrif van brief van Faure aan V.d. Hoff, 10/3/1853.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geantwoord".[114] Nou kom hy met sy ultimatum: hy sal alleen toelaat dat ds. Van der Hoff na die Transvaal deurreis as hy berig van Transvaal kry dat die inlywing finaal goedgekeur is. Gelukkig het ds. Van der Hoff met hulp van ander, op 21 April veilig in Durban aangekom en op 27 Mei was hy op Potchefstroom waar hy in die middel van die nag in die bitter koue aangekom het terwyl so goed as niks vir sy aankoms gereed was nie.[115] „De gemeente die hem zal worden toegevoegd zal reden hebben zich te verblyden" het iemand gesê[116] - en dit was ook so.

--- oOo ---

114. Morrees, A.: a.w. bl. 768.
115. Preller, G.: A. Pretorius, bl. 462.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 83.
116. R.472. Brief Blankenberg aan Groenendaal, 3 Desember 1852. Transvaalse Argiefstukke, bl. 284.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K III

## DIE ROL VAN F.G. WOLMARANS IN DIE STAATKUNDIGE LEWE VAN TRANSVAAL TOT DIE KOMS VAN DS. VAN DER HOFF, 27 MEI 1853.

Na die aankoms te Ohrigstad van die Burgergroep, die Trekkers uit Natal, het daar dadelik 'n wrywing begin ontstaan oor die posisie van Andries Hendrik Potgieter as hoofkommandant en die Burgergroep het met toenemende verset teen Potgieter begin agiteer. Die onderlinge verhouding het later so versleg dat dit in Junie 1846 tot 'n openlike breuk gelei het toe Potgieter en sy volksraadlede hul onttrek het aan en hul eie bestuursvorm daargestel het.[1] So het daar tot in 1848 'n dubbele bestuur in die gebied noord van die Vaalrivier bestaan.

Hierna vind die verhuising van die Potgietergroep na Soutpansberg plaas asook die intrek oor die Vaal van Pretorius en sy volgelinge waardeur die swaartepunt weer weswaarts geskuif het. Die herorganisasie van die bestuur was nou noodsaaklik om by die veranderde toestand aan te pas, veral toe die Pretoriusgroep saam met die Potgieter- en Volksraadgroep, die derde partygroep in Transvaal gevorm het. Daarby kom nog dat H.T. Bührmann, die Amsterdamse kantoorbediende wat as onderwyser na Transvaal gekom het maar hom met die politiek begin bemoei het, so moedswillig opgetree het dat hy die stryd eerder aangeblaas het, en die vereniging wat sou volg, net vertraag het.[2]

Die anneksasie van die Vrystaat in Februarie 1848, die slag van Boomplaats en die onthullings aangaande sir Harry Smith se bedoelings ten opsigte van die gebied oorkant die Vaalrivier, het dit gebiedend noodsaaklik gemaak dat die partye mekaar moes vind om 'n verenigde front te vorm.[3] Die groot vergadering te Hekpoort[4] was 'n stap in dié rig-



1. Vir bedankingsbriewe en briewe oor die broedertwis kyk R.116a/46. Voortrekker Argiefstukke, bl. 228-9; R.120/47; R.120a-120j/47. Voortrekker Argiefstukke bl. 259-269.
V.R.22/47. Ooreenkoms tussen Potgieter en Volksraadgroep, 13 Februarie 1847. Volksraadnotules 1, bl. 224/5.
2. Engelbrecht, S.P.: Staatkundige strominge in Transvaal in die jare 1836-1857. Hervormde Teologiese Studies, Vierde Jaargang, April 1948, bl. 149-152 en Vyfde Jaargang, September 1948, bl. 34-35.
3. R.162/48, Brief vanuit Potchefstroom aan sir H. Smith, 30 November 1848;
R.163/48. Brief van R. Southey aan A.H. Potgieter, 29 Desember 1848. Voortrekker Argiefstukke, bl. 346-350
4. 9 Februarie 1849. Kyk V.R.64/49. Brief van H.T. Bührmann aan Volksraad en publiek van distrik Ohrigstad, 13 Februarie 1849, Verslag van Hekpoort vergadering. Volksraadnotules 1, bl. 269-272.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ting en is opgevolg deur 'n ooreenkoms te Olifantsrivier[5] wat uiteindelik uitgeloop het op die stigting van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek te Derdepoort, 22 Mei 1849.[6]

Te Olifantsrivier is besluit om die Volksraad as die hoogste gesag in die land te erken en om nie toe te laat dat „er één of meerder persoonen boven deezen als hoogst gezag hebbende zal moogen aangesteld worden," en dat alle offisiere onder die Volksraad sal staan. Daaruit voortvloeiende is toe bepaal dat geen hoofkommandant in die toekoms aangestel sal word as Potgieter om welke rede ookal moes aftree nie, en ook is aan die Lydenburgers die uitnodiging gerig om saam onder 'n volksraad as hoogste gesag te verenig.[7]

Die Lydenburgers was dan ook met die byeenkoms te Derdepoort teenwoordig en dadelik is besluit „Sig gesaamendlyk, vereenigen, tot eene lichgaam van eene Volksraad."[8] Dié bereiking van een van die ideale van Pretorius is aan homself as voorsitter van die vergadering te danke. Die volgende dag , op die 23ste Mei 1849 is besluit om 'n „Vereenigde Band van het geheele maatschappy aan dese syde van Vaalrivier" te vorm en om die nuutverkose lede van die Volksraad in te sweer. As grondslag van hul wetgewing is die Drie-en-dertig Artikels van 9 April 1844 deur die vergadering bevestig en is bepaal dat die volgende vergadering te Krugerspost sou plaasvind.[9]

In dié vergadering, in September, het die Volksraad ernstig gepoog om die regering en die landswette op 'n vaster grondslag te plaas want die groot probleem was hoe om so 'n uitgestrekte gebied soos Transvaal deur 'n Volksraad wat slegs viermaal per jaar vergader het, behoorlik te

47/...

5. Soutter-versameling, T.A. Pak 1, nr. 9. Kyk ook V.R. 65/49. Volksraadnotules 1, bl. 272-274. Besluite van vergadering te Olifantsrivier, 22 Maart 1849.
6. R.178/49. Voortrekker Argiefstukke, bl. 385-387. E.V.R.3. Volksraadnotules 1, bl. 99 - 101. Verslag van vergadering.
7. Soutter-vers. T.A., Pak 1, Nr. 9. Volksraadnotules 1, bl. 272; Spoelstra, B.: a.w. bl. 97.
8. R.178/49. Voortrekker Argiefstukke, bl. 385.
9. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Mei 1849, Artikel 4 en 11. Volksraadnotules 1, bl. 100.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



regeer. Al oplossing was dat 'n sentrale regering of 'n vaste liggaam met uitvoerende gesag daargestel moes word.

Die logiese gevolg van hierdie behoefte was dat daar 'n leier of hoofkommandant vir elke distrik gekies moes word, maar die Volksraad het egter deur dure ondervinding geleer[10] en was huiwerig om sulke leiers te erken, of om aan hulle te veel mag toe te ken. Daarom is daar andermaal te Krugerspost besluit dat daar „van heden af voortaan geen Hoof Commandant of Generaal zal bestaan".[11] Die besluite was natuurlik hoofsaaklik gerig teen Andries Pretorius[12] maar intussen het die twee volksleiers, Potgieter en Pretorius,[12] die rol van Bührmann begin agterkom en het daar algaande toenadering tussen hulle plaasgevind.[13]

Intussen het daar egter 'n memorie met 168 handtekeninge by die Volksraad aangekom versoekende dat Pretorius tot kommandant-generaal benoem moes word.[14]

Die publiek het baie oor die saak in verband met die aanstelling van 'n kommandant-generaal verskil en die Volksraad het met hul sitting van 22 Januarie 1850 te Potchefstroom besluit om die publiek vóór die volgende Volksraadsitting in die geleentheid te stel om deur middel van „tyken lysten", hulle sienswyse oor die aanstelling van 'n kommandant-generaal te kenne te gee.[15]

Verskeie memories is daarop deur die publiek ingedien waaronder een vanuit Mooirivier uit die wyk van Veldkornet F.G.A. Wolmarans, gedateer 28 Februarie 1850. Die ondertekenaars maak beswaar teen die instelling van die amp van Kommandant-generaal en verduidelik dat hulle so 'n persoon alleen aangestel wil hê in tyd van oorlog „blykens als van vroegere instructieen". Hierdie dokument is onderteken deur F.G. Wolmarans, ouderling en interessant genoeg ook deur M.J.D; D.J; A.B en F.G.A Wolmarans, (die Veldkornet),

48/...

---

10. Potgieter te Ohrigstad; Pretorius en Boomplaats.
11. E.V.R.3. Volksraadsitting 24 September, Art. 38. Volksraadnotules 1, bl. 108.
12. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 92. Kyk ook bl. 86 - 93.
13. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 69 - 70; R.188/49. Brief Potgieter aan Pretorius. Voortrekker Argiefstukke, bl. 399 - 401.
14. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 94, praat van 'n „groot aantal ingehandigde memories waarop alles tesame 168 persone geteken het", maar vergelyk E.V.R.3, Notule Volksraadvergadering, 22/1/50, Artikel 22 „Een memorie van een honderd en agt en zestig perzoonen". Volksraadnotules 1, bl. 115.
15. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering 22/1/50, Artikel 22. Volksraadnotules 1, bl. 112-122.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



almal die seuns van eersgenoemde.[16] Op die datum was F.G.A. Wolmarans, die tweede oudste seun van F.G. Wolmarans, dus alreeds veldkornet van sy wyk en was hy besig om soos sy vader, algaande 'n belangriker rol te speel in die destydse samelewing in diens van sy volk.[17]

Verskeie ander memories ten gunste van of teen die aanstelling van Andries Pretorius as kommandant-generaal of net van 'n kommandant-generaal het ingekom[18] en is met die Volksraadsitting te Lydenburg, 20 - 28 Mei 1850, bespreek.[19] Daar het dit duidelik geblyk „dat de meerderheid van den Ed. Raad eischt dat denzelven zich zal houden aan het besluit dat aan Olifantsrivier genomen is, als mede aan het besluit genomen op Ohrigstad op den 3den April 1849" naamlik dat daar „geen Hoofd Kommandant, Kommandant Generaal of Krygsoverste in dezen maatschappy" aangestel mag word nie, behalwe as dit nodig blyk te wees in geval van nood. Die aanstelling en titel sou daarna nie voortduur nie.[20]

Daar was 'n vrees by sommige dat so 'n persoon te veel mag sou inpalm en dat dit dan sou lei tot 'n eenhoofdige bestuur.

Andries Pretorius het egter toe al die politieke toestand goed deursien, veral die wat suid van die Vaal aan die gang was en met die oog op sy planne wat sou lei tot die Sandrivier-Konvensie, wou hy 'n gesagsposisie in Transvaal beklee om so namens die inwoners op te tree. Potgieter en die Volksraad het inmenging van Pretorius vermoed en albei was daarteen gekant.

Die Pretorius-ondersteuners het egter nie genoeë geneem met die weiering van die Volksraad nie en die destydse onrus onder die kaffers soos die van Segeli in die Marico-distrik het hulle saak aangehelp.

49/...

---

16. Hulle voel wel vir die aanstelling van kommandante, hoeveel ookal nodig blyk te wees en dat die veldkornette as die hoofpersoon in die wyk genoegsame instruksies moet ontvang sodat hulle in alle sake wat mag voorkom sou weet hoe om op te tree.
V.R.87/50. Verslag van F.G.A. Wolmarans, veldkornet, oor die titel van kommandant-generaal namens sy wyk Mooirivier, 28 Februarie 1850. Volksraadnotules 1, bl. 300 - 302.
17. Kyk ook V.R.108/50, Brief van N. Grobler aan Volksraad. Volksraadnotule 1, bl. 317/318. F.G.A. was al veldkornet in 1849. R.871/66. Brief F.G.A. aan president en U.R., 28/8/1866. S.S. 79, bl. 227, T.A.
L.W. F.G. Wolmarans - vader
F.G.A. Wolmarans - seun
18. V.R.85-90/50; ad. V.R.90/50; V.R.91-93/50; ad V.R.93/50; V.R.95-96/50; 99-100/50; 102, 104, 106/50. Volksraadnotules 1, bl. 297-314; R.197/50, 198/50. Transvaalse Argiefstukke, bl. 9-12.
19. E.V.R.3. Artikel 30. Volksraadnotules 1, bl. 131, 132. Pretorius het net 23% van die stemme getrek.
20. Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die volgende sitting van die Volksraad te Potchefstroom, 16 Oktober 1850, was die probleem nog nie opgelos nie. Andermaal is daar besluit „op sterke aandrang van het publiek hier tegenwoordig"[21] om meer memories met handtekeninge te ontvang ten gunste van en teen die aanstelling van 'n kommandant-generaal onder gesag van die Volksraad. As gevolg van die moeilikheid teen Segeli[22] is egter besluit om nogtans voorlopig vir Andries Pretorius as kommandant-generaal aan te stel om leiding te neem tot die volgende sitting van die Raad in Januarie 1851.[23]

In opdrag van die Raad het veldkornet F.G.A. Wolmarans die handtekeninge van sy mense gekry soos opgeneem in 'n memorie van 22 November 1850 en hy skryf in 'n baie besliste trant bo-aan dat hy andermaal die name van sy mense opstuur „en wy hoop dat het de laaste maal mog wesen voor dit zaak".[24]

Met die Volksraadsvergadering aan die Elandsrivier, Januarie 1851, het die Volksraad besluit om, as gevolg van die dreigende gevare van buite en van moontlike verdeeldheid en tweedrag binne die staat, die saak aan die Krygsraad te oorhandig vir beslissing.[25] Die Krygsraad, waarvan F.G.A. Wolmarans (veldkornet) ook 'n lid was, besluit daarop om vier kommandant-generaals met gelyke rang aan te stel, te wete:

W.F. Joubert vir die distrik Lydenburg,

A.H. Potgieter vir die distrik Zoutpansberg,

A.W.J. Pretorius vir die distrik Mooirivier, Magaliesberg en 'n deel van Marico en J.A. Enslin vir die resterende deel van die distrik Marico.[26] 'n Kompromis was dus die

50/...

21. E.V.R.3, Notule Volksraadvergadering, 16/10/50, artikel 2. Volksraadnotules 1, bl. 146.
22. R.242/50. Brief landdros Lombardt aan Pretorius, 3/12/50. Transvaalse Argiefstukke, bl. 53.
23. E.V.R.3. Notule vergadering 16/10/50. Artikel 2. Volksraadnotules 1, bl. 146.
24. V.R. 127/50 en V.R. 128/50. Volksraadnotules 1, bl. 347/8. Ander memories vind ons onder V.R. 133, 137-142/50; ad. V.R.142/50; V.R.143-147, 149, 151 en 153/50. Volksraadnotules 1, bl. 350-361 en V.R.149/51, V.R.151/51, V.R. 153/51. Volksraadnotule 2, bl. 199-202.
25. E.V.R.3. Volksraadsitting 15-19 Januarie 1851, Artikel 3. Volksraadnotules 2, bl. 4.
26. E.V.R.3. Notule van Krygsraad, Januarie 1851. Volksraadnotules 2, bl. 281/2; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 96. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, 15 Januarie 1851 Art. 3. Volksraadnotules 2, bl. 4.

© University of Pretoria

193 Aan den HEd. volks raad VR 127/50

HEd. Edl. Heeren hier mede geven wij ons
gevoelens en begeertens aan UEd nog maals te
kennen volgens raads besluit van den 14 october
1850 laats leeden en wij hoop dat dit de laatste
maal mag wesen voor dit zaak wij onder geteekende
begeeren geen blijvende generaal onder
ons te hebben want wij vermag dat er nooit geen
gelijkheid nog eendrag onder het publiek zal gezien
worden indien dat er een blijvende generaal
onder ons word vas gesteld en wij hoop dat den
vorige genomene raads besluiten aangaande deze
zaak mogen staande blijven. dit is ons begeerteng
en wij ... het verder aan UEd overleg
wijsheid.

UEd Dienaaren en vrienden

Mooirivier den 22 November 1850

F G A Wolmarans
Veldcornet
J. L. Kruger
J. L. Kruger de Soon
A J Heenop
Jacob J. Kruger
M. J. Wolmarans
M. A. de beer
J J de beer
D H Botha
P. R. Botha
D J Wolmarans
A B Wolmarans

W. J. Botha
A. J. Botha
J L Botha
W J Botha
J P H Steyn
D. J. Steyn
J M A Steyn
Piet gerhar Breek
Jacobs Breek
A breijtenbach
A P breijtenbach
M J breijten
J J breij...

Verslag van veldkornet F.G.A. Wolmarans oor die houding van sy mense in die wyk Mooirivier in verband met die aanstelling van 'n kommandant-generaal, 22 November 1850.

V.R. 127/50, T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oplossing vir die leiersprobleem en die oplossing is deur die Volksraad van Januarie 1851 aanvaar. Dit het Pretorius dus wel 'n magsposisie gegee waarna hy gestreef het en so kon hy en sy Krygsraad optree in wat sou lei tot die Sand-rivier-Konvensie.

Die persoon wat as sekretaris van die Volksraadsitting opgetree het, het nie sy naam onderaan die notule geteken nie en was die sekretaris as onbekend beskou.[27] Maar volgens artikel 22 van die notule is 'n petisie betreffende die bereddering van sekere boedels behandel en het die Raad besluit om dit aan die landdros van Lydenburg deur te stuur.[28] Onderaan die petisie is die volgende endosseer: „Verwesen naar den Landdrost van Lydenburg. Namen(s) de Raats geteekend, F.G. Wolmarans, Sekretaris."[29] 'n Vergelyking en bestudering van die handskrif van F.G. Wolmarans en die waarin die notule gehou is bewys duidelik dat hy die sekretaris van die vergadering was.[30] So vind ons weereens 'n bewys van die bekwaamheid van F.G. Wolmarans, deurdat so'n verantwoordelike werk soos die hou van 'n notule van die Volksraad aan hom opgedra is. Dit bewys ook dat hy die pen goed en vloeiend kon hanteer.[31]

Met die Volksraadsitting te Lydenburg (Mei 1850) is ook 'n memorie ontvang mede onderteken deur

51/...

27. Dr. J.H. Breytenbach, hoof van die publikasieafdeling van die Transvaalse Argief kon in 1950 met die uitgee van die gepubliseerde Volksraadnotules, deel 2 ook nie sy skrif eien nie. Vergelyk sy voetnoot 1 by die notule van die Januarie 1851 vergadering, Volksraadnotules 2, bl. 3.: „Hierdie oorspronklike notule is opgestel in 'n aan my onbekende handskrif".
28. Notule Volksraadsitting, 15 Januarie 1851, Artikel 22. Volksraadnotules 2, bl. 7.
29. V.R.152/51. Memorie van J.H. Botha en D.E. Erasmus aan Volksraad. Volksraadnotules 2, bl. 202.
30. Tot die bevinding is gekom deur die handskrif van die oorspronklike notule (nuwe band E.V.R.2, bladsy 112-138) te vergelyk met die brief van F.G. Wolmarans aan die Raad te Andries-Ohrigstad, 2 Augustus 1845. (V.R.3/45 in E.V.R. nuwe bandnommer 193 bl. 10-20); die brief aan dieselfde Raad 28 Februarie 1848. (V.R. 47/48 in E.V.R. nuwe bandnommer 193, bl. 155-157); en die brief aan die Volksraad, Mei 1849 (V.R.69/49 in E.V.R. nuwe bandnommer 193, bl. 213-215). Die oordeel van skrywer is ook onderskryf deur dr. Breytenbach self, mnr. D.C. Joubert, handskrifdeskundige en redakteur van gepubliseerde Volksraadnotules 7 en mnr. Reynecke, hoof van die Transvaalse Argief.
31. Tydens die Januarie-sitting is veldkornet F.G.A. Wolmarans, H. Schoeman en A. Bekker benoem as kommissie om in te gaan op 'n klag van H.J. van der Merwe oor 'n foutiewe grenslyn. E.V.R.3, Volksraadsitting, Januarie 1851, Artikel 77. Volksraadnotule 2, bl. 18, 19.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



F. G. Wolmarans[32] waarin gewys word op die gevaar wat hulle sien in die aankoop van so baie erwe en plase deur vreemdelinge (Engelse) in en om die dorp Potchefstroom en hulle spreek die hoop uit dat die Volksraad iets in die verband sal doen „daar wy allen toch by ondervinding weten hoe het in Natal en verder overal gegaan is met onzen zaken zoodra toen zulken menschen zich onder ons kwamen vestigen en gronden bezaten"[33] In die verbod op grondbesit deur sulke mense wou hulle verraad probeer voorkom.

Die Volksraad het dan ook saamgestem en besluit dat alle uitlandse nasies behalwe Hollanders en Portugese, belet sal word om grond te koop en te besit voordat hulle drie jaar inwoners van die gebied was „en bewyzen van den Regering kunnen toonen dat zy braaf en eerlik van gedrag gedurende dien tyd zyn geweest.[34]

Intussen het die invloed van Pretorius in die weste van Transvaal heelwat toegeneem, veral omdat hy onmisbaar was vanweë die kafferonluste. Daarenteen het die kaffermoeilikhede die voortbestaan van die „Verenigde Band" in gevaar gebring omdat volksraadslede dikwels nie vergaderings kon bywoon nie.[35] So kon sake van groot belang soos byvoorbeeld die toestand en gebeurtenisse suid van die Vaal waar die burgers in die Oranjerivier-Soewereiniteit in die grootste gevaar verkeer het as gevolg van die aanvalle van die Basoeto's, nie behoorlik bespreek word nie. Aldaar, suid van die Vaal, het 'n stryd ontstaan tussen die Basoeto's en Ballakas en het die blankes ook onder die invallers deurgeloop wat die boereplase verniel en die boere se vee geroof het.

Majoor Warden, die Britse resident, kon nie vrede tussen die kafferstamme handhaaf nie en die roof het al meer toegeneem sowel as die ontevredenheid onder die inwoners van die Soewereiniteit. Die republikeinsgesinde

52/...

32. Nog 78 ander handtekeninge.
V.R. 94/50. 23/3/50. Volksraadnotules 1, bl. 292-3.
33. Ibid.
34. E.V.R.3. Notule Volksraadsitting, Lydenburg, Mei 1850. Volksraadnotules 1, bl. 124, 125.
35. Byvoorbeeld die Volksraadvergadering, Lydenburg, Mei 1851.

© University of Pretoria

inwoners het daarop by Pretorius aangeklop om hulp teen die Engelse want die toestand waarin dié regering nou verkeer het, het aan hulle die kans gebied om die Britse gesag uit die Soewereiniteit te weer en om self die Basceto-probleem op te los. Daarop het hulle Pretorius as hul „Regeerende Hooft" benoem en bygevoeg „Wy behoort aan een en den zelfden zaak, maar wy eyst UwE. op als onse geley(d)s-man, al onse redder met Gods seegen, ja als kooning der Emigranten."[36]

Intussen het Mosjesj hom verseker van die vriendskap van die republikeinsgesinde burgers[37] maar die botsing teen die Engelse het voortgeduur, wat Warden genoodsaak het om op te trek sonder hulp van die burgers. Dit het geëindig in die neerlaag te Viervoet, Junie 1851. Warden kon geen hulp uit die Kaap verwag as gevolg van die Agste Kafferoorlog (1850-1853) nie en toe die roof aanhou, ook teen die burgers wat Warden gehelp het, en hy magteloos sit,[38] het die Soewereiniteitsburgers te Winburg byeengekom en andermaal Andries Pretorius as „onzen Generaal Hoofbesstierder"[39] gekies.

As gevolg van die twis tussen die volksraadlede van Lydenburg en van die ander streekgebiede het die Krygsraad besluit om tydelik sake in hul hande te neem[40] en was hulle gereed om onmiddellik en beslis op te tree. Die Krygsraad wat bestaan het uit die kommandant-generaal, die kommandante en veldkornette, waaronder ook F.G.A. Wolmarans,[41] het daarop vergader en Andries Pretorius het aan hulle die briewe van die burgers in die Oranjerivier-Soewereiniteit en briewe van Mosjesj en ander opperhoofde voorgelê. Daar is besluit om Pretorius en nog twee burgers deur die publiek verkies, af te vaardig na die Soewereiniteit met die doel om „een goede verstandhouding tusschen het

53/...

---

36. R.189/49. Brief Verwey + 56 persone aan Pretorius 25/12/49. Voortrekker Argiefstukke, bl. 401 e.v.
37. Vergelyk i.v.m. vriendskap en onderhandelinge met Pretorius. R.292, 297, 308, 329, 342 en 357/51. Transvaalse Argiefstukke, resp. bl. 94, 98, 107, 129, 139, 152.
38. Grobbelaar, J.J.G.: Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto-vraagstuk. A.J.B. 2[e] jaargang, deel II, bl. 10-15.
39. R.311/57. Brief Smit + 168 persone aan Pretorius, 25/8/51. Transvaalse Argiefstukke, bl. 108, 109. R.590/53. Brief de la Rey + 75 ander burgers aan Pretorius. Transvaalse Argiefstukke, bl. 405.
40. V.R. 182/51. Brief van D. Hatting aan Volksraad. 24 Oktober 1851. Volksraadnotule 2, bl. 238.
41. Handtekeninge in V.R.180/51. Notule Krygsraadvergadering 8 September 1851. Volksraadnotules 2, bl. 235, 237. Kyk artikel 8 vir samestelling van Krygsraad.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Britsch Goewernement en Emigranten te weeg te brengen"[42] en „om alzoo een duursame vredesckikking tusschen ons en den Britsche Goufernement te treffen, dat wy vrey in onafhankelyk onder ons bestier en regering blyfe leven".[43] Let wel die strekking van die laaste reëls. Dit is presies wat later met die konvensie verkry sou word. Die besluit was onderteken deur drie-en-twintig persone waaronder veldkornet F.G.A. Wolmarans. Later is F.G. Wolmarans (vader van veldkornet F.G.A. Wolmarans) en J.H. Grobler deur die publiek aangewys om die kommandant-generaal te vergesel[44] op die sending na die Soewereiniteit.

So is sonder magtiging van die Volksraad weer aandag gegee aan sake buite die grense van Transvaal, maar Pretorius het verder gesien as sy landgenote en sy optrede sou lei tot die vryheid van die gebied noord van die Vaal.

Pretorius het majoor Warden dadelik laat weet dat die burgers, Mosjesj en ander opperhoofde hom genader het om vrede daar te kom herstel en dat sy Krygsraad hom toestemming daartoe verleen het, maar ook daarop gewys dat die Trekkers noord van die Vaal graag in 'n goeie verstandhouding met die Britse owerheid wil kom.[45]

Warden het egter gewag en gevrees dat Pretorius te eniger tyd 'n aanval op die Soewereiniteit sou maak, 'n vrees wat uit diplomatieke oogpunt beskou in Pretorius se kraam gepas het.

Intussen het Andries Pretorius 'n brief ontvang, eiehandig aan hom gelewer deur veldkornet F.G.A. Wolmarans in opdrag van die ondertekenare uit Mooirivier om tog nie, soos hy deur die Krygsraad toegelaat is, oor die Vaal te gaan nie. Hulle was bang dat hulle staatsvryheid daardeur benadeel sou word[46] Dieselfde vrees blyk ook uit 'n brief van A.H. Potgieter[47] wat altyd 'n beleid van isolasie ten opsigte van die Engelse voorgestaan het, maar Pretorius was die man van die oomblik en het geweet wat hy beoog.

---

42. Ibid. art. 12.
43. R.319/51. Verslag van krygsraadvergadering, 8 September 1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 114.
44. Potgieter en Theunissen: a.w. bl. 236.
45. R.215/50. Brief Pretorius aan Warden. 18/6/1850. Transvaalse Argiefstukke bl. 30.
Grobbelaar, J.: a.w. bl. 15; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 104; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 64.
46. R.323/51 Brief van J. Steyn en 45 ander aan Pretorius 25/9/1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 117, 118.
47. R.358/51. Brief aan veldkornet R.C. Minnaar, 24/12/1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Intussen het sir Harry Smith die £2,000 van Pretorius se kop gehaal en die voëlvryverklaring gekanselleer en het kommissarisse Hogge en Owen aangekom om sake in die Soewereiniteit te ondersoek en rus en vrede te herstel. In November 1851 ontvang Pretorius 'n brief van majoor Warden waarin hy die koms van die kommissarisse bekend maak asook hul bereidwilligheid om met hom te onderhandel.[48]

Daarop het Pretorius dadelik 'n brief aan die voorsitter van die Volksraad gestuur met die berig dat die Britse regering „genegen .... zyn met de Emigranten en goede verstandhouding te treeden[49]" en word 'n vergadering van al die inwoners van die land te Rustenburg belê vir 10 Desember om die saak te bespreek.[50]

Die Lydenburgers was glad nie geneë om aan Pretorius se versoek vir 'n vergadering op 10 Desember te voldoen nie[51] en antwoord dat hulle eers met die sitting van die Volksraad te Rustenburg op 12 Januarie 1852 sou rapporteer[52]. So lank kon egter nie gewag word nie en Pretorius het sy Krygsraad byeengeroep te Rustenburg[53] en sy korrespondensie aan hulle voorgelê op 8 Desember 1851. Na 'n bespreking is 'n memorandum opgestel waarin bepaal is „op welke wyze de verstandhouding en vredeschikking zal gemaakt worden" en wat sou dien „tot eene instruksie voor den bevolmagtigde".[54] Onder die afgevaardigdes wat gekies is, was weer die stoere en waardige F.G. Wolmarans en hulle moes 'n eed van getrouheid aflê dat hulle „niet door vreest of bedrygeng zullen late vervoere of afbringen, maar tot ons vryheid handele het geen aan ons is toevertrouwd, dat wy ons van onze vryheids doel niet zal late afbringe, nog door vlyengen nog door gelofte of giften, maar dat wy niets anders in het oog

55/...

---

48. R.327/51. Warden aan Emigrante; R.338/51 - Pretorius aan Warden; en vergelyk R.341/51 -, R.341a/51 -, 341b/51 -, R.341c/51 -. Briewe van majoor Warden aan Boere-afvaardiging. Transvaalse Argiefstukke bl. 127, 134, 137.
49. R.339/51. Brief uit Magaliesberg aan Volksraad, 10/11/1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 134.
50. Ibid.
51. Omdat Volksraad deur Krygsraad van pligsversuim beskuldig was en as gevolg van 'n moontlike oorlog teen Sekwatie en Mapoch, (Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 107).
52. R.346a/51. Brief 29 November 1851. Kom. Raad Lydenburg aan landdros P.C. Stroom. Transvaalse Argiefstukke, bl. 142-145. Van Rustenburg ook 'n brief om te vra dat die bespreking tot 12 Januarie moes wag. R.345/51. Landdros van Staden aan Pretorius, 24/11/51. Transvaalse Argiefstukke bl. 141. Vergelyk ook R.348/51 P. Scholtz aan Pretorius, 6/12/1851 en R.349/51 H. Lombaardt aan Pretorius, 7/12/1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 145 en 146.
53. R.352/51 Notule krygsraadsitting, 8/12/1851. Transvaalse Argiefstukke bl. 148/149.
54. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 107, 108.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

355

VR 194/51

Eed voor de officieele en onofficieele Leden.

Wij ondergeteekende zweere pligtig, dat wij volstrekt naar onze vermogen, aan deri dan ons toe vertrouwde zaak; onze pligten zal behartigen, en dat wij ons niet door vrees of bedryging zullen laten vervoeren of afbrengen, maar tot onze vryheid handelen het geen aan ons is toe vertrouwd, dat wij ons van onze vryheids doel niet zal laten afbrenge, nog door vleijen nog door belofte of geften, maar dat wij niets anders in het oog hebbe te doen, dan voor heel geluk en vrylyheid voor land en volk.

Zoo waarlyk helpe my god almagtig

J. H. Grobler [illegible]
[illegible]
[illegible] (onderteeking)
[illegible]
[illegible] Lehman
P. Schutte
[illegible]

A. W. Pretorius
Com. Gen.
[illegible]
W. F. Joubert C G
G. J. Kruger commandant
J. D. [illegible]
J. J. Botha
[illegible]
[illegible]
J. P. Pretorius [illegible]

Eed van getrouheid afgelê deur die afvaardiging van Transvaal wat met kommissarisse Hogge en Owen sou onderhandel te Sandrivier.

V.R. 194/51, T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


hebbe te doen dan voor heil, gelyk en vyligheid noor land en volk.[55] Die verklaring is onderteken deur A.W.J. Pretorius (Kommandant-generaal) F.G. Wolmarans (Ouderling) en veertien ander.[56]

Na die bekendstelling van die bepalinge van die hierbogenoemde byeenkoms aan die Lydenburgse Volksraad wou hulle nog nie saamwerk nie, maar tog is deur die publiek aldaar veertien burgers onder kommandant-generaal W.F. Joubert gestuur om die afvaardiging te vergesel.[57]

Daarop het Pretorius aan Warden laat weet dat hy gereed is om te onderhandel en hom gevra om die plek van samekoms te bepaal.[58] Warden antwoord op 23 Desember en wys die plaas van Piet Venter aan die Sandrivier as vergaderplek aan.[59]

Omdat die kommissarisse geruime tyd in Bloemfontein sou vertoef, soos verneem uit 'n brief van ds. A. Murray, kon die saak nou nog eers voor die Volksraad met hul sitting van 10 Januarie 1852 dien. In die genoemde brief vra ds. Murray dat Pretorius liewers in Transvaal moet bly totdat 'n vaste skikking bereik is, omdat hy bang was dat die burgers in die Oranjerivier-Soewereiniteit in opstand sou kom met sy aankoms. Verder voeg hy by dat Pretorius wys sal handel as hy uit die vorige afvaardiging, bestaande uit F.G. Wolmarans en J.H. Grobler en homself, slegs die eersgenoemde twee sal stuur en iemand om homself te verteenwoordig.[60]

Dit bewys andermaal dat F.G. Wolmarans een van die „voorste" burgers in Transvaal was. Hy was voorheen verkies tot lid van die driemankommissie wat die Engelse moes ontmoet en nou word hy andermaal genoem as een van drie wat die Engelse namens Transvaal te woord moes staan. Die Kommissievolksraad[61] wat te Potchefstroom byeengekom het op 10 Januarie 1852 om voort te gaan met „de aan begonne werkzaamheden van

56/...

55. V.R.194/51. Eed van lede. Volksraadnotule 2, bl. 244, 245.
56. Ibid.
57. R.358a/51. Brief Jacobsz aan C. Potgieter en Bührmann, 26/12/51. Transvaalse Argiefstukke, bl. 155, en kyk Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 108.
58. R.353/51. Brief Pretorius aan Warden, 11 Desember 1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 149, 150.
59. R.356a/51. Brief Warden aan Pretorius. Transvaalse Argiefstukke, bl. 151, 152.
60. R.359a/51. Brief Murray aan Pretorius, 17/12/1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 158.
61. E.V.R. 3. Notule Kommissieraadsvergadering, 10/1/1852. Volksraadsnotule 2, bl. 51, 52. R.364/52. Notule Kommiessieraadsvergadering, 10/1/1852. S.S. 4, T.A. bl. 11. Net Lydenburgse en Potchefstroomse afgevaardigdes was teenwoordig. Op 12 Januarie, twee dae later, vergader 'n Kommissieraad te Rustenburg. Weer 'n bewys van die gebreke van die destydse regering wat net streeksake kan behandel en streekbesluite kon neem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



den E. Krygsraad en publiek om tot goede verstandhouden te geraken met het Brits Gouvernement",[62] het die benoeming van die lede wat saam met A.W.J. Pretorius sou optree, waaronder F.G. Wolmarans, goedgekeur en bepaal dat hulle met hul terugkoms „behoorlyk verslag zal doen van hunne verrigtingen voor een volle Raad."[63]

Daarop het die afvaardiging na Sandrivier afgereis waar die onderhandelinge sou plaasvind op 16 Januarie 1852.[64]

Omdat Hogge en Owen, wat die kommissie daar ontmoet het, bang was dat Pretorius saam met die ontevrede burgers die Oranjerivier-Soewereiniteit in gevaar kon bring, en om te verseker dat hy nie verder sou inmeng in sake suid van die Vaal nie[65] het hulle, namens die Britse regering, hulle bereid verklaar om die onafhanklikheid van die burgers noord van die Vaal te erken wat aan hulle die reg sou gee „to manage their own affairs and to govern themselves according to their own laws, without any interference on the part of the British Government."[66]

Op 17 Januarie 1852 is die dokument geteken deur „A.W.J. Pretorius (Commt-Gen), F.G. Wolmarans (ouderling)" en die ander afgevaardigdes van Transvaal.[67]


Hier het F.G. Wolmarans as een van die vooraanstaande persoonlikhede in Transvaal dan sy plek in die Transvaalse politiek volgestaan en was hy van oordeel dat sy staat vry

57/...

62. Ibid.
63. Ibid.
64. R.356a/51. Warden aan Pretorius, 23/12/1851. Transvaalse Argiefstukke, bl. 151, 152.
65. Eybers, G.: a.w. Sandrivier-traktaat. bl. 358.
66. R.369/52. Sandrivier traktaat. Transvaalse Argiefstukke, bl. 164 en S.S. 4, bl. 19, Transvaalse Argief.
    Ware afskrif van September 1853.
    Eybers, G.: a.w. bl. 358. Kyk ook bevestiging van onderhandelinge. R.400/52. Proklamasie van Hoë Kommissaris, G. Cathcart. R.422/52. Owen aan Pretorius, 14/8/1852. R.409/52. Brief van Sir J. Pakington aan Luit. Genl. G. Cathcart, 24/7/1852. Transvaalse Argiefstukke, bl. 201, 229, 214 resp.
67. Ibid.
    Leyds, W.J.: a.w. bl. 95, 99.
    V.R. 196/52. Verslag van byeenkoms, Sandrivier, 16 Januarie 1852. Volksraadnotule 2, bl. 288-290.
    Lokale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, Pretoria bl. 12, 14.
    As gevolg van die probleem van skrifontleding gebruik Eybers P.G. Wolmarans, bl. 359 en Lokale Wetten J.G. op bl. 12 en P.G. op bl. 14. In „De Staats Courant gedurende den Vryheidsoorlog van 1881. Herdrukt op gezag der regering van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Uitgegeven door J.F. Celliers te Pretoria, Zuid-Afrikaansche Republiek. 1885", bylae nr. 1, bl. IX, kom dieselfde foute voor t.w. J.G. en P. G. in die herdruk van die Sandrivier Konvensie. Let wel dat in dieselfde dokument twee verskillende voorletters aangegee word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy 7 van die Sandrivier Traktaat, 17 Januarie 1852. V.R. 196/52, T.A.

.... hebben aan hunne wettige schulden. Aldus gedaan en geteekend op den 17de dag van January in den jare 1852.

A.W.J. Pretorius
Com. Gn.
H.St. Lombaardt
Landros
W.F. Joubert. C.G.
G.J. Kruger, Commadant
J.N. Grobler, R.L.
P.E. Scholts
F.G. Wolmarans, Cuderling
J.D. Vanaswegen, V.C.
J.C. Kloppers
N.J.S. Basson, V.C.
J.M. Lehman.
F.J.J. Botes
T.P. Pretorius, V.C.
P. Scutte
J.H. Grobler
J.P. Furstenberg, Vcnet.

W.S. Hogge
Assist. Commisr.
C. Mostyn Owen
Assist. Commisr.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van enige inmenging van Britse bestuur moes wees. Hieruit is dit andermaal duidelik dat die hierbogenoemde klag van beweerde samewerking met die Britte vals was. Netsoos hy gevoel het oor staatkundige onafhanklikheid, het hy gevoel oor kerklike onafhanklikheid en het in die verband ook 'n rol gespeel om dié onafhanklik te hou van die Britsgeoriënteerde Kaapse kerk en predikante. Hy het dit helder raakgesien dat 'n organiese ressortering onder die Kaapse kerk, waar die Engelse goewerneur sekere seggenskap gehad het, lewensgevaarlik was vir die onafhanklikheid van Transvaal en dus met alle middele geweerstaan moes word. Die feit dat hy die traktaat dan ook geteken het namens sy kerk, wys op die baie noue verband tussen die Kerk en die Staat in daardie dae en hoe die Kerk deel gehad het in die bewaring en die handhawing van die onafhanklikheid van die land.[68]

Die Sandrivier-konvensie het meer gerustheid gebring want die Britse regering het nou swart op wit die Transvaalse onafhanklikheid erken en die twyfel oor die Britse mag tot die $25^{\circ}$ Suider-Breedte-lyn het opgebou om te bestaan.

Vir Pretorius was die onderhandelinge 'n mate van 'n teleurstelling omdat hy gehoop het dat die gebied tussen die Oranje en Vaal in dieselfde staatsverband as Transvaal opgeneem sou word en hy het hom tot sy dood beywer om dié ideaal te verwesenlik.

Die hoofbeswaar van die opposisie in Transvaal was dat Pretorius die onderhandelinge met soveel haas en skynbaar op eie houtjie aangegaan het.[69]

Na die terugkoms van die afvaardiging is op 'n openbare vergadering te Potchefstroom besluit dat verslag gelewer sou word op 'n Volksraadsitting te Rustenburg op 16 Maart 1852.[70]

Daar het 'n groot taak vir Pretorius voorgelê want die Lydenburgers was weer stroom-op,[71] kwaadwillige persone het valse gerugte versprei[72] en Bührmann, A.H. Potgieter en S.

58/...

68. Kyk hoofstuk 4.
Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans, a.w. bl. 89.
69. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 113.
70. R.371/52. Notule van byeenkoms, Potchefstroom, 20/1/1852. Transvaalse Argiefstukke, bl. 166.
E.V.R.3 Notule Kommissieraadsvergadering, Rustenburg, 12/2/1852. Volksraadnotule 2, bl. 52, 53.
R.382/52. Brief C. Kruger aan A.H. Potgier. Transvaalse Argiefstukke bl. 186, 187.
71. E.V.R. 3. Notule Kommissieraadsvergadering Lydenburg, 14/2/1852. Volksraadnotule 2, bl. 53.
72. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 114. Selfs na die goedkeuring te Rustenburg het S. Schoeman beweer dat Pretorius hom „aan de Engelsche Gouvernement overgemaakt en verkocht heeft". E.V.R.3. Notule Kommissieraadsvergadering Lydenburg, 5/5/1852, art. 4. Volksraadnotule 2, bl. 67-70. Kyk ook R.385/52. Brief kmdt. Schoeman aan veldk. T.F. Dreyer. Transvaalse Argiefstukke, bl. 187, 188.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Schoeman moes nog tevrede gestel word.

Toe 16 Maart aanbreek was daar 'n skaar van mense byeen. Vir die eerste keer in jare was daar verteenwoordigers uit alle dele van die land teenwoordig maar „de gemoederen waren nog zoo verhit tegen elkander" dat sekere invloedryke burgers die nag vergader het „en bewogen de Ouderlingen der Gemeente, om een ernstig gesprek met de beide Hoofd-Kommandanten-Generaals te houden".[73]

Al is daar geen skriftelike bewyse nie is dit voor die handliggend dat een van die invloedryke persone ook F.G. Wolmarans kon insluit en ook dat hy een van die ouderlinge was. Bekend en bemind soos hy was as kerkman en staatsman by beide die generaals,[73a] het dit hom een van die aangewese persone gemaak om die groep ouderlinge te vergesel en selfs as leier op te tree. Ons weet dat hy as lid van die afvaardiging na Sandrivier by die vergadering teenwoordig was, en daarom sou hy beswaarlik verbygegaan kon word.

Die gesprek het dan ook geslaag want „eindelik wordt de tent opengeslagen; de beide vaders van het volk staan met de handen in elkander gesloten; de Bÿbel ligt voor hen opengeslagen; een Godverheerlÿkend gejuich van allen stÿgt ten hemel, en de liefde is in hun midden".[74]

Met die volksraadsitting wat daarop gevolg het[75] het Pretorius die Raad toegespreek oor die sluiting van die Sandrivierooreenkoms met die Engelse en is die finale reëlings oor die vereniging en verdere ooreenkomste tussen Potgieter en Pretorius aan die Krygsraad oorgedra wat op 17 Maart in sitting gegaan het[76]. F.G.A. Wolmarans was een van die veldkornette van kommandant-generaal A.W.J. Pretorius wat ook teenwoordig was.[77] Daarna het die Volksraad weer

59/...

73. Stuart J.: De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika. G.W. Tielkemeÿer, Amsterdam. 1854 bl. 201.
73a. Kyk brief van F.G. Wolmarans aan kmdt.-genl. Pretorius in bylaag 1 hieragter.
74. Stuart, J.: a.w. bl. 201.
75. Volksraadnotules 2, bl. 54 gee die sitting van die vergadering verkeerdelik aan as 17-19 Maart i.p.v. 16-19 Maart 1852.
76. Daar is seker 'n vergissing met die datum 19 Maart 1852 by R.390/52, notule van Krygsraadvergadering, Transvaalse Argiefstukke, bl. 190 en by ad R.390/52a en ad R.390/52b by S.S.4, bl. 127 en 130. Dit is drie van die bestaande vyf afskrifte.
77. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering 16-19 Maart 1852, art. 5. Volksraadnotules 2, bl. 59. Met die oorskryf van die notule het daar foute ingesluip en vind ons F.G.H aan die begin van art. 5 van die notule in Volksraadnotules 2, bl. 57 en in R.390/52, ad. R.390/52a en ad R.390/52b in S.S.4, bl. 125, 127 en 130 resp.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergader en is die Sandrivier-Konvensie „na beraadslaging over iedere bepaling afzonderlyk goedgekeurd",[78] en algaande het alle besware wat daar nog kon wees, verdwyn. Die onafhanklikheid van die gebied noord van die Vaalrivier was nou wel deur die Engelse regering erken, maar dit het nog nie beteken dat ingrypende veranderinge onmiddellik in die konstitusionele struktuur van Transvaal gemaak sou word nie. Die moeilikhede wat vóór die sluiting van die Sandrivier-Konvensie verhinder het dat Volksraadsittings gereeld gehou word,[79] het nog bestaan en dit sou nog baie jare duur voordat die regering van die gebied noord van die Vaal op 'n hegte grondslag geplaas kon word.[80]

Die gebrek aan samewerking van die Lydenburgers, die twis tussen Pretorius, Potgieter en Bührmann, die droogtes en epidemies, die gebrek aan 'n sentrale regering en Uitvoerende mag, en die kafferonluste het veroorsaak dat lede van die publiek en volksraadlede nie na verafgeleë vergaderplekke kon reis nie. Die gevolg was dat die Raad selde voltallig was, dat die volk dus nie verteenwoordig was nie en nie gebonde wou wees aan die besluite nie. So was dit andermaal die geval met die sitting in Junie 1852 te Potchefstroom.[81]

Op die vergadering is besluit om teen Sekwati van die Bapedi op te tree asook teen Mapoch, en om die vuurwapens wat hulle besit het, te gaan afneem, hulle tot diensbaarheid te bring en die gesteelde vee te gaan haal.[82]

Die Kommandant-Generaals kry die opdrag om 'n sterk mag byeen te bring om die kaffers teen die begin van Augustus met krag aan te val, maar ook hier was 'n probleem. As gevolg van droogte, brande en die swak kondisie van die perde[83] het min mense hulle bereid verklaar om aan die veldtog deel te neem. So lees ons in 'n brief van kommandant P. Schutte aan A. Pretorius „dat de menschen van de Veltcornet (F.G.A.) Wolmerans na de komanderen hem allemaal bedank heef op een wynig na. Ik heef van T. Pretorius niet

60/...

78. E.V.R.3. Notule vergadering Rustenburg, 16-19 Maart. Art. 10. Volksraadnotule 2, bl. 61.
79. Die Volksraad was die hoogste gesag en soewerein maar sy invloed was maar gering. Ds. v.d. Hoff lewer die volgende kommentaar oor die Volksraad: „een wonder soort van ligchaam; het is alles,: justitie-raad, hoog en laag geregtshof, hof van appél, met een woord een amalgama". Lauts versameling, A13, Transvaalse Argief. Band 2, 250, bladsy 1 van brief V.d. Hoff aan Lauts, 7/12/1853
80. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 118.
81. Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 67, 68.
Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 118, 119.
E.V,R.3. Notule Volksraadvergadering Potchefstroom, Junie, 1852. Kyk inleiding, Volksraadnotule 2, bl. 70.
82. Ibid. E.V.R.3. Art. 87.
Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 67, 68.
83. E.V.R.3 Kommissieraadsvergadering 12 Junie 1852 te Magaliesberg. Art. 5. Volksraadnotule 2, bl. 86.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer gekregen als 11 man in van Wolmerans 4 en niet meer."[84] Die veldtogte was dan ook onsuksesvol en met 'n nog steeds onveilige toestand aan die wes- en oosgrens was dit onmoontlik om 'n volledige volksraadvergadering te hou ter formulering van 'n nuwe grondwet vir die Republiek. So moes die Oktobersitting ook uitgestel word en moes 'n kommissieraad besluite neem.[85]

In die vergadering is onder andere 'n memorie behandel, voorgelê deur „den Ed. Heer F.G. Wolmarans en den WEd. Heer A.W.J. Pretorius[86] waarin hulle versoek dat 'n klein onderhoud aan die weduwees van die mans wat in die oorlog geval het, betaal behoort te word. As ouderling en Christen het F.G. Wolmarans toesig gehou oor die wel en wee van sy medemens en dit sy plig geag om in hulle belang op te tree. Sy en Pretorius se bemoeienis het ten gevolg gehad dat die vergadering instemmend besluit het om aan die weduwees £1 sterling per maand te betaal en aan die gewondes die doktersgelde te vergoed.[87]

Uit die gesamentlike memorie van F.G. Wolmarans en Pretorius blyk dit andermaal dat daar 'n goeie verstandhouding en vriendskap tussen hulle bestaan het - daarom dat hulle ook oor so 'n saak saam gepraat, geoordeel en opgetree het. Ook oor die sedelike lewe van sy volk het ouderling F.G. Wolmarans gewaak. Hy was lid van 'n kerklike komitee wat moes omsien na die geestelike belange van sy mense. Gedurende die sitting van die Volksraad in Junie 1852 te Potchefstroom is 'n memorie deur hulle ingehandig oor 'n ernstige misstap wat onder hul aandag gekom het.[88]

Met die Oktober-kommissieraadvergadering is besluit om voort te gaan met die optrede teen die kafferstamme.[89]

61/...

---

84. R.417/52. P. Schutte aan Pretorius, 25/7/52. Transvaalse Argiefstukke, bl. 225; Potgieter en Theunissen: a.w. Hoofstuk XXII; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 69,70. (Kyk ook i.v.m. veldtog R.424, 426, 432, 439, 444, 457, 466, 467, 469 van 1852 en R.487, 492a, 512, 528 van 1853, Transvaalse Argiefstukke.
85. E.V.R.3. Notule Kommissieraadsvergadering, Rustenburg, 4 Oktober 1852. Volksraadnotule 2, bl. 86-89.
86. Ibid. art. 6.
87. Ibid.
E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, art. 53. Volksraadnotule 2, bl. 77.
88. Memorie van F.G. Wolmarans, ds. A. Murray en J.A. Neethling en nog 4 ander oor 'n geval van bloedskande, 22/5/52. V.R. 214/52. Volksraadnotule 2, bl. 334-5. Dit is andermaal 'n geval waar die staat en kerk saam opgetree het.
89. E.V.R.3. Notule Kommissieraadsvergadering, Rustenburg, 4 Oktober 1852, art. 2-5. Volksraadnotule 2, bl.87.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat die moontlikheid van 'n voltallige volksraadsitting nog verder in die toekoms geskuif het. Andermaal kon daar net 'n kommissieraadsvergadering te Lydenburg gehou word[90] op 15 November 1852 en te Rustenburg op 20 November 1852.

In Maart 1853 sou die volgende sitting van die Volksraad plaasvind maar by herhaling was dit ook nie voltallig nie sodat vier lede uit die publiek gekies moes word.[91]

'n Brief van F.G. Wolmarans oor die beroep van 'n leraar is behandel maar die vergadering kon hom meedeel dat die groot probleem opgelos is.[92]

By die geleentheid is die twee briewe van professor Lauts in verband met ds. Van der Hoff voorgelê[93] sowel as drie briewe deur ds. Van der Hoff self, gerig aan A.W.J. Pretorius. In antwoord hierop rig die Volksraad 'n brief gedateer 19 Maart 1853 aan ds. Van der Hoff met die woorde „Zoo is dan nu eindelik die blyden dag voor ons verlorenen byna aangebroken (om) eenen herder en leeraar onder ons midden te zien komen.[94]

--- oOo ---

90. E.V.R.3. Kommissieraadsvergadering, Lydenburg, 15/11/52. E.V.R.3. Kommissieraadsvergadering, Rustenburg, 20/11/52. Volksraadnotule 2, bl. 89-96.
91. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering Scheerpoort, 14-24 Maart 1853. Volksraadnotule 2, bl. 96.
92. Ibid. Art. 60, 2, 3 en 4. Volksraadnotules 2, bl. 108 en 97.
93. Kyk V.R. 223/52 en V.R. 225/52. Beide Lauts aan Volksraad, 10/7/1852 en 5/8/1852. Volksraadnotule 2, bl. 345, 347. Kyk ook bl. 41 hierbo.
94. R.510/53. C. Potgieter aan D. van der Hoff, 19/3/1853. Transvaalse Argiefstukke, bl. 322.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE VERWIKKELINGE IN TRANSVAAL GEDURENDE 1853, VANAF DIE KOMS VAN DS. VAN DER HOFF.

Vanuit 'n samelewing met al die geriewe van dié tyd moes ds. Van der Hoff hom nou aanpas in 'n land wat nog maar 'n wildernis was, sonder gereelde posverkeer en ander verbindingsmiddele met naburige gebiede, met 'n handjievol inwoners oor duisende vierkante myle versprei, met die gevaar van wilde diere en kafferinvalle. Hierdie baanbrekerpredikant, die eerste wat bereid was om die Trekkers in hul geestelike nood by te staan, wat om verskeie redes baie laster en vyandskap moes verdra,[1] moes ook as gevolg van die onkundigheid van die mense baie ongerief verduur.

Pas na sy aankoms te Potchefstroom het die ‚hoof'-ouderling, F.G. Wolmarans, vir A.W.J. Pretorius laat weet „dat den Wel Eerwaarde heer van der Hoff den 25 ste deser aangekomen is.[2]

Ds. Van der Hoff se mening was dat hy sy bearbeiding onderworpe aan die Kaapse Sinode moes doen en het stellig verwag dat dit ook die bedoeling was. Daarom het hy met ds. Murray jnr., wat hy na die destydse sinodesitting in Kaapstad ontmoet het, afgespreek dat die hom in Potchefstroom sou kom bevestig.[3]

Na ds. Van der Hoff se aankoms in Potchefstroom het hy egter die teendeel uitgevind en skryf hy kort na sy aankoms aan professor Lauts „men wil van de Kaapsche Synode niets weten".[4] So het onder andere ouderling P. Snyman van Modderfontein (Rustenburg) in 'n brief aan Pretorius uitdruklik die volgende gevra: „Myn heer, sorg tog dat ons tog niet naader verpant wordt aan den Kaap seÿn nooden"[5]

62/...

1. Vir verdere besonderhede kyk
   Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 83, 84.
2. R.538/53. Brief Wolmarans aan Pretorius, 28 Mei 1853. Transvaalse Argiefstukke, bl. 348. Datum foutief. Vergelyk R.542/53, Brief Van der Hoff aan Pretorius, 7 Junie 1853: „den 27sten Mei jl. ... hier ben aangekomen". Transvaalse Argiefstukke, bl. 354.
   Morrees beweer ook verkeerdelik 31 Mei a.w. bl. 773.
3. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 85;
   Morrees, A.: a.w. bl. 774;
   Spoelstra, C.: beweer egter dat die ring van Transgariep alles vir die bevestiging gereël het en ds. Murray aangewys het. A.w. bl. 148.
4. Lauts versameling, A.13, T.A. Band 2, 249. Brief Van der Hoff aan Lauts, 1 Aug. 1853. Bl. 2 van brief.
5. R.497/53. Brief Snyman aan Pretorius, 14 Febr. 1853. Woorde foutief gedruk in gepubliseerde „Transvaalse Argiefstukke 1850-1853", bl.313. Kyk oorspronklike in Transvaalse Argief, S.S. 5, bl. 57 of afdruk in Engelbrecht, S.P.: Historiese Album van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika. J.H. de Bussy, Pretoria. 1948. bl. 17;
   Engelbrecht, S.P.: Album vir die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. H.A.U.M. Pretoria. 1965. bl. 54.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


en is die brief voorgelê aan die sitting van die gesamentlike Krygsraad van die sentrale veldkornette op 31 Mei 1853[6].

Daar is op aandrang van ouderling Snyman en die twee volksraadslede, S. Kruger en M.H. Pretorius wat teenwoordig was, besluit om al die Kerkrade, die volksraad- en die krygsraadslede te vra om op die tweede Maandag van Augustus te Rustenburg byeen te kom[7] Ook is besluit om ouderling F.G. Wolmarans te versoek om, met die oog op bogenoemde besluit, nie voort te gaan met die voorstel van die nuwe predikant nie tot dat die vergadering eers gehou is „alhoewel de godsdienst als naar gewoonte zyn voort gang kan hebben.[8]

Hier het die voormanne andermaal die saak van inlywing by die Kaapse Sinode bespreek en dit blyk uit die bespreking oor die ‚voorstelling' van Van der Hoff en die opstel van nuwe kerkreëls dat daar nie 'n gedagte aan inlywing by die Kaapse Sinode was nie.

As die inlywing wel deurgegaan het, sou eie kerkwette tog onnodig gewees het, met ander woorde die Transvalers het nie gevoel om die Kaapse kerkwette te aanvaar wat een van die voorwaardes van inlywing was nie. Dit lyk asof hulle na die verkryging van hul eie predikant gewoonweg van die inlywing met die Kaapse Kerk afgestap het, veral nou dat die organisatoriese verbondenheid nie meer 'n voorwaarde was ter verkryging van 'n eie predikant nie. Hierdie besluit is geneem voordat Pretorius en Van der Hoff mekaar ontmoet het - daar kon dus geen beïnvloeding plaasgevind het nie.[9]

Op 6 Junie 1853 het die Kerkraad byeengekom onder voorsitterskap van ouderling Wolmarans, die kerkleier van daardie dae wat, soos later sal blyk, een van die was wat heftig teen inlywing gekant was, die man wat geskryf het dat as hulle „onder den Britsche gesag weeder zoude geraken, als er dan maar 99 trek waar heen het syn mag en

64/...

6. Lydenburg was nie op die byeenkoms van 31 Mei teenwoordig nie.
7. Wypkema, A.: a.w. bl. 450;
   R.541/53. Krygsraadnotule 31 Mei 1853. Art 1. Transvaalse Argiefstukke, bl. 349, 350.
   Rex, H.M.: Pretoria van Kerkplaas tot regeringsetel. H.A.U.M., Kaapstad. 1960. bl. 35.
8. R.541/53. Krygsraadnotule, 31 Mei 1853, Art. 3. Transvaalse Argiefstukke, bl. 350.
9. Vergelyk R.542/53. Op 7 Junie vra Van der Hoff in 'n brief aan Pretorius: „Wanneer zal ik het genoegen hebben u te zien?" Transvaalse Argiefstukke, bl. 354.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het woeste, ik den 100ste syn sal".[10] Aldaar is die nodige dokumente van ds. Van der Hoff gekontroleer, en is hy na noukeurige ondersoek as wettige leraar van die Nederduitse Gereformeerde gemeente verwelkom.[11]

Daarna het ds. Van der Hoff die voorsitterstoel ingeneem en die briewe van die aktuarius van die Kaapse Sinode oor die inlywing voorgelê,[12] maar die vergadering het besluit om daarop „geen officiëel antwoord te geven voordat alle Kerkraden hieromtrent gehoord zÿn"[13] Daarop besluit die vergadering op 'n algemene kerklike byeenkoms en word ook besluit om die ander kerkrade en die Volksraad te versoek om „overeen te komen tot het houden eener Algemeene Kerkvergadering".[14]

Net die volgende dag, 7 Junie, stuur ds. Van der Hoff 'n brief aan Andries Pretorius[15] waarin hy hom bedank vir sy brief van 24 Mei met sy aankoms ontvang en waarin hy melding maak van die besluit van die vergadering van die 6de in verband met die inlywing by die Kaapse Sinode, asook 'n pakkie bevattende eksemplare van die Kaapse kerkwet en 'n brief van ds. Faure soos die aan die Kerkraad van Potchefstroom gerig. In die brief spreek ds. Van der Hoff ook die hoop uit dat hulle mekaar spoedig sal kan ontmoet om onder andere „over kerkelyke zaken te raadplegen".[16]

Op 15 Junie hoor ds. Van der Hoff eers skriftelik van die landdros en heemrade van Potchefstroom van die besluite van die Krygsraad (van 31 Mei) om te Rustenburg byeen te kom om onder andere kerksake te bespreek terwyl ds. Van der Hoff reeds gereël het dat ds. A. Murray hom op 31 Julie sou kom bevestig. Dieselfde dag skryf hy dan ook 'n brief aan ds. Murray waarin hy hom vra om sy „overkomst nog wat uit te stellen.[17]

65/...

10. V.R. 3/45. Brief Wolmarans aan Volksraad. Volksraadnotules 1, bl. 159.
11. In die notule van die vergadering te Rustenburg, Aug. 1853, word terug verwys na sy ontvangs te Potchefstroom. S.P. Engelbrecht-versameling, A.371, T.A. Band 48. In verband met die kerknaam kyk Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Hervormde Kerk ..., a.w. bl. 158, voetnoot 36.
12. Dit was die tweede brief in die verband, gedateer 11 April 1853. Daar is nog nooit op die eerste skrywe gereageer nie.
13. Morrees, A.: a.w. bl. 775.
14. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 86; Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 45,46.
15. R.542/53. Brief Van der Hoff aan Pretorius, 7/6/53. Transvaalse Argiefstukke, bl. 354.
16. Ibid.
17. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 87.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Al was Andries Pretorius nie gesond nie, het die besoek waarna ds. Van der Hoff so uitgesien het, kort daarna gevolg toe hy na Potchefstroom moes reis om die Krygsraadsitting van 20 Junie by te woon.[18] Met die ontmoeting het Pretorius sy predikant dringend versoek, in die woorde van Van der Hoff, „om mÿ toch niet door een predikant van de Synode te laten voorstellen voor dat er eene algemeene bÿeenkomst te Rustenburg zou gehouden worden om over die zaak te spreken; want dat hÿ met al zÿn menschen niets van de Synode wilde weten."[19]

Ds. Van der Hoff was ten gunste van inlywing by die Kaapse Sinode en het verwag dat dit bekragtig sou word. Hy was dus baie teleurgesteld oor die besluit van die kerkraadsvergadering van 6 Junie en oor die versoek van Pretorius. Hy vervolg: „Na veel van mÿne zÿde hiertegen ingebragt te hebben, besloot ik aan het verzoek van den achtingswaardige man te voldoen, en met tranen van dankbaarheid in de oogen drukte hÿ mÿ hand, en kon zÿn blÿdschap schier met geen woorden uitdrukken."[20]

Andries Pretorius was onder andere bang vir die geestelike swaart waarmee sir Harry Smith gedreig het, en hy het sonder twyfel vir ds. Van der Hoff daaromtrent ingelig.

Maar Andries Pretorius sou hierdie belangrike vergadering te Rustenburg nie bywoon nie, want op 23 Julie 1853 is hy oorlede.[21] Sy geloof in sy God spreek uit sy hele afskeidsbrief aan die Krygsraad, gedateer 13 Julie 1853: „.... protegeert uwe kerk; als de christelyke godsdienst onder u vervalt, vervalt uw staat, vervalt de zegen van uw land en volk ...."[22]

66/...

18. R.543a/53. Krygsraadnotule, 20/6/53. Transvaalse Argiefstukke, bl. 355, 356.
Preller, G.: A. Pretorius, bl. 479.
L.W. die besoek vind ná 15 Junie plaas en nie voor die datum soos blyk uit Engelbrecht, Geskiedenis Potchefstroom, bl. 46 nie.
19. Eene stem uit de Kaapstad .... a.w. bl. 2.
Van der Hoff het ook 'n dergelike versoek aan ouderling Snyman van Rustenburg ontvang. Ibid bl. 2.
20. Ibid.;
Morrees, A.: a.w. bl. 774.
Lauts versameling, T.A. A.13, band 2, 249. Brief Van der Hoff aan Lauts, 1/8/1853.
21. Preller, G.: A. Pretorius, bl. 479.
Kyk R.555/53. vir vertroostende brief (17/6/1853), van V.d. Hoff aan Pretorius voor sy dood. Transvaalse Argiefstukke 365. Een van die draers was Joh. Wolmarans, die vyfde kind van F.G. Wolmarans. Hy was Assistent-Veldkornet. Kyk R.5556/53. Transvaalse Argiefstukke, bl. 367.
22. De Zuid-Afrikaan 17/10/53. Deel XXIV bl. 2. T.A. Mikrofilm CL. 331.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By sy sterfbed het hy weer die vrees vir die geestelike swaard openbaar toe hy sy seun M.W. Pretorius dit op die hart gedruk het om tog toe te sien dat ds. Van der Hoff hom nie onder die Kaapse Sinode sou plaas nie.[23]

Op die weg wat hy aangetoon het, sou F.G. Wolmarans en ds. Van der Hoff voortarbei tot hul dood, sonder die hulp wat hulle so nodig gehad het, sonder die man wat deur sy rype ervaring en invloed die akute kerkkwessie kon help oplos het en die jong republiek baie wonde gespaar het,

Die gemeentes is gevra om afgevaardigdes na 'n Algemene Kerkvergadering te stuur wat op Maandag 8 Augustus in Rustenburg 'n aanvang sou neem. Van heinde en verre het volksraadlede, kerkraadslede, krygraadslede en belangstellendes uit die publiek op Rustenburg afgestroom want almal het besef dat dit een van die belangrikste byeenkomste in jare sou wees.

Die vorige Saterdag reeds (die 6de) het ds. Van der Hoff en ouderling F.G. Wolmarans op Rustenburg aangekom waar hulle baie hartlik deur die inwoners en aanwesiges verwelkom is.[24] Die volgende dag het ds. Van der Hoff sy eerste diens daar gehou en tagtig kinders gedoop.[25]

Maandag 8 Augustus 1853 is die eerste Algemene Kerkvergadering in die republiek geopen onder voorsitterskap van ouderling F.G. Wolmarans en met die dominee as skriba omdat laasgenoemde „om gewigtige redenen't voorzitterschap niet wenschte te bekleden".[26] Van die vier gemeentes was net Lydenburg nie teenwoordig nie en hulle het ook nie hul volksraadlede afgevaardig na die sitting wat ook toe sou

67/...

23. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 91.
V.d.Hoff, D.: Open brief ... bl. 1. Ds. V.d. Hoff het altyd in Andries Pretorius 'n warme vriend en ondersteuner gevind. Lauts versameling, T.A. A.13 Band 2, 237. Brief van J.J.H. Smuts aan Lauts, 20/9/1853.
24. Lauts versameling, T.A. A.13 Band 2,249. Van der Hoff aan Lauts 1/8/1853;
De Zuid-Afrikaan, Nr. 1866, Do., 18/10/1853; bl. 5. Mikrofilm T.A. CL 331.
25. Waaronder 'n dogtertjie van A.W.J. Pretorius wat kort voor sy dood gebore is. Let wel haar name - in piëteit is sy na haar vader vernoem: Andrietta Wilhelmina Jacomina. Doopboek gemeente Rustenburg, 1850-1865, bl. 67. Ned. Herv. Kerkargief.
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 24.
26. S.P. Engelbrecht-versameling, T.A. A371, Band 48, bl. 1 van notule.
Gerdener, G.: a.w. bl. 206;
Kyk ook Morees, A.: a.w. bl. 776;
Engelbrecht, S.P. Gedagtenisrede op dood van A.D.W. Wolmarans gehou op 22/7/1928. Almanak, Ned. Herv. Kerk, 1929, bl. 92.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


plaasvind nie.[27]

Die eerste punt onder bespreking in die kerkvergadering was die kwessie van inlywing onder die Kaapse Sinode. Die sestien afgevaardigdes onder leiding van F.G. Wolmarans het geoordeel dat die hele saak op hulle „afgeperst" was deur die ultimatum „óf onder de Synode, óf zonder leeraars" en het die inlywing heftig teengestaan.[28] Hoewel ds. Van der Hoff bewus was van die gevoel van die burgers soos deur Andries Pretorius aan hom oorgedra, het hy tog om die woord gevra en 'n halfuur lank die inlywing bepleit en op die voordele en wenslikheid van so 'n stap gewys asook die nadelige gevolge wat uit die weiering kon voortvloei, maar daar staan in die notule: „De geheele vergadering is echter van een geheel ander gevoelen. Haar hoofleus is: burgerlyk vry en onafhankelyk, wenschen wy dit ook in het kerkelyke". Na verskeie „krachtige drangrederen het ds. Van der Hoff besluit om sy toestemming te gee aan die algemene wens van die kerkrade wat volgens die kerkrade ook die algemene wens van die publiek was.[29] Die inlywing is daarop van die hand gewys waardeur baie duidelik die voorafgaande selfstandige kerklike bestaan van die Voortrekkergemeentes bestendig en die historiese lyn ononderbroke voortgesit is.[30]

68/...

27. Sake bespreek te Rustenburg is op die Lydenburgse volksraadvergadering, September, weer ter bespreking voorgelê. E.V.R.3. Volksraadnotule 2, bl. 149-170. Hulle wou nie byeenkom nie omdat hulle deur die krygsraad van die sentrale veldkornetskappe opgeroep is.
28. In die verduideliking van die saak deur ds. Van der Hoff aan Professor Lauts sê hy: „Het zal u echter duidelik warden, als ik u zeg, dat dat verzoek niet alleen Zedelyk is afgeperst, maar ook aan die voorwaarde niet voldoen is. De bedrieging was: Onderwerping aan de Synode in de Kaap, of ge krygt geen Leeraars, want op Holland behoeft ge niet te rekenen, enz enz. Wat moetten ze doen, verlangende als zy waren naar een leeraar? De Volksraad moet teekenen, of de gemeenten hadden tegen hun opgestaan. Men teekende dus nolens volens edoch een belofte van spoedig een Leeraar te zullen krygen". Drie keer het hulle ds. Murray van Bloemfontein beroep maar elke keer het hy bedank. Lauts-versameling. T.A. A.13, Band 2,249. Brief van Van der Hoff aan Lauts, 1/8/1853. Bl. 3. van brief.
29. S.P. Engelbrecht-versameling. T.A. A.371, Band 48, bl. 3 van die notule.
V.d. Hoff, D.: Eene stem uit de Kaapstad ... a.w. bl. 2. „Zoo groot was de blydschap ... dat ik moeite had om de groote schaar van menschen te bedwingen hunne blÿdschap uit te drukken door een luidklinkend hoera".
Kyk ook v. Belkum, a.w. bl. 105.
30. Kyk Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Hervormde Kerk in 1853.... , a.w. bl. 157, 158 en voetnoot 36.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vergadering het aan die Kaapse Sinode kennis gegee dat hulle die inlywing nie kan aanvaar nie om die volgende redes:

1. „Omdat aan de voorwaarde of belofte om ons door bemiddeling der K. Synode, van leeraars te zullen voorzien, niet voldoen is".
2. „Omdat men zich aan de kerkelyke wetten der Nederd. Geref. Kerk in Z. Afrika, onder de Synode niet kan onderwerpen".[31]

Die eerste rede is van minder belang en op die oog af beskou selfs onbillik,[32] maar die tweede moet ons wel van nader besien. In die beswaar was dit nie gemik teen die kerk nie, maar teen die bande wat dit met die Britse regering verbind het. Die Algemene Kerkvergadering van Desember 1855 het dan ook verder aan die gemeentes verklaar dat „de Kaapsche Synode, ofschoon wel niet onder het Engelsch Gouvernement, is en blÿft toch altyd van dat Gouvernement afhankelÿk, want in de eerste plaats bestaat en werkt zÿ bÿ ordonnantie van den Wetgevenden Raad, en ten tweede is zÿ verplicht zekere veranderingen of nieuwe wetten, die zÿ vervaardigt, vóór de uitvoering, door het Engelsche Gouvernement te doen bekrachtigen".[33] So moes ds. Ballot van die gemeente George verlof van die regering kry om sy emeritaat te aanvaar.[34] As die inlywing dus plaasgevind het, sou daar inmenging van die Kaapse goewerneur in sake van Transvaal móés plaasvind en dis algemeen bekend watter vrees daar was vir bemoeiing van die Britse regering in die huishoudelike aangeleenthede van die republiek.[35]

---

31. Morrees, A.: a.w. bl. 776.
S.P. Engelbrecht-versameling, T.A. A.371, Band 48, bl. 4 van die notule.
De Zuid-Afrikaan. Do. 18 Oktober 1853. Nr. 1866, bl. 5. Mikrofilm CL 331, T.A.
Kyk ook van Oordt, a.w. bl. 81, 82.
32. Morrees, A.: a.w. bl. 779.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 94.
Kyk voetnoot 28 hierbo.
33. Eene stem uit Mooirivier. De Hervormer, 15/9/1931, bl. 79-85 en S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 6a.
Kyk vir meer besonderhede oor stryd tussen kerk en regering: Morrees, A.: a.w. Hoofstuk XIX
34. Gedenkboek van die gemeente George by geleentheid van ~~die~~ die honderdjarige herdenking van die kerkinwyding, 1842-1942. George en Knysna Herald. George, 1942. bl.32.
„Die Goewerneur het selfs nog ná 1843 die reg voorbehou om predikante te salarieer en aan te stel." Proklamasie Napier 10.11.1843 by Spoelstra, B.: a.w. bl. 40 en kyk ook bl. 41.
35. Kyk Morrees, A.: a.w. bl. 780.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ander groot beswaar teen die wette van die Kaapse kerk was die kerklike gelykstelling tussen wit en swart terwyl die Voortrekkers op kerklik en staatkundige terrein algehele segregasie toegepas het. So het dr. Robertson van Swellendam op die eerste Sondag in September 1839 die eerste bekeerlinge uit die heidene gedoop en hulle het later saam met die blankes lidmate van die gemeente geword. So het Swellendam vir meer as sestig jaar sy kleurlinglidmate gehad wat die dienste in die kerk bygewoon het en met dieselfde geleentheid as die blankes Nagmaal gebruik het. Wrywing het ook nie uitgebly nie, en gereeld is klagtes ontvang.[36]

Reeds in 1829 was een van die besprekingspunte op die Sinode „Dat het Avondmaal gelyktydig met alle ledematen, zonder onderscheid van kleur of afkomst, worde toegediend" en is na bespreking besluit om daarby te hou - „dat, by gevolg, alle Christen gemeenten, en elk Christen in het byzonder verpligt is, overeenkomstig dezelve te denken en te handelen".[37] Eers in 1857 het die Kaapse kerk huiwerig begin om skeiding aan te beveel soos gedurende die sitting van die Sinode in November van dié jaar.[38] „Die Hervormde Kerk in Transvaal het ondertussen die teenoorgestelde rigting opgegaan. In regsake sou blank en nie-blank volkome gelyk behandel word, maar op sosiale, politieke en geestelike gebied sou geen integrasie of „gelykstelling" geduld word nie.[39].

Ds. Van der Hoff het dan ook dieselfde redes aangegee „De reden van hun (Kerkraad en gemeentelede) was vrees voor gelÿkstelling en inmenging van Britsch gezag".[40]

Dan was daar die Britsgesinde en Skotse predikante wat nou eenmaal 'n ander aanvoeling oor sake gehad het as die republikeinse burgers van die binneland. As hulle enigsins probeer het om die probleme en gesindhede van dié burgers te verstaan, sou die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis seker heel anders gewees het. Ter illustrasie daarvan die volgende:

70/...

36. Alheit, W.A.: Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Swellendam. N.G. kerkpers, Woodstock, 1948, bl. 183.
37. Notule Sinode 9 November 1829, Art. 6. De Handelingen der zeven eerste Vergaderingen, a.w. bl. 71, 72.
38. Ibid. Notule Sinodesitting 6 November 1857. Die beskrywingspunt was van ds. R. Shand van Tulbach.
Kyk ook Morrees, A.: a.w. bl. 595; Gedenkboek van die gemeente George, a.w. bl. 48; Spoelstra, B.: a.w.bl.58-60.
39. Spoelstra, B.: a.w. bl. 60.
Grondwet van die Z.A.R. Volksraadnotules 3, bl. 496 en verder. Vergelyk artikel 9.
40. Muller, P.J.: a.w. bl. 43.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Toe ds. Neethling, die predikant wat die Transvaalse kerk tot inlywing oorgehaal het, na sy besoek in 1871 op sy terugreis Transvaal verlaat en oor die grens Natal binnery, het hy, soos hy later self vertel het, „uit volle borst" die Engelse volkslied „God save the Queen" gesing.[41] „Die Kaapse kerk het dus[42] lynreg in die teenoorgestelde rigting as die Afrikaanse nasionale ontwakinge beweeg".

Met die vertrek van ds. Faure op sy besoek na Natal het die goewerneur aan advokaat H. Cloete geskryf dat, indien na sy oordeel die besoek van ds. Faure in heilsame uitwerking kan hê en deur die burgers begeer word, hy van sy dienste kon gebruik maak.[43] Alhier weer 'n voorbeeld van hoe die predikante van die Kaapse kerk dikwels ingespan en gebruik is om politieke doeleindes te bevorder, soos om die burgers te laat berus onder Britse bewind of om te help om die Engelse taal in te voer. Soms het hulle selfs in eie persoon opgetree om die Britse saak te bevorder soos toe ds. Murray met die Sandrivier-Konvensie as talk opgetree het en met die Britte gesimpatiseer het, en verder toe hy in 1854 saam met dr. Fraser na Londen is om te pleit vir die behoud van die Britse bestuur in die Oranje-Vrystaat.[44] Die laaste optrede van ds. Murray het selfs met goedkeuring van die ring van Transgariep plaasgevind. Weer 'n bewys wat generaal A.W.J. Pretorius met die verwysing na die geestelike swaard bedoel het.[45]

'n Laaste rede vir die besluit van die kerkraadsvergadering was die hoë koste verbonde aan die bywoning van die vergaderings in die Kaap en die meegaande vrees dat dit sou lei tot die instelling van 'n kerklike belasting wat die arm gemeentes nie sou kon dra nie.[46]

71/...

41. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 75, voetnoot 1. Met die dood van Koning George III het die gemeente van Swellendam besluit dat die helfte van die onkoste in verband met die roudiens ens. uit die kerkkas betaal kan word. Dreyer, A.: Geschiedenis van de Gemeente Swellendam. Townshend Taylor en Snashall. Kaapstad. 1899. bl. 27, 28.
42. Spoelstra, B.: a.w. bl. 44.
43. Morrees, A.: a.w. bl. 726.
44. Muller, H.P.N.: Oude Tÿden in den Oranje Vrÿstaat. E.J. Brill, Leiden, 1907. bl. 41.
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 36 en voetnoot 20, bl. 36.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, Voetnoot 1, bl. 98. Optrede ds. van Velden. Ds. Murray het 7 jaar in Engeland te Aberdeen studeer. Morrees, A.: a.w. bl. 745, 756, e.v.
45. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, Voetnoot 2, bl. 88. Preller, G.: A. Pretorius bl. 464, 465.
46. Morrees, A.: a.w. bl. 780, 781.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verder is op die algemene kerkvergadering besluit dat ds. Van der Hoff nie deur ds. Murray voorgestel sou word nie daar hy in Nederland reeds met handoplegging georden was, maar dat ouderling Wolmarans die bevestiging sou waarneem. Hy was wel in die Kaap gelegitimeer[47] en beroepbaar verklaar in enige Nederduitse Gereformeerde gemeente maar ds. Van der Hoff is egter namens die Volksraad deur professor Lauts „beroep" vir die Transvaalse gemeentes en is daar gelegitimeer deur sy aanneming as leraar deur die Transvaalse kerk in sy geheel. In teenwoordigheid van 'n groot skare belangstellendes is ds. Van der Hoff daarop in sy amp as leeraar van die Transvaalse gemeentes bevestig deur ouderling F.G. Wolmarans.[48]

In die vergadering is ook die eerste kieme gesaai van die latere afskeiding van die Gereformeerde kerk toe diaken S.J. Kruger van Rustenburg voorgestel het dat die Gesange uit die erediens verwyder moes word. Later is selfs 'n versoekskrif van buite die vergadering in die verband ingedien, onderteken deur agtien persone, maar dis in die vergadering afgestem.[49]

Die volgende belangrike saak waaraan aandag gegee is, was die organisasie van die kerk en die opstel van 'n kerkwet. Laasgenoemde is deur die vergadering opgedra aan ouderling F.G. Wolmarans en ds. D. van der Hoff. Voorlopig egter sou hulle hulle hou aan die Kaapse kerkwette in soverre hulle nie in stryd was met die aangenome beginsels in die Z.A.R. nie.[50]

72/...

47. Dit beteken dat hy aan die voorwaardes van die kerk voldoen het en beroepbaar verklaar is.
48. Dit is nie bekend hoe hy dit gedoen het nie. Skynbaar is die bevestigingsformulier nie gelees nie. Gegewens wek die vermoede dat dit net by wyse van 'n toespraak geskied het. Dit is ook nie bekend of hy by sy aankoms 6 Augustus kerklik verwelkom is en of dit met sy voorstelling plaasgevind het nie.
Ds. Van der Hoff sou later weer te Lydenburg bevestig moes word. Vergelyk notule Volksraadvergadering, Lydenburg, September 1853 Artikel 30. E.V.R.3. Volksraadnotules 2, bl. 153.
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 54;
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 25;
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 95.
Morrees, A.: a.w. bl. 777.
49. Engelbrecht noem 12 en 19 in twee van sy werke. Vergelyk egter Spoelstra, B. Die „Doppers in Suid-Afrika" 1760-1899. Nasionale Boekhandel, Johannesburg, 1963, bl. 118.
Notule van Algemene Kerkvergadering. S.P. Engelbrecht-versameling, T.A. A.371, Band 48, bl. 6 van notule; De Zuid-Afrikaan, 17 Oktober 1853, Nr. 1867, bl. 2. Mikrofilm CL 331, T.A.
50. Moeilikhede van daardie jare het egter veroorsaak dat die genoemde persone nie dadelik die opdrag kon uitvoer nie. Vergelyk V.R. 415/54. Brief van der Lingen aan Volksraad. 2/12/54. Volksraadnotules 3, bl. 244. Wypkema, A.: a.w. bl. 450.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 'n voorstel dat geen ander Godsdiensgenootskappe toegelaat moet word nie het ds. Van der Hoff daarop gewys dat dit nie by 'n vrye staat tuishoort om iemand van welke geloofsbelydenis ookal, sy godsdiens te verbied nie - hy sien daarin net rampspoedige gevolge.

Hierin is hy net deur diaken M. Robertson ondersteun. Die ander lede en ook die publiek wou volstrek geen ander kerk toelaat nie en is dit so aangeneem. F.G. Wolmarans wat as voorsitter opgetree het kon nie 'n standpunt inneem nie maar toe die saak weer met die gesamentlike Algemene Kerkraads- en Volksraadvergadering van November 1853 te Potchefstroom te berde gebring is en die voorsitter van die Volksraad 'n wysiging in die besluit vra sodat die Lutherse kerk ook toegelaat kon word, gesteun deur Bührmann, het Wolmarans as voorsitter van die Kerkvergadering hul vorige besluit verdedig. Ds. Van der Hoff het daarop gewys dat as hulle uitsluiting beoog, dit dan ten volle moet wees. Ouderling Wolmarans dring daarop op algehele uitsluiting aan en is die Augustus besluit weer herbekragtig.[51]

Die Volksraad wat toe ook in sitting was, was as gevolg van die afwesigheid van die Lydenburgse lede nie voltallig nie, maar dit is deur 'n wettige stemming vergroot tot 'n „volle Volksraad" na die ontvangs van drie memories in die verband[52]. Ook F.G. Wolmarans, as voorsitter van die Kerkraad het in persoon 'n dergelike versoek tot die Volksraad gerig sodat hulle „van hunne gedane verrigtingen voor een Volle Raad verslag"[53] kon doen.

Daarop het die kommissieraad van die Volksraad al die besluite van die kerkvergadering aangeneem onder andere dat ds. Van der Hoff erken word as wettige en geordende leraar en dat hulle nie onder die Kaapse Sinode ressorteer



51. S.P. Engelbrecht-versameling. Ned. Herv. Kerkargief IV/52. Notule Algemene Kerkvergadering, bl. 3 en 9.
52. V.R.299/53, Memorie 8/8/1853; V.R.300/53, Memorie 9/8/1853; V.R. 301/53, Memorie 9/8/1853. Volksraadnotule 2, bl. 439-441.
Die vergadering was eintlik net 'n Kommissieraadsvergadering, selfs nadat dit aangevul is. Eweas in die vorige jaar is in 1853 deur gebrek aan verstandhouding 'n dubbele raadsvergadering belê, een deur die Krygsraad op 31 Mei 1853 vir Augustus, die ander deur die Kommissieraad van Lydenburg vir Junie. Die raadsvergadering te Lydenburg was egter nie voltallig nie en is vier lede bygekies en is besluit dat sake betreffende Lydenburg, beskou sou word asof behandel deur 'n voltallige Volksraad, terwyl sake wat ander distrikte raak, beskou sal word asof deur 'n Kommissieraad behandel. Dit was 'n stap in die rigting van afskeiding. Dit was ook die geval met die sitting te Rustenburg van Augustus en die van September te Lydenburg. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 129, 130.
53. E.V.R.3.Notule Kommissieraadsvergadering, 9 Aug. 1853 Volksraadnotule 2, bl. 136. e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie.[54]

Die kommissieraad het ook 'n brief ontvang van ouderling F.G. Wolmarans namens die Kerkraad waarin hy die Volksraad herinner aan die traktement van ds. Van der Hoff wat hulle goedgekeur het, en vra ook op welke wyse die traktement „zal gevonden worden"

F.G. Wolmarans was goed bewus van die probleem want hy het reeds Rds. 200 voorgeskiet om die predikant te help. So lees ons in die notule van die vierde Algemene Kerkvergadering dat die bedrag uit die kerkkas aan ouderling Wolmarans terugbetaal is „zŷnde deze som volgens kwitansie indertyd door zyn edele betaald aan de heer Jac. Boshoff, die dezelve aan de leeraar (Van der Hoff) had voorgeschoten om te voorzien in zyn behoefte gedurende zyn verblŷf te P.M. Burg".[55] Die kommissie-Volksraad gaan toe oor om die saak te bespreek en besluit „dat alle mannelyke personen boven de 16 jaar en alle vrouwelyke boven de 20 jaar - - ongehuwde verstaande - - zullen betalen een Ryksd., getrouwd of ongetrouwd maakt geene uitzondering, het geld is ieder jaar het zelfde".[56] Die landdros en 'n heemraad sou die geld aan die leraar uitbetaal.[57]

Volgens artikel 30 het die vergadering besluit „om den hoogleeraar Lauts, wonende in Nederland beleefdelyk dank te weten voor het zenden van den Eerw. D. v.d. Hoff

74/...

54. Ibid, Artikel 18 en 19. Volksraadnotule 2, bl. 139. Die Lydenburgers sou op hul sitting van September 1853 nie heelhartig met lg. saamstem nie. Volgens Artikel 31 van die notule is bepaal „Den Ed. Volksraad .... zŷn van gevoelens als meede den Kerkeraad van Lŷdenburg, dat onze Kerk op het oogenblik niet weer is verbonden aan de Synode der Kaap ...." maar is ook besluit dat hulle eers meer sekerheid oor feite wil hê i.v.m. die Kaapse kerkwet voordat hulle oorgaan tot die bedanking van die Sinode. Hulle wou eers nog 'n kerkvergadering belê hê om sake te bespreek. E.V.R. 3. Notule Lydenburgse vergadering, September 1853. Volksraadnotule 2, bl. 153, 154. Vergelyk ook Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Herv. kerk ..., a.w. bl. 160.
55. E.V.R.3. Notule Kommissieraadsvergadering, Aug. 1853, art. 25. Volksraadnotule 2, bl. 140. Oor leen van Rds. 200 kyk notule, S.P. Engelbrecht-versameling IV/52, bl. 17. Ned. Herv. Kerkargief.
56. Ibid art. 26. Die besluit is met die sitting te Lydenburg, Sept. 1853 gewysig,„dat ieder persoon van beiderlei geslacht, boven de 20 jaren of gehuwt, zal moeten betalen Rds.1ter betalen van gemelde traktement". E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Lydenburg, Sept. 1853, Art. 36. Volksraadnotule 2, bl. 154. Hierdie besluit is aangeneem met die sitting van die Volksraad te Potchefstroom, Nov. 1853. E.V.R.4. Notule Volksraadvergadering Potchefstroom Nov. Art. 19. Volksraadnotule 2, bl. 173. Ook by De Zuid-Afrikaan. 17 Okt. 1853, Nr. 1867, bl. 2. Mikrofilm CL. 331, T.A.
57. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Aug. 1853. Art 28. Volksraadnotule 2, bl. 141.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en de reeds hier zynde onderwysers"[58] asook volgens artikel 31, 'n brief aan di. Neethling en Murray om hul te bedank vir hul opofferende diens in tyd van geestelike nood.[59]

Later in die verloop van die vergadering het kommandant-generaals M.W. Pretorius en P.J. Potgieter en ouderling F.G. Wolmarans weer 'n saak aangeraak wat lankal reeds aanhangig gemaak was maar nog nie afgehandel was nie. Op die sitting van die Volksraad van Maart 1853 is Andries Pretorius en veldkornet J.G. Meyer benoem as kommissarisse om die grense van Transvaal langs die Drakensberge en Vaalrivier te bepaal en hulle is aangesê om „alle mogelÿke vleid aan te wende so veel gronde in onse besit te kreigen als met mogelykheid kan gedaan worden, so ver reg en billikheid sulks vereist,"[60] en met die volgende sitting moes hul verslag gee. Ook is A.W.J. Pretorius met die hulp van kommandant-generaal Joubert en J.H. Grobler aangestel tot kommissie om met koning Panda te onderhandel oor die grense van 'n stuk grond wat aan die Republiek afgestaan is.[61]

Met die volksraadsitting te Lydenburg Junie 1853 is die saak weer geopper deur volksraadslid W.H. Jacobsz, maar daar is bepaal dat die sending na Panda sou wag tot die volgende sitting want daar het kennisgewings ingekom in verband met 'n skikking tussen die Britse regering en die emigrante in verband met die lyn van die Drakensberge tot aan die see.[62] Die drie petisionarisse het die saak nou weer geopper omdat hulle bang was dat hulle 'n groot stuk grond sou verloor. As gevolg van omstandighede is die saak egter andermaal uitgestel vir die volgende raadsitting te Lydenburg.[63]

Uit bogenoemde blyk dat F.G. Wolmarans nie alleen die vriend, ondersteuner en raadgewer van die ou leiers Potgieter en Pretorius was nie, maar ook die vertroue van hul opvolgers gehad het met wie hy baie nou saamgewerk het.

75/...

---

58. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Rustenburg, Aug. 1853. Volksraadnotules 2, bl. 141, 142.
    Bedankingsbrief aan prof. Lauts, 13 Aug. 1853. E.V.R.235, (V.R.308/53). Volksraadnotules 2, bl. 539.
59. Notule Volksraadvergadering, Rustenburg, Aug. 1853. Volksraadnotules 2, bl. 142.
    Bedankingsbrief aan die dominees. 12 Aug. 1853. E.V.R.235 Volksraadnotules 2, bl. 536, 538.
60. E.V.R.3 Notule Volksraadvergadering, Maart 1853. Artikel 80. Volksraadnotules 2, bl. 111, 112.
61. Ibid. Artikel 81, 82.
62. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Junie 1853, artikel 35. Volksraadnotules 2, bl. 124.
    V.R.275/53 Brief Jacobsz aan Volksraad. 9 Junie 1853. Volksraadnotules 2, bl. 415, 416.
63. Notule Volksraadvergadering, Aug. 1853. Artikel 45. Volksraadnotules 2, bl. 145.
    Kyk ook art. 47. Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy was 'n man van breë insig en belangstelling, 'n waardige vader by wie die jongeres en die volk aangeklop het om raad. (F.G. was toe 64 jaar oud).

Die volgende sitting waar staatssake bespreek is, was die te Lydenburg in September 1853, waartydens die meeste bepalinge van die sitting te Rustenburg aangeneem is[64] en in verband met die bepaling van die suid-oos grens het die vergadering oorgegaan tot benoeming van die kommissie wat met die Britse kommissarisse moes onderhandel en daarna ook na Natal moes gaan om met die Zulu koning die nodige skikkings te tref.[65] Die vasstelling van die grens is egter telkemale vertraag maar die opdrag van die kommissie sou van krag bly totdat die saak afgehandel is.[66]

Die politieke twis wat vanaf 1845 tussen Lydenburg en die res van Transvaal gewoed het, het ook op kerklike gebied oorgegaan en die Lydenburgers het nie heelhartig saamgegaan in die saak van die verhouding tot die Kaapse Sinode nie. Hulle het 'n halfhartige houding ingeneem[67] en besluit om die Kerkrade te vra om weer byeen te kom in 'n algemene vergadering as die Volksraad weer sou sit om belangrike kerksake te bespreek waaronder die inlywingsaak[68]. Lydenburg was nog 'n integrale deel van die Transvaalse kerk en daarom het hulle die besluit van die Algemene Kerkvergadering aanvaar,[69] maar dié kerkkwessie sou daartoe meehelp dat die Lydenburgers hul afsydige houding (staatkundig) sou behou tot in 1860.[70]

Die algemene gevoel in Transvaal was teen inlywing by die Kaapse Sinode en daar het nog steeds briewe en memories in die verband by die Volksraad aangekom soos die van 9 en 17 November 1853.[71]

76/...

64. Die bepalinge wat gewysig is en in die bespreking van belang is, is reeds in vorige voetnote by die Augustus sitting aangetoon.
65. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, September 1853. Artikel 82. Volksraadnotule 2, bl. 160, 161.
66. E.V.R.4. Notule Volksraadvergadering, Nov. 1853, Art.89. Volksraadnotules 2, bl. 184.
Kyk opmerking Volksraadnotules 2,bl. 542/3.
Vir verdere besonderhede kyk:
E.V.R.235. V.R.373, 342, 372, 391, 374, 339, 392, 354/53.
Volksraadnotules 2, bl. 543/554.
Verslag van besoek aan Panda. R.585, 586/53. Transvaalse Argiefstukke, bl. 402, 403.
67. Vergelyk voetnoot 54 hierbo.
68. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Lydenburg, Sept. 1853, artikel 32. Volksraadnotules 2, bl. 154.
Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 131.
69. Kyk Pont, A.: Die vestiging van die Ned. Herv. Kerk, a.w. bl. 160.
70. Morrees, A.: a.w. bl. 801.
Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 157.
71. R.569/53. (33 handtekeninge) en
R.575/53. (62 handtekeninge).Transvaalse Argiefstukke, bl. 389.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos bepaal het die Volksraad op 21 November 1853 op Potchefstroom vergader asook die afgevaardigdes van die verskillende Transvaalse gemeentes in 'n Algemene Kerkvergadering, en in beide vergaderings was die Lydenburgers die keer teenwoordig. In artikel 2 van die volksraadnotule word bepaal dat die kerksake die volgende dag om agtuur bespreek sou word. Kerkrade is daarvan in kennis gestel.[72] Toe dit daarop in die gekombineerde vergadering onder bespreking kom is „na rype overweging der Ed. Volksraad aangaande de inlywing deeze gemeente met de Kaapsche Synode" besluit om by hul vorige besluit te bly en is hul voorstel „geheel en al terug getrokken ...."[73]. Die Lydenburgers wou nog dit en dat weet maar ouderling F.G. Wolmarans het met oortuiging en krag teen die inlywing gepraat en hierdie keer is hy sterk deur ds. Van der Hoff gesteun.[74] Daarop is aan C. Potgieter en H.A. Pretorius opdrag gegee om 'n brief in die verband aan die Kaapse Sinode te skryf.[75] Die saak is baie duidelik in 'n netjiese brief gestel en die skrywers konkludeer as volg: „De Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Z. Afrik. Republiek beschouwt zich dus als eene onafhankelyke kerk, onder haar eigen bestuur".[76]

So het die inlywing onder die Kaapse Sinode nooit plaasgevind nie.

Terwille van die belangrikheid van die saak en omdat dit in die latere bespreking van die leidende rol van A.D.W. Wolmarans, die kleinseun van F.G.Wolmarans, met die kerkvereniging van 1885 van belang is, is die kerklike verhouding tussen die Transvalers en die Kaapse Sinode breedvoerig geskets en moet hier ook nogeens op die ontleding van die saak ingegaan word.

Dit moet weer duidelik beklemtoon word dat die gemeentes in Transvaal altyd kerklik onafhanklik was en nooit verbonde was aan die Kaapse Sinode nie.[77] Dit word onder andere bewys deur die hele bespreking ter inlywing en die bepalinge wat eers aangeneem moet word voor inlywing kon plaasvind. Ook in die konstituering van die ring van Transgariep (1850) word die Transvaalse gemeentes nie genoem nie.

77/...

72. E.V.R.4. Notule Volksraadvergadering, November 1853. Volksraadnotules 2, bl. 170.
    V.R.358/53. Brief V.d. Hoff aan Volksraad, 21/11/1853. Volksraadnotules 2, bl. 500.
73. Preller, G.: A. Pretorius, a.w. bl. 463.
    E.V.R.4. Notule Volksraadvergadering, Nov. 1853. Art. 9. Volksraadnotules 2, bl. 171.
74. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 97.
75. E.V.R.4. Notule Volksraadvergadering, Nov. 1853. Art. 13. Volksraadnotules 2, bl. 172.
76. E.V.R.235. (V.R.360/53.) Volksraadnotules 2, bl. 541,542. Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 582-583.
77. Kyk Spoelstra, B.: a.w. bl. 91.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Ds. Lindley het dan ook nie gemeentes van die Nederduitsch Gereformeerde kerk sedert 1842 in die Transvaal en Oranje-Vrystaat gestig nie[78] want hy het nie tot die Kaapse kerk behoort nie en ook geen opdrag in die verband van hulle ontvang nie.

Die voorstel om inlywing onder die Kaapse Sinode het ook nie, soos dikwels beweer word,[79] gekom van die kant van die Transvaalse gemeentes nie - nee, hulle versoek in die persoon van die heer Schutte was dat hulle wéér 'n predikant wou beroep en hulle het ds. Neethling daarop gevra om hul in die verband te help. Daarop kom ds. Neethling met vier voorwaardes vir sy hulp, waaronder inlywing onder die Kaapse Sinode. Hierdie tydelike bepalinge, wat deur die Volksraad en gekombineerde kerkraadsvergadering aangeneem is, moes egter eers aan die Sinode ter goedkeuring voorgelê word vanwaar die finale voorwaardes sou kom, en dié moes dan eers deur die Transvaalse gemeentes en Volksraad finaal bekragtig word voordat die inlywing as wettig en bindend beskou kon word.

Die finale voorwaardes is egter nooit aanvaar nie.

Met die aanvaarding van die inlywing deur die Kaapse Sinode met hul sitting van 1852, is die inlywing deur hulle na bewering as 'n voldonge feit beskou.[80] Die Kaapse kerk, bewus van die Emigrante se sestienjaarlange behoefte aan predikante, het dit as finaal beskou omdat hulle nooit aan die moontlikheid gedink het dat die inlywing miskien kon misluk nie. Maar dat dit nie finaal was nie, blyk uit die opmerking van ds. Faure, drie maande na die sluiting van die Sinode, dat hy twyfel of Transvaal die voorwaardes sal aanvaar. Daarby was dit dan ook nie net 'n terloopse opmerking van ds. Faure nie want toe hy geen bevestiging van Transvaal verneem nie, het hy andermaal op 11 April 'n twéédе brief oor die inlywing aan die Transvaalse gemeentes gestuur, want hy moes sekerheid hê of die inlywing goedgekeur is - dit was dus géén blote kennisgewing nie.[81] Ook het ds. Faure op 27 Oktober 1853 na Holland geskryf dat hy vermoed dat die inlywing verwerp is en die Sinodale Kommissie dus „alle bevoegdheid miste" om hom in die Transvaalse kerklike sake in te meng.[82] Dit sou eienaardig wees dat juis die aktuarius so 'n fout sou maak.

78/...

78. Vgl. Scholtz, G.D. Die geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. kerk van Suid-Afrika, 1842-1885 bl. 27, 48, 51.
79. Morrees, A.: a.w. bl. 767, 779.
Spoelstra, C.: a.w. bl. 140.
80. Morrees, A.: a.w. bl. 768, 769.
81. Ibid. bl. 779.
82. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 114.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens Morrees het die Sinode geen ander voorwaardes gestel nie.[83] Tog was die voorwaardes van inlywing van die Sinode ontvang, van 'n meer presiese inhoud en ander terminologie as die vier vrae waarop oorspronklik bevestigend geantwoord is. Die woorde „deze gemeenten worden geheel en al bestierd naar de wetten en bepalingen van de N.G. kerk van Z-A" is veel presieser en harder as die oorspronklike woorde in die verband: „en blÿven de gemeenten alhier hoewel burgerlÿk afgezonderd, geestelÿk onder de zorg en het gezag van de Synode". Dadelik het die aandag nou op die Kaapse kerkwette geval waarvoor die Transvaal huiwerig was en waarop hulle besluit om hul eie wette saam te stel.

Dan het daar 'n bepaling bygekom nl. „zÿ zorgen voor de reiskosten hunner afgevaardigden naar Ring en Synode". Die hoë koste het die gemeentes afgeskrik en hulle was bang vir 'n kerklike belasting wat die verarmde gemeentes nie sou kon dra nie.[84]

Ook die besluite en die bewoording daarvan van die vergaderings te Rustenburg en Potchefstroom, bewys dat die Transvaalse kerk hulle nooit reeds as ingelyf beskou het nie. Na die invloed van ds. Neethling en Murray verdwyn het en hulle die finale voorwaardes van inlywing ontvang het, besluit hulle dat hulle „de inlyving van deze onze Kerk ..... niet erkent en terug trekt". Dit was dus nog maar 'n voorstel want alleen so iets kan „teruggetrek" word. Reeds kort na sy aankoms in Kaapstad het ds. Van der Hoff aan professor Lauts geskryf dat die vereniging net mondelings en nie skriftelik was nie.[85] Ook met die Desember vergadering is besluit: „na rype overweging .... aangaande de inlyving deeze gemeente ..... is geheel en al terug getrokken".[86]

Ook toe ds. Van der Hoff in Transvaal aangekom het en hulle hom oor die inlywing gepols het, het hy geantwoord „dat zÿ 'n vrÿ volk waren .... en dus ook hun eigene Kerkelÿke wetten konden hebben, indien zÿ dat verlangden",[87] waaruit blyk dat hulle nie reeds ingelyf was nie. Ook die aanwysing van F.G. Wolmarans om die nuwe predikant te bevestig voor sy aankoms reeds, bewys dat hulle hul nie as ingelyf beskou het nie.

79/...

83. Morrees, A.: a.w. bl. 769.
84. Ibid. bl. 781.
Spoelstra, C.: a.w. bl. 134, 135.
85. Lauts-versameling, T.A. A13, Band 2, 246. Brief 10/3/53.
86. E.V.R.3. Notule Kommissieraadsitting, Aug. 1853. Volksraadnotules 2, bl. 139.
E.V.R.4. Notule Volksraadvergadering, Nov. 1853, Volksraadnotules 2, bl. 171.
87. Morrees, A.: a.w. bl. 782.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die besluit van die gekombineerde kerkraad (geneem uit moedeloosheid en onder dwang na die ultimatum van ds. Neethling ter verkryging van 'n predikant) was ook nie skriftelik nie. Hul versoek is mondelings aan die Sinode te Kaapstad oorgedra.

Volgens die bestaande kerkordonnansie van 1843 kon die gemeentes van Natal, Oranje-Vrystaat en die Z.A.R. nie behoort tot die Nederduitsch Gereformeerde kerk in die Kaap nie en is hulle verkeerd ingelig deur die prokureur-generaal Sir William Porter in sy interpretasie, want met die Loedolfsaak (Hooggeregshof-uitspraak) van 1862 is die kerk in die ongelyk gestel en was die goedkeuring van die inlywing van die kant van die Sinode onwettig. Die Transvalers het geredeneer „Elk vrÿ en onafhankelÿk volk, dat zÿn burgerlÿk bestuur heeft, is ook verpligt zÿn eigen kerkelyk bestuur te regelen.[88] Hierin het die hofuitspraak hulle volkome gelyk gegee.[89]

Die brief van die gekombineerde vergadering te Potchefstroom aan die Kaapse Sinode (kyk bl. 76) was vergesel van 'n dergelike brief afkomstig van die Algemene Kerkvergadering waarin ook die volgende voorkom: „..... de Ned. Gereformeerde[90] Kerk in deze gewesten wenscht, ofschoon onafhankelÿk, een band van vereeniging aan te knoopen, ten doel hebbende de algemene belangen der Ned. Gereformeerden in Zuid-Afrika te behartigen, en wederzydsch elkander die broederlÿke diensten te bewyzen, die het Evangelie zÿnen belÿders voorschrÿft of beveelt". Hierdie brief was onderteken deur F.G. Wolmarans, Praeses en D. v.d. Hoff, Scriba.[91] Die geestelike verband wou hulle dus nog behou maar organisatories wou hulle 'n selfstandige en aparte kerk wees, en wou hulle ook behandel word soos die sendelinge van Basoetoland waaroor die Sinode op 19 Oktober 1852 besluit het: „De Broeders zendelingen der Franse Gereformeerde kerk,

---

88. Herderlike brief aan die gemeentes, 28/12/55, punt 4 by Spoelstra, B.: a.w. bl. 107.
89. Spoelstra, B.: a.w. bl. 107.
    Kyk in die verband ook verder:
    Pont, A.: Die vestiging van die Ned. Herv. Kerk ... a.w. bl. 152-156.
    Du Toit, S.: a.w. bl. 123, 125.
    Dreyer, A.: Geskiedenis van de Gemeente Swellendam a.w. bl. 22.
90. Kyk Pont, A.: Die vestiging van die Ned. Herv. kerk ... a.w. bl. 158, Voetnoot 36.
91. Ibid.
    Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 583 en 586. Ook die woorde: „Hiermede wordt echter niet te kennen gegeven, dat zÿ zich afsnÿdt of afscheurt van hare oude Moeder kerk. In geenen deele. De dochter wil nog gaarne met hare moeder in kinderlyke betrekking blÿven."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



arbeidende in het Basutoland en elders, te erkennen als medebroeders, geordende Evangelie Dienaars eener Zuster Kerk, verbonden door de naauwste banden van gemeenchappelÿk geloof". Hierdie besluit is ook aan die Volksraad van die Oor-Vaal gestuur.[92]

Die reaksie van die Kaap was egter die van verontwaardiging[93] wat die verhouding net verder bederf het en in plaas van heling en begrip is net verdeeldheid gesaai. Een van die beskuldigings was dat ds. Van der Hoff die Transvalers teen die Kaapse Sinode opgerui het en hul oorgehaal het om die inlywing te weier. In die verband antwoord ds. Van der Hoff egter in sy brief aan ds. Jooste (een van sy beskuldigers): „De oorzaak van dien afval is de gemeente. Tot getuigen roep ik op al de oude emigranten, die destÿds de drÿvers van die zaak waren. Ik zal hier enkelen by name noemen, als: Ph. Snÿman, Ph. Schutte, Gerrit, Paul en Douw Kruger, G. Engelbrecht, Th. Steyn, J. Kok, Wÿnand Smit, D. Jacobsz, de Familiën Wolmarans, Lombard en anderen".[94]

Soet in die mond klink egter die woorde van G. Preller: „Die verskeidenheid wat na veel onplesier en verbittering langs dié weg gelei het tot die ontstaan van drie verskillende kerkgenootskappe in Transvaal, mag nie as onvermengde kwaad veroordeel word nie. Dit het die nasie nie tot nadeel gestrek nie. In die perspektief van die jare en die onbevangenheid daarvan besien, moet, inteendeel, erken word, dat een en ander die nasie tot seën gewees is. Dit is een van dié verskynsels gewees, wat sy uitwerking ten goede gehad het ook op 'n gesonde nasionale ontwikkeling".[95]

---oOo---

92. Kursivering deur my.
Die Handelingen der zeven eerste vergaderingen, a.w. Notule vergadering, 19 Oktober 1852.
93. Vergelyk Spoelstra, C.: a.w. bl. 148 e.v.
94. Van der Hoff, D.: Open brief aan ds. J.P. Jooste, bl. 1. S.P. Engelbrecht-versameling IV/10. Ned. Herv. Kerkargief. (Kursivering deur my.)
Pont, A.D.: Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892. Kemink en Zoon, Utrecht, 1955. bl. 104.
Vergelyk ook die briewe van ds. van Velden; C. Spoelstra met sy minagting teenoor v.d. Hoff bv. dat hy „slechts een creatuur was van de Potchefstroom party" bl. 151. Vergelyk wat dr. B. Spoelstra in die verband sê, a.w. bl. 108, en Morrees, A.: a.w. bl. 775.
95. Preller, G.: A. Pretorius, a.w. bl. 464.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

## DIE AANDEEL VAN DIE FAMILIE WOLMARANS IN DIE STAATKUNDIGE GESKIEDENIS VAN TRANSVAAL, 1854 - 1860.

Intussen het sake vir die Engelse in die Oranjerivier-Soewereiniteit al moeiliker geword. Die Britse belastingbetaler moes maar gedurig diep in die sak delwe om die durende onkoste te dra; die internasionale politiek het al die Britse aandag nodig gehad en die Basoetoprobleem het nog gewag om opgelos te word. Na 'n volgende neerlaag van die Britte te Bereaberg Desember 1852 teen die Basoeto's het goewerneur sir George Cathcart hom verskeie kere[1] ten gunste daarvan uitgespreek dat die Britse gesag teruggetrek moet word en bygevoeg dat 'n vereniging van al die Trekkers noord van die Oranje, met Pretorius as president, ten gevolge sou hê dat Panda en Mosjesj in toom gehou sou word en dat dit vir die Engelse makliker sou wees om met een Boeregemeenskap te onderhandel as met die twee kafferkapteins.[2]

Reeds in Maart 1853 het die hertog van Newcastle daarop reageer en aan Cathcart laat weet dat hy 'n spesiale kommissaris, sir George Clerk, sou stuur om die Britse gesag op te hef.[3] In Augustus was sir G. Clerk in Bloemfontein en in September het die onderhandelinge met die inwoners begin, waarop die gebied tussen die Oranje en Vaal, na ses jaar onder Britse bestuur, hul onafhanklikheid teruggekry het op 23 Februarie 1854.

In Transvaal het M.W. Pretorius al sy aandag gegee aan die daarstelling van 'n sentrale regering vir die Z.A.R. Sy eerste poging in die rigting was sy skrywe aan die Volksraad wat in September 1853 in sitting was te Lydenburg (kort na die dood van sy vader reeds) in verband met die aankoop van twee plase langs die Apiesrivier om sodoende 'n sentrale plek te hê waar die Volksraad en die regering kan setel.[4] Die voorstel is agter van die hand gewys volgens artikel 80 van die notule.[5] Lydenburg was reeds afsydig op

82/...

1. Eerste keer voor slag van Berea, reeds op 20 September 1852. Daarna in Julie, Augustus, Oktober en November 1853.
   Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 134, 135.
2. Ibid. bl. 135.
3. Kyk R.610/54. Bevestiging van Cathcart op vraag van Pretorius 14 Jan., dat die Britte hul gesag gaan terugtrek uit die gebied noord van die Oranje.
4. V.R.310/53. Brief Pretorius aan Volksraad, 23/8/53. Volksraadnotules 2, bl. 445, 446.
5. Saak eerste keer aangehaal met Kommissieraadsvergadering, Rustenburg 9/8/53, art. 50, maar uitgestel vir volgende sitting. E.V.R.3. Notule van vergadering, Augustus 1853. Volksraadnotules 2, bl. 146.
   Kyk ook V.R.312/53 en V.R.318/53. Volksraadnotules 2, bl. 448, 449 en 456. Afgekeur met sitting te Lydenburg, art.80 E.V.R.3. Volksraadnotules 2, bl. 160.
   Rex, H.M.: Pretoria van kerkplaas na regeringsetel bl. 40 en 41.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


staatkundig en kerklike gebied en sou op die stadium geen ander „hoofplaats" as Lydenburg erken nie.[6]

Die volgende stap van Pretorius en sy ondersteuners was om die nuwe volksraadinstruksies soos in September 1853 aangeneem, toegepas te kry. Die nuwe instruksies[7] het bepaal dat die Volksraad voortaan uit twaalf lede (artikel 1) sou bestaan en dat kiesers slegs persone uit hul eie distrik tot volksraadlede kon kies (artikel 3).

Die gevoel van die publiek was egter nie eensgesind nie en dit is bepaal dat die volk met die volgende raadsvergadering nogeens oor die getalsterkte kon stem.[8] Op 7 Junie 1854 het die sitting te Rustenburg 'n aanvang geneem en was daar (nog volgens die ou reëling) sestien lede teenwoordig.[9]

Een van die eerste take van die vergadering was om twee nuwe lede in te sweer. So lees ons in artikel 3: „De Ed. Raad is overgegaan om den Heer F.G.A. Wolmarans te doen in zweren als Lid der Ed. Volksraad, gekosen uit het district Potchefstroom .....".[10] So het die een-en-veertigjarige F.G.A. Wolmarans (F.G.'s seun) van sy posisie as veldkornet gevorder om sy distrik nou in die hoogste regeringsliggaam van sy staat te verteenwoordig. Interessant is dit dat hy as nuweling nog nie op hoogte van sake was nie en versigtigheidshalwe in 'n bespreking (artikel 10) buite stemming gebly het en hom ook 'n boete van Rds.50 op die hals gehaal het toe hy „buiten permissie van den President zyne plaats als raadslid verlaat" het. Die Landdros van Mooirivier is daarop „gelast deze boete dadelyk in te vorderen".[11]

In die bespreking oor die getalsterkte van die Volksraad is verskeie memories behandel waaruit geblyk het dat 807 persone vir 'n Raad van 12 persone gestem het en 196 vir die ou samestelling, en gaan die Raad daartoe oor om die raadsbesluite in die verband van die vorige November-vergadering te herbekragtig.[12]

83/...

6. Vir meer besonderhede kyk Rex, H.M.: a.w. hoofstuk 1.
7. E.V.R.3. Vergadering Lydenburg, September 1853, art. 88. Volksraadnotules 2, bl. 163.
Kyk ook E.V.R.4. Vergadering Potchefstroom Nov. 1853. Art. 5 en 126. Volksraadnotules 2, bl. 171 en 126.
Kyk grondwet van 1853 by V.R.341/53. Volksraadnotules 2, bl. 476.
Hierdie instruksies kom baie ooreen met die van Natal van Oktober 1838.
8. Kyk ook Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 149.
9. E.V.R.5. Notule vergadering Rustenburg, Junie 1854. Volksraadnotules 2, bl. 9.
10. Ibid. art. 3.
11. Ibid. art. 10 en 37. bl. 10 en 14.
12. Ibid. art. 6 en 7., bl. 9 en 10.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Met die stemming in die Raad self of die vergadering hulle nou dadelik volgens die bepaling sal inrig, na 'n versoek van 'n groot deel van die publiek in dier voege het F.G.A. Wolmarans en J.A. Grobbelaar nie gestem nie „uit hoofde hun Ed. geen wet bekend is, die hen belet om met 12 leden te zitten of meer, als de Ed. Raad genegen ben en daarmede overeen kan komen de stemmen eenzydig te winnen, als het maar de rust en vrede kan bevorderen.[13] Dit het egter nog 'n hele bespreking uitgelok (artikel 8 tot 16) toe uiteindelik besluit is „de Ed. Raad zal voortgaan met alle verrigtingen met 12 leden", en is dit daarop vasgestel en bepaal dat 'n nuwe verkiesing voor die volgende sitting moes plaasvind.[14]

Die opposisie teen die vaste en beperkte aantal volksraadlede het hoofsaaklik van die Lydenburgers gekom want hulle het besef dat hul invloed so baie sou verminder.[15] Die ou Potgietergroep was ook teen die nuwe maatreël en sou van hulle vyf memories inkom wat op die volgende vergadering behandel sou word.

Menigvuldige kafferonluste[16] was daarvoor verantwoordelik dat die volgende volksraadvergadering eers die volgende Junie 1855 te Rustenburg gehou is.[17] Die vergadering is byeengeroep deur 'n kommissieraadsvergadering wat in Maart 1855 te Lydenburg gehou is (eintlik die uitsluitlike doel van die vergadering) en het hulle verklaar „dat den toestand van dezen Republiek zoodanig is dat het houden eener Algemeene Volksraadsvergadering geen langer uitstel lyden kan, door dien H(un) Ed. openbaar bemerken, dat de bezoekende en straffende Hand Gods ons bezoekt".[18]

By die Junievergadering het egter andermaal te veel lede aangemeld naamlik vyftien waaronder F.G.A. Wolmarans.[19]

84/...

---

13. Ibid. Art. 8, 9 en 10, bl. 10. In notule hier verwarrend aangegee as F.G.
14. Ibid. Art. 16, 46 en 45 op bl. 9, 10 en 15. Daarop moes twee Lydenburgers en een Rustenburger die vergadering verlaat.
15. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 101; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 150.
16. Teen Mahoera, Kafferstamme in Mariko en teen Makapan. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 153.
17. M.a.w. daar was in die hele 1854 net een voltallige Raadsvergadering en ses Kommissieraadsvergaderings. Volksraadnotules 3, bl. v.
18. E.V.R.3, Notule Kommissieraadsvergadering, Maart 1855, Lydenburg. Art. 3 en 4. Volksraadnotules 3, bl. 40, 41. Aanhaling by Wichmann is woorde uitgelaat „en trachten het kwaad onder ons weg te doen". a.w. bl. 155.
19. E.V.R.3. Notule Volksraadsitting Rustenburg, Junie 1855. Volksraadnotules 3 bl. 42.
F.G.A. Wolmarans was teenwoordig. In die presensielys word hy aangegee as „F", bl. 42 maar die handtekening op bl. 86 is „F.G.A.". (Volgens die notule van die volksraadvergadering 1-19 Junie by S.S.10 T.A. bl. 72 word ook verkeerdelik die indruk geskep dat dit F.G. Wolmarans was.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hierbo genoemde vyf memories[20], met agt versoeke, geteken deur honderd-en-sewentig persone uit Zoutpansberg, Rustenburg en Potchefstroom, waarin hulle onder andere 'n Raad van 24 lede aanvra, is daarop behandel (artikel 9), maar kon „geen voldoenlyk antwoord geven" waarop hul besluit „ten overvloede" nog 'n keer aan die publiek die kans te bied om te kies. Op die volgende sitting sou dit dan finaal bepaal word.[21]

Die oplossing het egter ook nie gekom nie want na die vergadering is daar nie eers tot 1860 weer as 'n verenigde gebied in 'n Volksraad vergader nie as gevolg van die afskeiding van Lydenburg. Onder die nuwe grondwet, na die vereniging met Lydenburg 1860, het die Volksraad uit 12 lede bestaan. Die saak is egter eers finaal geskik en die oorspronklike besluit van September 1853 bevestig toe die grondwet in 1873 so gewysig is.[22]

„Hierdie skynbare onbelangrike getwis en gehaspel oor die getalsterkte van die Volksraad dui aan hoe moeilik dit was vir die Transvalers om tot eensgesindheid te geraak en hoe beswaarlik dit gegaan het om 'n wysiging in die regeringsvorm by hulle ingang te doen vind."[23] Rede hiertoe was die gebrek aan die nodige kontak wat onenigheid in die hand gewerk het.

In sy poging tot die herorganisering en stabilisering van die Transvaalse regering het M.W. Pretorius by advokaat C.J. Brand[24], die voorsitter van die Kaapse parlement, aangeklop om hulp in die samestelling van 'n nuwe grondwet. Advokaat Brand het belanggestel in die sake van die Republiek en hulle as sy „vrienden en Landgenoten" beskou en daarom het hy in 'n brief[25] aan die Volksraad op die noodsaaklikheid gewys dat hulle 'n grondwet moes hê en regsgeleerdes moes aanstel.

85/...

20. V.R.422,421,423/55. Volksraadnotules 3, bl. 280-282.
21. E.V.R.3. Notule volksraadsitting, Rustenburg, Junie 1855. art. 9 en 169. Volksraadnotules 3, bl. 43, 85.
22. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 151.
23. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 151.
24. Dit is dieselfde Brand wat 'n memorie ingedien het dat daar nie Engelse dienste in die bestaande Kaapstadse kerkgeboue gehou moes word nie, maar indien nodig in aparte geboue. Hy was ook die vader van die latere president Brand van die O.V.S. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 35, 88.
25. V.R.396/54. Brief Brand aan C. Potgieter, 5/1/54, met naskrif van 31/1/54. Volksraadnotules 3, bl. 203. Brief in Lydenburg ontvang 23 Jan. 1855, en 2 Febr. 1855 afgehandel. Wichmann wek 'n verkeerde indruk deur die woorde „brief eers na verloop van 'n jaar ....... beantwoord". Kyk a.w. bl. 155.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Lydenburgers wat die brief ontvang het, was egter nie met Brand se advies gediend nie omdat die baie met M.W. Pretorius se sienswyse ooreengekom het en omdat hy hom gunstig oor ds. Van der Hoff uitgespreek het.[26] Daarop het hulle as Kommissieraad voorlopig op die brief geantwoord en daarin staat- en kerksake beoordeel soos uit die oogpunt van die Lydenburgers gesien.[27]

Soos die prosedure was, het die Volksraad die besluit van die bogenoemde Kommissieraad onder oë geneem met hul vergadering van Junie 1855[28] en is daar met sewe teen vyf stemme besluit dat die antwoord van die Kommissieraad aan Brand nie goedgekeur kan word nie, „om reden er 7 stemmen zyn tegen 5". Die vyf wat die antwoord afkeur, waaronder F.G.A. Wolmarans, voel dat hulle 'n teengeskrif teen bogenoemde skrywe wil stuur omdat hulle „volmaakt van hetzelfde gevoelen zyn als de Heer Brand omtrent den Eerwaarde D. van der Hoff".[29] Dieselfde vyf het ook afdelings 3,4,5,7, 8 en 9 van die Lydenburgers se antwoord aan advokaat Brand verwerp wat almal besware, beskuldigings en kritiek teen ds. Van der Hoff ingehou het.[30]

Tydens dieselfde sitting ontvang die Volksraad 'n tweede brief van advokaat Brand[31] waarin hy die ontvangs van die brief van die Kommissieraad van 2 Februarie erken en hul meedeel dat hy van plan is om net na die verdaging van die Kaapse Parlement die Republiek op eie koste te besoek en vra hy dat hulle hom net in Port Natal moet kom afhaal.

Agt lede aanvaar sy aanbod op voorwaarde dat hy as vriend moet kom en nie in sy hoedanigheid as president van die Kaapse Volksraad nie en ook nie as gemagtigde van die Kaapse regering nie. Drie lede waaronder F.G.A. stem ook daartoe maar onder voorwaarde dat hulle eers die gevoel van

86/...

---

26. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 156.
27. Notule Kommissieraadsvergadering, Lydenburg, 2 Febr. 1855, art. 7. Volksraadnotules 3, bl. 38.
E.V.R.235. Brief aan Brand, 2/2/55, Volksraadnotules 3, bl. 330-336. So was daar 'n wedersydse beïnvloeding van die verdeeldheid op kerklike gebied en die onenigheid op politieke gebied. Oor en weer is die kerklike en burgerlike twiste hoog aangeblaas en sou die kerklike skeiding uitloop op 'n skeuring in die staat.
28. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Rustenburg, Junie 1855. Art. 35-39. Volksraadnotule 3, bl. 47-48.
29. Ibid art. 35.
Besluite moes op die stadium met 'n $\frac{3}{4}$ meerderheid geneem word. Kyk V.R.439/55. Volksraadnotules 3, bl. 338, 339.
30. E.V.R.235. Ibid. Volksraadnotules 3, bl. 330-336; Notule Volksraadvergadering, Junie 1855, arts. 36-41. Volksraadnotules 3. bl. 48,49.
31. V.R.431/55. Brief Brand aan Pretorius, 10/5/55. Volksraadnotules 3, bl. 292, 293.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die publiek wil inwin of hulle sy koms nodig vind en dat met die September-sitting antwoord gegee moes word. So het die stelsel om die gesindheid van die volk te toets, alhoewel uiters demokraties, tog daartoe gelei dat wetgewing dikwels vertraag is en dat goeie voorstelle en planne soms nooit werklikheid geword het nie.[32]

Sy besoek is dus nie met driekwart stemme goedgekeur nie[33] en besluit die vergadering om aan Brand te skryf getrou volgens die inhoud van die gehoue bespreking oor die voorgestelde besoek sodat hy presies kon weet wat die gevoel van die raadslede oor sy besoek was.[34] Die finale antwoord sou dus moes wag vir die goedkeuring van die publiek met die September-vergadering.[35]

Met die vergadering in September was daar veertien volksraadlede teenwoordig en is besluit dat twee persone deur loting moes uitval. Die lot het onder andere op F.G.A. Wolmarans geval maar toe lid Kruger later weier om die eed af te lê het daar weer 'n loting plaasgevind tussen die twee lede wat uitgeval het en is F.G.A. Wolmarans verkies om die vakature te vul.[36] Twee briewe[37] van advokaat Brand is behandel, waarin hy hul kennis gee dat hy na Transvaal kom en hoop om op 12 September op Colesberg te wees. Die brief wat vra dat hy daar afgehaal moes word, het egter te laat aangekom om aan die versoek te kon voldoen, maar tog laat die Volksraad hom dit weet en voeg by „dat de weg veilig is en dat de burgers in deze Republiek, aangenaam zal zyn, wanneer ZEd. in hun midde komt" - hulle sou hom op 'n nader punt erens ontmoet.[38]

Brand het desnieteenstaande daar 'n klein verskil van opinie oor sy besoek was, tog besluit om die Republiek op eie koste te besoek. Die besluit van September is egter geneem toe die Lydenburgers nie meer op die vergadering

87/...

---

32. Ibid. Art. 163. bl. 83, 84.
    Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1, Wordingsjare. A.A. Balkema, Kaapstad, 1950, bl. 125, 126.
33. V.R.439/55. Brief Volksraad aan Brand. Volksraadnotule 3, bl. 339.
34. Ibid. bl. 338, 339.
35. Wichmann beweer verkeerdelik dat „hy tog namens die Volksraad genooi" is. a.w. bl. 156.
36. Notule van voorlopige vergadering van die U.R., 10/9/1855, S.S. 10, T.A. bl. 100; ook Volksraadnotules 3, bl. 93, 94 art. 2 en 9. Brief van 25/7/55 ontbreek.
37. R.865/55. Brief Brand aan Volksraad. 11/6/55. Volksraadnotules 3, bl. 365, 366.
38. E.V.R.5. Notule Volksraadvergadering, Pienaarsrivier, September 1855, Artikel 57. Volksraadnotules 3, bl. 102, 103.
    Die brief aan Brand ontbreek.

© University of Pretoria

teenwoordig was nie en die uitnodiging is dus nie algemeen goedgekeur nie. Brand het dit moontlik êrens gehoor en dit is miskien die rede waarom hy nie sy opwagting in die Transvaal gemaak het nie.[39]

Met die behandeling van memories en versoekskrifte tydens die Junie 1855-vergadering het daar ook een van F.G. Wolmarans Senior onder hande gekom. Hy het die Raad versoek om daartoe oor te gaan om gedifferensieerde belasting op landbou- en veeplase te lê vanaf Rds 6.5.2 tot Rds 25. volgens die waarde van die grond. Van die Raad ontvang hy die volgende: „De WEd. V.Raad betuigd haar tevredenheid over dit voorstel maar is tot HEds. Leedwezen buiten staat om op dit oogenblik aan het voorstel van ZEd. te voldoen, maar zal wanneer zulks kan met den eerstvolgende zitting daaromtrent een voorstel doen".[40] Hierdie voorstel het die goedkeuring van die wetmakers weggedra want daar was altyd in gebrek aan staatsgeld wat die natuurlike ontwikkeling van die staat teengehou het en toe 'n nuwe grondwet saamgestel moes word het die noodsaaklikheid van 'n vaste staatsinkomste om die nuwe grondwet op vaste voet te kry pertinent na vore gekom en is gevolg gegee aan die versoek van F.G. Wolmarans. Veral president M.W. Pretorius het die waarde van die voorstel besef en in Augustus 1857, sonder formele toestemming van die Volksraad, 'n proklamasie uitgevaardig waarin aan alle veldkornette opdrag gegee is om die naam, woonplek en vermoë van elke burger in sy wyk op te neem en aan die landdros te oorhandig. Daarop het die Volksraad met hul sitting van September 1857 op voorstel van M.W. Pretorius besluit om 'n belasting van vyf riksdaalders op elke mondige burger te lê sowel as op „de Eigenaren van Plaatsen - - eene hoogere som naar ieders vermogen - - doch niet te bovengaande 20 Ryksdaalders". Op 2 Maart 1858 volg 'n verdere proklamasie van president Pretorius oor die waardasie van plase en nog later is die onderliggende beginsel van die belastingstelsel opgeneem in die 1858-grondwet. So lees ons onder andere in die landdros bydraeboek, belastingregister en persoonlike belasting boek van Potchefstroom watter persoonlike en plaasbelasting vanaf 1859 tot 1872 deur F.G. en F.G.A. Wolmarans betaal is.[41]

88/...

39. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 156.
40. Notule Volksraadvergadering, Art. 105. Volksraadnotules 3, bl. 66.
41. Argief Potchefstroom 68, Landdros bydraeboek (Veldkornet 1858-1863) onder datums 26/12/1859, 18/7/1860, 24/12/1862 Junie 1863; Ibid. 69, Landdros belastingregister Jun. 1863-Des. 1872, bl. 5, 8, 12, 18, 27, 28, 32, 41, 46,51; Ibid. 73, Landdros register persoonlike belasting, Gatsrand, 1864-1872, bl. 7, 11, 19, 27, 35, 43; vir burgerlys kyk Ibid 121. Landdros burgerlyste 1865-1892.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit sou die staat van 'n vaste inkomste verseker.[42]

'n Vorige poging om die staatsinkomste aan te vul, was om plase in die Republiek aan Europeërs te verkoop. Op 16 Maart 1852 het 'n sekere Jacobus Stuart al 'n brief aan die Volksraad gerig[43] en gevra of hy as agent mag optree om van die vrugbare uitgestrekte grond in die Republiek te verkoop en voorsien hy dat die Boere baie by die immigrante sou baat in geestelike leiding, wetenskaplike onderwys en nywerheidskennis. Die Volksraad het dit egter geweier.[44] Nadat 'n voorstel in die rigting nogeens skipbreuk gely het, is dit tog op 23 Maart 1853 aanvaar,[45] en kry hy die reg om grond in die distrik Lydenburg aan Nederlanders te verkoop terwyl die prys en kommissie deur die Volksraad bepaal sou word.[46]

Gedurende die Junievergadering 1854[47] het daar egter 'n memorie ingekom waarin beswaar aangeteken word teen die ooreenkoms met Stuart omdat geen tydsbestek bepaal is waarin hy die gronde moet verkoop nie en dat die burgers nie plase vir hulself in die spesiaal afgesonderde gebied in Lydenburg kan koop nie. Die Raad het Stuart daarop kennis gegee dat sy reg om grond aan Nederlanders te verkoop, vir nog een jaar van krag sal bly.[48]

Met die Junievergadering 1855 stel J.H.L. Kock voor dat aan Stuart tyd gegee moet word om al 100 plase aan hom toegeken te verkoop maar sewe lede van die Raad stem daarteen en wys op die besluit van Junie 1854, Artikel 49 (hierbo genoem) en daarop dat sy tydsbestek dus nou juis verval het. Drie lede vra verlenging van die kontrak terwyl F.G.A. Wolmarans en H.A. Pretorius voorstel dat die saak moes oorstaan tot die volgende sitting[49] sodat daar intussen vasgestel kon word wat die implikasies sal wees.

89/...

42. Staats Courant, 25/9/1857. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1857, Art. 4. Volksraadnotules 3, bl. 151. Pelzer, A.N.: a.w. bl. 171, 172. Kyk 1858 Grondwet, Artikel 194, by Volksraadnotules 3, bl. 521.
43. V.R.202/52. Volksraadnotules 2, bl. 304 e.v.
44. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Rustenburg, Mrt. 1852. Artikel 17. Volksraadnotules 2, bl. 62.
45. Tweede keer voorgedra deur A.W.J. Pretorius. V.R.263/53. Volksraadnotules 2, bl. 113 e.v.
46. Vir meer besonderhede kyk: Volksraadnotules 2, bl. 114-118 en ad V.R.263/53, Ibid. bl. 397; E.V.R.3. Sitting Junie 1853, Art. 52. Ibid bl. 127; V.R.198/52, Ibid bl. 292, 24.2.52; V.R.200/52, Ibid bl. 301, 14.3.52.
47. E.V.R.5 Notule Volksraadvergadering, Junie 1854, Art. 49. Volksraadnotules 3, bl. 15.
48. Kyk ook notule Kommissieraadsvergadering, Nov. 1854, Art. 45; Notule Volksraadvergadering, Junie 1855, Art. 48; V.R.436/55 en ad V.R.436/55 Volksraadnotules 3, bl. 33, 50 en 51. 306, 307 resp.
49. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, 18 Junie 1855, Art. 157. Volksraadnotules 3, bl. 81.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daarop vra die voorsitter hoe lank tyd die kopers het om die grond te beset wat hulle gekoop het voordat die koop verval. Die Heer Kock wys daarop dat geen tydsbepaling in die oorspronklike ooreenkoms genoem is nie en dat hulle nie daaroor kan praat in die afwesigheid van Stuart nie. Hy stel voor om die finale antwoord uit te stel tot die volgende sitting en dat Stuart dan teenwoordig moet wees. Hierin word hy gesteun deur H.A. Pretorius en F.G.A. Wolmarans (wat alreeds voorgestel het dat die saak moes oorstaan) en H. van der Merwe.[50]

Stuart se kolonisasieplanne het egter misluk maar hy het hom daarop in die Republiek gevestig waar hy in die politiek belanggestel het, dikwels as sekretaris opgetree het en M.W. Pretorius ook van raad bedien het. So het Jacobus Stuart ook 'n groot bydrae gelewer tot die samestelling van die grondwet, in die agtergrond aangepor deur ds. Van der Hoff.

Toe advokaat Brand nou nie opdaag om die Transvalers met die saamstel van hul grondwet te help nie moes hulle maar self koppe bymekaar sit want langer kon hulle nie uitstel om hul staat op 'n vaste fondament te plaas nie. Te midde van die spannende gebeure met die September 1855-vergadering[50a] van hofsake en die onttrekking van die Lydenburgers is ook gepoog om 'n nuwe grondwet vir die Z.A.R. te ontwerp maar het dit nie die goedkeuring van die Lydenburgers in absentia gehad nie. Daar is onder andere 'n kommissie benoem[51] om 'n ontwerp-grondwet saam te stel waarvan dus nie een 'n Lydenburger was nie - een van hul latere redes vir hul opposisie teen die grondwet - maar tog is die Lydenburgers ook opgeroep om die eerste Maandag van November byeen te kom „aangezien daar behandeld zal worden een voorstel ter verbetering der bestaande wetten".[52]

Die Lydenburgers het hulle egter nie gedweë aan die straf onderwerp nie en hulle nie aan die oproep na die

90/...

50. Die ander lede stel onbepaalde uitstel voor of vir drie jaar.
Ibid, bl. 81, 82.
50a. F.G.A. Wolmarans was ook lid van die Volksraad.
51. E.V.R.5. Notule Volksraadvergadering, September 1855 art. 68. Volksraadnotules 3, bl. 104. Kyk ook Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 66
52. Ibid. Volksraadnotules art. 69, bl. 104.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



November-vergadering gesteur nie. Toe die Volksraad later 'n brief[53] aan hulle rig om te vra waarom nie nuwe lede gekies is nie het die gevonnisde oud-lede met Bührmann as sekretaris vergader[54] en besluit om die werk van die September- en November-sitting in verband met die invoering van 'n behoorlike grondwet nooit te erken nie.

In 'n brief aan die mense van Utrecht sê die Lydenburgers dat hulle aan die Volksraad laat weet het, dat „indien er geen verandering in de zaken gemaakt, en de ouden wetten en besluiten gehandhaafd worden, dat Lÿdenburg dan zich afgeschÿden rekend en weder een Afzonderlÿke Kolonie, en Regering wezen zal". [55]

Daar is nie gehoor gegee aan die eis van die Lydenburgers nie en is die nuwe konsep-grondwet in November 1855 ter goedkeuring voorgelê.[56] Die konsep „Ontwerp van Nieuwe Wetten voor de Maatschappy der Hollandsche Afrikanen benoorden de Vaalrivier" is eers in 'n geslote sitting aan die volksraadslede en krygsoffisiere voorgelees[57] en verduidelik, en daarna aan die publiek waarop hul goed of afkeurend moes antwoord.[58] Daarop vra die Raad die opinie van die twee kommandant-generaals en krygsoffisiere en „den WelEd. Heer M.W. Pretorius Commdt. generaal, met zestien zyner dapperste en bekwaamste Krygsbeambten stemmen er voor om de grondwet dadelyk in werking te stellen en te brengen"[59] maar kommandant-generaal S. Schoeman „met dertien zyner dapperste Krygsleden stemden voor dat volgens vroegere gebruiken drie maanden het tot goedkeuring van het publiek te leggen[60]". Hier kry ons al die begin van die latere verskille en botsings tussen dié twee kommandant-generaals. Die konsep is daarop aangeneem[61] en op 15 November 1855 is M.W. Pretorius tydelik tot president van die Z.A.R. verkies[62].

91/...

53. In reaksie op 'n brief van Kmdt.-genl. M.W. Pretorius aan Volksraad. R.938/55. Volksraadnotules 3, bl. 425.
54. Oproep na vergadering, E.V.R.3. 27/11/55; Notule van vergadering, E.V.R.3. 27/11/55. Volksraadnotules 3, bl. 425 en 120-123 resp.
55. R.939/55. Brief uit Lydenburg, 14/11/1855. S.S.8, bl. 301, T.A. (bl. 1 van die brief.)
56. R.930/55. Ontwerp grondwet. Volksraadnotules 3, bl. 381-422.
57. Soutter, pak 11, nr. 8. Notule Voksraadvergadering, Potchefstroom, November 1855. Kyk inleiding. Volksraadnotules 3, bl. 105 e.v. Kyk Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 67 waar die werklike gebeure nie presies korrek gestel is nie.
58. Ibid. Notule volksraadvergadering, art. 3, Volksraadnotules 3, bl. 106.
59. Ibid. Art. 6 en 7, bl. 106, 107.
60. Ibid.
61. Ibid. art. 8, bl. 107.
62. Ibid. art. 47, bl. 112. Wichmann sê verkeerdelik 11 November, a.w. bl. 163. Stemlyste 14e ingelewer en 15e geopen. Kyk ook art. 9, bl. 107.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iets wat vir hom van groot belang was, veral in verband met sy verenigings-planne met die Vrystaat. Dan moes die twee state mekaar op gelyke voet kon nader.[63] Op die November-vergadering is 'n ou ideaal van M.W. Pretorius eindelik be-waarheid toe goedkeuring gegee is vir die aanlê van Pretoria. as sentrale regeringsetel[64] en is ten slotte bepaal dat die volgende sitting in Maart 1856 te Rustenburg byeen sou kom.[65]

Hoewel die Lydenburgers tot hiertoe nie met die op-stelling van die nuwe grondwet iets te doen gehad het nie, is hulle tog aangesê om lede vir die sitting in Maart te kies[66] waar die grondwet in behandeling geneem sou word en hulle het ook aan die versoek voldoen. Op die tydstip was hulle dus nog nie finaal afgeskei nie en was nog gewillig om die grondwet in bespreking te neem en te onderhandel.

Toe die vergadering van 4 Maart 1856 te Rustenburg dan ook geopen is, was daar ses lede van Lydenburg teen-woordig, maar die probleem was dat vyf van hulle te Pie-naarsrivier deur die Volksraad geskors is. Teen hierdie vorm van uitdaging het die Wes-Transvalers hulle verset en is besluit dat die vyf verteenwoordigers nie ingesweer kon word nie.[67]

Die drie kommandant-generaals wat ook genooi is om die vergadering by te woon,[68] het daarop die vergadering per brief gevra om hulle die kans te gee om die „bestaande zwarigheden"[69] te bespreek sodat hulle „eene standhoudende eenheid" tot stand kon bring.[70]

Die planne van die kommandant-generaals het egter nie geslaag nie en die saak is weer na die Volksraad terug verwys.[71]

92/...

63. Kyk Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 164.
64. Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 61, 65, 66.
Ibid. Notule Volksraadvergadering, November 1855. Artikel 70, Volksraadnotules 3, bl. 116. (Wichmann gee die art. in voetnoot verkeerd aan.as art. 74 a.w. bl.165.)
65. Ibid. art. 91, bl. 119 en R.949/56. Brief van M.W. Pretorius, 7/1/1856 ter bekendstelling van die ver-gadering te Rustenburg. Nuwe wette aan hul bekendstel „want de verdeelt heden is niet nuttig voor het be-houd des lands."
66. Notule volksraadvergadering, Nov. 1855, art. 88. Volks-raadnotules 3, bl. 119.
67. E.V.R.3. Notule volksraadvergadering, Rustenburg, Maart, 1856, art. 6. Volksraadnotules 3, bl. 124.
68. Ibid. Art. 10, bl. 126.
69. Ibid. Art. 15, bl. 126.
70. Ibid. Art. 12, bl. 126 en kyk art. 14, bl. 126. Aan-haling in Wichmann, a.w. bl. 166, foutief oorgeneem.
71. Ibid. Notule volksraadvergadering, art. 17, bl. 127.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Raad ontvang daarop 'n brief van die vyf lede van Lydenburg wat vra vir 'n herverhoor omdat hulle hulle nie kon verdedig het nie.[72] Dit is aangeneem[73] dat die landdros en heemrade die saak weer sal verhoor, maar op die wenk van die kommandant-generaals wat so 'n hofsaak nie bevorderlik beskou het vir 'n oplossing van die probleem nie, is besluit om agter geslote deure die saak tussen die Volksraadslede en die beskuldigdes te bespreek „om te trachten, het bestaande ongenoegen weg te nemen"[74] - maar die sitting lewer ook geen oplossing nie.[75]

Daarna het die Lydenburgers tot die aanval oorgegaan en C. Potgieter beweer* dat die vonnis teen hom uitgespreek te Pienaarsrivier, onwettig was omdat die aanklaer, M.W. Pretorius, 'n swaer van die raadslid J. Kock is wat die vonnis goedgekeur het.[77] Omdat daarin 'n beskuldiging gelê het teen nege volksraadslede teenwoordig by die Septembervergadering te Pienaarsrivier wat deel gehad het aan die beslissing oor die Lydenburgers, het hulle (die nege lede) die vergadering verlaat.[78]

Die agtergeblewe nege lede, waarvan ses van Lydenburg, het gepoog om die vergadering weer voltallig te maak maar kon nie daarin slaag nie.[79] So het daar 'n toestand ontstaan wat feitlik aan regeringsloosheid gegrens het.

Daar is besef dat „het onmooglyk is om den Regering geheel in den tegenwoordigen toestand te laten" en is besluit om 'n oplossing te vind „om den bestaande verwarring in des Lands Regering zoo veel mogelyk te herstellen." Na 'n ondersoek het dit geblyk „dat de Ed. Heer F.G. Wolmarans F.sn. (d.w.s. F.G.A. Wolmarans) te Potchefstroom het eenigste Lid der WEd. V.Raad is, dewelke niet openbaar beschuldigd of aangeklaagd is, van verschillende zaken die H.Ed. volgens H.Ed. verklaring van of anderen hun onwaardig zoude

---

72. Ibid. art. 22, bl. 127, 128. Kyk ook Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 606, 607.
73. Ibid. Notule Volksraadvergadering. art. 23, bl. 128.
74. Ibid. art. 27, bl. 129.
75. Ibid. art. 28, bl. 129.
76. Wichmann skep verkeerdelik die indruk asof die Lydenburgers die verklaring gemaak het. Dit was egter C. Potgieter self. Vergelyk Wichmann, a.w. bl. 167 met art. 29 van die notule, bl. 129.
77. Wichmann sê verkeerdelik „die aanklaer in die saak 'n swaer van M.W. Pretorius was" a.w. bl. 167. Vergelyk art. 29 van notule, bl. 129 en R.907/55, Beskuldigings teen die lede van die Volksraad. Volksraadnotules 3, bl. 370 e.v.
78. Wichmann sê verkeerdelik dat „die nege verteenwoordigers van Lydenburg die Volksraad verlaat het" a.w. bl. 167. Vergelyk art. 30 en 31 van die notule, bl. 129, 130.
79. Ibid. Notule volksraadvergadering, art. 31-44, bl. 130-132 132.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maken om als Leden der WEd. V.Raad hunne plaats te bekleden als hiervoor vermeld."[80] Om die regeringstilstand te breek word besluit om 'n nuwe verkiesing uit te skryf en met die uitsondering van F.G.A. Wolmarans,[81] 'n algeheel nuwe Volksraad te laat kies wat in November te Lydenburg sou vergader. Daarna het die vergadering verdaag.[82] Die volgende Volksraadsitting was egter in Mei 1856 en van die ses nuutverkose lede van die distrik Potchefstroom wat by die volksraadsitting ingesweer moes word was vier lede waaronder F.G.A. Wolmarans egter nie teenwoordig nie en omdat dit ook die geval was met die helfte van die lede vanaf Rustenburg is 'n Kommissieraad gevorm.[82a]

Met die sitting van die Kommissieraad is, na ontvangs van 'n brief van kommandant-generaals Pretorius en Schoeman,[83] besluit om die ontwerp-grondwet weer onder bespreking te neem. Die bedoeling was goed, maar die saak is nie verstandig aangepak nie want daar is bepaal dat die partye gesamentlik op die volgende vergadering in goeie gesindheid die grondwet sou bespreek. Die bespreking in hul afwesigheid is ook later deur die Lydenburgers voorgehou as 'n ander belangrike rede vir hul afskeiding.

Die Oktobersitting het egter nooit plaasgevind nie omdat kafferonluste dit weer op die kritieke tydstip verhinder het.[84] M.W.Pretorius het aan kommandant-generaal Joubert van Lydenburg laat weet dat die Wes-Transvalers die bepaalde vergadering nie sal kan bywoon nie[85] en versoek dat dit uitgestel moes word. Maar daarvan wou die Lydenburgers nie hoor nie en hulle het tog op 16 Oktober vergader en na „langdurige beraadslaging" besluit om die Volksraad aan te vul en om as 'n afsonderlike Raad op te tree „om dit Dis-

94/...

80. Ibid. art. 47 en 48, bl. 132.
81. E.V.R.5. Kommissieraadvergadering, Pretoria, 27-30 Mei 1856. Art. 1. Volksraadnotules 3, bl. 134.
Pelzer, A.N.: Wordingsjare, a.w. bl. 205, 206.
82. Notule Volksraadvergadering, Maart 1856, arts. 45, 48, 49, 50 en 52. Volksraadnotules 3, bl. 132, 133.
82a. Notule komissieraadvergadering, Mei 1856, art. 1-7. Volksraadnotules 3, bl. 134, 135.
83. Soutter-versameling, pak 2, nr. 9. Volksraadnotules 3, bl. 433, 434, en kyk notule kommissieraadvergadering, Mei 1856, art. 8, bl. 135. Hulle glo die oplossing van die verdeeldheid lê in „het aan nemen en vasstellen eener Wet is, en het veranderen van den bestaande regeringsvorm". Art. 4 van brief.
84. Vergelyk: R.1050/56. Kommandeerlys 6/5/1856; R.1075/56. Vergadering van Krygsraad 21/5/1856; R.1120/56. Vergadering van Krygsraad 27/6/1856 (oorlog teen Sechelie), S.S. 11, bl. 240, 302, 440 resp. T.A. R1153/56. Vergadering van Krygsraad (onvolledig), 28/7/1856; Ibid. R.1156/56 (volledig). S.S. 12, bl. 53, T.A.
85. R.1162/56. Brief van M.W. Pretorius aan H.F. Joubert, kmdt.-genl. Lydenburg, 1/8/1856, Bekendstelling van besluite krygsraadvergadering Julie.(Kyk voetnoot 84) „Het zal dus beter zijn dat de zitting vanden Volks raad tot na den afloop van het commando wordt uitgesteld". S.S.12, bl. 83, T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

trikt onder een afsonderlyk bestuur te brengen".[86]

Die aanname van die afskeidingsbesluit van die Raad is toe voorgelê aan die Lydenburgers wat dit goedgekeur het en op 16 Desember 1856 het die eerste afsonderlike Lydenburgse Volksraad byeengekom by die Steenkampsberge.[87]

Ten einde dringende landsake in die westelike deel te kan bespreek omdat die Volksraadsvergadering deur kaffermoeilikhede verydel is, is besluit dat elke veldkornetskap een bekwame verteenwoordiger na 'n vergadering sal stuur wat op 16 Desember 1856 te Potchefstroom sou sit.[88] Hierdie volkskongres die „Gecommiteerden Raad der vertegenwoordigers van het Volk dezer ZAR" van vier-en-twintig lede het die ontwerp-grondwet weer bespreek, die nodige veranderinge aangelering[89] en M.W. Pretorius as president gekies met 21 uit die 24 stemme. Op die volksraadsvergadering van 6 Januarie 1857 is hy en die ander hoogwaardigheidsbekleërs in hul onderskeie ampte ingesweer.[90]

Lydenburg het die grondwet natuurlik nie gesteun nie, maar ook van kommandant-generaal Schoeman van Zoutpansberg het teenstand gekom omdat die vergadering en nie die Volksraad nie, konstitusionele sake ter hand geneem het. Hy het 'n vergadering belê wat 'n protesskrif opgestel het waarin al die bepalings van die grondwet verdoem is, met die felste kritiek teen die aanstelling van die president aangesien hulle oordeel was dat te veel gesag aan hom toevertrou is.[91]

Terwyl 'n oplossing vir die Schoeman-Pretorius geskilpunte probeer vind is, is op 4 September 1857 te Potchef-

95/...

86. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 169. Van Oordt beweer verkeerdelik „De Volksraad zou in December 1856 te Zoutpansberg bÿ elkander zÿn gekomen ---- a.w. bl. 89, maar vergelyk Art. 45 van Maart 1856 vergadering wat bepaal „ .... op den 3de Maandag in de maand October" Volksraadnotules 3, bl. 132.
87. Ibid., bl. 171. Die breuk was finaal toe die publiek van Lydenburg die optrede van hul verteenwoordigers goedgekeur het op 'n publieke byeenkoms op 11/3/1857. R.1380/57. S.S. 15, bl. 107. T.A. Van Oordt skep die indruk asof die breuk finaal was in Des. 1856, a.w. bl. 89 en maak verdere fout op bl. 90 met Des. 1857.
88. Op besluit van M.W. Pretorius en T.F. Dreyer. R.1230/56. Bekenstelling van die besluit en oproep tot vergadering, derde Maandag van Desember. Brief 28/10/1858. S.S. 12, bl. 248-249.
89. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 127. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 169 en 175.
90. Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 72; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 88, 89; Beskrywing uit „De Zuid-Afrikaan, Februarie 1857 by Engelbrecht, S.P.; Geskiedenis Potchefstroom bl. 79 en by Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 61-68.
91. Vergadering 29/1/1857. Kyk Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 89, 90.
92. Vir meer besonderhede kyk Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 175-181 en hoofstuk XIII; Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 68-69; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 92, 93.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stroom 'n belangrike Volksraadvergadering gehou.[93] Aldaar is die nuwe grondwet [94] goedgekeur en besluit om die wette in die staatskoerant „ter algemene aprobatie" te laat druk.[95] Daar is ook toenadering tot die Lydenburgers gesoek na 'n voorstel van M.W. Pretorius, wat hom so onvermoeid vir die eenheid van die emigrante beywer het „om aan onze medebroederen van het distrikt Lydenburg eene uitnoodiging te zenden, om met hen, zoo wel in het kerkelyke als politieke, eene verzoening aan te knoopen, waardoor de vroeger bestaande vriend- en broederschap, ---- weder geheeld kon worden". Die Volksraad het dit met groot genoeë en eenparig goedgekeur en hul medewerking aangebied om dit so gou as moontlik te probeer verkry.[96]

Om gevolg te gee aan bogenoemde is besluit om in November 'n vergadering te belê te Rustenburg by welke geleentheid die inwoners van die distrikte Lydenburg en Zoutpansberg uitgenooi word om hul gevoelens en geskille voor te lê „zoodat zulke middelen beraamd kunnen worden als in staat zullen zyn eene algemeene verzoening onder het volke te weeg te brengen".[97]

Die Lydenburgers was geneë om oor vereniging te praat maar daarinteen gewillig om eers op 15 Januarie 1858 'n deputasie na Rustenburg te stuur.[98] Daar was dus ses maande na die afskeiding alweer goeie hoop dat 'n hereniging sou plaasvind.[99]

Om hulle geskilpunte by te lê, het Schoeman en Pretorius mekaar toe ontmoet, hul krygsrade saamgeroep en besluit om 'n komiteeraad te benoem wat „uit alle bestaande landswetten eene algemeene' landswet zullen maken. Met enkele wysigings is die grondwet daarop deur die Schoeman-

---

93. Staats Courant, 25/9/1857. Notule volksraadvergadering, Sept. 1857. Potchefstroom. Volksraadnotules 3, bl. 150 en verder. Wichmann sê verkeerdelik „4de September 1857 te Rustenburg" en weer „die bogenoemde volksraadvergadering te Rustenburg" a.w. bl. 212. Kursivering deur my.
94. Staats Courant, 16 Oktober 1857. Grondwet 1857. Volksraadnotules 3, bl. 439-471.
95. Notule volksraadvergadering, Sept. 1857, art. 1. Volksraadnotules 3, bl. 150.
96. Ibid. Art. 7, bl. 152; Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 82.
97. Notule volksraadvergadering, Sept. 1857, art. 8. Volksraadnotules 3, bl. 152.
98. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 215; R.1787/1857. Vergadering van U.R. Lydenburg, 16/11/1857. Stuur van deputasie na Rustenburg, art. 4. Twee persone is ook afgevaardig na Potchefstroom om die vergadering aldaar van 21 Desember by te woon, art. 3. (Kyk voetnoot 99) S.S. 17, bl. 214-216, T.A.
99. Op 6/1/1858 is vyf versoeningsvoorstelle deur M.W. Pretorius gedoen en op 8/1/1858 het die twee deputasielede Potgieter en Bührmann (hierbo genoem) gunstig daarop geantwoord en bepaal dat op 15 Januarie finaal besluit sou word. Kyk R.1843/58 by S.S. 19 bl. 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

party aangeneem en geteken.

Op 16 Februarie 1858 het die Volksraad, soos deur die Komiteeraad bepaal,[101] weer te Rustenburg vergader en sonder versuim die nuwe grondwet eenparig aangeneem.[102] Die fondament waarop Transvaal kon voortbou en ontwikkel, was eindelik gelê, hoofsaaklik te danke aan die onvermoeide ywer van M.W. Pretorius.[103]

Daarna is M.W. Pretorius as president en Schoeman as kommandant-generaal en lid van die Uitvoerende Raad ingesweer.

By geleentheid van die vergadering van 4 - 6 Mei 1858 te Potchefstroom moes die nuutverkose lede volgens die nuwe grondwet van 1858 ingesweer word en vind ons onder die tien nuwe lede die naam van F.G. Wolmarans, senior. Dit is egter onseker wat hier presies gebeur want dit was F.G. Wolmarans, die ouderling wat sitting geneem het, maar hy was toe al 69 jaar oud en volgens die 1858 grondwet kon alleen burgers tussen 30 en 60 jaar lid van die Volksraad wees.[104] Met die Julievergadering te Potchefstroom was dit weer F.G. Wolmarans en in die brief van 23 Augustus 1858 waarin hy in kennis gestel word dat die Volksraad weer in sitting gaan op Maandag, 13 September was dit weer aan die adres van F.G. gerig.[105]

Die belangrikste rede vir die hereniging met Lydenburg was die onsekerheid of Engeland eersgenoemde wel as 'n aparte onafhanklike republiek sou erken, veral omdat soms geredeneer is dat die gebiede wat ten noord-ooste van die Vaalrivier gelê het, nie in die Sandrivier-traktaat inbegrepe was nie. Toe die Lydenburgers dan ook in Januarie 'n brief van president M.W. Pretorius ontvang, geadresseer

---

100. Notule krygsraadvergadering, 1/2/1858; E.V.R. 102, Notule van komiteeraadsitting, Rustenburg, 2/2/1858. Volksraadnotules 3,bl. 493 en 159 resp.; Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 77; R.1890/58. Memorie van „Algemene stem des volks van de Zuid-Afrikaansche Republiek", 30/1/1858. Volk erken Pretorius as president en Schoeman as kmdt-genl. en beide party moet voortgaan om wette te verbeter. Vir grondwet, 1858 kyk Eybers, G.W.: a.w. bl. 363. (Vir meer feite oor Schoeman-Pretorius botsing kyk R.1882/58, Notule Competent geregshof, Rustenburg, 25/1/1858, Art. 27.S.S. 19, bl. 94-109 en 113. Wichmann, F.A.F.; a.w. bl. 220.
101. E.V.R. 102. Notule komiteeraadvergadering, Rustenburg, 2/2/58, art. 30; Notule krygsraadvergadering, 1/2/1858 art. 11. Volksraadnotules 3, bl. 163 en 495 resp.
102. Vergelyk voetnoot 100 en kyk Staats Courant, 5/3/1858 Grondwet 1858; Staats Courant, 26/2/58. Notule Volksraadvergadering, Febr. 1858, art. 19. Volksraadnotules 3, bl. 496 en 166 resp.
103. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 221; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 93, 94.
104. Grondwet 1858, art. 31. Volksraadnotules 3, bl. 499.
105. Staats Courant, 7/5/58. Notule volksraadvergadering, Mei 1858, art. 2; Staats Courant, 16/7/58. Notule Volksraadvergadering, Julie 1858. Presensielys. Volksraadnotules 3, bl. 170 en 178 resp.; R.2523/58 nr. 148 by S.S. 22,1858, bl. 477. T.A.(Ons verwag hier die naam van F.G.A. maar dis nie die geval nie.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die Uitvoerende Raad, Lydenburg,[106] waarin hy hulle meedeel dat die Z.A.R. steeds gewillig is om te verenig, het die Raad van Lydenburg besluit om 'n kommissie te benoem om met die regering van die Z.A.R. te onderhandel in verband met vereniging en het die afgevaardigdes mekaar op 26 Februarie 1859 ontmoet.[107]

Na afloop van die onderhandelings wat goed afgeloop het, het die Lydenburgers twee openbare vergaderings belê waar die ooreenkoms met die Z.A.R. goedgekeur is. Die vereniging is ook goedgekeur met die volksraadvergadering te Lydenburg, 6 Junie 1859.[108] Ook het die volksraadslede van die Z.A.R. die ooreenkoms met die Lydenburgers voorlopig goedgekeur met hul vergadering van 2-5 Mei 1859.[109]

Hierdie vergadering kon nie deur ds. Van der Hoff met gebed geopen word soos die gewoonte was nie, waarop die voorsitter uit die veertien lede teenwoordig nie 'n gepaster en waardiger man kon vind as F.G. Wolmarans (senior) nie en word hy gevra „om een toepasselyk gebed te willen doen".[110]

In September 1859 het die Volksraad vir die eerste keer in Pretoria vergader.[111] Vir F.G. Wolmarans het dit egter probleme meegebring. Hy rig 'n brief aan A.F. Schubart, die staatsekretaris waarin hy verskoning vra dat hy die vergadering nie sal kan bywoon nie. Hy skryf: „Tot mijn leetwesen moet ik u en den Hoog Edele Precedent melden als dat het my van harte leet zij dat niet kunt beantwoorden aan mijn pligt hoe geerne ik ook wenste tot welzijn van ons land en volk te werke". Hy kla dat hy sulke kwaai krampe in die bene kry dat dit hom kragteloos en swak maak. As die vergadering nog te Mooirivier was kon hy dit nog gewaag het. Hy sluit af met die wens dat die Here die harte van almal sal bewerk tot alles wat reg en nuttig is.[112]

Die kommissie van die Lydenburgers was teenwoordig om die verenigingsonderhandelings te voltooi. Na die byeenkoms was daar geen struikelblok meer wat die vereniging van die

98/...

106. M.W. Pretorius aan U.R., Lydenburg, 12/1/1857. Argief Lydenburg, L.12.Briewe ontvang,1859, bl. 12-14.
107. V.R.461/59. Vergadering 26/2/59-3/3/59. Volksraadnotules 4, bl. 227; Rex, H.M.: Pretoria, a.w. bl. 82.
108. Vergaderings van 29 Maart en 12 April, 1859. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 227 - 231.
109. Staats Courant, 13/5/59. Notule buitengewone volksraadvergadering, 2-5 Mei 1859, art. 4. Volksraadnotules, 4, bl. 5. Dieselfde notule by S.S. 25, bl. 321-327 T.A. maar word F.G. in presensielys verkeerd aangegee as F.W. Korrek in art. 4, bl. 322.
110. Ibid. Inleiding, Volksraadnotules 4, bl. 3.
111. Goewernements Courant.7-21 Oktober 1859. Notule volksraadvergadering, Sept. 1859. Pretoria. Volksraadnotules 4, bl. 9.
112. R.2967/59. Brief F.G. Wolmarans aan A.F. Schubart, 18/7/1859. S.S. 27, bl. 129, T.A.

© University of Pretoria

twee BoererepubliekUNIVERSITEIT VAN PRETORIA UNIVERSITY OF PRETORIA YUNIBESITHI YA PRETORIAg gestaan het nie.[113]

Op die vergadering is onder andere bepaal dat die Volksraad uit ten minste 12 lede sou bestaan. Aan die end van die eerste jaar sou die helfte deur loting moes uittree (soos met F.G. gebeur het gedurende die sitting)[114] en aan die einde van die tweede jaar die ander helfte sodat die dienstermyn twee jaar sou wees. Elke jaar in Maart sou nuwe lede gekies word en is bepaal dat lede herkiesbaar was.[114a] So het F.G. Wolmarans weer met die sitting van 31 Januarie 1860 sy plek ingeneem asook in April en September.

Die vereniging was amper 'n voldonge feit en nadat die twee Uitvoerende Rade saam te Rustenburg vergader het op 23 November 1859,[115] die voorwaardes aangeneem is op die volksraadsitting van die Z.A.R. te Potchefstroom Januarie 1860,[116] asook deur die Volksraad van Lydenburg gedurende hul sitting van 27 Maart 1860 te Lydenburg,[117] is dit op 'n gesamentlike volksraadvergadering te Pretoria van 3-10 April 1860 deur beide partye finaal bekragtig en onderteken op 4 April.[118] Daarop het raadslid F.G. Wolmarans wat hierdie vergadering ook met gebed geopen het,[119] „een gebed tot danksegging voor die voltooide vereniging" gedoen en het die vergadering tot die volgende dag verdaag.[120]

Die wordingsjare van die Zuid-Afrikaanse Republiek was nou voleindig.

Nog voordat die vereniging van die Z.A.R. en Lydenburg egter plaasgevind het, moes M.W. Pretorius weer noodgedwonge in die sake van die Vrystaat inmeng. Om sy vader en sy eie ideaal van vereniging met die Vrystaat te verwesenlik, moes hy optee terwyl sake gunstig was. Op die stadium was dit

99/...

---

113. Notule volksraadvergadering, Sept. 1859. Art. 23-40. Volksraadnotules 4, bl. 18-22; Vir wysigings kyk bylae van 19 September 1859 tot grondwet. Eybers G.W. a.w. bl. 416-419.
114. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1859, art. 86-89. Volksraadnotules 4, bl. 30-31.
114a. Grondwet 1858, arts. 31-35. Kyk Eybers, G.W.: a.w. bl. 368-370.
115. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 232. R.3294/57. Ooreenkoms Z.A.R. en Lydenburg, 23/11/59. Bevat ook alle verdere ooreenkomste tot 4/4/1860. S.S. 29. bl. 284; T.A. Die dokument is ook onderteken deur F.G. Wolmarans. Kyk ook Volksraadnotules 4, bl. 331 en voetnoot 1 op bl. 332, en Gouvernements Courant 18/5/1860. Volksraadnotules 4, bl. 325. e.v.
116. Gouvernements Courant 17/2/1860. Notule volksraadvergadering, Potchefstroom, 31 Januarie 1860 - 2 Februarie 1860. Volksraadnotules 4, bl. 33-37.
117. Notule volksraadvergadering, Lydenburg, 27/3/60, Art. 7. Argief Lydenburg, L.4. April 1858 - Maart 1860. bl. 112, 113. T.A.
118. Gouvernements Courant 20/4/60. Notule volksraadvergadering, Pretoria, 3-10 April 1860, Art. 13. Volksraadnotules 4, bl. 41. Kyk ook ibid art. 6-12, bl. 39-41 en vir verenigingsakte: Volksraadnotules 4, bl. 325. Eybers, G.W.: a.w. bl. 420-431.
119. Notule volksraadvergadering, April 1860, Inleiding. Volksraadnotules 4, bl. 38.
120. Ibid, Art. 15, bl. 41.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die geval want president Boshoff het bedank. Daar het weer gevaar gedreig van die kant van die Basoeto's en die inwoners van die Vrystaat was ten gunste van vereniging met Transvaal.[121] Dit is egter jammer dat die vereniging in Transvaal nie reeds 'n voldonge feit was nie want dan het sake miskien anders verloop. Nou was daar nog verdeeldheid in Transvaal self wat die meeste aandag opgeëis het en daar was 'n mate van onkunde oor die planne van Pretorius met die Vrystaat, iets wat agterdog verwek het en veral die vrees dat sy optrede die vryheid van Transvaal in gevaar sou stel. Die Hertog van Newcastle het in die tyd, 23 Mei 1859 aan sir George Grey laat weet dat 'n vereniging van die twee Republieke „would render the revisions of the conventions just and expedient".[122]

Toe Pretorius daarop van die Volksraad toestemming vra om volgens artikel 63 van die grondwet vir ses maande buitelands te gaan, is na 'n bespreking besluit om die versoek dadelik te behandel maar met die teenstemme van die Voorsitter, F.G. Wolmarans en J.P. Maree.[123] Na die bespreking is sy versoek met algemene stemme goedgekeur maar „wenschende de Heer Wolmarans dit verlof slechts tot April te verleenen.[124] Die lede het wel geweet waarom hy verlof gevra het of ten minste 'n idee gehad van sy planne en die teenkanting was die reaksie van dié wat die vryheid van Transvaal ten alle koste wou behou.

---

121. 'n Opname van Pretorius in die tyd het getoon dat 1,076 ten gunste en 104 teen vereniging was. In die Vrystaat was daar ook baie steun vir die verenigingsplan. Vg. V.R. 163, p.p. 61-63. Brief van Volksraad van wyk Vaalrivier, 22/1/59, 66 handt.; Brief veldk. F. Senekal aan Volksraad, 2/8/59; Notule volksraadvergadering 26/8/59, arts. 8-18. Volksraadnotule O.V.S. 4, bl. 123, 305, 74. resp.
122. By Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 238. Blykbaar rede vir teenkanting van Volksraad teen die planne van M.W. Pretorius, Staats Courant 17/2/60. Notule volksraadvergadering, Z.A.R. Potchefstroom, 31 Januarie - 2 Februarie 1860. Art. 9. Volksraadnotules 4, bl. 36.
123. Ibid. Art. 8, bl. 36.
Wichmann skep 'n verkeerde tydsbegrip deur te sê dat M.W. Pretorius in Januarie 1860 vir ses maande verlof gekry het. Die vergadering begin eers op 31 Januarie maar die besluit tot verlof is eers op 1 Februarie geneem a.w. bl. 241.
124. Notule volksraadvergadering, Februarie 1860, art. 9. Volksraadnotules 4, bl. 36.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarop het M.W. Pretorius na die Vrystaat vertrek waar hy as president ingesweer is. Hy het die fungerende president van Transvaal, J.H. Grobler, van sy planne laat weet, en Grobler het op sy beurt die Volksraad met sy sitting van April te Pretoria daarvan in kennis gestel.[125]

Die Volksraad het daarop besluit om M.W. Pretorius tydelik van sy amp as president van die Z.A.R. te onthef[126] tot met die September-sitting by welke sitting hy verantwoording moes doen van sy optrede.[127] Die hoofredes vir hul besluit was die gevaar dat die Sandrivier-konvensie van 1852 kon verval as Pretorius van beide state president sou wees, asook om Pretorius te verplig om tussen die presidentskap van Transvaal en Vrystaat te kies.[128]

Met die September-sitting is 'n skriftelike versoek aan M.W. Pretorius gestuur om die vergadering by te woon.[129] Na die verskyning van die president het die vergadering twee vrae aan hom gestel, naamlik: of hy „bereid is thans de post van President van de Uitvoerende Raad weder te aanvaarden" en of dit waar is wat in 'n berig in die „Goevernements Courant" van die Vrystaat van 7 Augustus staan dat hy slegs vir drie maande na die Z.A.R. sou kom.[130]

Die eis om 'n keuse te doen tussen die twee presidentskappe wat nou aan hom gestel is, het Pretorius se verenigingsplanne verydel aangesien hy nog gehoop het om deur middel van sy dubbele presidentskap die vereniging van die twee republieke op een of ander wyse te verwesenlik. As gevolg van die uitdruklike vraag van die Volksraad en omdat die Volksraad sy tydelike ontheffing nie wou terugtrek nie, het Pretorius besluit om sy „eervol ontslag als President" te vra,[131] en word deur die Volksraad besluit om „aan den Hoog-Ed. Heer M.W. Pretorius een eervol ontslag te verleenen

101/...

125. R.3683/60. Brief Grobler aan Volksraad. 9/4/60; Staats Courant 20/4/1860. Notule volksraadvergadering, April 1860, art 48. Volksraadnotules 4, bl. 345-6 en 49 resp.
126. Dit was dus nie 'n skorsing nie want as hy in Sept. sy Vrystaatse presidentskap laat vaar het, sou sake normaalweg aangegaan het.
127. Notule volksraadvergadering, April 1860, art 49. Volksraadnotules 4, bl. 49.
Wichmann (a.w. bl. 241) skep verkeerdelik die indruk asof die ontsetting van Pretorius tot die Septembersitting sou duur omdat 'n afvaardiging vanuit die Vrystaat hulle so laat besluit het. Die afvaardiging was eers na 28 Julie terwyl met die April vergadering die tydsbestek van ontsetting reeds bepaal is.
128. In die notule van die Septembervergadering lees ons die rede vir die ontsetting. Gouwernements Courant, 26/10/60 en 9/11/60. Notule volksraadvergadering, Pretoria, Sept. 1860, art. 59. Volksraadnotules 4, bl.63.
129. Ibid. art. 16, bl.55. Brief Volksraad aan Pretorius 11/9/1860. Kyk ook art.17 en R.3556/60 nr. 75. Brief Volksraad aan Pretorius 23/4/1860. Volksraadnotules 4, bl. 347.
130. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1860, art. 28, bl.58.
131. Ibid. art. 65. bl. 64, 65; Wichmann, F.A.F.: a.w.bl. 235-243.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



als President van den Uitv. Raad."[132]

In die afwesigheid van M.W. Pretorius het die Volksraad met hul Aprilsitting van die fungerende president J.H. Grobler 'n skrywe ontvang gedateer 30 Maart 1860,[133] waarin hy kommer uitspreek oor die finansiële toestand van die staat: „De Uitvoerende Raad is niet in staat eene opgave der vele schulden aan UWHoogEdele te doen; of te zeggen, wat de inkomsten zyn of te weten waar de ontvangen gelden zijn gebleven". Hy wil dit onder die aandag van die Raad bring voor dit te laat is vir herstel en stel voor dat drie lede aangestel word om alle sake in verband met die finansies van die staat na te gaan.[134]

Die brief is op 7 April onder behandeling geneem en deur die fungerende president breedvoerig toegelig en die vergadering besluit om te voldoen aan die versoek om 'n kommissie van drie lede saam te stel, met 'n sekretaris, „ten einde de geldelyke zoowel als de algemene toestand van het Landskantoor, en indien benoodigd ook den Landdrost kantoren op te nemen en naauwkeurig te onderzoeken" en by die eersvolgende sitting skriftelik verslag te doen.[135] Met 'n meerderheid van stemme is benoem J. Maree, J. Lemmer en F.G. Wolmarans terwyl J. Struben die sekretaris en J. Prinsloo die secundus sou wees. Hul ondersoek sou op 19 April om 10 v.m. te Potchefstroom 'n aanvang neem.[136]

Die keuse van F.G. Wolmarans was baie verstandig want hy het ondervinding van geldsake gehad en het hom in die verlede goed van dergelike sake gekwyt. 'n Paar jaar vantevore het sy seun F.G.A. 'n dergelike opdrag gehad. Hieroor eers die volgende:

By geleentheid van die Septembervergadering in 1855 is F.G.A. Wolmarans en nog twee lede ook tot 'n kommissie benoem om die staat van inkomste en uitgawes van gewese landdros A.A. Smit van Mooirivier te ondersoek en hul bevindings bekend te maak.[137] Later gedurende dieselfde sitting is ook aan hulle opgedra om die verslae van die heer van Staden, afgedankte landdros van Rustenburg, na te gaan.[138]

102/...

---

132. Notule volksraadvergadering, Sept. 1860, art. 66. Volksraadnotules 4, bl. 65; Kyk ook Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 97-100.
133. U.R. 1A, U.R.B. art. 3, 30/3/1860. Volksraadnotules 4, bl. 341-342.
134. Notule volksraadvergadering, April 1860, art. 32, 33. Volksraadnotules 4, bl. 45, 46.
135. Ibid. art. 33, bl. 46.
136. Ibid.
137. E.V.R.5. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1855, art. 34. Volksraadnotules 3, bl. 99. Die ander twee kommissielede was J.H.L. Kock en J.H. Grobler.
138. Ibid. art. 40, bl. 100. Verslae van Van Staden: V.R. 418 en 429/55. Volksraadnotules 3, bl. 290 en 317 resp.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die verslag van die oud-landdros van Potchefstroom is in orde bevind[139] maar die van P.J. van Staden was te deurmekaar waarop hy beveel is om 'n duideliker verslag vir die volgende sitting (November) op te stel.[140] Op die November-sitting is die saak egter weer uitgestel na die sitting van Maart 1856[141] maar voor die tyd is die saak op 'n ander manier skynbaar afgehandel want daar kom nie in die volksraadsnotules verder iets hieroor voor nie.

Die kommissie hierbo genoem,(waarvan F.G. Wolmarans, Senior, lid was) aangestel volgens art. 33 van die Volksraadvergadering van April 1860, moes met die Septembervergadering te Pretoria in 1860 sy verslag oor die toestand van „het landskantoor en indien benoodigd ook der landdrost kantoren" indien.[142] F.G. Wolmarans wat met algemene stemme tot voorsitter van die spesiale ondersoekkommissie benoem is,[143] was op die volksraadsvergadering teenwoordig[144] maar was van die lede wat na sy termyn moes aftree. Die voorsitter van die vergadering het hulle toe vir hul getroue diens bedank maar egter „onder voorbehoud, dat indien eenige zaken, waarin zy betrokken zyn als raadsleden, die tegen den Ed. Volksraad worden ingebragt zy verantwoordelyk zullen blyven.[145] Voortspruitende uit bogenoemde het F.G. Wolmarans daarop mondelings van die Raad sy ontslag gevra as lid van die ondersoekkommissie en dit is algemeen toegestaan, maar meer onder die voorbehoud dat „indien zulks noodzakelyk is, verantwoordelyk te blyven".[146]

Die ondersoek was egter reeds afgehandel en 'n brief en 'n verslag van hul ondersoek is aan die vergadering voorgelê[147]. Uit die dokumente blyk dat hul 'n moeilike taak moes volvoer veral as ons die volgende woorde in die brief lees: „Gaarne zoude deze Commissie een meer volledig en voor

103/...

139. Notule volksraadvergadering, Sept. 1855. art. 43. Volksraadnotules 3, bl. 100.
140. Ibid. art. 42.
141. Soutter-versameling, pak 11, nr. 8. Notule volksraadvergadering, November 1855, art. 85. Volksraadnotules 3, bl. 118.
142. Notule volksraadvergadering, Sept. 1860, art. 32, Gouvernements Courant, 26 Oktober en 9 November 1860. Volksraadnotules 4, bl. 59.
143. „Voor de Ed. Commissie met hunne werkzaamheden eenen aanvang nam, wordt den Hoog Acht. Heer F.G. Wolmarans, met algemeene stemmen tot voorzitter der Commissie benoemd". Uit verslag van die kommissie. R.3697/60. Volksraadnotules 4, bl. 364 e.v. Foto van handtekening van F.G. Wolmarans, bl. 370.
144. Notule volksraadvergadering, Sept. 1860. Presensielys. Volksraadnotules 4, bl. 52.
145. Ibid. art. 5, bl. 54.
146. Ibid. art. 31, bl. 59.
147. Ibid. art. 59, bl. 35.
Notule van vergaderings en besluit i.s. Potchefstroom kyk R.3697/60A, 19-23 April 1960. Volksraadnotules 4, bl. 364-368; i.s. Pretoria, kyk Ibid B, 6-19 Sept. 1960, bl. 368-371.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


het algemeen een meer voldoenend verslag aan U Hoof Ed. Achtbaren hebben voorgelegd, doch door de grootte onnaauwkeurigheid en zeer groote nalatigheid waarmede de lands Boeken en administrasie, over het geheel, door de vroegere Gouvernements Secretarissen zyn gehouden, en de onwilligheid van den Landdrost van Potchefstroom om de van ZynEd. gevraagde inlichtingen te verschaffen, was het voor deze Commissie na alle pogingen en aanhoudende arbeid tot het zamestelling van dit verslag te hebben aangewend, ondoenlyk om tot een nader en meer naauwkeurig besluit te komen dan dit verslag thans ter tafel inhoud".

Oor die saak het die Volksraad wat in sitting was in Oktober 1863 'n memorie van F.G. Wolmarans ontvang waarin hy meld dat hy nie teenwoordig was toe sy kommissie se verslag behandel is nie (soos hierbo aangetoon) „in hep van den Edele raad geen antwoord gekrege ofte het verslag goet en cekeur bevonden is ofte niet; zoo is myn vriendelyke versoek aan den Edele Raad, taans my te willen antwoorde hoe ofte het met deselve is afgelope" en vra hy verder „of myn mede leden voor my ook het bedongen salares voor onse zitting en rydagen ontvangen heeft".[150]

Daar wás kritiek deur M.W. Pretorius op die werk van die kommissie wat beweer het dat die kommissie „heeft hare beschouwingen geheel op eenzydigheid gegrond" soos geblyk het toe hy en die voormalige goeverment sekretarisse die saak ondersoek het.[151] Hiervan het F.G. Wolmarans egter net gerügte gehoor naamlik „dat er mondelinge opgave van gelde die niet soude ontfangen syn", maar verweer hy: „Wy hebben letterlyk opgenomen en als dat overeen slaat over en weder, dan bennen wy niet te beschuldigen die het opgenomen heeft".[152]

Die versoek van F.G. Wolmarans van Oktober 1863 om die oordeel oor sy ondersoek en om geldelike vergoeding vir die gedane werk, is behandel met 'n vergadering van die Uitvoerende Raad van 20 Oktober 1863, artikel 13, volgens die endossement onderaan die brief van F.G. Wolmarans maar die Uitvoerende Raadnotule kon nie teruggevind word nie.[153]

104/...

148. R.3998/60. Brief van kommissie aan Volksraad. 10 September 1860. Volksraadnotules 4, bl. 359.
149. Notule volksraadvergadering, Oktober 1863, art. 93. Volksraadnotules 4, bl. 209.
150. V.R. 527/63. Memorie F.G. Wolmarans aan Volksraad, 30/9/1863. Volksraadnotules 4, bl. 516.
151. R.4029/60. Brief M.W. Pretorius aan Volksraad, 25/9/60. Volksraadnotules 4, bl. 378, 379.
152. V.R. 527/63. Memorie. Volksraadnotules 4, bl. 516, 517. Kyk R.4021/60. Aanvullende ontwerp-verslag, 29/9/1860. Volksraadnotules 4, bl. 382.
153. V.R.527/63. Brief van F.G. Wolmarans aan die Volksraad, 30/9/1863. Volksraadnotules 4, bl. 517.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI

## DIE AANDEEL VAN DIE FAMILIE WOLMARANS IN DIE KERKLIKE GESKIEDENIS VAN TRANSVAAL, 1854 - 1860

Lydenburg en Utrecht, die aanhangers van 'n Volksraad as hoogste gesag, het maklik 'n eie koers ingeslaan. Weens 'n gebrek aan nasionale besef en met 'n eiewyse en meerderwaardige gevoel wou hulle kerk en staat voorsê en daarby is hulle aangepor deur die geleerde Nederlander, Bührmann, die geswore vyand van Andries Pretorius[1] en Andries Hendrik Potgieter, wat sy gevoel teen hul volgelinge voortgesit het. In ds. Van der Hoff het Bührmann in Pretorius-Potgieter-predikant gesien en hy wou keer dat Van der Hoff in Lydenburg te veel invloed kry. Daarom het hy alles wat teen ds. Van der Hoff gesê is, byvoorbeeld deur ds. Van Velden as geloofwaardig aanvaar. Volgens ds. Van Velden sou ds. Van der Hoff daar persoonlike belange by gehad het om nie onder die Kaapse Sinode te dien nie en sou dié belange van leerstellige aard wees. Sy invloed was in die tyd van isolement as gevolg van afstande so groot onder die Lydenburgers dat hulle dan ook liewer die band met die Kaapse Sinode wou behou en aanknoop omdat dit dan die invloed van ds. Van der Hoff en die Pretoriusmense sou verswak.[2]

So het sake daar uitgesien toe Smellekamp ook 'n ongewilde persoon by die Pretoriusmense, in die begin van 1854 sy verskyning in die Republiek gemaak het om hom permanent in Transvaal te kom vestig. Smellekamp wat gestuur is om meer Hollandse predikante en onderwysers aan Lydenburg te belowe, het nie daarvan gehou dat ds. Van der Hoff sonder sy „voorkennis" predikant in Transvaal geword het nie.[3] Toe hy op 23 Februarie te Lydenburg aankom, was ds. Van der Hoff juis daar op sy eerste besoek en is hy deur die Lydenburgers wat hulle neergelê het by die meerderheidsbesluit van vorige vergaderings in verband met die Kaapse Sinode, met veel liefde ontvang al wou hulle hom nie as hul predikant erken nie. 'n Uitbarsting sou tog binnekort volg want die predikant van die westelike groep het gestaan teenoor Bührmann en Smellekamp.

106/...

1. Bührmann het bv. op staatkundige terrein teen Pretorius gewerk deur in Mei 1852 memories teen die aanvaarding van die Sandrivier-traktaat in Lydenburg rond te neem vir handtekeninge. Engelbrecht S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 100.
2. Ibid. bl. 100, 101.
3. Ibid. en Moorees, A.: a.w. bl. 785.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op versoek van Smellekamp, sodat hy verslag kon gee van sy werksaamhede in Nederland, is die Kerkraad byeengeroep om op 27 Februarie[4] sitting te neem. Met die vergadering waarop Bührmann en Smellekamp teenwoordig was, het laasgenoemde bekend gemaak dat die Amsterdamse Geestelike Kommissie genoeg geld ingesamel het om 'n predikant na Transvaal te stuur en vra hy dat 'n Algemene Kerkvergadering in Junie byeengeroep moet word om te beraadslaag oor die beroep van 'n tweede predikant vir Transvaal. Ds. Van der Hoff was egter daarop teë omdat in die vorige jaar reeds twee keer vergader is en omdat sy eie reiskoste en traktement nog nie gereël is nie. Hy kon nie insien hoe onder die huidige toestande 'n tweede predikant beroep kon word nie.[5] Hierdie rede om die beroep van nog 'n predikant af te kits, was nie uit die duim gesuig nie, dit was 'n grondige probleem van die Volksraad om die predikant te kan betaal. So lees ons in die notule van die volksraadsitting van Junie 1854[6] dat die Raad besluit het om die plaas Elandsfontein aan die Mooirivier vir Rds. 1800 te verkoop ten bate van ds. Van der Hoff en dat die landdros, die heer D.H. Botha, die bedrag moes uitbetaal aan ouderling F.G. Wolmarans.[7] Dit was egter nog glad nie voldoende nie sodat ons in die notule van die volksraadvergadering van Junie 1855 verder lees dat die Raad 'n versoekskrif oor die probleem van ouderling F.G. Wolmarans ontvang het, waarin hy hulle vra om te sorg dat die resterende deel van die reiskoste en traktement van ds. Van der Hoff uitbetaal word. Bewus egter van die probleem in die verband bied hy aan om Rds.1000 vir die doel aan die Raad te leen vir een jaar indien die Raad dit verkies. Die versoekskrif is as volg deur die Raad beantwoord: „dat den WEd. V.Raad ZEd. aanbieding aanneemd, en indien het mogt zyn dat de door ZEd. aangeboden Rds.1000 niet genoegzaam is om de geheele schuld aan de

107/...

4. Morees, A.: a.w. bl. 785; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 157; Spoelstra, C.: a.w. bl. 153 en Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 102. Praat van Sondag 27 en Maandag 28 Februarie i.p.v. Sondag 26 en Maandag 27 Februarie. Vergelyk E.V.R.3. Notule van Kommissieraadsitting, Lydenburg, 27/2/1854, art. 8 en 9. S.S. Supl. stukke nr. 12/54, memorie aan kommissieraad 27/2/1854. Volksraadnotules 3, bl. 6, 7 en 265, 266, resp.
5. Morrees, A.: a.w. bl. 785; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 100; Spoelstra, B.: a.w. bl. 120; Spoelstra, C.: a.w. bl. 152-154.
6. E.V.R.5. Notule Volksraadvergadering, Rustenburg, Junie 1854, art. 34. Volksraadnotules 3, bl. 13.
7. Kyk bedrag aangegee in finansiële verslag soos voorgelê aan vergadering, Junie, 1855.
V.R. 435/55. Bedrag uitbetaal op 27/6/1854. Volksraadnotules 3, bl. 302.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Eerw. D. v.d. Hoff uittebetalen, word de Heer Wolmarans, ouderling, verzogt om de ontbrekende gelden zelve of van anderen te leenen voor de tyd van een jaar, en steld den WEd. Volksraad tot pand of borgtogt voor de goede terug betaaling van gezegde gelden, de Gouvernementsplaats genaamd Matjawa Stad, ..."[8]

Ons vind die inskrywing in die verband dan ook in die verbandeboek van die landdros Potchefstroom onder die datum 21 April 1856. Die plaas is „verbonden voor de som van Drie en negentig Pond, Tien Shill. St. of te Rds. 1246-5-2 ..... dit verband zal blyven volgens borgen besluit tot den 16 Junie 1856."[9]

Op 18 Junie 1857 is egter 'n eerste verband gegee op die goewermentsplaas vir die som van £93-10 teen 5% rente.[10]

Uit die bylaag van 'n verslag oor die finansiële toestand van die staat saamgestel deur F.G. Wolmarans en J.H.R. Lemmer op 19 September 1860 blyk dit dat nog steeds Rds.1246-5-2 op die datum verskuldig was aan F.G. Wolmarans.[11]

In 1861 rig F.G. Wolmarans 'n brief vanaf sy plaas Boshoek aan die fungerende president W.J. van Rensburg en die Uitvoerende Raad met die versoek dat die geld wat hy aan die regering voorgeskiet het volgens die goewermentsboeke nou aan hom teruggegee moet word plus die rente vanaf 13 Junie 1859. Hy vra hulle om die geld aan sy seun F.G.A. Wolmarans (wat die versoek sou aflewer) moet oorhandig[12]

In 1863 wend hy hom weer tot die fungerende president Van Rensburg en sê dat hy bewus is dat die fungerende president nie weet van die goewerment se skulde aan hom nie, maar dat dit in die goewermentsboeke staan. Hy vertel breedvoerig waarvoor en wanneer die geld voorgeskiet is, dat die rente vir 4 jaar tot Junie 1859 betaal is, dat die kapitaal £93.10.0. is en dat die bedrag en die rente aan hom besorg moet word.[13]

Andermaal het hy niks ontvang nie met die gevolg dat hy in 1864 verplig was om hom weer tot die regering in die persoon van M.W. Pretorius te wend. Hy vra weer die kapitaal op sowel as die agterstallige rente vir 5 jaar en 3 maande, vanaf Junie 1859 tot September 1864. Hy sê dat hy

108/...

8. E.V.R.3. pp. 459-506. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 87.
9. Argief Potchefstroom, landdros 61, Landdros verbandeboek 1854-1861, bl. 8. T.A.
10. Ibid. bl. 12. F.G. Wolmarans word hier verkeerdelik aangegee as F.G.H. Volksraadnotules 3, bl. 61.
11. Kyk finansiële verslag van die kommissie by Volksraadnotules 4, bl. 373.
12. R.4399/61. Brief 15/5/1861. S.S. 38, bl. 3, T.A.
13. R.477/63. Brief 19/6/1863. S.S. 49, bl. 43, T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die geld dringend nodig het. Ook verneem hy waar hy die £43.0.0 met rente kan kry wat hy in Oktober 1862 aan die Krygsraad geleen het waarvoor fungerende generaal F. Snyman geteken het.[14]

Nog was die staat nie in staat om sy skulde aan F.G. Wolmarans te vereffen nie en in 1865 stuur hy weer 'n brief aan M.W. Pretorius waarin hy met leedwese moet meld dat hy al tweekeer by die landdros op kantoor was om sy geld te kry sonder enige sukses. Hy vra dat M.W. Pretorius aan die landdros opdrag gee om die geld uit te betaal want hy moet van die rente lewe. Hy sluit af met die woorde dat dit nie aangenaam is om so lank te wag en gedurig afgeskeep te word nie.[15]

Daarna is 'n paar jaar se rente betaal tot Junie 1864 want in 1867 moes F.G. Wolmarans weer van hom laat hoor om die agterstallige rente vanaf 1864 tot Junie 1867 te vra sowel as 'n tekort van Rds.14-6-4 met die vorige uitbetaling. Volgens sy berekening skuld die regering hom Rds.224 vir die rente van die laaste 3 jaar plus die agterstallige hierbo benoem, dus 'n totaal van Rds.238-6-4. Hy vra dat hulle die kapitaal ook uitbetaal aangesien hy dit wil uitdeel aan sy kinders.[16] Die lang uitgerekte saak kom eindelik ten einde in 1868 toe F.G.A. opgetree het met die volmag van sy vader. Hy moes die kapitaal van Rds.1246-5-2 invorder sowel as die rente vanaf Junie 1864 teen 6% per jaar. Die kommissie wat die uitbetalings moes doen het egter beswaar gemaak teen die 6% rente en net teen 5% uitbetaal op 24 Oktober 1686.[17]

Op 24/10/1868 het I. Meintjies, registrateur van aktes ook aan die landdros van Potchefstroom laat weet dat die verband gerojeer is en dat hy aldus in die verbandeboek moet aanteken.[18] Daarna op 27 Oktober skryf F.G.A. Wolmarans 'n brief aan M.W. Pretorius om beswaar te maak teen die rente wat teen 5% uitbetaal is en dat daar nog 'n agterstallige bedrag van Rds.14-6-2 is wat nog nie uitbetaal is

109/.

14. R.719/64. Brief 4/9/1864. S.S.59. bl. 60,61, T.A. Kyk ook brief aan U.R. Hy vra die £43 vir die verkoop van slagvee aan die Krygsraad. Sitting van U.R. 17/10/1864. art. 12. U.R. 1B. bl. 467, T.A.
15. R.40/65. Brief 6/1/1865. S.S. 64. Bl. 56, 57, T.A.
16. R.978/67. Brief 22/9/1867. S.S. 91, bl. 206, T.A.
17. Kyk Argief Potchefstroom. Landdros 61, Landdros verbandeboek 1854-1861. Gerojeer op 24/10/1868. R.1248/68. Brief F.G.A. Wolmarans aan M.W. Pretorius, 27/10/1868. S.S. 103, bl. 211, 212, T.A.
18. Argief Potchefstroom. Landdros 4, Ingekome stukke 1868-1870 (Ingestuurde briewe van registrateur van aktes, Pretoria aan landdros Potchefstroom, 1868)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



probeer oorhaal het om hul onder die Kaapse Sinode te stel. Hy het egter net by die Lydenburgers, wat op staatkundige gebied vir 'n paar jaar al besig was om hul van die res af te skei, sukses behaal - dit het dan ook die gees van afvalligheid versterk.

In die vergadering het 'n warm woordetwis oor die bewerings van Smellekamp ontstaan en ds. Van der Hoff het die amptelike stukke van sy ordening aan die vergadering voorgelê. Op die ou end het die vergadering op voorstel van ds. Van der Hoff vir Smellekamp vir 'n jaar onder sensuur geplaas.

Dit was beslis onreëlmatig[24] maar dit was eintlik die enigste manier hoe ds. Van der Hoff hom teen die optrede van Smellekamp kon verdedig. Daarop het die Algemene Kerkvergadering die Volksraad van die besluit in kennis gestel die beskerming van die Volksraad teen die verdeeldheid ingeroep[25] en hulle onder andere verwys na artikel 21 van die kommissieraadsbesluit van Augustus 1853, wat bepaal dat persone wat lasterlike dinge teen die Christelike kerk sê, by 'n regter aangekla moet word en op die eerste skuldigbevinding met 500 Rds. beboet sal word en by 'n tweede oortreding „geheel het land verwesen, en by terugkomst van den verweisde in dit land voor vogelvry erkend worden.[26] Ds. Van der Hoff het ook 'n klagte teen Smellekamp by die vergadering aanhangig gemaak.[27]

Op besluit van die Volksraad kom ds. Van der Hoff en Smellekamp die volgende dag voor en word die saak onder andere met die goedkeurende stem van F.G.A. Wolmarans (Jnr.) verwys na 'n hof van Landdros en Heemrade en bepaal dat hulle volgens genoemde artikel 21 van Augustus 1853 sal optree.[28]

Omdat die landsvaders gehuiwer het om self op te tree, het die Kerkvergadering hulle op die Krygsraad beroep vir

111/...

24. Dit het 'n storm losgeruk. Die optrede van Van der Hoff is vergelyk met „pauselyk gezag". Spoelstra, B.: a.w. bl. 120. Kyk ook Spoelstra, C.: a.w. bl. 155, 156.
25. E.V.R.5. Notule Volksraadvergadering, Rustenburg. Junie 1854. Volksraadnotules 3, bl. 11.
26. E.V.R.3. Notule kommissieraadvergadering, Aug. 1853, art. 21. Volksraadnotules 2, bl. 139, 140.
27. E.V.R.5. Notule volksraadvergadering, Junie 1854, art.18. Volksraadnotules 3, bl. 11. Kyk kopieë by R.643/54. S.S. 6, bl. 130 e.v. T.A. en R.650/54. Brief Van der Hoff namens Kerkraad aan Krygsraad, 9/6/1854. S.S. 6, bl. 172.
28. Notule volksraadvergadering, Junie 1854, art. 19, 20,21 en 24. Volksraadnotules 3, bl. 11 en 12. Kyk ook Morrees, A.: a.w. bl. 786 en Spoelstra, C.: a.w. bl.156.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskerming en die het toe by die Volksraad aangedring om „die kerk na behore te protekteer."[29]

Smellekamp is daarop deur die Volksraad skuldig bevind en die eerste deel van die straf is op hom van toepassing gemaak.[30] Die hof van Landdros en Heemrade het hom later tot dieselfde straf veroordeel.

Te Potchefstroom waarheen Smellekamp na die uitspraak is, het hy voortgegaan met sy agitasie en 'n beledigende brief aan M. W. Pretorius self geskryf waarop hy „ter instantie van den Kommandant zelf" deur die Landdros en Heemrade die land uitgesit is, volgens die tweede straf.[31]

Later gedurende dieselfde sitting het Bührmann as agent van Smellekamp by die Volksraad appèl aangeteken teen die vonnis. Die Volksraad het dit van die hand gewys maar besluit dat hy vry staan om 'n billike memorie voor die Raad te lê.[32]

Dat die Lydenburgers baie geheg was aan Smellekamp, bewys die brief[33] aan hom gestuur in opdrag van 'n kommissieraadsvergadering gehou te Lydenburg, November 1854.[34]

Met die volgende volksraadvergadering (Junie 1855) te Rustenburg, is die raadsbesluite van Junie 1854 goedgekeur behalwe die artikels wat handel oor die Smellekamp-Van der Hoffsaak.[35] Agt lede van die vergadering het die behandeling

112/...

29. R.646/54. Notule krygsraadvergadering. Volksraadnotules 3, bl. 269, 270. Kyk ook R.647/54. Brief van kerkvergadering aan Krygsraad waarin beskerming teen Smellekamp vra en besluit. S.S. 6, bl. 167, T.A.; R.640/54. Antwoord van Volksraad op navraag van Krygsraad en R.648/54 Brief Volksraad aan M.W. Pretorius (Krygsraad) oor getuies en dat saak teen Smellekamp begin het. Volksraadnotules 3, bl. 268 en 270 resp. Ook Morrees, A.: a.w. bl. 787; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 104, 105 (breedvoerige bespreking); Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 157, 158; Spoelstra, C.: a.w. bl. 156.
30. E.V.R.5. Notule volksraadvergadering, Junie 1854, art. 27. Volksraadnotules 3, bl. 12.
Wichmann sê verkeerdelik artikel 26, bl. 158, voetnoot 46. Kyk art. 26 vir uitlating gemaak deur Smellekamp.
31. Englebrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 105; Morrees, A.: a.w. bl. 788 (Brief van Smuts aan Lauts.) Spoelstra, C.: a.w. bl. 158; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. bl. 82. Dit het die verwydering tussen Lydenburg en die Z.A.R. aangehelp.
32. Notule volksraadvergadering, Junie 1854, art. 71. Volksraadnotules 3, bl. 18.
33. E.V.R.235. V.R.413/54. Volksraadnotules 3, bl. 256-8.
34. E.V.R.3. Notule kommissieraadsvergadering, Lydenburg. November 1854, Art. 43. Ibid bl. 32, 33.
Kyk ook R.907/55. Volksraadnotules 3, bl. 375/6. (Klag in die verband later voor hof gelê.)
35. E.V.R.3. Notule Volksraadvergadering, Junie 1855, Art. 8. Ibid. $\frac{3}{4}$ stemme was destyds nodig om goed of af te keur. (Kyk hierbo by saak: Besoek van Brand.)
Ibid. voetnoot 24, art. 25, bl. 45, 46.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en uitspraak afgekeur terwyl vier lede dit goedgekeur het waaronder F.G.A. Wolmarans.

Dit is duidelik dat die vier lede van die Volksraad geen optrede wat hul kerk en staat sou benadeel, sou goedpraat nie en daarby was Smellekamp nie eensydig verhoor nie maar deur die Volksraad asook Landdros en Heemrade, skuldig bevind. Om so 'n optrede was die van Smellekamp goed te keur, sou net daartoe bydra om die kerk te benadeel sowel as die eenheid van die staat en die persoon van die individu.

Dieselfde vier persone het die optrede van die Kommissieraad van November 1854[36] wat die brief hierbo genoem aan Smellekamp gestuur het, ook veroordeel[37] want die Kommissieraad het nie die reg gehad om staatssake te bespreek en in korrespondensie te tree met 'n persoon wat so ongewens was dat hy tot persona non grata verklaar is nie.

Later in dieselfde sitting (Junie 1855) word 'n memorie van Smellekamp voorgelê[38] waarin hy beswaar teen sy vonnis aanteken en vra dat die saak weer ondersoek moet word. Op die uitdruklike teenstem van J. Kok en F.G.A. Wolmarand dat Smellekamp nie in persoon weer binne die Republiek mag verskyn nie, besluit die Volksraad, om sy versoek tot 'n herondersoek goed te keur op voorwaarde dat hy dit deur 'n agent laat doen.[39] In artikel 47 is dit dan ook spesifiek vasgelê dat Smellekamp „verbiedt en belet" word „om in eigen persoon en deze Republiek te komen".[40]

Vir die derde keer het die vier lede hul ingenome standpunt gehandhaaf toe 'n versoekskrif van Smellekamp voorgelees word waarin hy vra of daar nog van hom verwag word om verslag te doen van sy werksaamhede van 1842-1852 soos hom gevra is deur die kommissieraadvergadering van Februarie 1852.[41] Die vier persone het weer hul stemme daarteen uitgebring om die volgende redes: J.H.L. de Kock sê dat die wet hom verbied om Smellekamp „hier in dit Republiek in te (laten) komen, daar hy door de wet daar uit is gejaagd". H.A. Pretorius en H. van der Merwe sê dat die voorstel van die verslag nie deur 'n Volksraad bekragtig is nie en laasgenoemde voeg by dat die wet bepaal dat

113/...

36. Notule kommissieraadvergadering, Nov. 1854, art. 43. Ibid. bl. 32, 33.
37. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 25. Ibid. bl. 45, 46.
38. Kyk V.R. 403 en 404/54. Volksraadnotules 3, bl. 231-235.
39. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 44. Ibid bl. 49.
40. Ibid. art. 47, bl. 50.
41. Notule kommissieraadvergadering, Febr. 1854, art. 5. Volksraadnotules 3, bl. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Smellekamp nie weer mag inkom nie. Ook F.G.A. Wolmarans kom tot dieselfde oordeel „omdat hy het land verwesen is, en om rede - - - - geen documenten voorgelegt is, die door de raad bekragtigd is, die hem regt gaf om te werken".[42]

Die saak was nog nie uitgepraat nie en die Raad ontvang 'n lywige memorie vanuit Lydenburg.[43] Hulle vra onder andere „dat endien alles niet behoorlyk volgens wet behandeld is, dat die vonnessen als buiten wet en regt geveld synde, dezelve ogenblikkelyk vernietig zullen worden" en die saak dadelik weer herverhoor moes word deur 'n hof van Landdros en Heemrade.[44] Omdat die volksraadslede verskil het van opinie oor die beantwoording van die memorie, besluit die Volksraad, nadat die raad van drie kommandant-generaals en twee landdroste ingewin is, om die behandeling van alle Smellekamp-memories en dié wat oor kerklike sake handel, uit te stel tot die eersvolgende sitting van die Raad in September 1855,[45] ook as gevolg van 'n verdere versoek van Bührmann, die agent van Smellekamp, dat die vonnis van Smellekamp weer bespreek moes word.[46] Die Smellekamp-saak was dus allesbehalwe afgehandel.

Met die oog op die herbespreking in September is almal wat vantevore in die saak betrokke was, opgeroep om teenwoordig te wees om verantwoording oor hul optrede te doen[47] en is ook 'n volledige geregshof opgeroep „om allen kwetsiën wegens die verantwoording ontstaande aldaar dadelyk geregterlyk te onderzoeken, uit te wyzen en te vonnissen". Die bepalings met die oog op die komende sitting is van soveel belang gereken dat beide deur die handtekeninge van die lede onderteken is, ook deur F.G.A. Wolmarans[48]

Nog 'n saak wat deur die Volksraad na die geregshof van landdros en heemrade verwys is rakende Smellekamp, was om uitspraak te gee in verband met sekere beweringe deur Smellekamp gemaak in 'n boekie wat hy uitgegee het. Daar was weer 'n versoek van sommige lede dat Smellekamp vir die doel self met die verhoor teenwoordig moet wees.

Die Lydenburgers was baie sterk in die Raad verteenwoordig en daar was weer, soos hierbo aangetoon 'n verdeling van stemme. Agt lede wou Smellekamp in die Republiek toelaat

114/...

42. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 152. Ibid. bl. 79, 80.
43. V.R.401/54. Memorie 11/9/1854. Ibid. bl. 228-230. Onderteken deur 5 veldkornette namens die inwoners van hul distrikte. Kyk voetnoot 32.
44. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 49-51. Volksraadnotules 3, bl. 51.
45. Ibid. art. 53, bl. 52 en art. 46B, bl. 50.
46. Ibid. art. 153. bl. 80. Kyk voetnoot 32 hierbo.
47. Ibid. art. 53-56, bl. 52, 53.
48. Ibid. art. 57, Kyk ook art. 58-61. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 159, 160.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar vier lede (nie een 'n Lydenburger nie) waaronder andermaal F.G.A. Wolmarans, stem weer teen sy persoonlike verskyning.[49]

Behalwe die Smellekamp-saak het daar egter ook ander verwikkelinge plaasgevind wat met die hofsitting in September verhoor moes word. So het die Lydenburgers, wat die Sinode- en die predikantkwessie betref, nie berus by die beslissing van die kerkvergadering van November 1853 nie, maar dadelik probeer om hul eie predikant te kry en met die sitting van die Volksraad te Rustenburg in Junie 1854 'n beroepsbrief ter goedkeuring aan die vergadering voorgelê. Die beroep is deur die Volksraad goedgekeur vir Zoutpansberg en Lydenburg.[50]

Kort daarna, op 31 Augustus 1854, het die Kerkraad van Lydenburg byeengekom en besluit om van die kerklike organisasie van die Republiek af te skei en ds. Van der Hoff „niet langer als Herder en Leeraar van die gemeente Lydenburg te kunnen en te mogen erkennen.[51]

Met die kommissieraadsvergadering te Elandsrivier, Oktober 1854, het daar andermaal oor dié saak 'n versoek na vore gekom van diaken B.J. Spies[52] van Lydenburg wat goedkeuring vra vir die beroep „voor eene Gereformeerde Leeraar voor dezen Gemeente"[53] - dit wil sê vir Lydenburg afsonderlik. Party lede het beswaar gemaak teen die haastige stap want so 'n beroepsbrief kan alleen deur 'n volledige Raad goedgekeur word. Die diaken het hulle egter tot goedkeuring gedwing deur te sê dat hulle nie langer kon wag nie, nie langer sonder 'n predikant kon klaarkom nie en te meer daar hulle hom reeds beroep het. Daarop is die beroep

115/...

49. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 150, 151. Volksraadnotules 3, bl. 78, 79.
50. Notule volksraadvergadering, Junie 1854, art. 30. Ibid. bl. 13. Wichmann sê verkeerdelik dat die Volksraad geen besliste antwoord gegee het nie.
51. Morrees, a.: a.w. bl. 791. Vir meer besonderhede kyk Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Herv. kerk ... a.w. bl. 159-161; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 105, 106. Vir notule Lydenburgse kerkraadsvergadering, 31/8/1854 kyk Gerdener, G.B.A.: bl. 595,598.
52. Wichmann noem die diaken en volksraadlid saam as „volksraadslid-diaken A.T. Spies". Dit is egter verkeerd want die diaken was B.J. Spies en die volksraadlid A.T. Spies. A.w. bl. 158. Volgens notule van kommissieraadvergadering, Oktober 1854.
53. Notule kommissieraadvergadering, Elandsrivier, Oktober 1854, art. 5. E.V.R.3. Volksraadnotules 3, bl. 20, 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goedgekeur,[54] 'n voorval wat die kerklike afskeiding van Lydenburg nog 'n stap verder gebring het.

'n Maand later, op 6 November 1854, het die Lydenburgse kommissieraad weer vergader en die keer, waarskynlik deur die vroeëre beïnvloeding van Smellekamp, nog verder weggeskeur deur goedkeuring te gee aan die wens van die Lydenburgse kerkraad[55] „verzoekende de Ed. Kom. Volksraad de vryheid en medewerking te mogen verkrygen, om op nieuw onder het geestelyk toeverzicht van de H. Ew. Synode der Kaap Kolonie te komen ... [56]

Die Kommissieraad het die versoek toegestaan en die Kerkraad die volle vryheid verleen „om op eene gepaste en behoorlyke wyze, opnieuw met de H. Ew. Synode in onderhandeling en vereniging te treden"[57] en hulle het op 8 November 'n brief aan die Kaapse Sinode geskryf om alles daar te stel.[58] Dit het lynreg teen 'n vorige volksraadbesluit ingedruis.

Met die daaropvolgende volksraadvergadering van Junie te Rustenburg is die besluit (artikel 5) van Oktober 1854, wat handel oor die beroep van 'n predikant, goedgekeur. Die lede was tegemoetkomend gestem want dit is wederregtelik gedoen, maar hul het besef watter ware behoefte daar aan predikante was. Om die rede het dit ook die goedkeuring van F.G.A. Wolmarans weggedra en is dit also genotuleer.[59]

Die Geestelike Kommissie te Amsterdam het die beroepsbrief om 'n leeraar vir Lydenburg ontvang en in die verband 'n skrywe[60] aan die Volksraad gerig wat ook in die Junie-sitting behandel is. Die Volksraad antwoord hulle per brief [61] dat „het Gouvernement der Z.A. Republiek zich

116/...

---

54. Ibid.
55. Brief van Kerkraad, Lydenburg, 7/11/1854 aan Kommissieraad. S.S. Supl. stukke nr. 40/54. Volksraadnotules 3, bl. 276. Kyk Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 595 en 606.
56. Notule kommissieraadvergadering, Lydenburg, Nov. 1854, art. 26. E.V.R. 3. Volksraadnotules 3, bl. 28. Ook Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Herv. Kerk ..., a.w. bl. 159; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 158 en Spoelstra, B.: a.w. bl. 121. R.418/64. Ds. van Heyningen aan U.R. 25/6/1864. S.S. 57.
57. Ibid.
58. Moorrees, A.: a.w. bl. 791; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 115.
59. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 22. Volksraadnotules 3, bl. 44, 45.
60. V.R. 406/54. Brief 10/10/1854. Ibid. bl. 236-238.
61. E.V.R.3. pp. 511-514. Brief 15/6/1855. Ibid. bl.358-361.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



als Borg voor de goeden betaling van het Traktement voor die Leeraar verbind en het zelve waarborgt",[62] op voorwaarde datdit volgens artikel 9 van November 1853 sal wees. Dit wil sê los van die Kaapse Sinode.

Daarna kom ook 'n brief van drie-en-dertig inwoners van die distrik Lydenburg waarin hulle hul bereid verklaar om as borg op te tree as die gemeente Lydenburg nie in staat sou wees om die traktement te betaal nie. Die Volksraad het dit aanvaar en op hul versoek vyf plase as borgtog laat uitmeet in die landstreek Komatie.[63] Die bepalings in verband met 'n tweede predikant het altyd die goedkeuring van F.G.A. Wolmarans weggedra en het hy ook die Akte van waarborg onderteken.[64] Die volksraadvergadering van Junie 1855 het ook die besluite van die kommissieraadvergadering van November 1854 beoordeel en besluite 1-25 goedgekeur.

Artikel 26 oor die inlywing onder die Kaapse Sinode het 'n breedvoerige bespreking uitgelok.[65] Vyf lede, waaronder F.G.A. Wolmarans, was teen die besluit gekant omdat dit strydig was met die raadsbesluit van November 1853 terwyl sewe lede dit goedgekeur het.[66] So is die besluit „niet ten volle bekragtigen" - die verwerping van die inlywing is dus gehandhaaf.[67] Artikels 26 en 43 wat handel oor 'n brief van die Kommissieraad aan Smellekamp van 10 November 1854[68] is nie goedgekeur nie.


Die Wes-Transvalers was glad nie tevrede met die hantering van die onkonstitusionele optrede van die Lydenburgers nie. Hulle het die hulp van die Krygsraad ingeroep[69] waarop laasgenoemde die Volksraad versoek het om kennis te neem van die verskil van opinie wat daar heers.

117/...

62. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 122. Volksraadnotules 3, bl. 71, 72.
63. Ibid. art. 130, bl. 73, 74.
64. Vergelyk ook ibid. art. 140, 141, bl. 76. Akte van waarborg by Volksraadnotules 3, bl. 355, 356.
65. Notule volksraadvergadering, Junie 1858, art. 24. Ibid. bl. 45.
66. Deels te verklaar omdat die Lydenburgers goed in die Raad verteenwoordig was.
67. Wichmann (a.w. bl. 159) beweer verkeerdelik dat dit „nogtans bekragtig is". Vergelyk art. 26 van vergadering Junie 1855. $\frac{3}{4}$ stemme was nodig vir goedkeuring. Kyk ook Engelbrecht, S.P. a.w. bl. 109.
68. Brief (V.R. 413/54) S.V.R.235, pp. 112-114. Volksraadnotules 3, bl. 256-258. Art. 43. Notule volksraadvergadering, November 1854. Ibid. bl. 32, 33.
69. R.834 en 832/55. Briewe van Krygsraad aan Volksraad. 7/6/1855. Kyk Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 159; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 109.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in Onzen vergadering te Rustenburg
den Vijftiende der maand Junij achttienhonderd
vijf en vijftig / 15 Junij 1855 /. —

C. Potgieter
voorzitter
J H L Kock
J J Burger
H W Pretorius
H J v d Merwe
S J Kruger
G v Royen
J H Breytenbach
J N Grobler
P. J. S. Potgieter
J. C. Marais
F. G. A. Wolmarans
ter Ordonnantie van dezelve
H. J. Buhrmann
fung: Secretaris

Borgakte vir 'n leraar vir die gemeente Lydenburg. Opgestel gedurende die Volksraadsitting te Rustenburg op 15 Junie 1855 en na Amsterdam, Nederland gestuur.

E.V.R.3, p.p. 507-508, T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daarop het die kommandant-generaals saam vergader en het die vergadering besluit om 'n boete van Rds.5 op C. Potgieter, die voorsitter van die Lydenburgse vergadering van November 1854, te lê oor die inbreuk gemaak op artikel 9 van die Raadsbesluit van 23 November 1853.[70]

Dit blyk dat F.G.A. Wolmarans deurgaans beslis opgetree het as hy 'n saak as reg beskou het en nie geskroom het om saam met die minderheid te stem nie. Dit was egter nie dat hy hardkoppig was en die gevoelens van ander nie in ag geneem het nie. Dit blyk uit sy optrede in verband met 'n brief ontvang van die Geestelike Kommissie waarin hulle kla dat hul geen antwoord van bevestiging of van ontvangs op verskeie briewe en drie kiste Bybels en ander boeke ontvang het nie.[71] Om seker te maak dat alle buitelandse korrespondensie by die Volksraad ingehandig word, word „alle distrekten verzocht -- en des noods gelast -- om allen Buitelandse brieven door HEwaarden ontvangen met het eerstvolgende zitting in September aanstaande voor den WelEd. volksraad te brengen . . ."

F.G.A. Wolmarans en nog twee lede het beswaar gemaak teen die woorde „-- en des noods gelast --" omdat dit te skerp uitgedruk is.[72]

Volgens besluite 53 tot 61 van die raadsitting van Junie moes 'n regbank in September 1855 vergader, maar dit het nie gebeur nie en is nadat 'n „Competente geregshof" saamgestel is, sekere instruksies aan hulle gegee en moes hulle 'n eed aflê „.... beloven en zweeren wy plegtiglyk, dat wy .... in elke zaak ... onzen stem geven zullen in alle regt en geregtigheid, zonder gunst, vrees of aanzien des persoons, naar onze kennis en ons geweten ...."[73] Die regbank waarvan kommandant-generaal M.W. Pretorius die publieke aanklaer sou wees, moes onder andere oor artikel 26, die inlywing by die Kaapse Sinode en artikel 43, die brief aan die Heer Smellekamp uit die besluite van die Kommissieraad van Lydenburg, November 1854, uitspraak gee en oor die geval Smellekamp.[74]

118/...

70. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 41. Volksraadnotules, 3, bl. 48, 49. Kyk art. 42, bl. 49.
71. V.R.406/54. Brief Geestelike Kommissie aan Volksraad, 10/10/1854. Volksraadnotules 3, bl. 236-238.
72. Notule volksraadvergadering, Junie 1855, art. 123, Ibid, bl. 72.
73. Notule volksraadvergadering, September 1855, art. 12, 13, 15, 16 en 41. Volksraadnotules 3, bl. 94-96 en 100. Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 160, 161; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 110.
74. R.907/55. Beskuldigings onderteken deur M.W. Pretorius, 10/9/1855. Volksraadnotules 3, bl. 370-377.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die hof het daarop, na 'n eensydige verhoor omdat die Lydenburgers hulle nie verweer het nie aangesien hulle moedswillig vertrek het,[75] tot die besluit gekom dat alleen 'n volledige Volksraad die reg gehad het om te besluit oor inlywing onder die Kaapse Sinode. Die Lydenburgers het dus die wet oortree en daar is besluit om hulle as „onwaardig te worden verklaard om langer of meer, zitting in den raad te nemen of tot lid van den Volksraad te kunnen verkozen worden en verder te worden veroordeeld tot zoodanige geldboete of straffen als dezen volksraad .. zal meenen te moeten toepassen".[76] Ook die oordeel teen Smellekamp is gehandhaaf.

Die Volksraad het die hofverslag met algemene stemme goedgekeur in die afwesigheid van F.G.A. Wolmarans wat om „ziekelyke omstandigheden afwesig" was.[77] Die besluit is dus sonder die opposisie van die Lydenburgers geneem en die agt lede van Lydenburg is elk met 150 Rds. beboet en verder verklaar as „onwaardig om eenige betrekking binnen deze landpalen te bekleeden".[78]

Hierdie gebeure was nie bevorderlik vir die eenheid waarna M.W. Pretorius gestreef het nie. Die verskil van uitkyk en ideale op kerklike gebied het alreeds op die terrein tot 'n openlike breuk gelei en dit sou weer die verwydering op politieke gebied aanhelp wat ook op 'n afskeiding sou uitloop wat vir ongeveer drie jaar sou duur.[79]

Intussen moes ds. Van der Hoff met sy reusewerk voortgaan om die hele Transvaal te bearbei en dit met die vervoermiddel van daardie tyd, die ossewa. Die noodsaaklikheid om vir Rustenburg 'n eie predikant te beroep, het al hoe groter geword en op 20 Maart 1854 het die kerkraad onder voorsitterskap van ouderling H.J. Pretorius aldaar vergader en besluit om ds. A. Murray van Bloemfontein te beroep volgens die bepalinge van die Algemene Kerkvergadering, November 1853, dit wil sê onder eie kerklike be-

119/...

75. C. Potgieter, die voorsitter van die Lydenburgse kommissieraadvergadering was ook nie teenwoordig nie - hulle was van die begin af in die minderheid en het algaande almal die vergadering verlaat. Kyk notule volksraadvergadering, September 1855, Art. 31. Ibid. bl. 98.
76. Kyk R.907/55 en Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 161.
77. Notule volksraadvergadering, September 1855, art. 51. Volksraadnotules 3, bl. 101. Reeds in art. 17 kom ons agter dat hy moontlik siek was. Ibid. bl. 96.
78. Ibid. art. 54, bl. 102.
Morrees, A.: a.w. bl. 794; Wichmann, F.A.F.: a.w. bl. 161; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 110 en R.939/55. Brief van Lydenburg aan Utrecht en Buffelsrivier, 14/11/1855. S.S.8, bl. 301, T.A.
79. Kyk Hoofstuk V.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stuur.[80] Ds. Murray was op die tydstip in Engeland,[81] waarop weer 'n beroepsbrief op 15 Julie 1855 aan hom gestuur is, maar sy politieke siening het blykbaar daartoe bygedra dat hy op 29 Augustus die beroep bedank omdat hy hom „te krachteloos" gevoel om „in eene zoo uitgestrekte en onbearbeide gemeente te kan dien. Ds. Murray het egter belowe dat hy óf iemand anders saam met ds. Neethling hulle sou besoek. Hy het ook van die kans gebruik gemaak en hul gevra om afgevaardigdes na die Transgariepse ring te stuur wat te Winburg sou vergader, alhoewel hy geweet het dat hulle hul onafhanklik van die Kaapse Sinode verklaar het - die herhaalde inmenging sou net verdere bitterheid en botsings veroorsaak.[82]

Ds. D. Van der Hoff sou dus nog langer alleen moes voortwerk.

Met die Vierde Algemene Kerkvergadering op 26 Desember 1855 te Potchefstroom was die Lydenburgers wat hul moes verantwoord vir hul gedane optredes (onder andere die kerklike afskeiding) nie teenwoordig nie. Iets moes gedoen word en na 'n tweedaagse sitting is besluit om 'n herderlike skrywe aan alle gemeentes te rig vanuit die Algemene Kerkvergadering onder die naam „Eene stem uit Mooirivier"[83] waarin die houding teen die Kaapse Sinode weer eens verduidelik sou word. Ds. Van der Hoff en ouderling F.G.

120/...

80. Ds. Van der Hoff was toe op reis in Lydenburg en Zoutpansberg.
Die notules van die kommissieraadsvergadering van Maart en April 1854 waar die beroep behandel kon word het verlore gegaan maar in art. 29 van die Junie-volksraadvergadering word 'n beroep vir 'n predikant goedgekeur. Waarskynlik was dit dié beroep.

81. Protessending teen Bloemfontein Konvensie.

82. Die kerkraad het baie ongelukkig gevoel oor die antwoord en 'n skrywe in die verband aan ds. Murray gerig. Oor die beloofde besoek antwoord hulle dat hulle sy briewe aan die gemeente voorgelê het „en dat er niemand bÿ ons verschenen is om ons sÿnen wensch te kennen te geven, dat zulk een bezoek aangenaam zou zÿn".
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, a.w. bl. 31.

83. Vir herdruk kyk „Die Hervormer" 15/9/1931. bl. 79-85. en S.P. Engelbrecht-versameling AII/1, nr. 6a. Ned. Herv. kerkargief. Net 300 eksemplare sou gedruk word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wolmarans is met die uitvoering daarvan belas.[84] Ook is daar 'n spesiale brief aan Lydenburg gerig oor die aangeleentheid dat hulle as 'n enkele gemeente verwerp wat die ander as liggaam aanvaar het. Volgens die Kaapse kerkwet wat toe nog in Transvaal gebruik is, kon die kerkraad van een gemeente nie 'n leraar afsit nie. Broederlik word hulle vermaan en tereggewys en na die kudde terug genooi en sluit hulle met „al hebt gÿ van ons afgescheiden, wy hebben ons echter niet van u afgescheiden".[85]

Op die Kerkvergadering het daar andermaal 'n versoek gekom om die gesange uit die kerk te verwyder,[86] of anders dat die psalmiste „zich losscheuren van de hier bestaande kerk" om nog binne die Nederduitsch Hervormde kerk 'n aparte gemeente te stig waar ds. Van der Hoff nog die eredienste sou waarneem maar sonder die gebruik van gesange.[87] Die „Eene stem uit Mooirivier" het dan ook 'n vermaning teen die anti-Gesange party ingesluit. In die tyd het van die wegdrywende Magaliesbergers ooreengekom om buite die Kerkraad om 'n predikant uit Nederland te beroep.[88]

In Junie 1856, dus nege maande na die belofte van hul koms, het di. J.H. Neethling van Prins Albert en A.A. Louw van Fauresmith in Transvaal aangekom in opdrag van die Kaapse Sinodale Kommissie. Hul koms het die ideale geleentheid gebied om 'n einde te maak aan die kerklike verskille maar daar het niks van gekom nie. Dadelik was daar botsings want hulle doel was om inlywing onder die Sinode te bevorder en hulle het ook die Sandrivier Konvensie geskend deur sonder toestemming van die Transvaalse regering sy gebied te deur-

---

84. S.P. Engelbrecht-versameling IV/52. Notule van vergadering, bl. 16. Ned. Herv. Kerkargief. Een van die bewerings in die brief was „De Kaapsche Synode heeft geen de minste aanspraak of negt buiten de grenzen der Kaapkolonie, overal waar zÿ zich buiten die grenzen met kerkelÿke zaken bezig houdt, is zÿ buiten haar regt" en dit sou deur die 1862 hofuitspraak as waar bewys word.
Morrees,: A. a.w. bl. 797;
Engelbrecht, S.P.: a.w. Kerkgeskiedenis, bl. 117.
85. Vir brief kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 118 en Kerkbode VIII, bl. 351.
86. Ouderling Ph. Snyman.
S.P. Engelbrecht-Versameling IV/52. Notule, bl. 15.
87. Spoelstra, B.: a.w. bl. 122. Dit gaan dus oor die Psalms en nie oor die leer van ds. Van der Hoff nie. Vergelyk ook : „Ds. Postma was gewillig om predikant te word in die Hervormde kerk as hulle hom maar net nie sou verplig om die Gesange te laat sing nie". Du Toit, S.: a.w. bl. 150.
88. T.K.A. N.H.K. 1 p. 64, 30/4/59 by Spoelstra, B.: a.w. bl. 124; Morrees, A.: a.w. bl. 829.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kruis.[89] Te Suikerbosrand ontmoet hulle vir ds. Van der Hoff en sewe kerkraadslede wat daarteen beswaar maak dat die here predikante sommer die gebied waar 'n „wettig geordende leeraar was" binnekom en begin preek sonder die nodige toestemming daartoe - veral omdat hulle kerkwet hul ook verbied om in die parogie van 'n ander predikant sonder verlof te gaan preek. Die kerkraadslede en veral ouderling F.G. Wolmarans en David Jacobs het hul met beslistheid verset teen die handelswyse want hulle het gevrees dat die skeuring net sou vererger en daarom ook die verlof om te preek geweier.[90] Toe daar egter van die gemeentelede was wat verklaar dat hulle hul kinders ongedoop huis toe sou neem, het ds. Van der Hoff sy toestemming gegee om, in die woorde van ds. Neethling, „te gaan waar en te doen, wat wÿ willen".[91] Bogenoemde bewys andermaal die verdeeldheid in Transvaal en daarom is dit des te meer jammer dat dit weer aangeblaas moes word. As die besoekende predikante van die begin af die amptelike kerklike liggame genader het en nie buite die kerkrade om gedoop en gepreek het nie, sou hulle in 'n goeie gees as besoekers ontvang gewees het en sou hulle nie 'n groter breuk veroorsaak het nie.[92] 'n Brief van H.A. Pretorius, broer van Andries Pretorius en invloedryke lid van die Volksraad aan die Algemene Kerkvergadering toon andermaal die probleme geskep deur die besoek aldaar.[93]

Te Potchefstroom het die afvaardiging weer 'n samespreking met die kerkraad gehad en het die bespreking „wat soms den vorm en den toon van een despuut aannam" hoofsaaklik gegaan oor die vrees vir die Britse invloed in die kerk en die gelykstelling. Die besoekers kon net nie insien dat die besware geopper deur die kerkraad, deur die burgers van Transvaal beskou is as bedreiging van hul onafhanklikheid en eie lewensuitkyk nie. „De Heer Wolmarans was spreker",

121a/...

89. R.744/55. Omskrywe van Kaapse Sinodale Kommissie om nie uit Sinode te tree nie. Jan. 1855. S.S. 7, bl. 407, 408; vgl. R.1137/56. Brief H.A. Pretorius aan Algemene Kerkvergadering, 14/7/1856 S.S. 12, bl. 24, 25; Spoelstra, B.: a.w. bl. 125, kyk voetnoot 84.
90. Daar is tot 11 uur die nag geredekawel met die kerkraad bestaande uit ouderlinge Wolmarans, Jacobs en Kloppers en diaken Gouws. Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 621-625, (verslag van reis);
91. Ibid. en Morrees, A.: a.w. bl. 800.
92. M.W. Pretorius het dit dan ook nodig gevind om aan President Boshoff van die O.V.S. te skryf in verband met die optrede van die predikante en sê hy: „in stede van zich onpartÿdig te gedragen of hunne pligt als vredelievenden te volbrengen" hulle net onenigheid veroorsaak het. R.982/56. Brief 5/2/1856. S.S.11, bl. 57-59.
93. Kyk voetnoot 89 hierbo; Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis-Rustenburg, bl. 32; Gerdener, G.B.A.: Boustowwe, bl. 618.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het ds. Neethling daarna geskryf „en waar de Heer in de kunst te kort schoot, nam de Heer van der Hoff het voor hom op!"[94] Ds. Van der Hoff het ook aan die leraars gesê dat hy altyd vir vereniging met die Kaapse Sinode gewerk het, maar dat hy eindelik moes toegee aan die druk van sy gemeentelede. Sy argument was tevergeefs want ds. Neethling wou sy woord en die van die Kerkraad eenvoudig net nie aanvaar nie, maar het ds. Van der Hoff nog as die bewerker van die „droevige scheuring" aangesien.

Dit was nou duidelik hoe sterk die meerderheid was wat niks met die Sinode te doen wou hê nie, maar tewens ook hoe vasbeslote die minderheid was om by die Sinode te bly.[95]

Met die Vyfde Algemene Kerkvergadering in Desember 1856 te Potchefstroom lê ds. Van der Hoff 'n verslag voor van inkomste en uitgawes in verband met sy traktement en reisonkoste. Die vergadering stel daarop 'n kommissie van twee lede aan om die uiteensetting na te sien en word F.G. Wolmarans en F. Schutte verkies. Met die volgende vergadering te Pretoria moes hulle verslag uitbring.[96]

Die verslag is egter met die sewende Algemene Kerkvergadering eers gelewer en blyk dit dat ds. Van der Hoff homself met Rds.200 tekort gedoen het. Hy moes toe nog die agterstallige bedrag van 2347 riksdaalders, drie skellings en twee stuivers ontvang.[97]

Intussen is hard gewerk aan die samestelling van 'n

122/...

94. Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 625; Spoelstra, B.: a.w. bl. 125; Morrees, A.: a.w. bl. 801.
95. Morrees, A.: a.w. bl. 793, 801.
Vergelyk ook „Ten gevolge van die woeling en gisting der gemoederen, ontstaan door de zoogenoemde kerkelyke bezoekreis van de predikanten Neethling en Louw in deze gewesten, was de Heer Pretorius genoodzaakt het land door te reizen en overal byeenkomsten te houden, ten einde de gemoederen te bedaren". Zuid Afrikaan by Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 79, Vergelyk R.1165/56, J.H. Potgieter, veldkornet aan M.W. Pretorius, kmdt-genl. 5/8/1856, en R.1205/56. Na 'n stemming rapporteer veldk. J.W. Viljoen van Marico, 6/9/1856 „.... myn gansche wyk is stellig tegen het inlywing onder de Kaapsche Synode". S.S.12, T.A.
Vir die vergaderings gehou gedurende Oktober kyk 1212, 1213, 1215, 1318, 1220-1223/56. Die verkeerde optrede van ds. Van der Hoff het ook heelwat mense van hom en sy kerk vervreem. Vergelyk Spoelstra, B.: a.w. bl. 126 en R.1161/56. Brief fung. kmdt.-genl. T.F. Dreyer aan M.W. Pretorius, 31/7/1856. S.S. 12, bl. 81,82
96. S.P. Engelbrecht-versameling, N/52, Notule Ned. Herv. Kerkargief, bl. 22.
97. Ibid. bl. 27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



behoorlike grondwet vir die Z.A.R. en na die aanname van die konsep deur die volkskongres te Potchefstroom in Desember 1856, is M.W. Pretorius op 6 Januarie 1857 as president ingesweer.[98]

In die grondwet was ook sewe artikels gevoeg om kerksake te reël.[99] In die Voortrekkerstaat vind ons dan geen skeiding tussen kerk en staat nie maar wel 'n onderskeiding tussen die twee. Die Nederduitsch Hervormde kerk is tot staatskerk verklaar, wat beteken dat dit deur die staat beskerm sou word en geldelike steun uit die landskas sou kry - so is vir elke predikant 'n staatstraktement van Rds.3000 per jaar gewaarborg. Die kerk het egter nog nie sy aparte kerkwette gehad nie en toe M.W. Pretorius en T.F. Dreyer met hul rondreis deur die land die kerkwette van die Kaap aan die volk voorgelê het, het dit geblyk dat die volk nie gewens het om hul „te onderwerpen aan de Kerkelÿke Regulen van de Colonie de Kaap de Goede Hoop" nie,[100] maar „dat alhier voor ons eigen kerkestaat een wet zal vormeerd worden overeenkomstig de leer des Nederduits Gerevormeerde Bybels"[101]

Met die Algemene Kerkvergadering is alreeds aan ds. Van der Hoff en ouderling F.G. Wolmarans die opdrag gegee om 'n kerklike wetboek saam te stel, maar as gevolg van die geweldige taak wat ds. Van der Hoff moes verrig, was dit nog nie met die Vierde Algemene Kerkvergadering in Desember 1855 voltooi nie. Die opdrag is deur die vergadering herhaal met die bepaling dat dit aan die Volksraad met hul sitting van Maart 1856 ter bekragtiging voorgelê moes word.[102]

Verder is bepaal „tot leiddraad te volgen de Kerkelÿke Wetten der Kaap Kolonie". Ook die opdrag is blykbaar nie uitgevoer nie daar gedurende die Algemene Kergvergadering op 15 Desember 1856 te Mooirivier vir die eerste keer pogings aangewend word om 'n kerkwet saam te stel.[103] Daar met die samestelling van die wette alreeds te lank gewag is,

123/...

98. Kyk hoofstuk V
99. Kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 133 en 134, vir 'n vergelyking in tabelvorm tussen die artikels van die grondwette van 1855, 1857, 1858.
100. R.1215/56. Byeenkoms Suikerbosrand, plaas van G.G. Jacobs, 11.10.56. S.S. 12, bl. 198, 199, T.A.
Wypkema, A.: a.w. bl. 450.
101. R.1212/56. Byeenkoms op plaas van veldk. Schoeman, 3/10/1856. S.S. 12, bl. 191. T.A.
102. Gerdener G.B.A.: Boustowwe, bl. 219.
S.P. Engelbrecht-Versameling IV/52. Notules van A.Kerkverg. bl. 17. Opdrag aan ds. Van der Hoff en F.G. Wolmarans herhaal.
103. Wypkema, A. : a.w. bl. 451.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontvang ds. Van der Hoff die opdrag om die belangrike werk maar alleen aan te pak en 'n paar kopieë af te skryf vir ondertekening op die volgende Algemene Kerkvergadering.[104]

In 1857 met die Sesde Algemene Kerkvergadering geopen op 24 Februarie, was die wette, die „Kerkelyke wetten en Reglementen voor de Nederduitsch Gereformeerde Gemeenten in de Z.A. Republiek, in naam en op last van de vereenigde Kerkraadsvergaderingen" gereed en is eenparig goedgekeur.[105] Daarna is dit in die „Staats Courant" van 28 Mei 1858 gepubliseer en 'n kopie aan die Volksraad deurgestuur.[106] Die kerkwet is egter nooit deur die kerkraad bekragtig nie en het dus seker nooit regsgeldigheid besit nie.

Die kerklike byeenkoms van 1857 was so rustig en in die gees van versoening tussen die verskillende groepe dat dit as voorbeeld aan die twistende partye voorgehou is.[107] Andermaal is die Gesange-saak ook weer aangeraak en het vyf persone op hul versoek toestemming van die vergadering verkry om 'n onderhoud in die verband te voer. Toe dit moes plaasvind, was die vyf here egter nie teenwoordig nie en moes die saak oorstaan vir die volgende vergadering - maar toe was dit te laat want ds. D. Postma was toe reeds in Transvaal.

In 1857 het daar 'n mate van wrywing tussen ds. Van der Hoff en Pretorius ontstaan. Die eerste rede was omdat president Pretorius beweer het dat 'n kind wat nie heeltemal blank was nie, saam met sy kind gedoop is,[108] en tweedens oor die interpretasie van artikel 43 van die grondwet van 1857, veral die woorde: „De President zal jaarlÿks in de maand September het voorstel eener begrootingswet van algemeene uitgaven en inkomsten voor Kerk en Staat aan den Volksraad inzenden, en daarin aanwÿzen hoe het tekortkomende

124/...

104. Gerdener, G.B,A.: a.w. bl. 230. Notule 5e Algemene Kerkvergadering.
105. S.P. Engelbrecht-versameling, IV/52. Kopie notules Algemene Kerkvergadering, bl. 22.
106. Notule volksraadsitting, Sept. 1858, art. 18. Volksraadnotules 3, bl. 194. Vir Kerkwet kyk Volksraadnotules 3, bl. 557, e.v.
107. R.1355/57. Brief aan M.W. Pretorius, St. Schoeman en F. Joubert van die kerkraad, 21/2/1857. „Ten slotte maken wy u opmerkzaam op de broederlyke eensgesindheid die er bestaat tusschen de verskillende kerkraden, hier verteenwoordigd, die thans gezamelyk met algemeene stemmen eene kerkelyke wet voor deze republiek hebben goedgekeurd en vasgesteld. S.S. 15, bl. 40, 41. Aanhaling: bl. 41. T.A.
108. Kyk Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, a.w. bl. 55, 56.
R.1632/57. Brief Van der Hoff aan Pretorius, 6/7/1857. S.S. 16. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te dekken of het overschot te besteden"[109] Hiermee is bedoel die uitgawes en inkomstes van die regering en hoe dit gebruik is vir staat en kerk - in laasgenoemde geval net die uitgawes aan die betaling van die traktement. Pretorius het dit egter interpreteer asof dit verwys na alle inkomste en uitgawes van die gemeentes en dat laasgenoemde aan die staat daarvan verslag moes doen. Op 2 September het hy dan ook so 'n verslag deur die goewermentssekretaris laat aanvra by die Potchefstroomse Kerkraad.[110]

As dit wat M.W. Pretorius wou hê die interpretasie van die artikel moes wees, sou dit vir die kerk noodlottig gewees het want dan was die kerk aan die staat ondergeskik en die hele kerklike administrasie 'n onderdeel van die regeringsadministrasie. Dan moes die kerk aan die staat verslag doen oor die gebruik van nagmaalsgelde, en deurkollektes, die besteding van geld aan sy eie administrasie, hulp aan die armes en alle huishoudelike aangeleenthede en kon selfs verwag word dat die kerk al sy gelde aan die staat moes uitbetaal. Daarop sou die staat voorskryf waarvoor gelde wat aan die kerk uitbetaal word, gebruik kon word.

Ds. Van der Hoff het besluit om hom daarteen te verset.[111] Hy het daarop dadelik aan die president geskryf dat hy met die hulp van nabywoonde gemeentelede die verslag sal kan opstel, maar voeg daarby dat hy dit vir sy persoon „de verpligting daartoe nooit óf te nimmer zal erkennen".[112]

Verder het ds. Van der Hoff nog bygevoeg dat hy 'n verslag oor die gelde wat hy as traktement en vir sy reiskoste ontvang het, gereed het en spreek hy die hoop uit dat dit „definitief zal afgehandeld worden, daar dit reeds de vierde keer is, dat ik daarmee voor de politieke overheid verschijn".[113]

Daarop het ds. Van der Hoff 'n bekendmaking op die kerk- en landdroskantoordeure laat vasplak dat op Maandag 5 Oktober, na die Nagmaal 'n verslag gegee sou word (in die kerkgebou) van die gelde wat hy ontvang het asook van die kerkgelde.

125/...

109. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl.56, 57. Grondwet van 1857, Staats Courant, 16/10/1857. Volksraadnotules 3, bl. 443.
110. Reeds die volgende dag wou hy die verslag hê wat vir die toestande van daardie tyd onmoontlik was, terwyl die ander gemeentes nognie eers opdragte ontvang het nie.
111. Dit was geen nuwe besluit of nuwe verhouding tussen staat en kerk nie, vgl. R.810/55. Van der Hoff aan M.W. Pretorius o.a. oor die verhouding staat en kerk S.S.7, bl. 568-571. T.A.
112. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 58.
113. Ibid.
Vgl. R.810/55. Brief Van der Hoff aan M.W. Pretorius o.a. oor uitstaande traktement en reisgeld. S.S.7. bl. 568-571. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hieroor was die president verontwaardig en hy het die goewermentssekretaris 'n brief aan die Kerkraad laat skryf, 2 Oktober 1859, waarin hy kla dat ds. Van der Hoff sy verpligting om aan die Uitvoerende Raad verslag te doen, ontken, terwyl hy volgens die bekendmaking dit wel aan die gemeente wil doen. President Pretorius het dit beskou as „niet alleen eene belediging voor, maar eene ontkenning van den Staat" en hy het die Potchefstroomse Kerkraad sowel as al die ander versoek om so 'n verslag aan hom te oorhandig op 14 Desember.

Met die kerkraadsvergadering van 5 Oktober is die beskuldigings en eis van M.W. Pretorius behandel en besluit om 'n kommissie van twee lede nl. ouderling F.G. Wolmarans en diaken B. Liebenberg af te vaardig om die saak met die president te bespreek.

Die onderhandelinge het egter in 'n warm diskussie ontaard en die kerkraad het besluit om nie die gevraagde verslag te lewer nie. Die ultimatum van die president was daarop dat hy die traktement van die predikant sou terughou totdat hy die verslag ontvang het.

Daarop het ds. Van der Hoff 'n lang beskuldigende en verklarende brief aan die Uitvoerende Raad geskryf en sy verbasing te kenne gegee oor die „jammerlike onkunde" aangaande die grondwet in die brief van die president openbaar; teen die „schreeuwende onrechtvaardigheid" dat sy traktement teruggetrek is sonder verhoor en dit deur die president wat nie die bevoegdheid as regter het nie, en teen die „pogingen tot inbreuk maken op het Kerkelÿke regt der Gereformeerde Kerk" want sê hy, die kerk „kan of mag nooit of te nimmer toelaten eenige inmenging van de zÿde der politiek in de kerkelÿke aangeleentheden" en daar nou gepoog word om dit wel te doen beslis ds. Van der Hoff „Ik zal het nooit toestaan dat de Kerkeraad van hare gelden verslag doe aan het Gouvernement, maar wel aan de Gemeente".[115]

M.W. Pretorius het daarop sy mag verder te buite gegaan deur 'n Algemene Kerkvergadering byeen te roep.[116]

126/...

---

114. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 60.
115. Ibid. bl. 61.
Brief Van der Hoff aan U.R. 16/10/1857. Kyk S.S.16, bl.228
R.1834/57 nr. 32 van 2/10/1857 en nr. 43, 44 van 8/10/1857. S.S. 17.
Nou bly Pretorius en ander weg van die erediens en treur „over de betreurige toestand onser kerk". Pretorius aan du Toit, 28/10/1857. Landdros Pretoria 1.T.A.
116. R.1834/57 nr. 53 van 2/10/1857 en nr. 86,87 van 26/11/1857 S.S.17.
Spoelstra, B.: a.w. bl. 129. Dit was die eerste keer dat die hoogste kerklike liggaam deur die staat byeengeroep is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die grootste Algemene Kerkvergadering van daardie tyd het toe op 22 Desember 1857 te Potchefstroom byeengekom met 26 afgevaardigdes.

Die hele dag is daar in teenwoordigheid van die president en drie lede van die Uitvoerende Raad geredeneer en alle korrespondensie in verband met die saak voorgelees. Die volgende dag het Paul Kruger as plaasvervanger van die president namens laasgenoemde voorgestel dat hy en ds. Van der Hoff die vergadering verlaat sodat die vergadering sonder hulle die saak kon ontrafel. Weer het hulle 'n dag lank aan die saak gewy en laat die aand is die president en predikant toegelaat om die uitslag te verneem. Die vergadering het ds. Van der Hoff gelyk gegee, die optrede van Pretorius afgekeur en aan die waardige ouderling F.G. Wolmarans wat ook 'n leidende rol in die bespreking gespeel het, opgedra om 'n woord van vermaning teenoor die twee betrokke persone te spreek.[117] Dit gee ons enigsins 'n denkbeeld van die waardigheid van die persoon van F.G. Wolmarans, sy opregtheid en eerlikheid van inbors en sy vaderlike optrede as hy ander moes vermaan of betig. Dit was nie elke persoon wat hom goed van so 'n taak kon kwyt nie, veral nie teenoor twee persone soos president Pretorius en dominee Van der Hoff nie.

Om egter 'n herhaling van staatsinmenging te voorkom, is besluit om „eenige bepalingen aangaande de magt der politieke overheid achter de wetten te doen drukken".[118]

So het ds. Van der Hoff se Calvinistiese standpunt dat die kerk „verpligt zich aan de staatswetten te houden, mits dezelve op het Kerkelÿke regt der Gereformeerde Kerk geen inbreuk maken" geseëvier.[119]

127/...

117. Notule Algemene Kerkvergådering, Desember 1857.
S.P. Engelbrecht-versameling, IV/52, bl. 25.
118. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 62.
Vir meer besonderhede kyk ibid. bl. 63.
In verband met die bewoording was die boek van Wilhelmus a' Brakel „Redelyke Godsdienst" van groot waarde want daarin word o.a. die verhouding tussen kerk en staat geskets.
Wypkema, A.: a.w. bl. 454.
119. R.810/55. Van der Hoff aan M.W. Pretorius, S.S. 7, bl. 568. T.A. Kyk ook R.1260/56. H.S. Bosman aan M.W. Pretorius. Des. 1856. S.S. 12, bl. 310-313.
Wypkema, A.: a.w. bl. 453.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Groot van gees het president Pretorius hom geheel aan die uitspraak onderwerp, die opskorting van die dominee se salaris tot niet verklaar en die landdroste gelas om 'n gedeelte van die trougelde wat lankal aan die kerk beloof was, maar nog nooit betaal is nie, uit te keer.

In die lidmaatregister van die gemeente Potchefstroom kan ons andermaal sien hoe F.G. Wolmarans die leiding in kerksake geneem het en ook as hoof-ouderling beskou is. So was hy die ouderling wat ds. Van der Hoff dikwels vergesel het en met die katkisasie bygestaan het waar nuwe lidmate aangeneem moes word en lees ons sy naam by die aanneming te Potchefstroom in Oktober 1853; Mei, September en Oktober 1854; Julie 1855; April, Julie, Oktober en Desember 1856; Julie 1857; September en Desember 1859; April, Julie en Oktober 1860 en Desember 1861. Ook na die verskillende buitewyke het hy die dominee vergesel soos na Mariko in Desember 1853, Maart 1854, November en Desember 1855; na Drakensberg, Desember 1854; Pretoriusstad September 1855 en Onder-Vaalrivier in Maart 1856.[120]

In 1814 is die Evangeliese gesange, wat reeds vanaf 1806 in die Nederlandse Hervormde kerk in gebruik was, ook in die Kaap ingevoer. Daar was egter mense, veral in die distrikte Graaf-Reinet, Cradock en Colesberg, wat hulle daarteen verset het. Ook in ander opsigte het hierdie mense 'n buitengewone konserwatiewe standpunt ingeneem. Hierdie mense was destyds onderskei deur hul uiters eenvoudige kleredrag en lewenswyse[121] sowel as streng konserwatisme in Godsdienstige sake.[122] Vandaar hul beswaar teen die invoer van die gesange en dit was ook die eintlike rede vir hul latere afstigting van die Hervormde kerk in Transvaal [123]

128/....

120. Lidmaatregister van die N.G. gemeente, Potchefstroom, nr. II. Ned. Herv. Kerkargief.
Kyk ook Rex, H.M.: Grepe uit die geskiedenis van die Nederduitsch-Hervormde Gemeente Zeerust tot in 1884. Artikel, Die Zeerustse Eeufees gedenkboek 1867-1967, bl. 22. Uitgegee deur die Stadsraad van Zeerust.
121. „Extreme conservatism, a resolution strictly to walk in old paths, to avoid, especially in church matters, everything new-fashioned ...". J. Murray by Spoelstra B.:a.w. bl. 21.
122. „The farmers beyond Graaf-Reinet, appear in General to bear more aspirations for the word of God." Spoelstra, C. by Spoelstra B, a.w. bl. 23.
123. Morrees, A.: a.w. bl. 812.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 141.
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 33.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos „sommigen van de eerste Vaders en Moeders der Gereformeerde Kerk over hare stichting" getuig het.[124]

So was daar ook 'n heftige stryd in Colesberg tussen die „doppers" en die predikant ds. T. Reid van die Kaapse kerk oor die sing van Gesange.[125] Veral die families Van der Walt, Venter en Kruger het 'n groot rol gespeel.[126]

Onder die Voortrekkers wat die Kaap verlaat het, was ook van die mense wat besware teen die gesange gehad het en die ander het hulle later in die veertiger jare noordwaarts begewe soos die Venter-familie wat hulle in die Vrystaat gaan vestig het. Een van die vooraanstaandes was Jacobus J. Venter wat lid was van die Nederduitsch Gereformeerde gemeente Bloemfontein met ds. Murray as predikant. In Januarie 1858 het hy egter as lid van die kerk bedank onder andere omrede die sing van Gesange, die hou van bidure en omdat „het Evangelie alhier in de Kerk niet overeenkomstig het bevel van Christus wordt verkondigd".[127]

Stephanus Kruger, die persoon wat in die heftige botsing met ds. Reid te Colesberg betrokke was, het na Rustenburg getrek waar hy in April 1852 as diaken verkies is.

Met die Algemene Kerkvergadering van die Transvaalse Kerk te Rustenburg 1853, is daar al 'n memorie ingedien teen die sing van Gesange, onderteken onder andere deur Stephanus Kruger en S.J.P. Kruger.[128] So is die saak ook aanhangig gemaak by die Vierde Algemene Kerkvergadering in Desember 1855 en by die sesde in Februarie 1857.[129]

In die tyd het J.J. Venter van die Vrystaat en twee Rustenburgers wat daar besoek afgelê het, buite die kerkraad om 'n beroepsbrief na Nederland gestuur om ds. Callenbach, wat hulle gedink het nie Gesange laat sing nie, te beroep.[130] Omdat hy predikant in die Hervormde kerk was en dus Gesange laat sing het, het hy die beroepsbrief aan 'n predikant van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde kerk gegee.

Ouderling van Andel van die Christelike afgeskeie Gereformeerde kerk het in die tyd ook 'n brief van eerwaarde

129/...

124. Ds. Postma by Morrees, A.: a.w. bl. 812, 813.
125. Spoelstra, B.: a.w. hoofstuk IV.
126. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, dl. II. Onder redaksie van C.M. van der Heever en P. de V. Pienaar. Nasionale Pers, 1947. Bl. 249-252.
Kyk ook Van Oordt, a.w. bl. 87; Morrees A.: a.w. bl. 814.
127. Kerkraadsnotule N.G. Gemeente Bloemfontein by Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 148, en Morrees, A.: a.w. bl. 830.
128. Vgl. bl. 71 hierbo.
129. Vgl. bl. 120 en 123 hierbo.
130. Kultuurgeskiedenis: a.w. bl. 257.
Spoelstra, C.: a.w. bl. 185 en 192.
Morrees, A.: a.w. bl. 830.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van der Rÿst, sendeling van die Nederduitsch Gereformeerde kerk in die Kaap, ontvang waarin hy vra dat die C.A.G. Kerk die saak van die geestelike nood in Transvaal ter harte moes neem.[131] Van Andel het daarop briewe aan die Schoemanmense in Transvaal geskryf maar geen antwoord terug ontvang nie, waarop hy met Venter in korrespondensie getree het.[132] Daarop het onderling Van Andel die saak by die C.A.G.-kerk se Sinode laat bespreek (1857) wat tot gevolg gehad het dat 'n predikant en ouderling na Transvaal afgevaardig is „ten einde in onderlinge betrekking en verbintenis met elkander te geraken".[133] en om na te gaan of dit wenslik sou wees om 'n predikant as verteenwoordiger van die C.A.G. kerk in Transvaal te vestig. Die benoemde predikant kon nie gaan nie en is vervang deur ds. D. Postma, terwyl die ouderling J. van Andel ook nie sy weg oopgesien het nie.[134]

Op 21 Julie 1858 het die Kerkraad van Rustenburg besluit om met hul volgende vergadering op 30 Augustus weer te beroep,[135] maar met die byeenkoms was daar reeds twee briewe ter tafel van die C.A.G. kerk in verband met die koms van hul afvaardiging.[136]

Na die lang reis vanaf Nederland, waarvandaan ds. Postma op 22 April vertrek het, kom hy op 9 Julie in Kaapstad aan tesaam met ds. Van Heyningen wat deur die Amsterdamse kommissie as predikant vir Lydenburg gestuur is.[137]

In Natal is ds. Postma deur twee lede van die gemeente Rustenburg afgehaal wat daartoe by die Volksraad toestemming gekry het op dieselfde voorwaardes as deur die kerkraadsvergadering van 30 Augustus gestel naamlik dat as hy beroep sou word, hy hom eers moes onderwerp aan artikels 9, 20 en

130/...

131. Kultuurgeskiedenis: a.w. bl. 258.
132. In die briewe aan die Schoemanmense in Transvaal het van Andel die Herv. kerk beskimp en die C.A.G. kerk gepropageer. Dit het daartoe gelei dat D. Coetsee van Lydenburg 'n versoekskrif na J.J. Venter geneem het en lg. het 'n beroepsbrief vir 'n C.A.G.-predikant na Nederland gestuur. G.K.A., aanwins 284 by Spoelstra, B.: a.w. bl. 130.
133. Morrees, A.: a.w. bl. 830.
134. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 39. Spoelstra, B.: a.w. bl. 134. Morrees, A.: a.w. bl. 835. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 68. Du Toit, S.: a.w. bl. 128 - 131.
135. Oproep na die vergadering. Kyk Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 191.
136. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 32, 33. Kyk ook Postma bl. 46, 47 by Morrees, A.: a.w. bl. 837.
137. Kyk in die verband notule volksraadvergadering, 15/9/1858, art. 12. Bekendstelling aan Volksraad deur M.W. Pretorius van die vertrek en aankoms van twee predikante. Volksraadnotules 3, bl. 193. (Staats Courant, 8.10.1858). Vir meer besonderhede i.v.m. beroep van ds. Van Heyningen kyk Elpis 1, 1 bl. 25 en 57 en Morrees, A.: a.w. bl. 802, (Voetnoot 802) en bl. 837.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



23 van die nuwe grondwet aangaande die godsdiens en ondersoek moes word deur die volle kerkraad oor sy belydenis.[138]

In Rustenburg aangekom, (10 November 1858), merk ds. Postma dadelik die stryd tussen dié wat deur die sing of nie van Gesange ontketen is, en ook dat sake as gevolg daarvan op 'n punt van skeuring staan.[139]

Einde Desember sou die Heilige Nagmaal in Potchefstroom gevier word en is ds. Postma op uitnodiging van ds. Van der Hoff ook daarheen waar hy op 22 Desember[140] aankom. Daar het 'n wonderlike gees geheers en ds. Postma het selfs met die dienste gehelp. Op Maandag die 27e [141] was daar 'n Gemeentevergadering om ook die oorkoms van ds. Postma te bespreek. Hy het die rede vir sy koms geskets en „Na dit met juistheid en duidelÿkheid gedaan te hebben, vroeg deze en gene der Kerkeraadsleden inlichting op een en ander, hetwelk de Heer Postma op minzame wÿze gaf. Het punt der gezangen werd besproken. Tot verdediging der gezangen liet de oude Heer Wolmarans, de geachte oud-ouderling dezer gemeente, zich krachtig, ernstig en gemoedelÿk hooren. Wÿ zeggen verdediging. Dit was echter niet tegen den Heer Postma, die zeer mildelÿk daaromtrent zÿn gevoelen geopenbaard had; maar meer tegen diegenen in het algemeen die de gezangen hier verwerpen."[142] Na 'n bespreking waarin „de gansche vergadering zich tegen (die uitskakeling van Gesange) verklaarde" is besluit om die saak te laat oorstaan vir die eersvolgende Algemene Kerkvergadering waar besluit sou word of ds. Postma die sing van Gesange kon uitlaat of daartoe gedwing moes

131/...

138. Notule volksraadvergadering, 20/9/1858, art. 20. Volksraadnotules 3, bl. 195. In die notule van die kerkvergadering word gepraat van „verchenen voor een Algemeene Kerkvergadering". (Kursivering deur my)
Kyk ook Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl.40; Du Toit, S.: a.w. bl. 133-135; Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 231.

139. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 41, 42. (Aanhaling uit sy dagboek)
Spoelstra, B.: a.w. bl. 136. (Brief Postma aan Sinodale Kommissie, 3/12/1858).
Vergelyk ook R.2319/58. A.P. Malan aan U.R. 17/9/1858 S.S. 21, bl. 315. T.A.

140. Engelbrecht sê foutief 23e in Geskiedenis Rustenburg, bl. 42. Vergelyk Staat Courant van 31/12/1858 waarin 'n volledige verslag ook die kerkviering verskyn asook in Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, a.w. bl. 69-72. Hy het Woensdag aangekom - die 23e was 'n Donderdag. Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 642 ook verkeerd 23e.

141. In die aanhaling uit die Staatskoerant by Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 71 word die 28e genoem. Die 28e was 'n Dinsdag en dus verkeerd. Ook by Gerdener, bl. 643.

142. Staats Courant 31/12/1858 by Engelbrecht, S.P. Geskiedenis Potchefstroom, bl. 71, 72. Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 643.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word.[143]

Op Rustenburg is die Nagmaal ook gesamentlik bedien en is die Maandag daarna (3 Januarie 1859) ook 'n vergadering gehou maar daar in die „nie-gesange-kamp" het dit naderhand so ru daaraan toe gegaan dat Paul Kruger moes ingryp om vrede te maak.[144]

Tot dusver het ds. Postma, as verteenwoordiger van sy Sinode hom so neutraal moontlik gedra, het hy hom voorberei om in die Hervormde kerk geskeie van die Kaap te dien en probeer om hom in 'n mate van die latere Gereformeerdes te distansieer,[145] maar die Algemene Kerkvergadering het nog voorgelê.

Andermaal het die twee predikante op 9 Januarie te Pretoria dienste waargeneem en op 10 Januarie is die Algemene kerkvergadering geopen.

Met die vergadering moes ds. Van der Hoff as voorsitter ds. Postma ondersoek en het hy dit op waardige wyse gedoen.[146] Hy het ds. Postma twee vrae gestel en oor die tweede, hoe hy oor die Gesange dink,[147] het die moeilikheid gekom. Ds. Van der Hoff wou die keuse aan die predikant en gemeentelede vrylaat om saam of nie saam te sing nie, in die woorde van ds. Van der Hoff self „... en laat het geheel en al aan de leeraars, uit bovengenoemde Kerk komende, (die C.A.G. Kerk) vrÿ, om al of niet bÿ de openbare eeredienst in de kerk de Evangeliesche Gezangen te bruiken"[148], maar die vergadering het besluit „het Evangelisch Gezangboek, benevens het boek der Psalmen als kerkelÿk gezangboek erkend worde en daarvan by de openbare godsdienst in de kerk zal worden gebruikt

132/...

143. Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 643; Morrees, A.: a.w. bl. 843; Spoelstra, B.: a.w. bl. 138.
144. Postma by Morrees, A.: a.w. bl. 843.
Kultuurgeskiedenis, bl. 262, 263.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 152 e.v. (I.v.m. Postma se optrede oor sing van Psalms buite en binne Transvaal).
145. Die Volksraad het intussen ook toegestem dat hy onder sekere voorwaardes beroep kon word en is daar 'n mate van plaaslike vryheid onder die grondwet toegelaat. Gesange was dus nie verpligtend nie, solank hy net instem met dieselfde Godsdiensleer. Kyk Spoelstra, B.: bl. 135 - 137. Kyk notule volksraadvergadering, Sept. 1858, art. 20. Volksraadnotules 3, bl. 195.
R.2298/58. S.J.P. en St. J. Kruger aan U.R. 14/9/1858. S.S. 21, bl. 279. T.A.
146. D. Postma se eie getuienis „Geprovoceerde Herinneringe" (1870), bl. 9 by Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 71.
147. Volgens besluit van vergadering Potchefstroom 27/12/1858
148. Voorstel van Van der Hoff in Algemene Kerkvergadering. Kyk notule en Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 156.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemaak".[149] Die besluit is met 23 teen 3 stemme aanvaar. Ds. Postma het daarop sy skriftelike antwoord self aan die vergadering voorgelees[150] waarop vyftien persone die Neder-Duitsch Hervormde kerk bedank en 'n Vrye Gereformeerde kerk „gestig" het, onder ds. Postma as predikant (11 Januarie 1859)[151]

Sonder haat of twis het die afskeiding plaasgevind en is die grondslae vir goeie verstandhouding gelê. Albei het hul verset teen die gesag van die Kaapse Sinode, teen die Britse gesag in die Sinode, teen kerklike gelykstelling tussen wit en swart en teen die Metodisme.[152]

Toe die nuwe groep die Hervormde kerkgebou te Rustenburg egter wou gebruik vir hul eerste openbare kerkviering waar hul ook 'n nuwe kerk sou stig, het die kerkraad geweier waarop die stigting op 10 Februarie 1859 onder 'n seringboom plaasgevind het.[153]

Dit was die prys wat die Hervormde kerk moes betaal om die Nuwe Testamentiese Gesange te kon sing.[154]

133/...

---

149. Notule van vergadering by Engelbrecht, Kerkgeskiedenis, bl. 156. Een rede waarom die vergadering so besluit het was dat as die predikant daar beswaar in sou vind om Gesange te laat sing as een persoon in die erediens daarteen is, die Gesange nooit gesing sou word nie. Kyk ook van Staden, G.J. Die rol van ouderling A.D.W. Wolmarans in die kerkgeskiedenis van die Z.A.R. tot 1900. Hervormde Teologiese Studies, 18e Jaargang, afl. 1 en 11 Junie 1962. bl. 18, 19.
Kyk ook brief oor die besluit aan ds. Postma by Gerdener G.B.A.: a.w. bl. 646. (Uit Staats Courant 14/1/1859, bl. 2.) Kyk ook Staats Courant 18/3/1859, en Het Volksblad 10/2/1859 by Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 660/661.
150. Vir skriftelike antwoord van ds. Postma kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 157.
Spoelstra, C.: a.w. bl. 195 - 197; Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 645. en vergelyk R.2539/59. D. Postma aan Algemene Kerkvergadering, 11/1/1859 S.S. 24, bl. 52, 53. T.A.
151. S.P. Engelbrecht-versameling. Notules Algemene Kerkvergadering IV/52, bl. 34. Ds. Van der Hoff laat Uitvoerende Raad weet van stigting van nuwe kerk. R.2604/59. 14/2/1859. S.S. 24, bl. 239-242.
152. Postma het selfs vir ds. Van der Hoff preekbeurte waargeneem. Kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 158, 159 en Spoelstra, B.: a.w. bl. 140 e.v.; Kruger, B.R.: „Die aandeel van die ou Gereformeerdes in die verwerping van die inlywing onder die Kaapse Sinode". Art. Hervormde Teologiese Studies, 16e jaargang, afl. 11, Julie 1960, bl. 66.
153. Van der Hoff wou die kerkgebou aan sy kollega afstaan. Kyk D. Postma by Spoelstra, B.: a.w. bl. 169; Staats Courant 4/3/1859; Morrees, G.B.A.: a.w. bl. 846, 847; Kultuurgeskiedenis, a.w. bl. 264-267; Du Toit, S.: a.w. bl. 135-137.
154. Du Toit, S.: a.w. bl. 150; Spoelstra, B.: a.w. bl. 135. Van Staden, G.J.: a.w. bl. 19.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ook in Potchefstroom wou ds. Postma in die Hervormde kerkgebou dienste hou maar ouderling F.G. Wolmarans het hom daarteen verset. Sy standpunt was dat ds. Postma die kerkgebou kon gebruik as hy vir „de gehele gemeente" wou preek maar dan moes hy skriftelik onderneem om ook Gesange te laat sing. Hy wou nie toelaat dat net vir 'n paar lede wat ontevrede was oor die gesange gepreek word nie. In die Staatskoerant van 25 Maart is 'n dergelike bekendmaking geplaas.[155]

Daar was die vrees dat die kerklike skeiding ook staatkundige gevolge kon hê soos met Lydenburg die geval was,[156] maar die twee kerke het dieselfde staatkundige beleid voorgestaan.

Tydens die sitting van die Volksraad op 5 en 6 April 1860 het die kerklike probleme ook ter sprake gekom, is die saak deeglik bespreek en ondersoek en „het Ed. lid F.G. Wolmarans spreekt de Vergadering zeer ernstig aan om tog indien mogelyk by een Kerk te blyven en geene scheuring te maken".[157]

Dit was egter onvoorspelbaar wat kon gebeur en daarom wou president Pretorius poog om die breuk te heel en het die Uitvoerende Raad ds. Van der Hoff daarop gevra om 'n Algemene Kerkvergadering op te roep vir 26 April te Potchefstroom. Die regering het verder ds. Postma gevra om teenwoordig te wees asook dr. S. Hofmeyr van Colesberg (wat in Transvaal was) en ds. Louw van Fauresmith gevra om die vergadering as gaste by te woon en „raad, hulp, voorlichting en bystand te verleenen".[158]

Gedurende die tweede sitting op 27 April het dr. Hofmeyr gepoog om die twee groepe weer bymekaar te bring en met die doel wou hy eers teruggaan na die Pretoriase vergadering waar die afsheiding gebore is. Om die verband van sake beter te kan verstaan, wou hy graag weet, „onder welken indruk

135/...

155. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 160; Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 662. Ons lees in die Staatskoerant die volgende nadat ds. Van der Hoff die aansoek om die kerk te gebruik van ds. Postma ontvang het: „Na myn ouderling, den Heer Wolmarans geraadpleeg te hebben, stond ik aan den Eerw. Heer Postma de Kerk af, mits zyn Eerw. my de schriftelyke verzekering wilde geven, dat hy by zyne godsdienstoefening in de Kerk de gehele gemeente zou stichten op de gebruikelyke wyze, met psalmen en gezangen. Staats Courant 14/1/1859, bl. 2.
156. Vergelyk die kommentaar van die dagbladpers by die Staats Courant 18/3/59, bl. 2. T.A.
Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 660.
157. Notule volksraadvergadering, April 1860, art. 28. Volksraadnotules 4, bl. 44.
158. Oor die komplot wat die uitgenooide predikante wou smee kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 162. 163. Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 96, 97.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat besluit door de vergadering te Pretoria was genomen, onder den indruk dat daardoor eene scheuring of afscheiding zoude ontstaan, of dat daardoor de vrede en eenheid der kerk zou worden bevorderd?". Ouderling Wolmarans het getuig dat hy geen skeuring verwag het nie want toe hy op pad na Pretoria was, het hy ds. Postma ontmoet en aan hom die vraag gestel, omdat hy destyds bang was vir skeuring en verdeeldheid, wat hy sou doen as die vergadering sou besluit om die sing van Gesange by die erediens verpligtend te maak. Volgens ouderling Wolmarans het ds. Postma toe geantwoord „dat hy zulks dan in zÿn rapport aan zÿne kerk in Nederland soude melden, in de verwachting dat er een of ander leeraar dier kerk zÿn sou, die geen bezwaar zoude hebben op die voorwaarde leeraar van Rustenburg te worden". Die verklaring het volgens Wolmarans alle vrees vir 'n skeuring by hom weggeneem.

Ds. Postma het dit egter 'n „onwaarachtige voorstelling" genoem. Hy het nooit so iets aan Wolmarans gesê nie.

Ouderling Wolmarans verklaar egter „zÿne mededeling van het gesprokene voor onvervalste waarheid" en sê dat hulle alleen was en hy geen getuie kan oproep om te bevestig dat hy waar praat nie.

Ds. Postma het dit egter bly ontken en gesê dat die vergadering móét weet wie van hulle twee die waarheid praat. Hy sê dat ouderling Wolmarans self verklaar het dat hy 'n skeuring vrees en nou sê hy hy het nie daarvoor gevrees nie. Daarop het ds. Van Heyningen voorgestel „dat de vergadering beslisse of de voorstelling van de Oud. Wolmarans, 'onwaarachtig' is al dan niet."

Ds. Hofmeyr vind dit 'n baie moeilike situasie waarvoor die vergadering staan, daar die twee persone presies die teenoorgestelde verklaar sonder enige getuies. Dit is vir hom egter verstaanbaar dat ouderling Wolmarans eers vir 'n skeuring kon vrees en dat dit na die beweerde antwoord van ds. Postma kon verdwyn.[159] 'n Misverstand was moontlik tussen ds. Postma wat toe pas uit Nederland gekom het en die ouderling omdat hulle nie dieselfde taal gepraat het nie. Die probleem was hoe om te bewys wie reg was. Ds. Van Heyningen het daarop voorgestel dat die vergadering moes stem wie die waarheid praat! In 'n Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervomde Kerk het sy ouderling natuurlik gewen. So het van die hele poging tot vereniging niks gekom nie.[160]

136/...

159. Gerdener, G.B.A. a.w. bl. 236.
S.P. Engelbrecht-versameling N/52. Ned. Herv. Kerkargief.
160. Vir dokumente en bespreking kyk Spoelstra, C.: a.w. bl. 199-204.
Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis bl. 162, 163.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Met die Tiende Algemene Kerkvergadering van die Hervormde kerk te Pretoria in September 1859 is die saak weer bespreek[161] en in November is 'n poging aangewend om die breuk te heel, maar sonder gevolg.

Op 24 Desember 1859 het die lidmate van die Nederduitsch Hervormde kerk verskeie memories aan die president en Uitvoerende Raad gestuur met die vraag „Welke Kerk de Kerk van den Staat is, de Nederduitsch Hervormde Kerk welke alhier bestaan heeft van af het begin der aanlegging van dit land of de Kerk nu onlangs opgerigt onder de leiding van den Heer D. Postma?". In die memorie vra hulle verder dat die nuwe kerk dieselfde naam moet hê as van die kerk wat hom hierheen afgevaardig het volgens sy dokumente. Hulle sal ook navraag doen by die Nederduitsch Hervormde kerk in Nederland en die professore van die Nederduitsch Hervormde Akademie of die laasgenoemde kerk of die kerk wat ds. Postma gestuur het die meeste ooreenkom met die sinode van 1618, 1619. Ten laaste versoek die memorialiste dat die koms van 'n leraar vir die Gereformeerde kerk opgeskort moet word totdat hulle vanuit Nederland die antwoord op hul vrae gekry het.

Die handtekening bo-aan is die van F.G. Wolmarans, oud-ouderling, en hy was heel waarskynlik een van die opstellers of selfs verantwoordelik vir die memories.[162]

Die Elfde Algemene Kerkvergadering van 3-10 September 1860 het weer met ds. Postma onderhandel en die regering het 'n voorstel gedoen ter hereniging,[163] maar nog kon die twee partye mekaar nie vind nie en op 3 September 1861 met die Twaalfde Algemene Kerkvergadering het die vergadering amptelik aan die regering geskryf dat daar soveel tevergeefse pogings tot eenheid gedoen is dat die vergadering huiwerig was om hom verder daarmee in te laat.[164]

Die afskeiding was 'n voldonge feit.

137/...

161. Hul moes antwoord op die skrywe van ds. Postma en die Algemene Kerkvergadering i.v.m. vereniging. Kyk Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 674,675. Oproep na Algemene Kerkvergadering, 3/9/1860. U.R. 1, bl. 155, 156. Notule vergadering Maart 1860, art. 29 en notule vergadering Julie 1860, art. 17. U.R. 1, bl. 188.
162. R.3374/59. Memorie aan U.R. 24/12/1859. S.S. 30 bl. 522-524. T.A.
U.R. 1, bl. 184, 185. Sitting 24/7/1860. T.A.
163. Kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 164.
164. „..... wy reeds zoovele pogingen hebben aangewend in de zaak van ds. Postma, doch alles te vergeefs is, dat wy thans huiverachtig zyn, ons (tans) hiermede (verder) in te laten". Notule Algemene Kerkvergadering. Ned. Herv. kerkargief. Morrees, A.: a.w. bl. 848-854; Du Toit, S.: a.w. bl. 137,138; Kultuurgeskiedenis: a.w. bl. 267-269; Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 94.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Intussen het die kerkgebou van die gemeente Potchefstroom te klein geword vir die mense wat hul kerklike voorregte op die dorp gebruik het, dit wil sê die mense in 'n aria van ongeveer 30 tot 40 myl om die dorp. Die ander kerkplekke met hul eie wykskerkraadslede waar dienste gehou en die sakramente bedien is, was onder andere op Marico, Agter-Losberg, Suikerbosrant, Drakensberg en Onder-Vaalrivier. Destyds was die distriksgrense ook die gemeentelike grense.[165]

Die kerkraad het toe 'n nuwe boukommissie saamgestel wat op 18 April 1859 byeengekom het. Die lede van die Kommissie was ouderlinge F.G.A. Wolmarans, J. Booysen, diakens B. Uys en P. Pienaar en die gemeentelede J.C. Steyn, J.P. Furstenburg, H.S. Lombard (Jr) en B. Liebenberg. J.P. Furstenburg was as voorsitter verkies en H.S. Lombard as penningmeester. Dadelik is met die insameling van boumateriaal en ander benodigdhede begin.[166]

Op Maandag 26 Desember 1859, die dag na die Nagmaalsviering op die dorp, is die hoeksteen deur president Pretorius en ds. Van der Hoff gelê. In die program lees ons: „De Heeren leden van de bouwcommissie (waaronder ouderling F.G.A. Wolmarans, loop derde van voor in die optog), twee aan twee, dragende den troffel, de materialen en wat verder noodig is" en later by die plek aangekom waar die hoeksteen gelê sou word: „De Ceremonie-meester leest de namen voor van de leden der bouwcommissie en overhandigt aan den President de Grondwet van den Staat, de Kerkelÿke wet, de lÿst van de namen der leden van de bouwcommissie, enz. enz.; al het geen door zÿn Hoof-Edele in de daarvoor bestemde plaats van den Hoeksteen gelegd wordt".[167]

Die bou aan die kerk het egter baie stadig gevorder. In die tyd toe president Pretorius na die Vrystaat is en daar as president ingesweer is, was daar baie woelinge in Transvaal en het die bouery selfs 'n geruime tyd stilgestaan.

So lees ons in 'n brief van F.G.A. Wolmarans, namens die Kerkraad van Potchefstroom dat die kerkraad in Junie 1863 by die Uitvoerende Raad aansoek gedoen het om 'n blok erwe ten behoewe („ten favoure") van die kerk te Potchefstroom, dat dit toegestaan is maar dat daar nog nie aan

138/...

165. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 86.
166. Ibid, bl. 87, 88.
R.2727/59. Brief van boukommissie aan U.R. 19/4/1859.
Volksraadnotules 4, bl. 240. In die verslag besonderhede oor plan van kerk, ens.
167. Foto van program kyk Almanak, Ned. Herv. Kerk 1922, bl. 138, 139 en oorspronklike by S.P. Engelbrecht-versameling IV/8. Ned. Hervormde Kerkargief.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voldoen is nie. Hy versoek nou vriendelik, namens die Kerkraad, dat die Uitvoerende Raad die landdros op die dorp gelas om die blok erwe aan te wys, daar die kerkraad met die bou van die kerk nie verder kan deurgaan nie weens geldgebrek. Hy vra ook andermaal die uitbetaling van kerkgelde wat nog verskuldig is volgens die goewermentsboeke.[168] Ds. Van der Hoff moes op 30 Augustus 1864 weereens aan landdros C.J. Bodenstein die erwe vra, maar eindelik op 1 September 1864 het president M.W. Pretorius aan landdros C.J. Bodenstein opdrag gegee om 'n blok erwe nr. 44, erwe 231 tot 234 aan ds. Van der Hoff te gee „om door de Kerkeraad ten voordele van gez. kerk te worden verkocht."[169] Op 13 Januarie 1867 is die erwe nrs. 331, 332 en 333 op naam van die kerk transporteer en later ook erf 441.[170] Interessant omrede die kultuurhistoriese waarde daarvan is die brief wat ds. Van der Hoff, aan landdros J. Otto geskryf het waarin hy hom hulp vra om die skans wat by die ou kerkie (van 1851) afgebreek is te help weg karwei om in die gate om die nuwe kerk gegooi te word.[171] Op Saterdag 24/2/1866 kon die kerkgebou ingewy word.[172]

Die inwyding het twee dae voor die opening van die Algemene Kerkvergadering plaasgevind en was net so plegtig en formeel soos die hoeksteenlegging. Van heinde en ver het die kerkgangers saamgetrek asook die president en Uitvoerende Raad wat uitgenooi is om die heuglike gebeurtenis by te woon.[173] Asook die predikante van die kerk di. A.J. Begeman, G.W. Smits, N.J. van Warmelo en P.A.C. van Heyningen.

Andermaal sou die Wolmaranse 'n prominente plek in die verrigtinge vul en lees ons in die program: „Na de toespraak (in die ou kerkgebou) geeft by (ds. Van der Hoff) den Bÿbel voor de nieuwe Kerk bestemd, in handen van een der beide Oud-ouderlingin F.G. Wolmarans en Steph. Viljoen waarna de optogt geregeld word as volg: ..." Heel voor sou die twee

139/...

168. R.806/63. Brief F.G.A. Wolmarans, (ouderling) aan W.C.J. van Rensburg (fung. president) en U.R. 19/10/1863. S.S. 50. T.A.
169. Argief Potchefstroom. Landdros 3, Inkomende stukke. 1864-1867 (Van Staatssekretaris, 1864) T.A.
170. Argief Potchefstroom Landdros 59. Transport register van erwe Potchefstroom 1860-1888. T.A. Op 4/10/1859 is erf 73 ook op die naam van die gemeente geplaas. Ibid.
171. Argief Potchefstroom. Landdros 3, Inkomende stukke. Januarie 1865 - April 1866. Brief 30/1/1866. T.A.
172. Op die program staan 25 Februarie, maar die verrigtinge is na die 24ste verskuif.
173. R.262/66. Uitnodiging aan U.R. 23/2/1866; R.280/66. Uitnodiging aan president, 29/2/1866. S.S. 75. bl. 236 en 261. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oud-ouderlinge loop gevolg deur 'n elle lange optog van burgers uit alle moontlike staatkundige en kerklike terreine van die Z.A.R.

„De optogt vervolgt zÿn weg, zooals de ᵇ Ouderlinge voorgaan, (van die ou kerkgebou, via die pa naar de Kerk tot bÿ de deur aan die Kerkstraat .. ptogt, tot by de Kerkdeur genaderd, blyft daar staan, terwÿl de predikant en de oudste in dienst zÿnde Ouderling der gemeente vooruit treden om de deur de openen ... De optogt gaat de deur door de Predikant geopend binnen .... de beide Ouderlingen leggen den Bÿbel op den Predikstoel en de Predikant beklimt den zelve".[174]

Met die Algemene Kerkvergadering van September 1859 is twee blanko beroepsbriewe[175] na Nederland gestuur, weer aan die Amsterdamse Kommissie, en twee proponente, A.J. Begeman en G.W. Smits (hierbo genoem) was gewillig om na die Republiek te kom. Op 27 Januarie 1861 is ds. Begeman deur ds. Van der Hoff as predikant van Pretoria bevestig en op 21 April 1861 het ds. G.W. Smits die predikant van die Nederduitsch Hervormde gemeente Rustenburg geword. In 1861 was daar dus drie Hervormde predikante in Transvaal en in 1865 was daar 5.

--- oOo ---

---

174. Foto van program kyk Almanak Ned. Herv. Kerk 1922, bl. 140, 141, asook
Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Potchefstroom, bl. 91-94;
Engelbrecht, S.P.: Die Herv. kerk van Potchefstroom, Almanak 1922, bl. 137;
Almanak Ned. Herv. kerk 1917, bl. 108, 109.

175. Vir afdruk van beroepsbrief aan ds. Smits kyk Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis Rustenburg, bl. 52, 53. Op die beroepsbrief kom ook die handtekening van F.G.A. Wolmarans voor. Kyk ook ibid. Almanak, Ned. Herv. Kerk 1925, bl. 119 en bekendstelling dat beroepe geslaag het aan Volksraad by V.R. 467/60. Verslag Wn. Pres. Grobler. 10/9/1860. Volksraadnotules 4, bl. 334.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VII

## DIE ROL VAN F.G. EN F.G.A. WOLMARANS IN DIE STAATKUNDIGE LEWE VAN TRANSVAAL, 1860 - 1872.

In M.W. Pretorius se verenigingstrewe het hy die steun van Potchefstroom-, Mariko- en Wakkerstroom se gemeenskappe gehad maar nie van Zoutpansberg en Lydenburg nie. Gewestelike verskille was nog nie opgelos nie en Lydenburg was in 1960, hoewel staatkundig verenig, kerklik nog apart.[1] Lydenburg het, soos hierbo aangetoon, geen simpatie vir Pretorius gehad nie en baie ander burgers het hul geesdrif vir Pretorius se verenigingsplanne verloor uit vrees vir Britse inmenging.

Toe Pretorius met die volksraadsitting in April 1860 aangesê is om in September verantwoording te kom doen oor sy aanvaarding van die Vrystaatse presidentskap[2] was die Potchefstromers nie daaroor gelukkig nie en was daar smeulende ontevredenheid teen die Volksraad[3] en wantroue teen Oos-Transvaal by wie hul die rede vir sy afsetting gesoek het.

Pretorius wat in September met groot instemming en vreugde deur Potchefstroom en Pretoria ontvang is, wou probeer om die volkswil teen die Volksraad af te speel alhoewel hy gesê het dat hy „de Volksraad als het hoogste gesag in dezen staat steeds zal erkennen.[4] In die poging om 'n wig tussen die volk en Volksraad in te dryf, was hy gesteun deur kommandant-generaal Schoeman.

Met 'n monstervergadering op Potchefstroom, 8 en 9 Oktober 1860,[5] was die volk so opgesweep dat 'n rewolusionêre komitee van vyf lede die „Sprekers van die Volk" genoem, gekies is en verklaar die vergadering dat die Volksraad „tegen den zin, de begeerten in het verlangen des volks gehandeld heeft -- (met die ontslag van Pretorius) --

---

1. Morrees, A.: a.w. bl. 802, Gerdener, G.B.A.: a.w. bl. 681; Gouvernements Courant, 18 Mei 1860. nr. 16. Z.A.R. Staats-courant, 1860, band 4, T.A.
2. Ingesweer op 8/2/1860.
   R.4045/60. Pretorius aan Volksraad, September 1860. S.S. 35, bl. 39.
3. R.3818/60. Brief vanuit Klerksdorp, 20/6/1860. Volksraadnotules 4, bl. 347, 348;
   R.3818b/60. Ibid bl. 349;)
   R.3818c/60. Brief vanaf Vaalrivier, 5/7/1860.Ibid.bl.350;
   R.3861/60. Brief vanaf Potchefstroom, 24/7/1860.Ibid.bl 350;) Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 99.
4. R.4045/60. S.S. 35 bl. 39, en vergelyk R.4096/60. Notule publieke byeenkoms, Potchefstroom, 30 Oktober 1860. S.S. 35, bl. 176, 177.
   Van Jaarsveld, F.A.: Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaner, Deel 1. Impala opvoedkundige diens, Johannesburg, 1951. bl. 275.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en daardoor het vertrouwen van het volk heeft verbeurt"[6]

Op die vergadering is verder besluit dat Pretorius sou aanbly as president, dat sy verlof vir 'n jaar verleng word om die vereniging te bewerkstellig en dat kommandant-generaal Schoeman intussen as waarnemende president sou optree.[7] Ook is waarnemende president Grobler toegang tot Potchefstroom geweier[8] en is besluit om die volksbeweging voort te sit in Rustenburg, Utrecht en Marthinus Wesselstroom.

Hierdie ontevredenheid en onkonstitusionele optrede van die Pretorius- en verenigingsgesindes sou hierop burgeroorlog, onenigheid en verwarring veroorsaak wat die Transvaal vir vier jaar in sy greep sou hou.

Met die vergadering van M.W. Pretorius en S. Schoeman te Rustenburg het S.J.P. Kruger egter 'n volkshof voorgestel om tot 'n vergelyk en ooreenkoms te kom.[9] So het die volksverdeeldheid in al die distrikte posgevat en die burgers het begin kant kies.[10]

Dit het egter geblyk dat nié die hele volk teen die Volksraad georganiseer kan word nie.[11]

Nadat die „Sprekers van die Volk" besluit het dat die

142/...

5. Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 70.
6. Ibid.; R.4066/60. Notule van vergadering. Volksraadsnotules 4, bl. 388-390. Vir meer besonderhede kyk B.B. 294/60. Brief wnd. president Grobler aan kmdt-genl. Schoeman; B.B. 296/60. J.H.M. Struben aan W.J. van Rensburg; B.B. 300/60. Struben aan H. Jeppe; B.B. 301/60. Struben aan J.C. Steyn. Volksraadnotules 4, bl. 388-399.
7. R.4162/60. Voorstel van J. Spruyt. S.S. 35, bl. 314.
8. R.4142/60. 23 November 1860. S.S. 35, bl. 274. en kyk R.4131/60. D.J. Steyn en J.F. Preller aan Grobler en Struben, 20/11/1860; B.B. 327/60. J.H. Grobler en Struben aan St. Schoeman, 26/11/60. Volksraadnotules 4, bl. 402-403; Van Oordt, J.F. a.w. bl. 100.
9. R.4069/60. Notule van byeenkoms gehou te Rustenburg. 13 Oktober 1860. S.S. 35, bl. 101; R.4072/60. Memorie van burgers, Rustenburg, 13 Oktober 1860. S.S. 35, bl. 110; S.S. Suppl. stukke nr. 6 van 1860. Ook by Volksraadnotules 4, bl. 394/396. De Zuid-Afrikaan, 30 Oktober 1860. Mikrofilm C.L. 335.
10. Vergelyk R.4092/60. Besluit van byeenkoms, Pretoria, 26, 27 Oktober 1860. S.S. 35, bl. 169; R.4107/60. Notule vergadering distrik Pretoria, 6 November 1860. S.S. 35, bl. 197. Ook by Volksraadnotules 4, bl. 399-400.
11. R.4092/60.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„meerderheid" hulle steun[12] vertrek waarnemende president Schoeman wat hom nou sterk genoeg gevoel het om die regering oor te neem, na Pretoria[13], waarop waarnemende president Grobler sy bedanking indien.[14]

Die bloedlose staatsgreep van 7 en 8 Desember 1860 het geslaag,[15] maar geen nuwe volksraad is verkies nie. Daar word eers gewag op die koms van Pretorius.

Die eerste reaksie teen die optrede kom van Rustenburg[16] wat die bestaande grondwet gehandhaaf wil hê en daarna van Lydenburg wat sê dat die Potchefstroom-groep nie die hele volkstem verteenwoordig nie.[17]

Toe die ou Volksraad op 14 Januarie 1861[18] te Pretoria byeen geroep is deur waarnemende president Schoeman, is die vergadering deur oud-ouderling F.G. Wolmarans met gebed geopen omdat ds. Begeman van Pretoria nog nie bevestig was nie.[19] Die verdeeldheid het egter aldaar voortgeduur en toe 'n paar lede na die verdaging 'n privaat sitting hou en die „sprekers" voor die Hooggeregshof daag vir sedisie,[20] het dit die verskille net beklemtoon.

Gedurende die hofsitting, op 4 Februarie 1861 is 'n brief van „F.G. Wolmarans, de ouderling" gelees waarin hy kennis gee dat een van die „sprekers" nl. H.S. Lombard nie

143/...

12. 'n Haastige volkstemming is uitgeskryf en het hulle die meerderheid gekry onder die wat gestem het wat hoofsaaklik woonagtig was in die deel waar Pretorius se ondersteuners was. Kyk R.4066/60. Voorstelle van die Sprekers, 9 Oktober 1860, Potchefstroom. S.S. 35, bl. 78; E.V.R. 105A, bl. 67-72; bl. 73-80. Volksraadnotules 4, bl. 392-393.
13. Vergelyk S.S. Suppl. stukke nr. 9/60. Volksraadnotules 4, bl. 406.
14. R.4172/60, S.S. 35, bl. 335 en Volksraadnotules 4, bl. 409; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 103. Ook R.4175/60. Kruger aan Liebenberg, 7 Desember 1860. S.S.35, bl. 353. T.A.
15. Vergelyk en kyk R.4174/60. Byeenkoms bepaal te Pretoria deur Schoeman e.d.m. S.S. 35, bl. 341-351.
16. R.4073. Brief van S.J.P. Kruger aan Grobler, 15 Oktober 1860. S.S. 35, bl. 116.
17. R.4302/61. Landdros Lydenburg aan Schoeman, 6 Mrt. 1861. S.S. 37, bl. 220. T.A.
Van Jaarsveld, F.A.: a.w. bl. 280.
18. Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 103; Notule Volksraadvergadering, Pretoria, 14-16 Januarie 1861. Volksraadnotules 4, bl. 83-92.
19. Ibid. bl. 88. Die Wolmaranse is gereeld gevra om voor te gaan in gebed wat as 'n kompliment beskou moet word en 'n bewys van hul bekwaamheid en waardigheid.
20. Landdros, Pretoria, 553, T.4/2431, p. 73 vv.A. Dagvaarding. Volksraadnotules 4, bl. 415-416. Kyk ook R.4216/61. S.S. 37, bl. 34 en Volksraadnotules 4, bl. 415; Badenhorst, W.J.; a.w. bl. 71.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan verskyn nie, omdat hy nie tuis is nie. Maar verder meld hy „dat de meeste ingezetenen van de veldcornetsckap D. Terblanche is voor Wet en Order, en deze zaak naar wet zullen gehandhaafd worden".[21] Van die ander gedagvaardes het net een opgedaag maar al vyf is skuldig bevind en beboet.[22]

Op 24 Julie 1861 lê waarnemende president Schoeman die saak in 'n brief aan die volk voor en nooi hul uit na 'n volksvergadering op 2 September te Pretoria,[23] maar die tweespalt was so erg dat die krygsoffisiere die vergadering moes ontbind. Daar is egter besluit om die volk te vra of hulle 'n nuwe of die ou Volksraad wil hê. Uit die wyk van veldkornet D.J. Terblanche (Terblans) kom 'n antwoord met 61 handtekeninge waaronder die van F.G.A. Wolmarans met die aanhef „Zoo is den ondergetekende burgers syn gevoelen dat den ouden Volks Raad zal zoo spoedig sitting zal neemen en mit hunnen werksaamheden sal Voortgaan Volgens Grond Wet zonder eenig uitskel".[24]

S.J.P. Kruger het ook vergaderings gehou waarop besluit is dat „sonder uitstel" die „regeringsvorm" onmiddellik herstel moes word met die grondwet as basis.

Toe Schoeman dit verneem, vertrek hy met 'n kommando na Pretoria en Kruger doen dieselfde om die wettige gesag te ondersteun, maar M.W. Pretorius kom juis op die kritieke tydstip uit die O.V.S aan en voorkom 'n botsing.[25] Beide groepe het ooreengekom om 'n nuwe volksraad te laat kies en daarna sou 'n bevoegde geregshof die wedersydse griewe ondersoek.[26]

M.W. Pretorius skryf egter aan Schoeman dat hy besorg is oor die verloop van sake in die Z.A.R. want as 'n ander man aan bewind kom „.... wat zal ik dan in den Vrystaat maken, zÿ zullen natuurlyk de zaken die wÿ wenschen om tot

144/...

---

21. Ibid. Landdros, Pretoria, B. Notule van die hof. Volksraadnotules 4, bl. 417. Hof gaan in sitting op 11 Febr. 1861.
22. Ibid. bl. 418. Vir protes teen vonnis kyk Het Volksblad, 16 Mrt. 1861. Volksraadnotules 4, bl. 420-422.
23. R.4516/61. S.S. 38, bl. 295. T.A.
24. R.4628/61. Naamlys, 12 Sept. 1861. S.S. 39, bl. 23, T.A. Kyk R.4629/61, Ibid. vir enkele persone wat nuwe Volksraad verkies.
25. Gouvernements Courant, 15 November 1861, nr. 46 en 6 Desember 1861, nr. 49. Z.A.R. Staats-courant, 1861. Band 5, T.A.
26. Ooreenkoms 5 en 6 November 1861. Gouvernements Courant, 13 Desember 1861. Nr. 50. Ook V.R.474/62. Brief van Schoeman, 2 April 1862. Volksraadnotules 4, bl. 443; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 105,106; Van Jaarsveld, F.A. a.w. bl. 287.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stand te brengen tegenwerken."[27]

In April 1862 het die nuwe Volksraad te Pretoria sitting geneem en is na deeglike beredenering en objektiewe toetsing aan die grondwet geoordeel dat Schoeman sy amp onwettig beklee en geskors moet word.[28] Alle ander kwessies sou voor 'n bevoegde volkshof in Augustus uitgewys word.[29]

Die hele optrede van die Potchefstroomgroep was dus onwettig en die volkswil was nie daarmee gediend nie. W.C.J. van Rensburg is intussen as waarnemende president aangestel in afwagting van 'n nuwe verkiesing.[30]

Potchefstroom en Schoeman besluit egter om die Volksraad nie te erken nie maar nog vir Pretorius as hul president te wag. Toe hy antwoord dat hy sy betrekking in die O.V.S. sou bedank, is die opstandelinge onderskraag tot nuwe verset.[31] Daar was nou twee regerings in Transvaal.

Die volgende botsing sou kom tydens die bepaalde sitting van die Hooggeregshof te Pretoria in Augustus 1862 toe Schoeman Pretoria met 'n gewapende mag oorgeneem het „tot tÿd en wÿle ZHEd M.W. Pretorius in onzen staat zal zÿn teruggekeerd".[32] Met hierdie tweede staatsgreep kon die hofsitting dus nie voortgaan nie[33] en is die staatsgesag weer verlam. Vir waarnemende president Van Rensburg was dit „miskenning van die wettige Overheid der Z.A.R." en „vernietiging der Grondwet"[34] - dus rebellie teen die Staat.

Op 11 September kom die Krygsraad volgens oproep te Pretoria byeen ten einde die vryheid en wette van die Republiek te beskerm.[35] Tydens die sitting het F.G. Wolmarans, S. Prinsloo en H.F. Grobler namens die aanwesige publiek 'n brief aan Schoeman gestuur waarin hulle hulle

145/...

---

27. V.R.206, bylae V.R., O.V.S. 14/11/1861; vergelyk brief van Pretorius aan Schoeman, 14/11/1862. Suppl. stuk. Volksraadnotules 4, bl. 666.
28. Notule van volksraadvergadering, Pretoria, 2- 26 Apr. 1862, art. 80, 81, 82, 84. Volksraadnotules 4, bl. 93-153.
29. Ibid. art. 62. Vir klagstaat kyk R.220/62, S.S.42, bl. 144 e.v. asook in Volksraadnotules 4, bl. 471-5.
30. Notule van volksraadvergadering, art. 89, 90.
31. R.199/62. Besluit van vergadering Marthinus Wesselstroom, 2 April 1862 en R.233/62. Brief van Pretorius 17 Mei 1862. S.S. 42, bl. 83 en 174 resp.
32. Van Jaarsveld, F.A.: a.w. bl. 289.
33. Brief W.C.J. van Rensburg aan T. Snyman, 13 Aug. 1862 en bekendmaking. Volksraadnotules 4, bl. 623; Krygsraadnotule, 11 September 1862, art. 35. Volksraadnotules 4, bl. 633.
34. Van Jaarsveld, F.A.: a.w. bl. 289.
35. Notule van krygsraadvergadering, 11 September 1862. Verslag van J.C. Rademeyer. Volksraadnotules 4 bl. 625 e.v., en 638 e.v. resp.; R.317/62. Brief Snyman aan van Rensburg oor oorname van Pretoria en saamroep van vergadering. S.S.43, bl. 95. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



steun gee aan die optrede van die Krygsraad en vervolg hulle: „..... wÿ kunnen niet geloven dat de gemoederen van het publiek tegen elkander kunnen opgewekt worden tot bloedvergieting, maar wel tot handhaving van wet en orde". Hulle wys verder daarop dat dit die wens van Schoeman is om die partyskap so te hou tot tyd en wyl M.W. Pretorius weer in Transvaal terug is, maar, verklaar hulle: „- wat ons aangaat ongelukkig, - en dat kunnen wÿ met regt en zonder vrees goddeloos noemen, want als iemand zÿn woning self niet zuivert, dan is het moeijelÿk om te begeeren dat een ander het doen moet - En hoe ongelukkig zou het wezen wanneer de heer Pretorius weder in onzen Staat moge terug komen, en hÿ zou het door ons zelven omver gekrapt vinden! Maar wÿ acten het eer voor UEd. en voor ons arm publiek wanneer ZEd. weder zoude mogen terug komen in onzen Staat, en in bloei moge zien voortgaan."[36]

Daar het egter geen wysiging in Schoeman se planne gekom nie waarop Pretoria deur Kruger en byna 300 man omsingel is, maar Schoeman ontkom na Potchefstroom.[37]

Die regering kon nog nie sy werk ongehinderd voortsit nie en die Krygsraad besluit om die land „eerst in orde en vrede te herstellen, zoo dat de wetten des lands weder in veiligheid kunnen uitgevoerd worden, alvorens de burgelÿke authoriteit en de Ed Uitv. Raad weder in hunne werkzaamheden zullen werkzaam zÿn."[38] Onder leiding van S.J.P. Kruger trek die staatstroepe daarop na Potchefstroom.

Na baie onderhandelings kom daar onder andere 'n voorstel van die staatsleër wat naby die dorp langs die Mooirivier laer opgeslaan het dat 'n samespreking oor die geskilpunte moet plaasvind tussen vier persone uit die publiek van Potchefstroom met vier persone uit die staatslaer. Op 27 September 1862 antwoord Potchefstroom dat hulle „zullen voldoen om vier personen, gekozen door het tegenwoordige publiek te zenden".[39]

Die vier persone aangewys deur die staatslaer was

146/...

36. Brief van 13 September 1862. Volksraadnotules 4, bl.649.
37. Notule van krygsraadvergadering, 15 September 1862, art. 51; Brief T.J. Snyman aan W. Lombard, 16 September 1862; Brief W.A. Lombard aan Krygsraad, 17 September 1862. Volksraadnotules 4, bl. 637, 649 en 650 resp.
38. Notule krygsraadvergadering, 16 September 1862. Volksraadnotules 4, bl. 637.
39. Vir onderhandelings kyk Volksraadnotules 4, bl. 650 e.v. en onderhandelings oor afgevaardigdes, ibid bl. 656 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



F.G.A. Wolmarans, D.A. Botha, S.J. Grobler en D. Kruger.[40] Verskeie kere is beraadslaag maar al die moeite was verniet, 'n ooreenkoms en gronde om op voort te bou kon nie vir 'n versoeningskommissie gevind word nie. Daarop het die fungerende kommandant-generaal van die staatsleër T.J. Snyman 'n manifes uitgevaardig en die dorp beleër.[41] Op 9 Oktober het Schoeman met sy manne opgetrek maar hulle het 'n neerlaag gely.[42] Schoeman het met 'n groepie aanhangers oor die grens die Vrystaat binnegevlug.[43]

Die gebeure het die verenigingsideaal benadeel,[44] en M.W. Pretorius het van sy ideaal afgesien in die omstandighede wat hy self help skep het. Om die hele probleem te skik, het hyself, D. Uys en S.J.P. Kruger 'n versoeningskommissie gevorm en besluit om alle geskille aan die spesiale hof ter uitwysing voor te lê. Daarna sou dan 'n nuwe verkiesing uitgeskryf word.[45] Met die hofsitting op 12 Januarie 1863 is Schoeman, sy seun en nog drie burgers as rebelle uitgewys, hul eiendomme gekonfiskeer en is hulle verban. W.C.J. van Rensburg is daarop in April tot president verkies, maar hy wou dit nie aanvaar nie as gevolg van sekere beweerde onreelmatigheid en daar is besluit om in Oktober 'n herverkiesing te hou.[46] W.C.J. van Rensburg is toe met 'n meerderheid van stemme as president aangewys.[47]

147/...

40. Ibid. bl. 657. Korrespondensie van 3 Oktober 1862. Kyk verslag van „Werksaamheden van den Krygsraad der Z.A. Republiek by Gouvernements Courant 29/11/1862, nr. 59. Z.A.R. Staats-courant 1862, Band 6, T.A. Oor die rol van F.G.A. Wolmarans kyk hoofstuk VIII, hieronder, en die notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Ned. Herv. Kerk, Potchefstroom, 13 Junie 1864. S.P. Engelbrecht-versameling A.371, Band 49, bl. 138 e.v. T.A.
41. Manifes, 6 Oktober 1862. Volksraadnotules 4, bl.660,661.
42. Brief T.J. Snyman en J. van Dyk aan fungerende president van O.V.S., 9 Oktober 1862. Volksraadnotules 4, bl. 670; V.R.481/62. Brief van dieselfde persone aan Volksraad te Pretoria.
43. Brief van dieselfde persone aan U.R. van die Vrystaat, 11 Oktober 1862. Volksraadnotules 4, bl. 672. Vergelyk en kyk briewe Snyman en Van Dyk aan Truter, 4 Oktober 1862 en 18 Oktober 1862 en aan Geyser, 23 Oktober 1862. Ibid. bl. 684; Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 72-75.
44. Friend of the Free State, 20 Febr. 1863. Mikrofilm C.L.4.
45. Ooreenkoms van 24 en 25 November 1862. Kyk Gouvernements Courant, 29 November 1862, nr. 59. Z.A.R. Staats-courant, 1862. Band 6.
46. Kyk V.R.499/63. Brief Van Rensburg aan Volksraad, 21 Mei 1863. Volksraadnotules 4, bl. 489; R.400/63. Volksraad aan W.C.J. van Rensburg, 26/5/1863. S.S. 48, bl. 219, T.A.; Verslag van volksraadsitting Mei 1863, art. 6, 41, 46, 47, 62. Volksraadnotules 4, bl. 156, 162, 162, 162-3, 165-6 resp.; V.R.493/63. Viljoen aan Volksraad, 20 Mei 1863. Volksraadnotules 4, bl. 486.
47. Staats Courant, 10/11/1863, nr. 37. Verslag van Volksraadsitting Oktober 1863, art. 101, 115, 121. Ook by Volksraadnotules 4, bl. 210, 217 en 218 resp.; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 108-112.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verskeie memories is egter aan die Volksraad gerig dat die pos van president nie weer gevul moes word nie.[48] soos ook die van vyftien persone waaronder F.G.A. Wolmarans. Hulle stel dit voor ter wille van „het heil en welvaart van het land onzer inwooneng" en omdat „de Lous (leuse) onzer Republiek is Eendragt maakt magt"; waarby die Bybel nog voeg „Een huis in zegzelven verdeelt kan niet bestaan" en as gevolg van die onrus van die tyd ook oor die presidentskap stel hulle voor dat die regering in die hande van 'n Volksraad as hoogste gesag moet wees met die byvoeging van 'n Uitvoerende Raad en goewermentsekretaris. Daarna kan die volk getoets word oor die probleem en die grondwet daarvolgens gewysig word.

Die memorie is egter deur die Volksraad van die hand gewys.[49]

Intussen het die volkstwis nog nie verbygewaai nie. Andermaal wou die Pretorius-ondersteuners nie berus by die volkskeuse van die president nie en het hulle in die geheim begin organiseer[50] en 'n komplot gesmee om op 20 Desember byeen te kom om hulle „reg te bestry" en indien nodig „zelfs met de wapenen" op te tree, waarna Pretorius as president herstel sou word.[51]

Kruger kon as gevolg van kaffermoeilikhede nie genoeg man byeen bring nie en moes pad gee voor die Pretorius-manne onder aanvoering van kommandant Jan Viljoen van Marico en die Vrystaat invlug. Daarop het die Pretorius-groep Pretoria beset.

Toe toestande weer in sy guns was, het Kruger opgetrek en die Pretorius-groep in die omgewing van die Krokodilrivier oortuigend verslaan.[52] Die volgende dag, (6 Januarie

148/...

48. Soos vanaf Lydenburg, kyk V.R.557/63, V.R.558/63 en E.V.R.105A bl. 43-46. Volksraadnotules 4, bl. 530-533.
49. V.R.544/63. Memorie aan Volksraad, 19/10/1863 en behandel in Volksraad met sitting 21/10/1863 art. 97. Volksraadnotules 4, bl. 524 en 210 resp.
50. R.884/63. Brief van J. Franck aan president Van Rensburg, 19/11/1863. S.S. 51, bl. 221, T.A.
51. Van Jaarsveld, F.A.: a.w. bl. 307; R.26a/64. Brief S.J.P. Kruger aan U.R. 20/6/1864. S.S. 53, bl. 63. M.W. Pretorius het op 17/6/1863 finaal sy ontslag as president van die Vrystaat gekry. Notule buitengewone volksraadvergadering, 17 Junie 1863. O.V.S. Notulen der verrigtingen van den Hoog-Edelen Volksraad. Gedrukt by van Iddekinge & Comp., Bloemfontein. 1868 bl. 92 e.v.
52. Kyk aanspraak van president Van Rensburg, 10/2/1864. Volksraadnotules 5, bl. 5-7; Van Oordt, J.F.: bl. 114,115; R.26a/64 vir breedvoerige bespreking van die hele veldtog deur Kruger.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1864) het M.W. Pretorius aldaar aangekom en sy bemiddeling aangebied om die saak sonder wapens te probeer skik. Die versoeningsooreenkoms is op 15 Januarie 1864 onderteken.[53] Om alle wantroue oor die Oktober-verkiesing uit die weg te ruim, is bepaal dat 'n nuwe verkiesing vir 'n president gehou sal word. M.W. Pretorius is met 'n aansienlike meerderheid herkies.[54]

Die stormagtige tyd het geëindig toe die Uitvoerende Raad besluit het om amnestie aan die oortreders te verleen.[55]

Die rol van die Wolmaranse, vader en seun, in die tyd van broedertwis het ondermaal bewys dat hulle altyd voorstanders van wet en orde was.

Die Volksraad wat in sitting was op 20 Oktober 1863, het ook 'n memorie van F.G. Wolmarans onder bespreking geneem.

Hy was 'n persoon wat dikwels voorstelle tot verbetering van die landsadministrasie voorgestel het soos byvoorbeeld in 1855 oor grondbelasting,[56] en ook altyd probeer sorg het dat regverdig opgetree word. In die memorie van 1863 doen hy navraag daaromtrent „---ofte men op Landdrost kantoren voor elke verband, door iemand gelegd op plaatse ofte erven 5 ryksds. en voor een Schuldbewys die men laat regestreeren ook vyf Rds. moet betalen voor zoo wynege reegels; het is dog alte groff in myn oog;---"[57] Hy voeg by dat hy gedurende die dienstermyn van M.W. Pretorius voorstelle ingedien het wat regverdiger sou wees, waarvolgens 'n persoon in verhouding met sy besittings sou betaal - maar daar het niks van gekom nie.

149/...

53. Vir vredesooreenkoms kyk Staats Courant, 19/1/1864. Volksraadnotules 5, bl. 282 e.v.
54. Kyk aanspraak van president Van Rensburg, 9/5/1864 en art. 4, 7, en 8. Volksraadnotule 5, bl. 19, 20; Staats-Courant, 24/5/1864, nr. 51.
Z.A.R. Staats-courant 1864, Band 8. T.A.
en E.V.R.6, bl. 219(a)-235. T.A.; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 116; Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 74-76. Vir ander interpretasie van Schoeman se optrede kyk: Lombard, J.P. la G.: Paul Kruger, die volksman. Van Schaik, 1925, bl. 67-79.
55. Staats Courant, 10/5/1864, nr. 49. Z.A.R. Staats Courant 1864, Band 8, T.A.
Amnestie verleen 4/5/1864. Kyk ook Staats-Courant 1-8 Maart 1864. Notule volksraadsvergadering, Februarie 1864. Art. 17. Volksraadnotules 5, bl. 12.
56. Kyk hierbo bl. 87.
57. V.R.527/63. Brief F.G. Wolmarans aan Volksraad, 30/9/1863. Volksraadnotules 4, bl. 516, 517. Deur Volksraad verwys na U.R. Kan nie opspoor nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dat F.G. Wolmarans so 'n voorstel sou maak was baie logies want hy was 'n persoon wat gereeld geld op verband uitgeleen het. Hy kan as die grootste geldskieter van daardie dae beskou word want hy het by tye tot Rds.15,000 op verband uitgeleen.[58] Hy was dan ook van die enkele indiwidue wat langsamerhand kapitaalkragtig begin word het. Ouderling F.G. Wolmarans was dan ook betrokke by die rekordprys wat in die 50-er jare vir 'n plaas betaal is. Dit was in 1858 toe 'n sekere E. Grimbeek vanaf die distrik Beaufort 'n plaas grensende aan die dorpsgronde van ouderling F.G. Wolmarans gekoop het vir £1,700 of meer as Rds.22,000 kontant.[59]

Voorbeelde van die verbande gehou deur F.G. Wolmarans die volgende: Op 4 Maart verbind hy hom in borg van Rds. 4373 „zynde de weesgelden als moedersbewys toekomende aan de minderjarige kinderen van Helgard du Preez en overledene huisvrouwe Elizabetha Helena Steÿn --- en tot zekerheid van mÿn borgschap heeft de Heer H. du Preez mÿ een verband geven op de gronden aan Mooirivier gelegen ---".[60].

Ook aan president M.W. Pretorius het F.G. Wolmarans ge geld geleen. In twee briewe aan M.W. Pretorius meld hy dat hy gewillig is om die Rds.1000 volgens versoek van Pretorius langer aan hom te leen maar dan verwag hy rente vanaf 1 Januarie 1860. Die termyn van Oktober tot end Desember 1859 word as geleen beskou sonder rente. Hy hoop dat M.W.

150/...

58. Volgens F.G.A. Wolmarans moes hy ruim Rds.15,000 invorder van persone wat geld van sy vader geleen het. R.975/72. Brief F.G.A. aan R.J.N. Swart, 22/7/1872. S.S. 146, bl. 112. T.A.
59. Pelzer, A.N.: Wordingsjare, a.w. bl. 184.
60. R.2642/59. Akte Wolmarans en Du Preez, 4/3/1859. S.S. 25, bl. 11, T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretorius met die aanbod „vergenoegt zal weesen".[61]

Hierdie baie verbande (kyk voetnoot 61) het ook daartoe gelei dat F.G. Wolmarans 'n paar jaar later in sy enigste hofsaak betrokke geraak het, toe hy van 'n sekere R.G. Fritz die geld terug geëis het wat aan hom geleen is. Die dagvaardiging is op 23 Mei 1866 uitgestuur en na die hofsitting was die uitspraak van landdros P.H. Pretorius op 4 Julie 1866: „.... veroordeelt R.G. Fritz provisioneel tot betaling aan F.G. Wolmarans die somma van Rds. Vyf Honderd benevens renten en de kosten deze procedure".[62]

Net enkele verbande is deur F.G.A. Wolmarans in voorbeeld van sy vader aangegaan soos die gegee deur J.M. en J.P. Steyn aan F.G.A. en J. Breytenbach gesamentlik van die plaas „Kat Doorn Bosch" vir Rds. 100[63] en die van 12 Oktober 1871 „Acte van Verband gepasseerd door Frederik Gerhardus Andreas Wolmarans ad £494.3.3. ten behoeve syner minderjarige kinderen op de plaatsen Varkenslaagte No. 400, Welverdiend No. 401, Gatsrand."[64]

151/...

---

61. R.3702/60 en R.3703/60. Briewe, 23/4/1860. S.S. 33. bl. 250, 251. T.A.
As bewys van bogenoemde kyk hieronder verbande aangegaan tussen 1856 en 1869.
Verdere verbande gegee deur: J.P. Korsten, ½ erf 137, 5/10/1856, Rds. 226 gerojeer 30/6/1857; M.H. Greef, erf 84 6/7/1857; - erf 166 en 167, 27/1/1858, £179 teen 5%; P.A. van Yperen, erf 179 en 180, 2/6/1859, £75; D. D.J.J. van Vuuren, erf 8, 3/10/1859, Rds. 500 teen 6%; J.C. Steyn, erf 157, 3/10/1859, Rds. 1000; J. Schutte, erf 255 en 259, 13/10/1859, Rds. 1000; S.F. du Toit, plaas Brand vally, 16/10/1859, Rds. 2000; -½ plaas Witfontein, 16/10/1859, Rds. 600 ; A.S. Bosman, erf 18, 1/12/1859, Rds. 1000, P. Minnaar, erf 190, 15/12/59, Rds. 400; G. Visser, plaas Roodkop, 30/1/1860, Rds. 426-5-2; W. Stamp, erf 259 en 255, 26/6/1860, Rds.1000; J. Stynvaard, plaas Bospan, 8/4/1861. Rds. ,90. Argief Potchefstroom, Landdros 61, Landdros verbandeboek 1854-1861. T.A.
Verbande gegee deur: C.F. Botha, erf 200, 11/2/1863, Rds. 1000; E.A. Bierman, grond aan Mooirivier, 14/7/1863, £50.; A.F. Schubart, ⅓ erf 45 en nr. 172, 11/8/1863, Rds. 2000; B. Liebenberg, erf 114, 5/10/1863, Rds. 1700; Scheepers, erf 55, 8/12/1864, Rds. 158; Scheepers, erf 55, 2de verband, 16/12/1864, Rds. 215; W.G.T.(?) , 2de verband, erf 186, 31/1/1867, R75; B.J. Liebenberg, erf C4, 30/1/1868, £75, C.L. Neethling, deel erf 74, 28/4/1868, £75; C.E. Mellet (née Brown) deel erf 25, 24/11/1869, £90. Argief Potchefstroom, landdros 62, Landdros verbandeboek 1862-1881. T.A.
Verband gegee deur D. Janse van Feivre, erf 8 vir Rds. 500. (Brief F.G. Wolmarans aan landdros C. Bodenstein 22/10/1864. Argief Potchefstroom, Landdros 3, Ingekome stukke 1864. T.A.
62. Argief Potchefstroom. Landdros 163. Landdros en Heemrade Siviele Sake, 1866-1867. T.A.
63. Argief Potchefstroom. Landdros 4, Ingekome stukke 1868-1870. T.A.
64. Argief Potchefstroom. Landdros 62. Landdros verbandeboek 1862-1881. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



F.G.A. Wolmarans was ook in die sestigerjare in sy enigste wêreldlike hofsaak betrokke.

Op 5 Julie 1861 het F.G.A. Wolmarans 'n dagvaardiging ontvang onderteken deur die fungerende landdros Van der Westhuizen dat hy op 13 Julie in die hof te Potchefstroom moet verskyn. Hy moes hom verweer teen die aanklag van Gideon Steyn „dat hy F.G.A. Wolmarans een paard onwettig heeft genomen van P.F. Pretorius Commd. en eischt dat hy genoemd paard voor het kantoor alhier zal leveren en worde gecondemneerd tot teruggave van dat paard aandewettige eigenaar benevens alle koste van dit proces".

Toe die hof die 13de in sitting gaan was F.G.A. Wolmarans die gedaagde nie teenwoordig nie waarop die saak deur die hof van die hand gewys word en die koste van die sitting naamlik Rds.67 teen die naam van F.G.A. Wolmarans aangeteken word.

Op 15 Julie antwoord F.G.A. Wolmarans en sê dat die perd die wettige eiendom en ryperd van sy seun is en dat dit die enigste wit en swart perd op die plaas is.

Op 16 Julie word 'n tweede dagvaardiging aan F.G.A. oorhandig op sy plaas Stompoorfontein deur E. Schutte,[65] waarin hy aangesê word om op 24 Julie voor die hof te verskyn om hom te verweer teen die beweerde diefstal.

op 18 Julie ontvang die landdros 'n versoek van Wolmarans om uitstel sodat sy getuies gedagvaar kan word, en is die hofsitting dan ook verskuif na 29 Julie. Op dieselfde dag ontvang die landdros ook die name van F.G.A. Wolmarans se getuies naamlik T. Dreyer, A.B. Wolmarans, N. Grobler, G. Prinsloo, P. Gildenhuis, A. Botes, J. Otto, P. Gouws, L. van Vuuren, J. Botes, M. Wolmarans endie Zulukaffers Jafta van L. Steyn en July van die heer F.G. Wolmarans, en die geld wat F.G.A. Wolmarans aan die hof verskuldig was.

Agterop die lys met F.G.A. Wolmarans se getuies verskyn ook die getuies van G. Steyn, naamlik D. Aspeling, G. Rex, J. Reynolds, F. Pieterse, P. Pretorius, E. Puvey, J.van der Westhuizen (wat later geskap is) en Crouse uit die distrik Kroonstad, wat later nie gevind kon word nie.

152/...

65. Hy ontvang, netsoos 'n sekere Janse van Rensburg wat die eerste dagvaardiging oorhandig het, Rds. 4 vir drie uur te perd. D. Gouws sou later Rds.15-2.4. ontvang vir die aflewering van die dagvaardiging aan getuie F. Pieterse wat eers na 'n soektog van 12 uur te perd gevind is en L. C. Janse van Vuuren het Rds. 13-2-4 ontvang vir die aflewering van die dagvaardigings aan die ander getuies wat 10 uur te perd geneem het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 29 Julie het die hof in sitting gegaan voor fungerende landdros Van der Westhuizen. G. Spruyt was die agent vir Wolmarans. Die uitspraak wat op 30 Julie 1861 gelewer is was ten gunste van F.G.A. Wolmarans en moes G. Steyn al die onkoste dra wat Rds.252 beloop het. Dit het later nog 'n hofsaak van die staat teen G. Steyn gekos voordat hy al die gelde betaal het.[66]

Met die volksraadsitting van 12 September tot 6 Oktober 1864[67] het president M.W. Pretorius in sy openingsrede gemeld dat hy onder andere 'n „Reglement van Orde" vir die Volksraad, ordonnansies en Regulasies vir die behoorlike bestuur van die landskantore, die aanstelling van sekere amptenare wat nie in die grondwet bepaal is nie en die betaal van opgaaf deur die „Kaffers" aan die Volksraad wil voorlê „daar de belangen en welvaart van het Volk, en de vooruitgang en voorspoed van het Land er grootelyks van afhangt."[68] Uit die volk het daar egter reaksie gekom teen al die voorgestelde herorganisasie, wysigings, nuwe instellings en aanstellings. So is daar vanaf Mooirivieroog 'n memorie gestuur ook onderteken deur F.G.A. Wolmarans.[69] Die „memorien en protesten van onderscheidene districten" is dan ook met die volgende volksraadsitting in Junie voorgelees.[70]

In die memorie vanaf Mooirivieroog meld die ondertekenaars „Onze Staat is nog te jonk en heeft nog niet zulken trap van civilizatie erlangt om zulke wetten en ordonnantien te kunnen ophouden" en verder „Daar ook natuurlykerwyse meer en bevoegde ambtenaaren noodig zyn - niet eens spreekende van die verhooging der salarisse der thans bestaande ambtenare - om zulke wetten ten uitvoer te brengen, weeten wy niet waar het geld tot betaaling derzulke zal gevonden worden, in dien er niet meer en zwaarder oplagen op de publiek worden gelegt en de publiek kan schaarch in hunne nooddruft de thans besta(a)nden opgaven bydragen".[71]

153/...

66. Argief Potchefstroom. Landdros 162, Landdros en Heemrade Siviele Sake, 1859-1865. T.A.
67. Staats Courant, 27 September - 8 November 1864. Notule van volksraadvergadering, September-Oktober. 1964. Volksraadnotules 5, bl. 27 - 68.
68. Ibid. bl. 29 - 31.
69. E.V.R.108. bl. 57-58. Memorie 13 Mei 1865. Volksraadnotules 5, bl. 324.
70. Staats Courant, 13 Junie - 4 Julie 1865. Notule van volksraadvergadering, Junie 1865. Volksraadnotules 5, bl. 68-83. Kyk ook art. 20. bl. 76.
Vir ander memories kyk E.V.R. 108, bl. 51-53; bl. 98-107 en bl. 54-56. Volksraadnotules 5, bl. 321-325.
71. E.V.R.108, bl. 57-58. Memorie 13/5/1865. Volksraadnotules 5, bl. 324.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n Memorie van Lydenburg af meld ook dat „het publiek per slot van rekening de lydende party blyft"[72] en vanaf Rustplaats meld die burgers dat hulle teen die pos van registrateur van aktes is „door de onvermogen van onze staat ter besoldiging van zulk een Ambtenaar."[73] Die Volksraad het besluit om 'n kommissie van drie lede te benoem om die klagtes te ondersoek en nog gedurende dieselfde sitting verslag te lewer.[74] As gevolg van die belangrikheid van die wetgewing en die baie klagtes stel lid Robinson verder voor dat alle nuwe wette en ordonnansies dadelik as nie-aanvaar beskou word en dat, voordat tot die toepassing van die nuwe wette oorgegaan word, „het volk dezelven drie maanden ter approbatie voor te leggen."[75] Die voorstel is aanvaar en bepaal dat die publiek tot 1 September 1865 geleentheid sou kry om hul gevoelens te lug oor die „ordonnantien en regulatien".[76]

Daar was veel grond vir die klagtes van die memorialiste oor die geldkwessie want om aan die tekort aan geld te voorsien om die salarisse te betaal, gaan die Volksraad daartoe oor „om onder verband van Gouvernementsgronden, Gouvernements Noten, .... uittegeven" tot 'n bedrag van Rds. 140,000.[77]

Ook in verband met die voorstel van die president oor die betaal van opgaaf deur die kaffers kom daar reaksie. Die Volksraad het in die verband 'n memorie van F.G. Wolmarans, A.B. Wolmarans (seun van F.G.) en N. Grobler ontvang, gedateer 18 Oktober 1864. Hulle wys daarop dat hulle kaffers op hulle plase aangeneem het op voorwaarde dat hulle alle gehoorsaamheid sou bewys maar dat hulle toe baie ongenoeë en ongehoorsaamheid moet verduur. Hulle vra 'n maatreël dat die veldkornette die kaffers hulle plig moet voorhou en dat die wat gehoorsaam in hulle dienswerk is, nie opgaaf hoef te betaal nie.[78]

154/...

72. E.V.R.108, bl.102-107. Memorie 8/5/1865. Volksraadnotules 5, bl. 323.
73. E.V.R. 108, bl. 98-101. Memorie 21/4/1865. Volksraadnotules 5, bl. 321.
74. E.V.R. 108, bl. 32-33. Verslag van kommissie, 8/6/1865. Volksraadnotules 5, bl. 332-3. Kyk ook art. 32 en 35 van volksraadvergadering, Junie 1865. Volksraadnotules 5, bl. 78, 79.
75. Notule volksraadvergadering, Junie 1865, art. 23 en 28. Volksraadnotules 5, bl. 76, 77.
76. Ibid. art. 36.
77. Ibid. art. 32 en 34. 105 plase is tersyde gestel as waarborg. Kyk ook E.V. R. 109, bl. 489-492. Memorie 30/1/1866. Volksraadnotules 5, bl. 356-7.
78. R.922/64. Brief aan U.R. 18/10/1864. S.S. 60, bl. 429, 430. Vir optrede van U.R. kyk U.R. 1, bl. 186, art. 11 en U.R. 1B, bl. 484, art. 56 van sitting van 17/10/1864.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Intussen het die susterrepubliek, die Vrystaat, gesit met 'n netelige Basoetoprobleem[79] en kon hulle ook geen hulp vanuit Transvaal verwag nie omdat laasgenoemde 'n grondvraagstuk met Cetswayo gehad het. Die Transvaal was selfs genoodsaak om in Junie teen die Zoeloes op te trek.[80] Tog het Pretorius 'n proklamasie uitgevaardig en die Transvalers aangespoor om die Vrystaat te help. Na die dood van Louw Wepener gedurende die Tweede Basoeto-oorlog 1865-1866 het die president van die Z.A.R. ook teen Mosjesj oorlog verklaar as gevolg van die moord van Malapo op Transvaalse burgers aan die Drakensberge[81] en het Paul Kruger met 300 burgers vertrek om die Vrystaat by te staan.[82] Na die slag te Cathcartdrif, 25 Oktober 1865, is die Transvaalse burgers huis toe.[83]

Die optrede van M.W. Pretorius en die Uitvoerende Raad in verband met die oorlog het heelwat reperkursies veroorsaak en is oor die hele Z.A.R. heftig bespreek. Talle memories in die verband het die Volksraad bereik en daar is selfs 'n memorie by landdros W.J. Otto en later by die fungerende landdros van Potchefstroom, P. Pretorius ingehandig in die verband.

Die petisie aan landdros Otto is eerste onderteken deur F.G.A. Wolmarans en is opgestel namens die mense van die veldkornetskap van W. Botha. Nog tien persone het die petisie onderteken. Blykbaar is daar las gegee dat twee persone uit dié wyk twee ander wat nie wou opgaan om te gaan veg nie, moes wegbring na die kommando. Die ondertekenaars vra die landdros „om de koste te be spare" want beide die persone is baie behoeftig en hulle is oortuig dat die rede wettig is. Hulle vra 'n ander maatreël.[84]

155/...

---

79. Kyk vir Basoeto-probleem:- Grobbelaar, J.J.G.: Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto-vraagstuk. Argiefjaarboek, 2de jaargang, deel II, 1939.
80. Ibid. bl. 130-131; E.V.R. 109, bl. 126-130. Memorie 18/8/1865. Volksraadnotules 5, bl. 339; Staats Courant 1 Mei - 17 Julie 1866. Notule volksraadvergadering, Februarie 1866, art. 216, 219; Staats Courant, 13 Maart 1866. Aanspraak van president, Februarie 1866, punt 10. Volksraadnotules 5, bl. 452, 453. Vir meer besonderhede kyk Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 118 e.v.
81. Grobbelaar, J.J.G.: a.w. bl. 139; Friend of the Free State, 23/7/1865. Byvoegsel.Mikrofilm C.L. 5. T.A.; E.V.R. 109, bl. 7-18. Memorie 20/11/1865 en E.V.R.109, bl. 516-521. U.R. aan Volksraad 1/3/1866 by Volksraadnotules 5, bl. 346 en 376 resp.
82. Staats Courant, 13/3/1866. Aanspraak van president, Februarie 1866, punt 11. Volksraadnotules 5, bl. 453, Kyk ook Bredell, H.C. en Grobler, P.: Gedenkschriften van Paul Kruger. J. Funke, Amsterdam, 1902. Hoofstuk V, bl. 59.
83. E.V.R. 109, bl. 142; Van Oordt, J.F. : a.w. bl. 121. Kyk ook bylaes 14-24, 1867/68. Volksraadnotules 7, bl. 168-175.
84. Argief Potchefstroom. Landdros 3. Ingekome stukke Jan. 1865 - April 1866. T.A. Memorie gedateer 25/9/1865.

© University of Pretoria

Die memorialiste van die tweede memorie waaronder F.G. Wolmarans maak beswaar daarteen dat teen burgers opgetree is wat nie wou gehoor gee aan die oproep om buitelands teen die Basoeto's te gaan veg nie. Hulle sê dat so 'n persoon alleen volgens goedgekeurde bestaande landswette geoordeel kan word en dat daar nie 'n wet is wat bepaal dat 'n persoon wel buitelands diens moet doen nie. Hulle vra dat sulke persone dadelik vrygestel moet word.[85] Dit is dan ook deur die Volksraad gedoen.[86]

Ook in die Raad self is baie vrae gestel soos gedurende die sitting 11-12 September na die oorlogsverklaring. So is onder andere gevra waarom die president en volksraadlede nie in die Volksraad teenwoordig was nie;[86a] of die president op kommando of in die vergadering moes wees;[87] of die krygswet van 29 Augustus 1865 'n wet van die land is[88] en ook vrae in verband met verlof van die president om buitelands te gaan.[89] As gevolg van die baie afwesighede, is besluit om die vergadering te verdaag tot 19 Februarie 1866. Gedurende die sitting is die ingestuurde memories oor die nuwe krygswet, krygsdiens en dies meer aan die Volksraad voorgelê,[90] daarop is die aanspraak van die president nr. 11 en 12 wat betrekking het op die Basoeto-oorlog gelees[91] en toe andermaal die memories wat daarop betrekking het.

Die memories wat ingehandig is, is ook onderteken deur F.G. sowel as F.G.A. Wolmarans en hulle meld in hulle geskrif „dat wy in de laaste tyd, eenige bezwaring hebben, ... tegen eenige handelingen of regterlyke uitoefening van den HoogEdels Uitvoerende Raad, en Comma(n)dant Generaal, ook nog andere zwarigheden ..." en hulle vra verduideliking van hul vrae en 'n geduldige oor vir 'n aantal versoeke. Hulle vra:

156/...

85. Argief Potchefstroom. Landdros 3. Ingekome stukke 1864-1867. T.A. Memorie gedateer 12/10/1865.
86. Kyk hieronder ook klagtes in die verband, bl. 156, 157.
86a. E.V.R. 109, bl. 497-498 en 500-501. Verskoningsbrief van M.W. Pretorius, 31/8/1865. Volksraadnotules 5, bl. 342.
87. Notule volksraadvergadering, September 1865, art. 20,21 Staats Courant, 26/9/1865. Volksraadnotules 5, bl. 85.
88. Krygswet: Staats Courant, 29/8/1865 Volksraadnotules 5, bl. 419-422 en bespreking in Volksraad, notule art.24.
89. Notule, art. 19.
90. Memories (ses) by E.V.R. 109, bl. 7-45a, gedateer 20/11/1865; bl. 484-487, gedateer 30/11/1865 en 1/12/1865 en bl. 493-496, gedateer 30/1/1866. Volksraadnotules 5, bl. 345-351 en 355- 356.
Voorgelê 3/3/1866. Notule volksraadvergadering Febr.-Maart 1866, art. 230. Volksraadnotules 5, bl. 100.
91. Notule art. 236. Gelees 5/3/1866.
Aanspraak by Staats Courant, 13/3/1866. Volksraadnotules 5, bl. 453.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



A1. Of die president of Uitvoerende Raad volgens die proklamasie van 7 Augustus 1865[92] 'n buitelandse oorlog mog verklaar het;

2. of die kommandant-generaal gemagtig is om 'n krygsmag buitelands te kommandeer onder verpligting van krygswette, sonder voorkennis van die Volksraad of volk;

3. of die president of Uitvoerende Raad of kommandant-generaal gewettig is om krygswet op eie outoriteit te voer en dadelik as wet te handhaaf waardeur skade en geweld aan enige burgers gedoen is;

4. of die president sonder toestemming van die Volksraad na die buiteland mag gaan;

5. of burgers moet berus by die koste van die volksraadsitting wat volgens grondwet te Potchefstroom in September gehou is, (alhoewel niks uitgerig is nie), waarop 'n tweede sitting teen groot koste moet volg omdat niks uitgerig is nie.

6. dat die burgers groot koste moet dra tot ondersteuning van krygsdiens en dit soms sonder genoegsame ondersoek - of dit wel nodig is soos die veldtog teen Cetswayo.

Verder rig hulle die volgende versoeke en wenke aan die Volksraad.

B1. dat in tye van vrede voorsorg gemaak moet word wat onder andere kruit betref vir tye van oorlog soos art. 25 van die grondwet bepaal;

2. dat burgerreg en plase aan geen blanke gegee moet word voor minstens twee jaar van inwoning nie;

3. hul verklaar hul teen die vermeerdering van amptenare en vergroting van hul salarisse „aangesien de Z.A. Republiek in zwaare schulden zyn" en ook daarteen dat soveel gronde van die Republiek onder verband staan;[93].

4. hul keur die krygswet af wat in die „Staats Courant" van 29 Augustus 1865 gepubliseer is en die artikel oor krygswet wat in die proklamasie van 7 Augustus 1865 voorkom. Ook dat die Volksraad geen wetsontwerp in behandeling sal neem as daar nie eers gehandel is volgens art. 66 van die grondwet nie wat bepaal dat 'n wetsontwerp drie maande voor indiening by die Volksraad aan die publiek bekend gestel moet word;[94]

157/...

92. Proklamasie van 7 Augustus 1865. Kyk Volksraadnotules 5, bl. 446.
93. Vergelyk memorie van F.G.A. Wolmarans oor dieselfde saak hierbo genoem van 13/5/1865.
94. Vergelyk art. 12 van die grondwet en die dergelike voorstel van Robinson hierbo genoem, bl. 153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. hul versoek dat die volk bekend moet wees met die Reglement van Orde van die Volksraad omrede hul vind dat met die Septembersitting te Potchefstroom drie lede deur die Volksraad verkies is vir die sitting volgens art. 60 van die Reglement van Orde,[95] maar dat nie gehandel is volgens art. 12, 32 en 35 van die grondwet nie.[96]

Ten laaste vra hulle om 'n antwoord op hul memorie „om dat wy zelden een Antwoord op een ingediende memories aan den Hoog Edele Uitvoerende Raad ontvangen".[97]

Op die eerste vraag van die memorialiste besluit die Volksraad dat daar wel gronde was vir die proklamasie van 7 Augustus 1865 volgens art. 11, 70 en die laaste gedeelte van art. 84 van die grondwet.[98] Dat daar rede vir klagte kon wees, is duidelik, want in die Volksraad was daar agt teenstemme terwyl twee lede dit uitdruklik gestel het dat daar nie genoeg gronde vir oorlog was nie, maar dat latere omstandighede die noodsaaklikheid gewettig het.

Daarop is die krygswet van 28 Augustus 1865 en die memories daaroor andermaal gelees en is in die Volksraad erken dat dit geen wet was nie „maar daar abusievelyk staat gedrukt" en dat dié ontwerpkrygswet later aan die Volksraad voorgelê sou word.[99] Die Raad besluit verder om die krygswette wat in stryd is met die grondwet, nie te erken nie en om alle mense wat daarvolgens gestraf is, daarvan te ontslaan en die deur die Krygsraad gevonniste persone te verwys na artikel 83 van die grondwet.[100]

158/...

95. Staats Courant, 28/11/1866. Volksraadnotules 5, bl. 196.
96. Staats Courant, 5/3/1858. Volksraadnotules 3, bl. 497, 499 en 500.
97. E.V.R. 109, bl. 7-18. Memorie 20/11/1865. Volksraadnotules 5, bl. 347.
Dit was seker die rede waarom dikwels, na die inhandiging van 'n memorie die Volksraad weer deur 'n brief daarop attent gemaak is soos ook F.G.A. Wolmarans. Op 27/5/1863 stuur hy so 'n brief en sê dat hy 'n memorie gedateer 18/5/1863 deur die sekretaris Visagie laat inhandig het, dat hulle sy memorie moet open en sy belange in oorweging neem. R.404/63. S.S. 48, bl. 228-229.
So ook 'n brief op 10/6/1863 aan die president met 'n dergelike versoek. R.510/63. S.S. 49, bl. 111.
98. Notule volksraadvergadering, art. 238. Volksraadnotules 5, bl. 100, 101. Grondwet art. 11, 70 en 84 by volksraadnotules 3, bl. 497, 504 en 506. resp.
99. Notule volksraadvergadering, art. 239. Kyk ook uitspraak van Volksraad, September 1865, art. 25, Volksraadnotules 5, bl. 101 en 85 resp.
100. Notule volksraadvergadering, art. 243, 247 en 259. Kyk ook B.B. 1291/65. Dagboek 2/11/1865 Volksraadnotules 5, bl. 101, 102 en bl. 448 resp.
Art. 83 van die grondwet by Volksraadnotules 3, bl. 506.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die versoek oor die burgerreg van die nuwe intrekkers was van groot belang en het dit die Wolmaranse wat die belange van hul staat op die hart gedra het, soos hierbo alreeds duidelik geblyk het, ook besef, maar nog nie die Volksraad nie. Later sou die wense van die memorialiste eers verwesenlik word. Volgens die grondwet van 1858 was 'n burger iemand wat die Trekkers na Transvaal vergesel het, of hom aldaar kom vestig het voor Junie 1855 of 'n persoon wat na Junie ingekom het en burgerskap verkry deur die vertoon van 'n paspoort as blyk van goeie gedrag en die betaling van 200 Kaapse Riksdaalders. Eers in 1871 is bepaal dat persone wat vir een jaar onafgebroke in die Republiek gewoon het en bo 21 jaar oud was, of burgerreg volgens besluit van 1855 verkry het, stemgeregtig was. Behalwe 'n klein wysiging in 1876 is eers in 1882 verdere veranderings aangebring. Die burgerskap kan toe verkry word na 'n inkomeling vyf jaar in die Republiek gewoon het.[101]

Die jare 1860-1867 was moeilike jare in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Op so baie terreine moes die staat nog sy voete vind terwyl die ekonomiese toestand dikwels benard was en nie die staatkundige stabiliteit wat so noodsaaklik was, kon help daarstel nie. Om die redes blykbaar het F.G. Wolmarans op 6 September 1867 'n vergadering op die plaas en ten huise van C. van Rooyen in die wyk Rustenburg gehou om die gevoel van die volk oor landstoestande te hoor. Die publiek aldaar teenwoordig (35) het besluit om alleen die grondwet met die drie-en-dertig artikels en die bylaag „te behouden uitsluitend arts. 21 en 31 van de 33 arts. en erkent geen andere wetten op grond dat het volk niet behoorlik bekend gemaak is met de verrigting van den Ed. Volksraad van de laatste drie jaaren gehouden. Zoo gevoelde het volk zich niet verpligt te onderwerpen

159/...

101. Hugo, M.J.: Die stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaanse Republiek. Argief-jaarboek vir S.A. geskiedenis, 10de jaargang, 1947. bl. 12, 13; Grondwet 1858, art. 6; Eybers, G.W.: a.w. bl. 364 en Volksraadnotules 3, bl. 497; Notule volksraadvergadering, 18/6/1855, art. 159. Volksraadnotules 3, bl. 82. Vir wysiging 1871 kyk wet nr. 4, 1871, art. 5, „De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849 - 1885, Pretoria, 1887, bl. 451; en notule volksraadvergadering November 1871, art. 370, 382 - 390; Vir wysiging 1876 kyk wet nr. 1, 1876, art. 1. De Lokale Wetten, bl. 646 en notule volksraadvergadering, Mei 1876, art. 61, 64, 67, 71, 75, 80 en 91; Vir wysiging 1882 kyk Wet nr. 7, 1882, art.1 De Lokale Wetten, bl. 1131 en notule volksraadvergadering Junie 1882, art. 803. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aan die wetten en besluiten van den volksraad en de laaste drie jaaren. Zoo eisch het volk vooraf bekend te worden met de besluiten en verrigtingen van den Volksraad en de laaste drie jaaren over een komstig arts. 16, 47 en 48 der grondwet." Dit is as 'n memorie aan die Volksraad gestuur, onderteken deur F.G. Wolmarans en nog 34 ander.[102] Dat daar probleme was, blyk ook uit die volgende.

Toe die Volksraad in September 1867 byeenkom, was daar vyftien nuwe lede wat deur die volk verkies is en na die voorlees van artikel 31 van die grondwet en die toets aan die vereistes daarvan, word die eed afgeneem volgens artikel 4 van die Reglement van Orde. Een van die nuwe lede was F.G.A. Wolmarans wat op die verkiesing van sy voorstellers as volg geantwoord het: „Ik gevoel mÿn swaar myn daar toe te bewegen want de toe koms schÿn voor my duister. Dog zal ek myn aan UEdlens kiesing blood stellen in dien dat UEdlens geen ander persoon kan kreygen die voor u beter tot dienst kan wezen".[103]

'n Ander lid van die Volksraad was J.J. Kruger wat deur F.G.A. Wolmarans en ander as lid van die Volksraad voorgestel is.[104]

Met die insweer van die nuwe lede was daar twee[105] wat geweier het om die eed af te lê waarop H.J. van Staden aan die vergadering voorstel dat die eed hersien moet word.[106] Dit word aangeneem T.F.J. Steyn, gesekondeer deur F.G.A. Wolmarans, stel voor dat die woorde gewysig word na: „Ik zweer dat ik de Grondwet zal onderhouden en handhaven enz".[107]

160/...

---

102. E.V.R.204 (ou nr. 110), bl. 215, 218. T.A.
Vir die handtekening van F.G. Wolmarans op memorie aan Uitvoerende Raad betreffende die volgens hulle onregverdige afdanking van veldk. J. Bosman van Potchefstroom kyk R.993/67. Brief 12/8/1867. S.S.91, bl. 233-239.
103. R.609/67.Rekwisisie van B.A. Kloppers e.a. (ook F.G. Wolmarans) aan F.G.A. Wolmarans, 11/6/1867; R.684/67. Antwoord van F.G.A., 29/6/1867. S.S. 89, bl. 1 en 176 resp. T.A.; Notule volksraadvergadering. Sept. 1867. Staats Courant, 18/9/1867-5/2/1868 by Volksraadnotules 7, bl. 3.
104. R.768/67. Brief van F.G.A. Wolmarans en 7 ander aan Kruger, 25/7/1867; R.776/67. Antwoord van Kruger, 27/6/1867. S.S. 90, bl. 23 en 37. T.A.
Die antwoord van Kruger is ook in die handskrif van F.G.A. Wolmarans en ook die bewoording kom interessant genoeg baie ooreen met dié van F.G.A. aan sy eie voorstellers.
105. J.H. Prinsloo van Pretoria en C.J. Muller van PCStroom.
106. Notule van vergadering, art. 6. Volksraadnotules 7,bl4.
107. Art. 4, lui: „Ik zweer dat ik de wetten zal onderhouden en handhaven ..." Reglement van Orde. Staats Courant 28/11/1866 by Volksraadnotules 5, bl. 192 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die voorstel het verval toe met tien teen nege stemme aangeneem is dat, aangesien geen memories behandel is wat wysiging van die eed versoek nie, voorlopig geen verandering gemaak sou word nie. F.G.A. Wolmarans was een van die wat sy teenstem laat aanteken het.[108]

Die ou probleem[109] van vyandige Bantoe-stamme in die distrik Soutpansberg het nog altyd hoofbrekens aan die Republiek besorg en heelwat aandag is gedurende die September-sitting van die Volksraad daaraan gegee in 'n poging om die probleem nou vir eens en altyd op te los.[110] Die probleem dateer uit die tyd toe A.H. Potgieter na Oos-Transvaal verhuis het en die naturelle onder hul beskerming vermeerder het totdat hul later onder 'n sterk hoofman Ramapulana verenig is. Aldaar het ook 'n aantal blanke olifantjagters gebly onder andere die Portugees João Albasini wat later sterk invloed onder die naturelle verkry het. Die jagters het die naturelle in hul diens voorsien van gewere en ammunisie waarvan baie in hul hande gebly het omdat hul dikwels daarmee gedros het. Gewere is ook op onwettige wyse versprei[111] teen die bepalings van die Sandrivier-traktaat en die wette van die Republiek in. Hierdie besit van vuurwapens deur die Naturelle was een van die grondoorsake van die onluste.

Albasini, wat hom ook aan die oortreding skuldig gemaak het,[112] se invloed in Soutpansberg was so sterk dat hy deur die Transvaalse regering as Superintendent van Naturellestamme aangestel is, 'n posisie waarvan hy baie misbruik gemaak het.

/161 ...

108. Notule van vergadering, art. 8. Volksraadnotules 7, bl. 5. Kyk ook art. 18.
109. Reeds in September 1845 is besluit om 'n militêre ekspedisie teen die kaffers uit te stuur. S.V.R. 1, bl. 22-23. Ohrigstad 26/9/1845. Volksraadnotules 1, bl. 21, 22.
110. Notule volksraadvergadering, September 1868. Openingsrede, punt 10-14. Staats Courant, 11/9/1867. Volksraadnotules 7, bl. 157 e.v. Kyk ook arts. 66-72, 82-84, 96-98, 102, 109, 139, 141-142, 144-151, 156, 159, 166-167, 169, 171-172, 177-180, 182-184.
111. Notule volksraadvergadering, Febr. 1866, art. 268, 269. Staats Courant 1/5/1866 - 7/7/1866. Volksraadnotules 5, bl. 104, 107; S.S. Supl. stukke, nr. 95/63. Albasini aan U.R. 31/8/1863. Volksraadnotules 4, bl. 548; V.R. 395/54. Landdros de Clercq, 4/1/1854. Volksraadnotules 3, bl. 247; Jagwet, art. 2. Staats Courant, 22/10/1858. Volksraadnotules 3, bl. 599.
    Oor dros met gewere kyk verslag van ondersoekkommissie na sake van Soutpansberg. Volksraadnotules 7, bl. 49.
112. V.R. 395/54. Landdros de Clercq, 4/1/1854. Volksraadnotules 3, bl. 248, 249; V.R. 120/50. Neethling aan Volksraad, 20/8/1850. Volksraadnotules 1, bl. 325.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na die dood van Ramapulana ontstaan daar twis tussen sy twee seuns[113] oor die opvolgingsreg, boonop meng die blankes in en daar ontstaan 'n oor en weer aanval van die een groep op die ander[114] totdat die Naturelle die blankes aanval, onder andere die sendingstasie te Goedgedacht.[115]

Omdat die Soutpanbergonluste al hoe meer gekompliseerd geword het en talle dokumente, briewe, ondersoekkommissies,[116] memories, kommandos,[117] hooggeregshofondersoeke[118] en dies meer by die saak betrokke was, besluit die Volksraad „dat aangezien de zaken van Zoutpansberg van te groot belang en te ingewikkeld zyn, om voor den vollen raad te behandelen, eene commissie van vyf leden te benoemen, en een extract optestellen uit alle dokumenten ter tafel, met byvoeging van het rapport der commissie ter opheldering en beoordeling van den raad".[119] F.G.A. Wolmarans sou ook op die kommissie dien.[120]

Met hul eerste vergadering was egter net drie lede, onder andere F.G.A. Wolmarans teenwoordig en daarby was die een lid, T.F.J. Steyn, ook nog sieklik en het gevra om verskoon te word om langer in die kommissie te dien.[121] Die probleme is daarop aan die Volksraad voorgelê en daar is besef dat die kommissie nie sy werk sal kan doen nie en die vergadering besluit op voorstel van J. Struben dat „de Ed. Achtb. Volksr. tydelik verdaagt en de geheele raad zich in eene commissie formeert, om die zaken te behandelen".[122]

162/...

---

113: Magadu en Tabana.
114. R.735/63. Brief Albasini aan U.R., 28/9/1863. Volksraadnotules 4, bl. 572; R.540/65. Brief Albasini aan kmdt. Venter, 5/5/1865; R.553/65. Brief Albasini aan kmdt. Venter, 7/5/1865; R.562/65. Brief Albasini aan U.R., 11/5/1865. Volksraadnotules 5, bl. 441-443.
115. Kyk vir breedvoerige beskrywing Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 123 e.v.; verslag van Kommissie-volksraad by notule volksraadvergadering, September 1867, art. 166. Staats Courant, 18/9/1867-5/2/1868 by Volksraadnotules 7, bl. 47 e.v.
116. Notule volksraadvergadering, Mei 1864, art. 36, 37. Volksraadnotules 5, bl. 24; Aanspraak van president, Sept. 1867, punt 11. Volksraadnotules 7, bl. 159.
117. Ibid. aanspraak punt 10 en 14; Notule volksraadvergadering, Febr. 1866, art. 276. Volksraadnotules 5, bl. 105; R.443, 2314/66, U.R. 2. bl. 230-231, 14/5/1866, B.B. 1526/66, 15/5/1866. Volksraadnotules 6, bl. 202, 203.
118. Aanspraak, September 1867, punt 12. Volksraadnotules 7, bl. 159.
119. Notule volksraadvergadering, September 1867, art 84. Volksraadnotule 7, bl. 22.
120. Ibid.
121. Redes vir bedanking van ander lede. Ibid, art. 96, bl. 24.; Notule van vergadering van kommissie, 28/9/1867. E.V.R.110, bl. 366. (nuwe nr. 205, bl. 41.) T.A. Ook by Volksraadnotules 7, bl. 186, 187.
122. Ibid notule September 1867, art. 96 (bl. 24).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die voorstel word aanvaar.

Daarop het die vergadering op 30 September verdaag en weer op 12 Oktober vergader waarop die rapport van die Kommissie-volksraad ter tafel geneem is.[123] Omdat die verslag egter onvolledig was, is dit terug verwys.

Met die sitting van 25 Oktober 1867 vra die voorsitter Mw. Robinson verlof om vir 'n paar dae ter wille van „gewigtige bezigheden ... huiswaarts te gaan". 'n Tydelike voorsitter moes toe gekies word en „door meerderheid van stemmen wordt .... gekozen de heer Wolmarans" [124] wat toe van die 25ste tot 29ste aan die vergadering voorgesit het.[125]

Op 8 November was die vollediger verslag van die kommissie in verband met Soutpansberg gereed en word dit weer in behandeling geneem en aanvaar.[126]

Dit was die gewoonte in die Volksraad dat, as volgens die oordeel van 'n lid iets belangriks voorval wat dadelik behandel moes word, die lid die vergadering kon versoek om van die orde af te wyk. Die saak wat hy ter tafel wil bring, word dan aan die vergadering voorgelê waarop dit deur die voorsitter „in omvraag gebragt wordt en met meerderheid van stemmen wordt aangenomen (of) verworpen"[127] Dit het naderhand so dikwels gebeur dat, toe dit andermaal gevra is deur B. Proes op 16 Oktober 1867, F.G.A. Wolmarans en ander daarteen gestem het „uit oorzaak, dat wy, door tusschen de behandeling van eene zaak van de orde aftewyken, voortdurend belet worden, om eene in behandeling zynde saak ten einde te brengen."[128] Om die verloop van die vergadering verder te bespoedig en die orde te verbeter, stel B. Proes voor dat by art. 54 van die Reglement van Orde wat lui: „Ieder lid voert staande het woord"[129] by te voeg: „hebbende het regt twee maal over hetzelfde onderwerp of artikel van onderwerp het woord te voeren, om meermalen te spreken wordt de toestemming van den Volksraad vereischt".[130] Hierdie voorstel is aanvaar met die amendament van J. Lys en F.G.A. Wolmarans dat 'n spreker drie spreekbeurte kon kry.[131]

163/...

---

123. Ibid, art 97. (bl. 25).
124. Ibid. art. 114. (bl. 29).
125. Ibid. Volksraadnotules 7, bl. 29-33.
126. Ibid. art. 139, 140. (bl. 39, 40.)
127. Ibid. Kyk bv. art. 103, 111 (bl. 26, 28).
128. Ibid. art. 106. (bl. 27). Kyk ook art. 45 van die Reglement van Orde. Volksraadnotules 5, bl. 195. By vorige geleentheid het F.G.A. Wolmarans ook daarteen gestem om van die orde af te wyk, kyk art. 78. Volksraadnotules 7, bl. 20.
129. Volksraadnotules 5, bl. 195.
130. Notule volksraadvergadering, September 1867, art. 106. Volksraadnotules 7, bl. 27.
131. Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die sitting wat op 9 September 1867 begin het, is op 7 Desember verdaag omdat hul reeds drie maande in sitting was maar omdat hul werk nog glad nie afgehandel was nie is besluit om die vergadering op die tweede Maandag in Februarie 1868 voort te sit.[132] Toe die vergadering weer moes heropen, was al die lede nie teenwoordig nie maar het algaande aangeteken soos ook F.G.A. Wolmarans op 17 Februarie.[133]

Gedurende die sitting is besluit om 'n kommissie te laat vorm van drie lede om verslag te gee oor die hele finansiële toestand van die staat en om onder andere sekere administrasie van die landdros van Potchefstroom na te gaan.[134] Die ouditeur-generaal (een van die drie lede) rapporteer later dat hy nie sonder bewysstukke kon oordeel oor die boekhouding van die betrokke landdros nie. Daarop het F.G.A. Wolmarans voorgestel om „aan ZHEd. den Staats-president optedragen de Landdrost van Potchefstroom onmiddellik te stuiten in zyne betrekking tot tyd en wyl dat gemelde Landdrost zyne geldelyke administrasie behoorlik heeft verantwoordt."[135] Die vergadering het sy voorstel so aanvaar want daar was genoeg finansiële probleme om ook nog met die onverantwoordelike administrasie van 'n landdros opgeskeep te sit. 'n Besliste optrede soos die voorstel van Wolmarans was nodig.[136]

Aan die einde van die vergadering rig F.G.A. Wolmarans namens J.J. Kruger van Potchefstroom 'n versoek aan die vergadering, dat Kruger se reis- en verblyfkoste[137] aan hom (Kruger) toegeken moet word vir die vorige sitting want hy was was te siek om die vergadering verder te kon bywoon. Omdat die verskonings van lid Kruger ooreengekom het met art. 38 van die grondwet,[138] besluit die vergadering om „aan ZEd. het hem toekomende salaris voor reis en verblyfkosten volgens presentie lyst toetekennen".[139]

164/...

133. Ibid. art. 271. (bl. 86)
134. Ibid. art. 219 (bl. 68)
135. Ibid. art. 563. (bl. 151, 152)
136. Vergelyk die probleem wat F.G. Wolmarans gedurende 1860 ook met die landdros van Potchefstroom gehad het.
137. Reglement van orde, art. 8-11.
138. Kyk Volksraadnotules 5, bl. 500.
139. Notule (April 1868), art. 570. Volksraadnotules 7, bl. 154.
Vir ander voorstelle gemaak deur F.G.A. Wolmarans kyk notule Maart 1868, art. 499, (bl. 138) en Staats Courant, 9/9/1868. Byvoegsel vir die begrotingspos. Volksraadnotules 7, bl. 263 e.v. Voorstel van F.G.A. dat salaris van sekretaris van die Volksraad met £50 verhoog word - aanvaar. Ibid. art. 565 (bl. 152-153). Voorstel van F.G.A. dat grond by afloopwater by Kromrivier nie opgeveil moet word nie maar terug te hou vir Sept.-sitting - aanvaar.
Vir teenstem uitgebring kyk Volksraadnotules 7, bl. 12, 23, 26, 42, 46, 60, 94, 125, 130 en 132 en as sekondant bl. 6, 39, 87, 120, 132, 140, 142, 145 en 153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 14 September 1868 het die verteenwoordigers van die volk andermaal in sitting gegaan[140] en weer was F.G.A. Wolmarans een van die verteenwoordigers van die volk wat sy plek ingeneem het.[141]

Een van die belangrikste sake wat in die vergadering ter sprake gekom het, was die probleme in die distrik Zoutpansberg. Oor sy hele veldtog en die probleme aldaar het kommandant-generaal Paul Kruger 'n verslag aan die Uitvoerende Raad voorgelê en nou met die sitting van die Volksraad is dié verslag en die optrede van die Uitvoerende Raad in verband daarmee bespreek aan hand van die notule van hul vergadering.[142]

Die eerste wat onder bespreking gekom het, was artikel 3 van die notule van die Uitvoerende Raad in verband met artikel 1 van die verslag van die kommandant-generaal. Die Uitvoerende Raad het saamgestem dat die kommandant-generaal verplig was om 'n kommando op te roep om Pietpotgietersrust en die omliggende distrikte te beskerm.[143] Dat daar rede voor was, is baie duidelik as ons die verslag van die Kommissie-volksraad na hul ondersoek oor die aangeleenthede lees.[144] Toe die Volksraad die artikels behandel, was daar drie voorstelle oor die optrede van die kommandant-generaal en die Uitvoerende Raad maar aldrie het verval. 'n Vierde voorstel deur F.G.A. Wolmarans, is aanvaar, naamlik dat die Volksraad goedkeuring gee aan die Uitvoerende Raad se besluit en dit aanvaar.[145]

165/...

140. Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 21/10/1868, nr. 253. Z.A.R. Band 12, 1868, T.A. Die sitting gaan uiteen op 28/11/1868 en verdaag finaal op 3/5/1869.
141. Notule Volksraadvergadering, 15/9/1868. Ibid. Kyk goewerments kennisgewing 222, Byvoegsel tot Staats Courant, 2/12/1868.
142. Notule vergadering van U.R, 8-13 Okt. 1868. U.R. 2, 1865-1868, bl. 751 e.v. T.A.
143. Notule vergadering U.R., art. 3. Ibid. bl. 751, 752.
144. Verslag van Kommissie-Volksraad by Volksraadnotules 7, bl. 47 e.v.
Kyk ook notule Volksraadvergadering, Sept.-Okt. 1867, arts. 96, 97, 139, 140. Volksraadnotules 7, bl. 24, 25, 39, 40.
Landdros van Nispen van Schoemansdal het bv. voor die kommissie Volksraad getuig dat as Katze-Katze verslaan is, die probleem beëindig sou wees. Notule vergadering Kommissievolksraad E.V.R.205, bl. 127, T.A. Vir aanstelling en werk van kommissie Volksraad kyk hierbo.
145. Notule Volksraadvergadering, 9/10/1868, art. 248. Staats Courant 20/1/1868 nr. 263.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om die verdere bespreking in die Volksraad oor die saak te verstaan, eers die volgende as agtergrond.

Toe die Naturelle in die distrik Zoutpansberg andermaal in 1867 die burgers van Schoemansdal begin lastig val, het die president dadelik 'n kommando van 2000 man opgeroep, asook in Mei die Volksraad laat byeenkom om die geldelike probleme van die land te bespreek.[146] Die skatkis was leeg en êrens moes dadelik geld gevind word om die ammunisie, wat McCorkindale vir die regering bestel het, en die transport daarvan, vanuit Durban te betaal. Daar was geen ander uitweg nie as om weer Goewermentsnote, dit wil sê papiergeld uit te gee ter waarde van £20,000.[147]

Ook net ongeveer 400 burgers in plaas van 2000 het gehoor gegee aan die oproep, maar toe kommandant-generaal Kruger verneem dat daar baie ammunisie by die Zoutpansbergers is én die versekering van die president ontvang dat hy ammunisie sou aanstuur sodra dit vanuit Durban aankom, het hy vertrek.[148] Toe hy aldaar aankom, het hy nóg daar enige ammunisie gekry, nóg van Pretoria af enige ontvang.[149] Katze-Katze het egter so gemoor en geplunder dat die Krygsraad besluit het om tog op te trek. Die aanval het egter misluk, hoofsaaklik as gevolg van die spelonkagtige aard van die grond waar die opperhoof hom te goed verskans het. Die kommando was dus verplig om terug te trek na Schoemansdal.

Die tyding het groot verslaentheid gebring terwyl Katze-Katze vol selfvertroue selfs gedreig het met 'n aanval.

Ander kapteins het ook 'n vyandige houding begin inneem, die perde en trekosse het begin vrek en 'n geweldige

166/...

146. Kyk aanspraak van die president, 15/5/1867 uit Staats Courant 15/5/1867 by Volksraadnotules 6, bl. 293,294.
147. Die begin van 'n latere lastige probleem. Kyk hieronder bl. 170.
Vergelyk uitgif
1865, bl. 153 hierbo
1866, £12,000 (245 plase as sekuriteit). Notule Volksraadvergadering November 1867, arts. 192, 193. Volksraadnotules 7, bl. 61.
1867, £20,000 Notule Volksraadvergadering, Mei 1867, art. 42, 44. Volksraadnotules 6, bl. 88, 89.
1868. Kyk hieronder
148. Verslag van kmdt-genl., art. 24 by verslag van Kommissie-Volksraad van 7/11/1867. Volksraadnotules 7, bl. 50; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 130; Kruger, D.W.: Paul Kruger. Deel 1, 1825-1883. Dagbreek boekhandel. 1961. bl. 91.
149. Die ammunisie is op pad na Pretoria deur die Vrystaatse regering te Harrismith in beslag geneem en drie maande lank teruggehou. Verslag kmdt-genl. Volksraadnotules 7, bl. 50.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skaarste aan voedsel is ondervind.[150] Om die redes het die Krygsraad besluit om Schoemansdal prys te gee. Ds. Van Warmelo het nog 'n poging aangewend om Schoemansdal te red maar dit was alles tevergeefs en op 17 Junie 1867 is finaal besluit dat Schoemansdal verlaat moet word.

Dit is die eerste keer in ons geskiedenis dat 'n blanke voorpos na byna 20 jaar van beskawing aan die genade van Naturelle oorgelewer is.[151]

Tydens 'n ander veldtog in Zoutpansberg het Paul Kruger die vesting van die mindere kaptein Machem aangeval omdat hy hom nie sou gehou het aan die bevele van die Krygsraad van 3 Augustus 1867 nie, en volgens die bepaling sou hulle dus as vyande beskou word.[152] Na die veldtog is vroulike krygsgevanges en kinders deur die kommandant-generaal onder die burgers verdeel.

Beide die bogenoemde sake het 'n storm van kritiek ontketen. Die eerste (die verlating van Schoemansdal) is met die volksraadsitting, November 1867 onder bespreking geneem en kommandant-generaal, S.J.P. Kruger is van alle blaam onthef.[153] Na die tweede en haarfyn ondersoek van dieKommissie-Volksraad, het die Volksraad van September 1868 andermaal die saak beoordeel en ook met die goedkeuring van F.G.A. Wolmarans besluit „dat zij tot het besluit gekomen is te verklaren, dat de Kommandant-Generaal niet anders heeft kunnen handelen."[154]

In verband met die tweede saak rakende Machem het die Volksraad met hul sitting in November 1867 wel aanvaar dat daar genoeg rede was vir die aanval,[155] maar die Kommissie-Volksraad het dit betwyfel en die saak andermaal

167/...

150. Getuienis gelewer deur landdros van Nispen voor Kommissie-Volksraad, E.V.R. 205, bl. 123, 124. T.A.; verslag van die kmdt-genl., art. 24; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 131, 132; Kruger, D.W.: a.w. bl. 91; Notule Volksraadvergadering, Sept. 1868, art. 263. Staats Courant 20/1/68.
151. Getuienis van Nispen, E.V.R. 205, bl. 121; Verslag van kmdt-genl., art. 24; Kruger, D.W.: a.w. bl. 91; Pont, A.D.: Nicolaas Jacobus van Warmelo, a.w. bl. 84, 85.
152. Notule van U.R.-vergadering, Oktober 1868. U.R. 2, bl. 751. T.A.
153. Notule Volksraadvergadering, 13/11/1867, art. 151. Volksraadnotules 7, bl. 43.
154. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1868, art. 271. Staats Courant, 20/1/1869, Nr. 263.
155. Notule Volksraadvergadering 13/11/1867. art. 153. Volksraadnotules 7, bl. 43.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir 'n ondersoek en uitspraak na die Volksraad verwys[156] wat dit in September 1868 nog eens bestudeer en besluit het om die voorstel van here Malan en Wolmarans te aanvaar naamlik dat hulle hulle nie kan verenig met die kennisneming van die Uitvoerende Raad van die rede deur die kommandant-generaal verskaf „waarin wordt opgegeven de rede waarom Machem is aangevallen".[157]

Die feit dat krygsgevangenes onder die burgers verdeel is, is sterk veroordeel en die kommandant-generaal terdeë op die vingers getik en artikels 423 en 427 van die Volksraad van Februarie 1866 wat handel oor slawerny is aan hom voorgehou.[158]

In artikel 15 van die verslag van die Uitvoerende Raad neem hulle die kommandant-generaal kwalik dat hy die Naturelle in die gate beleër en nie aangeval het nie. Die Volksraad besluit egter na aanleiding van die getuienis afgelê voor die Kommissie-Volksraad om voorstel van F.G.A. Wolmarans te aanvaar naamlik dat hulle berus by die verklaring van die kommandant-generaal.[159]

So het die Volksraad ook die voorstelle van F.G.A. Wolmarans op artikels 14, 19, 25, 34, 37 en 50 van die verslag van die Uitvoerende Raad in verband met die verslag van die kommandant-generaal aanvaar.[160] Interessant is dat dikwels twee of drie voorstelle wat weggewys is, die van F.G.A. Wolmarans voorafgegaan het, waarop syne dan aanvaar is.[161]

168/...

156. Verslag van Kommissie-Volksraad, punt D. Volksraadnotules 7, bl. 52.
157. Notule Volksraadvergadering, September 1868, art. 252. Staats Courant 20/1/1869, nr. 263. In behandeling art. 6 van die U.R. (U.R. 2, bl. 754. T.A.) i.v.m. art. 4 van die kmdt.-genl.
158. Verslag van Kommissie Volksraad, punt D. Volksraadnotules 7, bl. 52; Notule Volksraadvergadering 14/11/1867 art. 155. Ibid. bl. 44; Notule Volksraadvergadering, 16/3/1866, arts. 423, 427. Volksraadnotules 5, bl. 117; Gouwermentskennisgewing i.v.m. slawerny, 23/7/1866. Volksraadnotules 5, bl. 426.
159. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1868, art. 263. Staats Courant, 20/1/1869, nr. 263. Kyk ook U.R. 2, bl. 755, 756. T.A.
160. Ibid. arts. 260, 264, 269, 273, 276, 288. Kyk ook U.R. 2, bl. 755, 756, 758, 759, 762, 765, 766, T.A.
161. Ibid. arts. 248, 260, 269, 273, 288. Sekondant van arts. 251, 252, 254, 259, 265, 277, 281, en teenstem laat aanteken art. 287. Hy was terdeë een van die aktiewe lede in die vergadering.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die probleem met die opstandige Naturelle was egter nog nie verby nie. Die dapper Stephanus Schoeman (die bekende figuur van die jare 1862-1864) het met 53 vrywilligers opgetrek,[162] daarna in Maart 1868 andermaal Paul Kruger met die 260 man van die 1000 wat deur president M.W. Pretorius opgeroep is, maar geen van beide kon die sterk kaptein Katze-Katze, Magadu of Mapela aandurf nie. Daarna vra Paul Kruger die afkondiging van krygswet. £45,000 se papiergeld word weer uitgegee om onder andere ammunisie te koop. In Junie 1868 vind aanvalle teen die Naturelle plaas wat net gedeeltelik slaag en in Februarie 1969 is 'n mate van orde en vrede herstel toe die Naturellekapteins vrede vra en dit onder sekere voorwaardes aan hulle toegestaan word. Eindelik is die probleem opgelos toe die opstandige stamme in Zoutpansberg deur 'n Swazi-aanval in Oktober 1869 vernietig is.[163]

Gedurende die volksraadsitting van 6 Maart 1868 is besluit om 'n kommissie van drie lede uit hul midde te benoem om die verslae van die weeshere en alles wat daarmee in verband staan, te ondersoek. Met die meerderheid van stemme is die heer H. Jeppe en nog twee lede verkies[164] maar met die sitting in September rapporteer H. Jeppe as voorsitter van die kommissie dat sy twee medelede nie teenwoordig is om met hul werksaamhede voort te gaan nie en vra dat twee ander lede gekies word. Deur die vergadering is daarop die here Bührmann en F.G.A. Wolmarans in die vakatures verkies.[165] Dié belangrike werk moes gedoen word, want ook in die openingsrede van die president word gemeld dat daar verandering in die administrasie van die weeskamer moet kom. Hy wil slegs een weeskamer met een weesheer hê. he.[166] Toe die voorgestelde wysigings van die president (artikel 22) onder bespreking kom, is dit uitgestel totdat

169/...

162. Kyk notule Volksraadvergadering, 20/11/1867, art. 184. Volksraadnotule 7, bl. 58, 59. Vir opkommandering van vrywilliges kyk Staats Courant 28/8/1867 by ibid, bl. 204.
163. Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 134, 135; Kruger, D.W.: a.w. bl. 93-95.
164. Notule Volksraadvergadering, Maart 1868, art. 369, 483. Volksraadnotules 7, bl. 113, 134.
165. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1868, art. 18. Staats Courant 28/10/1868, nr. 254. Die lede wat nie opgedaag het nie was Evans en Johnstone.
166. Art. 22 van die openingsrede. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1868, art. 105. Staats Courant 18/11/1868, nr. 256.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die rapport van die kommissie ontvang en behandel is.

Die kommissie het hul werk dadelik aangepak en daar kom later 'n brief van hulle by die Volksraad aan, gedateer 6 Oktober 1868, waarin hulle vra of hulle hulle moet inlaat met boedels wat voor die samestelling van die grondwet bestaan het en wat dus teruggaan tot by die aanleg van die land.[166a] Die Volksraad antwoord dat hulle mag geensins beperk is nie en dat hulle mag het om in alle boedels in te meng waaroor by hulle gekla word of aansoek om mag gedoen word.[167]

Andermaal ontvang die voorsitter van die Volksraad 'n brief van die kommissie, geteken deur H. Jeppe, H.T. Bührmann en F.G.A. Wolmarans, waarin hulle die vergadering meedeel dat hulle nie verder met hulle werk kan voortgaan nie. Hulle versoek die Volksraad „eene voorziening in deze zaak te maken door het kiezen van andere leden" omdat hulle verneem het dat die voorsitter van die Volksraad aanmerkings gemaak het dat as sou die kommissie stappe doen in verband met die weeskamers waarvoor hulle nie deur die Volksraad gemagtig is nie. Die vergadering beskou dit egter as geen voldoende rede vir so 'n versoek nie en besluit om hul bedanking nie te aanvaar nie. Die Volksraad getuig daarop dat hulle die volste vertroue in die kommissie het en spreek die hoop uit dat die kommissie sy moeilike werk en ondersoek spoedig sal kan voltooi.[168] Die kommissie het daarop met hul werksaamhede voort gegaan en hul voorlopige rapport[169] aan die Volksraad voorgelê wat met dank aanvaar is. Die Volksraad het besluit om die werksaamhede van die kommissie oor te gee in die hande van die voorsitter van die kommissie en die ouditeur-generaal wat met die eersvolgende vergadering moes verslag doen.[170]

170/...

166a. R.1230/68 by S.S. 103, bl. 186.
167. Ibid. art. 115. Hier word foutief deur Staats Courant terug verwys na art. 367 van 6/3/1868 i.p.v. art.369.
168. Ibid. art. 209. Staats Courant, 6/1/1869, nr. 261. Z.A.R. Band 13, 1869, T.A. Die Voorsitter stem daarteen „om rede de Commissie geen bescherming van den Volksraad heeft gekregen". Kyk ook art. 229. Ibid.
169. Rapport van kommissie, 24/11/1868 by E.V.R. 209 (nuwe nr.), bl. 67-70. T.A. (ou nommer E.V.R. 112)
170. Notule Volksraadvergadering, September 1868, art. 328. Staats Courant 3/2/1869, nr. 265. H. Jeppe is aangestel as waarnemende weesheer vir die distrik Pretoria. Goewermentskennisgewing nr. 218. Byvoegsel tot Staats Courant, 2/12/1868, nr. 258.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Intussen het die finansiële toestand in Transvaal daagliks ellendiger geword. Daar was verwarring op finansiële gebied en die papiergeld of „blue backs"(soos papiergeld destyds genoem is), wat so kwistig uitgegee is, (kyk hierbo) het tot ⅓ van hul waarde gedaal. Kontantgeld was amper nie meer te kry nie en handelaars het begin weier om die note te aanvaar. Armoede het die mense in die gesig gestaar, en kos en klere was so duur dat ouderling Cronje tydens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te Pretoria, April 1869, toe daar oor die swak bywoning van eredienste gepraat is, die rede daarin probeer vind „dat vele leden der gem. geen klederen bezitten om ter kerke te gaan".[171] Die toestand het duister gelyk.

Met die Volksraadsitting in Mei 1870 sê die president dat daar £75,450.14.0 se papiergeld in omloop is en dat die bedrag dadelik verminder moet word.[172] Nadat die regeringsboeke nagegaan is, blyk dit dat die werklike bedrag R79,092.2.6 was.[173] Die Volksraad het na die bespreking en bestudering van die probleem besluit om die papiergeld die eerste jaar met £10,000 te verminder en elke daaropvolgende jaar met £5,000. Ook is besluit om 1000 plase onder verband te plaas as voortdurende sekuriteit vir die note indien die gewone opbrengste nie so is dat hulle hulle planne kan uitvoer nie.[174]

Die maatreëls van die regering het egter nie veel gehelp gehelp om hul krediet in die buiteland te verbeter of die handel te laat herleef nie.

Ouderling F.G. Wolmarans, wat as gevolg van die uitgee van verbande, die leen van geld en die koop en verkoop

171/...

171. Notule van die vergadering. Notuleboek, bl. 280. T.A. Kyk ook Van Oordt: J.F.: a.w. bl. 138; Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers. J.H. de Bussy, Pretoria. 1933. bl. 100.
172. Aanspraak van die president, 2/5/1870, art. 2 en notule Volksraadvergadering Mei 1870, art. 10. Byvoegsel tot Staat Courant, 10/5/70, nr. 325; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 138, 139.
173. Notule Volksraadvergadering, 18/6/70, art. 186. Byvoegsel tot Staats Courant 28/6/1870, nr. 332; Verslag van kommissie benoem volgens art. 10 om in te gaan op toestand van finansies; ook S.S. 125, bl. 45, T.A. Verslag van kommissie i.v.m. note; S.S. 121, bl. 330, T.A. Kopie van resolusie v.d. kommissie aangestel om planne te beraam tot verbetering van die goewermentsnote.
174. Kyk Wet 7 van 1870. Staats Courant, 12/7/70 nr. 334 en notule Volksraadvergadering, Mei 1870, art. 10. Byvoegsel Staats Courant 10/5/1870, nr. 325.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van eiendomme[175] goed op hoogte was met die geldelike aangeleenthede van die Republiek, was een van die eerste wat besef het waarheen die roekelose uitgee van papiernote gaan lei en dat hy aan die kortste end sou trek as die geld hul waarde sou verloor. Hy kon dit dus nie aanvaar dat hy geld moes terug ontvang waarvan die waarde maar ⅓ van die oorspronklike was nie. Reeds op 18 April 1870 het hy 'n brief aan die Volksraad gerig in die verband - dus nog vóór die regering die hierbo genoemde maatreëls geneem het. Sy brief is egter eers met die sitting van September 1871 ter tafel geneem as memorie nr. 256.[176] Hy versoek dan ook dat „de wet die iedereen verpligt noten aan te nemen terug zal getrokke worden vooral tot betrekking op vroeger uitgezette gelden".[177] Die voorgestelde antwoord op die memorie ingedien deur G. Moodie en T.F.Dreyer, is deur die Volksraad aanvaar, naamlik dat aan die memorialis laat weet moet word dat die raad alles moontlik sal doen tot die verbetering van die goewermentsnote ter voorkoming van verdere nadeel aan die burgers. Hy word ook verwys na die „Notenwet" van 20 Junie 1870.[178]

Die probleem in verband met die uitleen van vaste munt en die terug ontvang daarvan het vir F.G.A. Wolmarans as die eksekuteur van sy vader se boedel ook hoofbrekens besorg. Hy kla dat die besluit van die Volksraad van 1870 nie vir hom heeltemal duidelik is nie „en daar ik -----

172/...

175. Kyk ook hierbo bl. 149.
'n Paar van die transportaktes in sy guns was onder andere die koop van erf 163 op 1/3/1853 van W. Steyn vir Rds. 215; van erf 40, 2/1/1854 van A.F. Bosman vir Rds. 300; van plaas Hartebeespoort , 12/4/1858 van M.A. de Beer vir Rds. 700 (Die plaas is op die naam van sy seun M.J. de Kock Wolmarans transporteer op 3/10/1864); van plaas Buffelskloof, 28/12/1858 van H.N. Scheepers vir Rds. 900. Argief Potchefstroom. Landdros 4. Ingekome stukke 1868-1870 (Ingestuurde briewe van die registrateur van Aktes, Pretoria aan landdros Potchefstroom, 1868).
Van plaas Nouwpoort gekoop op openbare vendusie vir Rds. 3,025. R.1842/58. S.S. 19, bl. 10. T.A.; Van plaas Kromdraai (Kromme draÿ) van die heer Grimbeek. R.3458/60. S.S. 32, bl. 103-106.
Kyk ook Argief Potchefstroom. Landdros 1. Ingekome stukke 1842-1863. Brieweboek Julie-Desember 1863, T.A. oor leen van geld en transport aan F.G. Wolmarans, 13/7/1863 en 31/8/1863.
176. Memorie kon nie teruggevind word nie. Notule van Volksraadvergadering 12 September 1871, art. 90. Byvoegsel tot Staats Courant 10/10/1871 nr. 399, Z.A.R. band 48.
177. Ibid.
178. Die „Notenwet" is behandel in art. 189 met die Volksraadsitting op 18/6/1870. Byvoegsel tot die Staats Courant 5/7/1870 nr. 333 en gepubliseer as wet nr. 7 van 1870 in Staats Courant, 12/7/1870 nr. 334.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ruim Rds. 15,000 moet invorderen van personen die van 10 en 12 jaren by myn oude vader hard geld heeft opgenomen en nu by aanvraag van betaling aan myn noten tender! Het is in myn oog openbare bedrog 10 á 12 jaar hard geld in gebruik gehad te hebben en nu noten ingelyke waarde te tendere". Hy spreek die hoop uit dat daar beskerming by die wet te vinde is en dat hy dit sal kry. Hy verklaar verder dat daar baie draaiplek binne 'n wet is as elke artikel nie heeltemal duidelik is nie en daarom verwag hy 'n volledige antwoord wat die bedoeling van die artikels oor die notekwessie behels.[179]

As gevolg van swak administrasie en amptenare in die beginjare van die Republiek het dit dikwels voorgekom dat plase nie sekuur uitgemeet is nie, dat plaasgrense en bakens oormekaar geval het en selfs dat plase wat reeds toegesê is, weer aan ander toegeken is.

Omdat F.G. Wolmarans baie met plase te doen gehad het, was hy een van die burgers wat baie onder die probleem moes ly, maar hy was dan ook weer die persoon wat uit ervaring voorstelle ingedien het om die probleme op te los. So was F.G. in die wanorganisasie betrokke in verband met die plaas Noupoort wat weer deur die regering uitgemeet is alhoewel hy alle bewyse besit het dat die grond aan hom behoort. Hy het dadelik 'n brief aan die Uitvoerende Raad gerig om die probleem reggestel te kry.[180] Met sy plaas Kromdraai het hy 'n dergelike probleem gehad. In 'n brief van Januarie 1860 kla hy by die Uitvoerende Raad dat dié liggaam sy papiere van die plaas gesien het en goedgekeur het, maar tog het 'n spesiale kommissie namens die Volksraad die plaas nou aan 'n sekere M.G. Schoeman toegeken. Hy vra dat die saak reggestel moet word.[181]

Omdat die probleem algemeen blyk te wees,[182] het hy in 'n memorie aan die Uitvoerende Raad voorstelle in die verband gemaak. Hy vra dat grond nie uopgesit moet word eerdat kennisgewing daarvan vir drie maande in die goewermenstkoerant gepubliseer is nie. So ook dat geen inspeksie sal plaasvind voordat drie maande vooraf volgens wet daarvan kennis gegee is nie; dat geen gekoopte of oorgedraagde grondregte van een persoon op 'n ander as wettig

173/...

---

179. R.975/72. Brief F.G.A. Wolmarans aan R.J.N. Swart, goewermentsekretaris, 22/7/1872. S.S. 146, bl. 112.
180. R.1842/58. Brief Wolmarans aan U.R. S.S. 19, bl. 10.
181. R.3458/60. Brief Wolmarans aan U.R. S.S. 32, bl. 103, 106. T.A.
182. Ook sy seun F.G.A. het onder andere met dieselfde probleem te doen gekry.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskou sal word voordat dit in die kantore van die landdroste geregistreer is en bewys daarvoor uitgeneem is nie. Hy eindig deur die hoop en vertroue uit te spreek dat die Uitvoerende Raad die wenke „wel in overweging nemen zal en grunden waarvoor wy ons goed en bloed voor gelaten hebben dat zoodanige grunden, voor stemgeregtigde en grundgeregtigde Burgers worden oopengesteld".[183]

Dieselfde probleme het F.G.A. Wolmarans ook ondervind, selfs nadat die Uitvoerende Raad die wenke van sy vader F.G. Wolmarans (hierbo genoem) ontvang het.

So het F.G.A. Wolmarans op 8 Augustus 1842 'n uittreksel uitgeneem vir die plaas Sevangesfontein in die distrik Rustenburg, maar 'n sekere Prinsloo het hom egter op die grond gaan vestig, dog weer vertrek toe hy in 1851 deur Wolmarans daartoe aangesê is. In April/Mei 1859 verneem hy egter dat die grond geïnspekteer word vir die gemelde W. Prinsloo waarop hy dadelik, toe hulle nog in die veld besig was, sy protes ingehandig het met byvoeging van sy uittreksel van die landdros van Rustenburg.

Toe hy drie maande later voor die landdros verskyn om sy transport te ontvang, moes hy egter verneem dat dit reeds aan W. Prinsloo gegee is.

In sy brief vanaf Stompoorfontein (Stomoors vantÿn) aan die Uitvoerende Raad in die verband, sê hy dat hy 21 jaar vir die plaas gewag het en nou is hy dit kwyt. As die transport nou nie van Prinsloo teruggeneem kan word nie, vra hy „in aanmerking genomen dat ik reeds voor de laaste 15 jaren deze Republiek in alle opzigten hebt gediend als eene getrouwe burger beiden in Politieke zo wel as Kerkelyke betrekkingen om niet te spreken van myne burgerschap voor dien tyd", vertrou hy dat die Uitvoerende Raad sal toestem dat hy as vergoeding vir sy verliese gely die uitspanning aan Wonderfonteindrift en 'n stuk droë grond wat aan sy plaas Wonderfontein grens, gesamentlik sowat 2,000 morg groot, as sy eiendom kan kry. Hy voeg by dat hy die saak nie vroeër aanhangig kon maak nie as gevolg van die landsprobleme wat daar was. (1860-1863).[184]

Ook in 1866 rig F.G.A. Wolmarans 'n brief aan die Uitvoerende Raad met 'n klag teen die handelinge van die landkommissie. Sy woonplaas Stompoorfontein is in 1851

174/...

183. R.4190/60. Brief van 27/12/1860. S.S. 35, bl. 423-427. T.A.
184. R.681/63. Briewe 3/5/1863 en 8/9/1863. S.S. 50, bl. 91-98. T.A. Kyk ook verdere onderhandelinge oor die grond. R.1241/65. Brief F.G.A. Wolmarans aan U.R., 24/11/1865. S.S. 71, bl. 222.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geïnspekteer en nou maak die bakens van J. Otto se plaas Buffelsvlei, bepaal deur die landkommissie inbreuk op sy grond.[185]

M.W. Pretorius laat daarop landdros Otto weet dat F.G.A. Wolmarans by hom aansoek sal doen om 'n kommissie van ondersoek en dat hy twee heemrade en 'n veldkornet daartoe opdrag moet gee en hy vervolg in 'n volgende brief „---- dat de Heer Wolmarans de gelden moet voorschieten voor de onkosten aan de Commissie en dat het alsdan op koste van ongelyk moet zyn".[186]

In 1869 was die vyf jaar dienstermyn van president M.W. Pretorius verstreke en in Mei is hy deur die volk herkies met 'n meerderheid van 892 stemme.[187]

Intussen het die Duitse reisiger Mauch goud te Tati ontdek in 1867 en kort daarna in 1871 is goud ook in die distrik Zoutpansberg gevind, alhoewel dit reeds vanaf 1854 bekend was dat daar goud in Transvaal is. 'n Berig in die London Times van die jaar het dit al beweer.[188] Pretorius wou egter nie die minerale in die land open nie uit vrees dat die land se onafhanklikheid in gedrang sou kom met die instroom van talle uitlanders. Nou is die ontdekking egter so pertinent onder die mense se aandag gebring en as 'n voldonge feit aanvaar. President Pretorius het die volgende jaar, met die opening van die September 1868-sitting, in sy openingsrede gesê dat die gerugte dat goud ontdek is, by die dag toeneem en dat dit vir die Volksraad raadsaam sou wees „om alle ondernemingen tot nasporing van goud in ons grondgebied, zoo veel mogelyk gemakkelyk te maken, en protectie te verlenen aan partyen die trachten de ontdekking van dat edele metaal verder te bevorderen."[189]

Toe dié artikel van die openingsrede onder bespreking kom, is verskeie voorstelle gemaak maar almal het verval en die derde wat aangeneem is, was die van F.G.A. Wolmarans,

175/...

185. R.871/66. Brief 28/8/1866. S.S. 79. bl. 227-230. T.A.
186. Argief Potchefstroom. Landdros 3, Ingekome briewe van Staatsekretaris, 1867, nr. 519 en 520 van 14/1/1867. T.A.
187. M.J. Viljoen 601 stemme; M.W. Pretorius 1493 stemme. Van Oordt, J.F. : a.w. bl. 138; Engelbrecht, S.P.: T.F. Burgers, bl. 100; Staats Courant 19/5/1869.
188. Leyds, W.J.: De eerste annexatie van Transvaal, bl.169. Engelbrecht, S.P.: T.F. Burgers, bl. 100.
189. Notule Volksraadvergadering, Sept. 1868, art. 20 van aanspraak. Staats Courant 21/10/1868, nr. 253.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat lui dat die saak na die Uitvoerende Raad verwys moet word om daarooor te handel ooreenkomstig vroeëre wette en besluite en verder die nodige maatreëls te neem in die verband met die saak.[190]

Met die lees van die notule word dit duidelik dat F.G.A. Wolmarans 'n wakker lid van die Volksraad was, dat hy gedurig sy opinie gegee het in die vorm van voorstelle en as sekondant,[191] ook sy teenstem laat aanteken het as hy beslis nie saamgestem het nie.[192] Hy het nie gehuiwer om op 'n rustige wyse sy weloorwoë en eerlike mening te lug nie en het die respek van sy medelede verwerf.[193] So lees ons in artikel 208 van die notule dat op voorstel van die heer Joubert van die notule afgewyk is om 'n brief van die voorsitter van die Volksraad in behandeling te neem wat betrekking het op laasgenoemde as lid van die finansiële kommissie. Omdat die voorsitter in die saak betrokke was, moes 'n tydelike voorsitter gekies word. „Uit de stemming blykt, dat als voorloopig Voorsitter door de meerderheid van stemmen verkozen word de Wel-Ed heer F. Wolmarans"[194] en later: „Deze zaak afgehandeld zynde word de voorloopige Voorsitter bedankt" en neem die voorsitter Wm. Robinson weer die stoel in.

Belangriker as die ontdekking van goud in 1867 was die van diamante in dieselfde jaar langs die Oranjerivier. Met die hervasstelling van die Transvaalse grense deur M.W. Pretorius in die jaar daarop en die ontdekking van diamante in 1869 langs die Vaalrivier by Klipdrift in die distrik Bloemhof, was Transvaal in die diamantsaak betrek.

176/...

190. Kyk Staats Courant 18/11/1868 Nr. 256, bl. 1288.
191. As sekondant enkele voorbeelde net uit 1868. Volksraad-sitting beginnende 10 Febr.: arts. 274, 400, 464, 502, 512, 533, 567; sitting beginnende 14 Sept.: arts. 93, 106, 117, 134, 149, 199, 199(2), 231, 232, 243, 251, 252, 254, 259, 265, 277, 281, 308.
192. Enkele voorbeelde van aanteken van teenstem gedurende 1868. Volksraadsitting beginnende 10 Febr.: art. 299, 431, 454, 465, sitting beginnende 14 Sept.: arts. 30, 121, 149, 191, 197, 207, 214, 217, 227, 234, 247, 289, 301. Kyk Volksraadnotules 7 en Staats Courant 28/10/1868 - 30/2/1869).
193. Vir minder belangrike besluite van F.G.A. Wolmarans i.v.m. die uitgee van grond aan die oorkant van Bloedrivier en i.v.m. die gee van plase aan die weduwees van die wat deur Dingaan vermoor is. Kyk notule Volksraadsvergadering, Des. 1868, art. 173 en 198 onderskeidelik. Staats Courant 2/12/1868, nr. 258 en 30/12/1868, nr. 260. T.A.
194. Notule volksraadvergadering, 26/10/1868, art. 208. Staats Courant 6/1/1869 nr. 261. (Nuwe bandnr.47, T.A.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die botsende aansprake oor die eiendomsreg het gelei tot die arbitrasiehof onder voorsitterskap van luitenant-goewerneur R.W. Keate in April 1871. Die swak optrede aldaar van M.W. Pretorius en die Transvaalse afvaardiging waardeur Transvaal groot dele van sy grondgebied verloor het, het gelei tot wantroue in die leiding van president Pretorius en tot die einde van sy dienstermyn toe hy op 20 November 1871 sy bedanking ingedien het. Die volgende dag is D.J. Erasmus as agerende president verkies.[195]

Tydens die ontplooiïng van die diamantsaak was F.G.A. Wolmarans nie meer lid van die Volksraad nie. Die laaste sitting wat hy in die tyd bygewoon het, was op 3 Mei 1869.[196] Ons lees dan ook in die notule van die vorige volksraadsitting van 28 November 1868 dat die lede wat die daaropvolgende jaar moes aftree, ook lid F.G.A. Wolmarans insluit.

Daar is ook bepaal dat nuwe nominasies van kandidate (requisitien) vanaf 1 Desember 1868 gemaak kon word.[197] Die nuwe kieslote moes voor die laaste dag van Maart 1869 in wees want die Volksraad sou weer vergader op 1 Mei 1869.[198]

F.G.A. Wolmarans is wel deur 'n aantal burgers vir nog 'n termyn as kandidaat voorgestel, maar die voorstel was onwettig en moes verval. In 'n brief van die goewerment-sekretaris Spruyt van 2 Augustus 1869 aan F.G.A. Wolmarans laat hy hom weet dat hy die rekwisisie en die antwoord van Wolmarans daarop ontvang het, maar aangesien die nominasiebrief slegs deur ses burgers in plaas van minstens twaalf geteken is, soos deur die wet bepaal word, kon hy dit nie laat publiseer nie. Nog 'n onreëlmatigheid waarop hy gewys word, is dat 27 „kieslote" gelyk met die „requisitie" aangekom het en volgens wet moes ses dae verloop na publikasie van die rekwisisie en die antwoord van die kandidaat voordat 'n stemming kon plaasvind.[199]

177/...

195. Leyds, W.J.: a.w. bl. 168-172; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 140-144; Engelbrecht, S.P.: T.F. Burgers, bl. 101, 102.
196. Notule volksraadvergadering, 3/5/1869, art. 337. Staats Courant, 19/5/1869, nr. 278.
197. Byvoegsel tot die Staats Courant, 2/12/1868, nr.258. (Bevel vanuit goewermentskantoor, 30/11/1868) en Notule volksraadvergadering, 28/11/1868, art. 330. Staats Courant, 3/2/1869, nr. 265.
198. Ibid. art. 316 en goewerments kennisgewing 249 en 250. Staats Courant 17/3/1869 nr. 270.
199. S.S. 2703, 1867-1869. Brief van Spruyt aan Wolmarans, 2/8/1869. T.A.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met afsluiting van die sitting van 3 Mei 1869 (die laaste waarop F.G.A. Wolmarans sitting sou neem) is F.G.A. Wolmarans „schriftelyk verzocht voor de sluiting der zitting een gebed te doen, aangesien de leeraar der Ned. Herv. Kerk niet tegenwoordig is"[200] 'n mooi laaste eer aan 'n man wat baie in die diens van sy volk gedoen het, dat hy as't ware sy lidmaatskap van die Volksraad met 'n gebed kon afsluit.

Op 24 November 1870 is Anna Eleonora Wolmarans, die vrou van F.G.A. Wolmarans oorlede op die plaas Stompoorfontein toe sy nog maar 42 jaar oud was.[201]

Later is hy weer getroud naamlik met Maria Petronella Botha[202] wat na die dood van F.G.A. in 1884 tot 17 Januarie 1898 met haar dood op Stompoorfontein gebly het.[203]

Die wenk van M.W. Pretorius met sy bedanking, dat hulle 'n meer geleerde en bekwamer man nodig het om die volk te lei, was ook die gevoel van die burgers - hulle moes 'n president van buite die republiek kry en hy moes 'n geleerde man wees wat die Republiek se vyande kon beveg en opgewasse sou wees teen die Engelse diplomasie. Vir die doel is die grondwet gewysig.[204]

Vir baie, veral die ondersteuners van 'n unie tussen Transvaal en die Vrystaat, was president Brand die ideale kandidaat, maar hy het die aangebode eer van die hand gewys. Die uiteindelike twee kandidate was die destyds bekende ds. Thomas Francois Burgers, 'n besonder begaafde en voortreflike redenaar en die bekende Transvaalse burger en volksraadslid van Rustenburg, Wm. Robinson. Die finale uitslag was: Burgers 2964 stemme, Robinson 388 stemme.

178/...

200. Notule Volksraadvergadering, 3/5/1869, art. 337, 338. Staats Courant, 19/5/1869, nr. 278.
201. Boedelakte 201A, A.E. Wolmarans (Steÿn) T.A.
202. Boedelakte 2517, F.G.A. Wolmarans. T.A.
203. Boedelakte 13957. M.P. Wolmarans (Botha) T.A.
204. Die ou bepaling was dat die president 5 jaar 'n stemgeregtigde burger moes wees en lid van die Ned. Herv. staatskerk. Dit is gewysig na vanaf 30 jaar oud, lid van die protestantse kerk en daar mag geen onterende vonnis teen hom wees nie. Kyk Volksraadbesluit 6/11/1871, art. 280. Dit wysig art. 61 van die grondwet. Kyk Eybers, G.W.: a.w. bl. 434.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 1 Julie 1872 is T.F. Burgers onder groot belangstelling as nuwe staatspresident van Transvaal beëdig.[205]

Op die plaas Boschhoek, distrik Potchefstroom, het intussen nog 'n persoon wat die wordingsjare van 'n jong volk meegemaak en ook tot 'n groot mate gerig het, van die toneel verdwyn, want op 28 April 1872 is Frederik Gerhardus Wolmarans, die ouderling, in die ouderdom van 83 jaar, 5 maande en 13 dae oorlede. Hy is op sy plaas ter ruste gelê langs sy vrou wat hom in September 1870 ontval het. Sy kleinseun Andreas Daniel Wynand (gebore 23 September 1857) sou die eksekuteur van sy boedel wees.[206]

Tot vandag toe lewe die naam van F.G.Wolmarans nog voort in die mond en gedagtes van baie mense as hulle hom herdenk in die gebruik van 'n straatnaam, naamlik Wolmaransstraat in Potchefstroom.[207]

---oOo---


205. Notule Volksraadvergadering, 1/7/1872, art. 8. Byvoegsel tot Staats Courant, 1/7/1872, nr. 429. Kyk ook Leyds, W.J.: a.w. bl. 172-177; Van Oordt, J.F.: a.w. bl. 144-150; Engelbrecht, S.P.: T.F. Burgers, bl. 102-112.
206. Boedelakte 20733: F.G. Wolmarans. T.A. en boedelakte 7591: F.G. Wolmarans. T.A. Ook boedelakte 20735, C.M. Wolmarans (le Roux) T.A. Volgens grafskrif nooiensvan gespel Lerouse.
207. Reeds in 1855 loop ons die naam Wolmaransstraat raak in die landdros van Potchefstroom se verbandeboek onder die datum 23 Oktober. Argief Potchefstroom. Landdros 61, Landdros verbandeboek, 1854-1861. T.A. Die straat loop aan die suidekant van die Ned. Herv. kerkplein verby. Geen ander persoon was in dié jare so 'n prominente figuur as juis F.G. Wolmarans nie en die skrywer is oortuig dat dit alleen na hom vernoem kon gewees het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die graf van F.G. Wolmarans, struik- en bosbegroeid na 94 jaar.




Die grafskrif van F.G. Wolmarans, wat plat op die graf aangebring is, is ontbloot nadat bosse, blare en mos verwyder is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VIII

## DIE ROL VAN F.G. EN F.G.A. WOLMARANS IN DIE KERKLIKE LEWE VAN TRANSVAAL, 1860 - 1872.

Op 2 September 1861 het die twaalfde Algemene Kerkvergadering[1] van die Nederduitsch Hervormde kerk in sitting gegaan te Pretoria en F.G.A. Wolmarans was andermaal daar namens die gemeente Potchefstroom.

Die eerste saak wat onder behandeling geneem is, was dié teen ds. Van der Hoff wat kort vantevore ten aanskoue van gemeentelede, lelik teen sy vrou opgetree het.[2] Vir die behandeling van die saak het ds. A.J. Begeman die voorsitterstoel ingeneem[3] en moes die vergadering die optrede en uitspraak van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat die saak op hul sitting van 17 Junie 1861 te Potchefstroom verhoor het, ondersoek. Op die vergadering van die kommissie waarvan F.G.A. Wolmarans ook lid was, is voorgestel dat die aanklag teen ds. Van der Hoff na die Algemene Kerkvergadering verwys moes word maar F.G.A. het hom heftig daarteen verklaar. Hy „wenscht de zaak in der minnen te schikken om reden het de eerste maal is, deze zaak ruchtbaar makent is en ZWEerw. en Zyne vrouw ernstig te vermanen". Die voorstel is daarna deur die vergadering aanvaar en hul optrede is deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur.[4]

Ouderling F.G.A. Wolmarans vra egter of die predikant na die uitspraak van die kommissie totdat dit met die Algemene Kerkvergadering goedgekeur is, geregtig was. om op die kansel te verskyn of nie. Die vraag is gestel na aanleiding van wat in Potchefstroom gebeur het op Sondag 23 Junie 1861 toe ds. Van der Hoff wou gaan preek en 'n groepie hom daarvan wou weerhou het, waarop heelwat lawaai en onaangenaamheid ontstaan het. Die voorsitter wys daarop dat die vraag op tweërly wyse beantwoord kan

---

1. Die vergadering word soms die Elfde Algemene Kerkvergadering genoem maar prof. S.P. Engelbrecht wys daarop dat daar ook 'n Algemene Kerkvergadering byeen was van 3-10 September 1860 te Pretoria maar dat die notule van die vergadering ontbreek. Ons weet van die vergadering uit 'n aantal R-stukke van 1860 nl. nrs. 3837, 3961, 3966, 3967, 3975, 3980, 3981, 3999 by S.S. 19. T.A. Kyk Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 170, voetnoot 1.
   Vergelyk bv.: R.3837. Brief van ds. v. Heyningen aan U.R., 3/9/1860, dat Algemene Kerkvergadering byeengekom het.
   R.3999. Ibid. 10/9/1860, dat Algemene Kergvergadering hul taak volvoer het. S.S. 19. T.A.
   Kyk bylaag 3. hieronder.
2. Briewe in die verband kyk S.P. Engelbrecht versameling AII/1, nr. 12. Ned. Herv. Kerkargief; Spoelstra, C.: a.w. bl. 243.
3. Notule van die vergadering, 2 Sept.1861. Notuleboek bl. 108. S.P. Engelbrecht-versameling, A 371, Band 49. T.A.
4. Ibid, bl. 109.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


word. Wat die „regt" aangaan, het ds. Van der Hoff gelyk gehad, maar wat die „pligt" betref, moes die heer Van der Hoff hom op die dag van die prediking onthou het.[5] Die vergadering stem saam met die oordeel van die voorsitter. Daar was egter 'n klag met 36 ondertekenare téén die uitspraak van die kommissie,[6] maar daar word besluit om dit so nodig te laat oorstaan tot die volgende vergadering. Toe die notule van dié eerste dag se verrigtinge met die sitting van die daaropvolgende dag gelees is, het ds. Van der Hoff opgemerk dat volgens sy oordeel hy nie alleen die „regt" gehad het nie maar dat hy ook sy „pligt" gedoen het deur te preek. Op 'n verdere vraag van ds. Van der Hoff besluit die vergadering dat die optrede en protes van die 36 ondertekenare en die voorval van die betrokke Sondag in Junie sterk afgekeur moet word want met die protes onder andere wou die mense die besluit van die kommissie kragteloos gemaak het.[7]

Die vergadering het daarop die nuwe kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkies volgens die bepalings van artikel 16 van die algemene kerkwet en word ouderling F.G.A. Wolmarans ook vir die posisie voorgestel en verkies.[8]

Die betrekking tot die Kaapse Sinode kom ook weer ter sprake en is besluit om die Sinode te laat weet „dat de Nederduitsch Hervormde Kerk in deze Republiek haar eigen bestuur hebben zal", maar, gaan hulle voort, hulle wil egter in 'n susterlike betrekking tot die Sinode en ander staan en vra om as sustergemeente erken te word. Hulle deel die Sinode ook mee dat 'n kommissie alreeds aangesê is om die kerkwet te hersien, dat dit reeds met die volgende Algemene Kerkvergadering gereed moet wees en dat hulle 'n eksemplaar daarvan aan die Sinode sal stuur.[9]

Die vergadering het ook gevoel om 'n kommissie van ses lede aan te stel om die betrekking van die kerk tot die staat te ondersoek; die artikels in die grondwet wat betrekking het op kerklike en godsdienstige sake en bepaaldelik artikels 8, 9, 11 en 20 tot 23;[10] die emeritaat van leraars; die pensioen van hul weduwees en die hersiening van die kerklike wette. Ouderling W. Robinson stel daarop die drie

181/...

5. Ibid.
6. Brief 17 Junie 1861 aan voorsitter van Algemene Kerkvergadering.
S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 12. Ned. Herv. Kerkargief.
7. Notule van vergadering, Notuleboek bl. 112. T.A. en kyk in die verband brief van ds. Van der Hoff aan ds. Smits, 1/7/1861. S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 12. Ned. Herv. Kerkargief.
8. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 111, 112. T.A.
9. Ibid. bl. 113.
Aanhaling ook by Spoelstra, C.: a.w. bl. 241.
10. Vir meer besonderhede i.v.m. die artikels kyk notuleboek bl. 114, 115.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


As gevolg van reeds bepaalde werksaamhede het die Uitvoerende Raad laat weet dat hulle eers om nege-uur die volgende dag (2 Augustus) in die kommissievergadering sou verskyn.

Die vierde opdrag aan die kommissie (kyk hierbo), reeds aan hulle opgedra tydens die Algemene Kerkvergadering te Pretoria in September 1861, was dat hulle die kerkwette moes hersien en 'n konsep aan die eersvolgende vergadering van die kerk moes voorlê. Daarom was dit noodsaaklik dat finaliteit verkry word oor die interpretasie van die artikels in die grondwet wat oor kerksake handel. Daarom het die Uitvoerende Raad tydens die vergadering verklaar wat hulle met sekere artikels en woorde bedoel en verstaan en het die kommissie daarna ook sy versoeke voorgelê in verband met die emeritaat van leraars, hul ongeskiktheidspensioen en die pensioen van hul weduwees.[17] Na die verdaging van die vergadering kon die kommissie voortgaan met die hersiening van die kerkwette, en nadat hulle taak voltooi is, het hulle besluit om 800 eksemplare van die konsepwet te laat druk sodat dit aan die gemeentes bekend kon word vir later kommentaar.[18]

Ds. Van der Hoff en ouderling F.G.A. Wolmarans het ook namens die kerkraad van Potchefstroom 'n brief aan die president en Uitvoerende Raad gestuur en hulle die geld gevra wat die kerk en predikant nog toekom. Alleen die agterstallige traktement van ds. Van der Hoff vir vyf à ses jaar het reeds ongeveer Rds. 2200 beloop.[19]

Vervolgens is die ingekome versoek van die gemeente Zoutpansberg behandel waarin hulle vra dat die kommissie vir hulle 'n leraar uit Nederland moet beroep. Die gemeente het reeds die geld vir die doel beskikbaar[20] Die kommissie besluit om aan die versoek te voldoen[21] en laat die Uitvoerende Raad van hul besluit weet.[22]

183/...

17. Ibid, bl. 123, 124.
18. Ibid. bl. 127, 128.
19. R.302/62. Brief ds. Van der Hoff en ouderling F.G.A. Wolmarans aan U.R., 4/8/1862. S.S. 43, bl. 66, 67. T.A.
20. Op 19 Mei 1862 het die gemeente reeds £250 gereed gehad. Prof. S.P. Engelbrecht in sy Kerkgeskiedenis beweer 5 Mei maar vergelyk die brief van die gemeente Zoutpansberg aan ds. Begeman as skriba van die Algemene Kerkvergadering 19 Mei 1862. S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 13. Ned. Herv. Kerkargief.
In 1863 het hulle reeds £100.16.0 byeen gehad. Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde gemeente Pietersburg 1852-1952. Uitgegee deur die kerkraad. bl. 16.
21. Op 12 Mei 1863 het die Amsterdamse kommissie laat weet dat hulle graag aan die versoek sal wil voldoen. S.P. Engelbrecht-versameling AII/1/nr. 13. Ned. Herv. Kerkargief.
22. Antwoord van die U.R. ontvang in brief gedateer 5/8/1862. Ibid. AII/1/nr. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten slotte het die kommissie besluit dat hulle weer op 10 Oktober 1862 byeen sou kom en is die volgende sitting van die Algemene Kerkvergadering bepaal vir 13 Oktober 1862, maar as gevolg van landsomstandighede het dit nooit plaasgevind nie. Die volgende byeenkoms van die Algemene Kommissie was eers 'n jaar later naamlik op 9 Oktober 1863 te Pretoria en net daarna op 12 Oktober 1863 het die Algemene Kerkvergadering weer vergader. F.G.A. Wolmarans het in beide die genoemde vergaderings sitting gehad.

Die kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die antwoord op die skrywe van die Algemene Kerkvergadering van September 1861 van die Kaapse Sinode ontvang waarin hulle meegedeel word dat die Sinode op 11 November 1862 besluit het om hulle as susterkerk te erken.[23] Ook ontvang die kommissie die nuwe hersiene kerkwet wat hulle deurgestuur het na die Algemene Kerkvergadering wat net daarna in sitting sou gaan. Aldaar is dit voorgelees en nadat sekere artikels of gedeeltes daarvan „geredigeerd" is, is dit goedgekeur en 'n kopie aan die Uitvoerende Raad en Volksraad gestuur met die versoek om dit deur te gaan en, indien moontlik, goed te keur en bekragtig.[24] Daarop word oorgegaan tot die benoeming van 'n kommissie om te korrespondeer met die regering wanneer dit nodig blyk te wees soos byvoorbeeld oor die kerkwet. Albei predikante word genoem (ds. Smits was nie teenwoordig nie) en die ouderlinge F.G.A. Wolmarans, Erasmus en Geldenhuis.[25]

Die kommissie van die Algemene Kerkvergadering is daarop saamgestel uit di. Van der Hoff en Begeman en andermaal ouderling F.G.A. Wolmarans en ouderlinge Minnaar, Potgieter, Meyer en Venter. Hulle eerste taak sou wees om die kerkwet, na goedkeuring deur die regering te laat druk.[26]

Tydens die vergadering van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering (Oktober 1863) is twee klagskrifte teen ouderling F.G.A. Wolmarans voorgelê vir bespreking wat oorspronklik by die kerkraad van Mooirivier ingehandig

---

23. De Handelingen der Synode 1862, a.w. bl. 65. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 129. T.A.
24. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 131, 132, 136. T.A. Die Volksraad het dit goedgekeur en bekragtig. Notule Volksraadvergadering, 24/10/1863. Art. 127. Volksraadnotules 4, bl. 220. Vir die nuwe „Reglementen voor de Nederduitsch Hervormde kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek" kyk Ibid. bl. 582-610. Vir die handtekening van F.G.A. Wolmarans as lid van die kommissie kyk ibid. bl. 608.
25. Notule van vergadering, Notuleboek bl. 136, T.A.
26. Ibid. bl. 137.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is, maar die vergadering het besluit om dit na die Algemene Kerkvergadering te verwys.[27] In dié vergadering is 'n klagskrif van D.P. Taljaard teen ouderling F.G.A. Wolmarans voorgelees maar die vergadering het eenparig besluit om die besware teen Wolmarans as ongeldig te beskou waardeur die klag van Taljaard afgewys is. Dieselfde besluit is geneem in verband met 'n dergelike klagte van J.H. Visser.[28]

Die saak was egter nie iets van die verlede nie. Andermaal het daar 'n klag van J.H.L. Kok[29] teen F.G.A. Wolmarans aangekom en het die kommissie van die Algemene Kerkvergadering spesiaal op 13 Junie 1864 te Potchefstroom byeengekom om die aanklag te bespreek. Die klaer wou dat Wolmarans uit sy pos as ouderling onthef word.

Met die aanvang van die vergadering is die klag en die reglement van orde voorgelees en is begin om die getuies van albe kante, - hulle het beide twaalf getuies gehad[30] - aan te hoor.

Die hele klag teen F.G.A. Wolmarans was dat hy as een van die afgevaardigdes van 'n vredessending van die Staatslaer tydens die botsing tussen die Transvaalse burgers in 1862 te Potchefstroom, nie sy plig as ouderling goed genoeg nagekom het om vrede te bewerkstellig nie; dat hy „niet genoeg gewaakt heeft voor de heiliging van den Zondag by beide partyen"; die bewering dat Wolmarans in verband met die vredesonderhandelings sou gesê het „alles regt gekregen te zullen hebben in dien J. Kok niet beschonken geweest ware"; dat hy die aanbod van die vier sprekers van die dorp nie aan die staatslaer bekend sou gemaak het nie en dat hy ammunisie na die staatslaer sou aangery het.[31]

Die bevinding van die kommissie oor die saak was: „dat de getuigen niet genoegzame helderheid getuienis hebben afgelegd, zoo zelfs dat eenige verklaringen met ander verklaringen geheel in stryd waren".[32]

185/...

27. Ibid. bl. 129.
28. Ibid. bl. 133, 134.
Vir brief van J.H. Visser van 25/12/1862 Kyk S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 15. Ned. Herv. Kerkargief.
29. I.v.m. die klag van Kok kyk brief van ds. Begeman aan ds. Van der Hoff, 22/2/1864. S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 15. Die klag van Kok was gedateer 27/11/1863.
30. D.P. Taljaard en J.H. Visser wat die vorige klag teen Wolmarans gelê het was beide getuies van J.H.L. Kok. Notule van vergadering, Notuleboek bl. 138.
31. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 140, 144,145, 146, 147.
32. Ibid. bl. 155.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die saak is daarop as onbeslis uitgewys en die koste tussen die twee partye verdeel. F.G.A. Wolmarans was egter glad nie tevrede nie en het dieselfde dag (14 Junie 1864) met die middagsitting om 'n „bepaalde en stellige uitslag" gevra, maar die kommissie het by hul besluit volstaan.[33]

Ouderling F.G.A. Wolmarans kon egter nie by die uitspraak berus nie want toe, tydens die Algemene Kerkvergadering van September 1864, die beskrywingspunte genotuleer is, was die eerste: „De oud. F.G.(A). Wolmarans verlangt dat de uitspraak der Comm. op Potchefstroom van 14 Juny 1864 tusschen hem en J.H.L. Kok in revisie moge komen. Oudl. Wolmarans legt scriftelyke kennisgeving daarvan voor"[34]

Gedurende die bespreking wat daarop volg, het ds. Van Heyningen die voorsitterstoel ingeneem en is besluit dat ouderlinge Wolmarans en Visser en die di. Van der Hoff en Begeman wat by die vorige verhoor betrokke was, buite stemming sou bly. Die hele klag is toe uitvoerig bespreek en oorweeg.

Die eerste voorstel was dat Wolmarans die opgelegde boete bly dra, maar dit is afgestem. Die uiteinde van die saak was dat die Kommissie die geld wat Wolmarans moes betaal om die onkoste te dra, aan hom moes terug betaal. „De heer Wolmarans zegt dat hÿ zyne vordering bepaald tot het teruggeven van £2 die niet aan zyne eigene getuigen uitbetaald zÿn.[35]

Met die Algemene Kerkvergadering van Oktober 1863 is ook 'n ander belangrike saak ter tafel geneem naamlik die versoeke van die spesiale kommissie van die Kerkvergadering van September 1861 oor predikantspensioene en ander sake in die verband. Dit is goedgekeur en aan die Volksraad deurgestuur vir die finale bekragtiging.[36] Alle voorstelle is egter nie deur die staat aanvaar nie en die Algemene Kerkvergadering het later (1865) besluit om 'n reglement op die predikante-weduweefonds dadelik in werking te stel. Ds. Smits en ouderling F.G.A. Wolmarans het ds. Begeman as

186/...

33. Ibid. bl. 157. Uitspraak bl. 156.
34. Ibid. bl. 159.
35. Ibid. bl. 163.
36. Notule van vergadering. Notuleboek, bl. 132. T.A. S.S. Sup. Stukke nr. 138/63.
Brief namens Algemene Kerkvergadering aan U.R., 13/10/1863. Volksraadnotules 4, bl. 580, 581.
Behandel in Volksraad, 24 Okt. 1863, art. 128.
Ibid. bl. 220.
Brief van Volksraad aan Algemene Kerkvergadering, 24 Okt. 1863. S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 6. Ned. Herv. Kerkargief.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as kassier van die fonds voorgestel en aan hom opgedra om die gelde te ontvang en by die volgende Kerkvergadering verslag te lewer. Daarop het ouderling F.G.A. Wolmarans voorgestel om aan ds. Smits „op te dragen het vormen van artikelen van bestuur voor de weduwen beurs in overeenstemming met het geschreven in de kerkwet". Dit is aanvaar.[37] Die predikante-weduweefonds het maar baie moeilik begin. In 1866 word verslag gelewer dat die fonds op £15.2.3. staan „aangezien de geldkrisis in onze dagen overweldigend is"[38] en in Maart 1867 staan die fonds op £114.8.9.[39] Duidelik het die staatkundige probleme ook die kerksake beïnvloed[40].

Die versoek van die gemeente Zoutpansberg van 1862 om 'n predikant (kyk hierbo) het intussen gevorder en met die Algemene Kerkvergadering te Pretoria, Oktober 1863, lees ons dat die vergadering van die regering die goedkeuring vra vir die beroep van prop. N.J. van Warmelo as leraar vir die gemeente Zoutpansberg.[41] Ds. Smits het tydens 'n besoek aan sy skoonouers te Kaapstad, Junie 1863, prop. Van Warmelo aldaar ontmoet waarop hy in verband met 'n moontlike beroep op die proponent aan Zoutpansberg 'n brief geskryf het. Toe hy 'n gunstige antwoord ontvang, het hy die beroep aan prop. Van Warmelo aangebied.[42] Van Warmelo het die beroep aanvaar en op 28 Mei 1864 was hy alreeds in Pretoria.[43] Hy is deur die kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelegitimeer en op 15 Junie deur die drie predikante van Transvaal georden. Dit is die eerste predikant wat in Transvaal legitimeer is omdat die legitimasie van die ander drie predikante deur die Kaapse Sinode teruggetrek is in 1863 en omdat hulle in elk geval 'n aparte kerk was, veral toe hulle in 1862 deur die Sinode as 'n susterkerk erken is. Op 30 Junie is Van Warmelo te Schoemansdal bevestig.[44]

187/...

---

37. Notule van vergadering, Notuleboek, bl. 196. T.A.
    Vir die „Concept-Instructie voor den kassier van het Predikants-weduwen fons der Nederduitsch Hervormde Gemeentes in de Zuid Afrikaansche Republiek" kyk S.P. Engelbrecht-versameling AII/2 nr. 8. Ned. Herv. Kerkargief.
38. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 243. T.A.
39. Ibid. bl. 253, 254.
40. Kyk hoofstuk VII.
41. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 135. T.A.
42. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 177.
43. Engelbrecht, S.P.: Die Ned. Herv. gemeente Pietersburg, a.w. bl. 23, 24.
    Pont, A.D.: N.J. van Warmelo, a.w. bl. 48, 49, 52.
44. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 181,182.
    Notule van vergadering, 14 Junie 1864. Notuleboek bl. 157. T.A.
    Spoelstra, C.: a.w. bl. 54-56.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 12 September 1864 was die afgevaardigdes van die verskillende gemeentes, waaronder F.G.A. Wolmarans, andermaal in Pretoria byeen vir die sitting van die Veertiende Algemene Kerkvergadering.

Die eerste saak wat onder bespreking kom, was die van die gemeente Lydenburg wat op hierdie vergadering deur ds. Van Heyningen verteenwoordig is.

Die gemeente Lydenburg het in 1854 kerklik afgeskei van die res van Transvaal en in Februarie 1859 sy eerste predikant gekry in die persoon van ds. Van Heyningen. Ds. Van Heyningen het algaande die toestande in Transvaal leer ken en toe Lydenburg in 1860 staatkundig saamgesmelt het, het die dominee hom beywer om vereniging ook op kerklike gebied te verkry. Tydens die negende Algemene Kerkvergadering in April 1859 het hy sy houding reeds teenoor die Nederduitsch Hervormde kerk gewysig en daarna gereeld die Algemene kerkvergaderings bygewoon.[45] Toe hulle in Maart 1864 losgemaak is van die ring van Natal en 'n aparte gemeente geword het, het ds. Van Heyningen op 'n vraag van die Uitvoerende Raad onder watter regering hul nou behoort, geantwoord dat „er weldra eene vereeniging onder het zelfde reglement tussen Lydenburg en de gemeenten der Ned. Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek D.V. staat plaats te grypen".[46]

Op die Algemene Kerkvergadering van September 1864 is daarop bekend gemaak dat die predikant en gemeente van Lydenburg onder die aldaar bestaande kerkwet wil ressorteer. In die notule lees ons: „Met ingenomenheid neemt de vergadering daar van kennis en geeft hare eenparige goedkeuring te kennen".[47]

Van die ander beskrywingspunte hier van belang was die van die gemeente Rustenburg wat die sittingstyd van die Algemene Kerkvergaderings verander wil hê. Dit moet nie gedurende Maart- of Septembermaand gehou word nie, want die tyd word uitsluitlik deur die leeraars gebruik vir katkisasie vir diegene wat met die nagmaal van April en Oktober aangeneem moet word. Op voorstel van ouderling F.G.A. Wolmarans is eenparig besluit dat die volgende Algemene Kerkvergaderings in Meimaand gehou moet word omdat dit as die mees geskikte beskou word.[48]

188/...

---

45. Onder andere die vergadering van Sept. 1859, en Sept. 1860, Sept. 1861 was hy met verlof afwesig en met die sitting van Oktober 1863 was hulle nie verteenwoordig nie.
46. R.418/64. Brief van ds. Van Heyningen aan U.R., 25/6/1864. S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 16. Ned. Herv. Kerkargief.
47. Notule van vergadering. Notuleboek bl.159. T.A. Net ds van Heyningen was op die vergadering teenwoordig. Die ander afgevaardigdes is verhinder a.g.v. die oproep van 'n kommando teen Mapoch en Maleeu.
48. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 165.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nog 'n gemeente wat eers onder die ring van die Transgariep geval het, daarna vanaf 1862 onder die ring van Natal ressorteer het en ook op 26 Maart 1864 daarvan losgemaak is om 'n selfstandige Nederduitse Gereformeerde gemeente in die Z.A.R. te vorm, was die gemeente Utrecht, wat volgens hulle notuleboek gestig is in 1854.[49] In 1865 het ds. Cachet 'n beroep na die gemeente aangeneem.[50]

In antwoord op die uitnodiging van die skriba van die Algemene Kerkvergadering aan die Nederduits Hervormde gemeente, Utrecht, het ds. F.L. Cachet vergesel van een ouderling en twee diakens by die vergadering van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 26 Junie 1865 te Rustenburg opgedaag.[51] Hulle het volmag van hulle gemeente gehad om te handel oor moontlike vereniging maar voordat daartoe oorgegaan word, wou ds. Cachet sekere noodsaaklike inligting hê, onder andere oor die kerknaam; die belydenis van die Nederduitsch Hervormde kerk; die verhouding kerk en staat; die sing van gesange; die sendingwese en die beroep van predikante.[52] Die antwoorde op sy vrae sou aan hom gegee word met die sitting van die eersvolgende Algemene Kerkvergadering te Pretoria op 20 November 1865.

Ds. Cachet het weer kans gekry om sy saak te stel en andermaal lank uitgewei en eintlik die kerk aangeval oor die naam Nederduitsch - Gereformeerd en Nederduitsch-Hervormd. Dit blyk dat die naam nooit 'n probleem vir die Transvalers was nie, dat hulle nie eintlik die naamsverandering kan verklaar nie, dat daar nooit oor gepraat is nie en die vergadering kom tot die konklusie dat, aangesien die name Gereformeerd en Hervormd dieselfde beteken, te hou by die bestaande benaming.[53]

189/...

49. Die distrik is in 1859 ingelyf by die Z.A.R. maar nie die kerk nie.
50. Spoelstra, C.: a.w. bl. 260-263.
51. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 172, 174. T.A. Spoelstra, C.: a.w. bl. 265.
52. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 172-175. T.A. Spoelstra, C.: a.w. bl. 267-268.
Vir kopie van notule van die vergadering, gewaarmerk deur ds. Van Warmelo en ander oorspronklike korrespondensie i.v.m. die saak kyk S.P. Engelbrecht-versameling. AII/1 nr. 17. Ned. Herv. Kerkargief.
53. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 195-197. T.A. Ds. Cachet praat self deurmekaar van Nederduitsch Gereformeerd en Gerformeerd en dit ná die stigting van ds. Postma se Gereformeerde kerk!
Spoelstra, C.: a.w. bl. 272-281.
Talle voorbeelde kan ook genoem word waar die Kaapse kerk die naam Ned. Herv. gebruik het, selfs tot lank na die amptelike naamsverandering in 1842.
Kyk Engelbrecht, S.P.: Historiese Album, a.w.: bl. 10. Kyk geraamde programme van orrelinwydings ens. in konsistorie van N.G. kerk, Kaapstad.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die optrede van Cachet hier en by die vorige kommissievergadering het hy 'n onnodige naamtwis, naamverdagmaking en naamnaywer begin en ontketen wat alreeds gou sy negatiewe gevolge van afsplintering veroorsaak het. In dieselfde vergadering het byvoorbeeld ook die verteenwoordigers van die gemeente Lydenburg, naamlik ouderling L.J. Fourie en diaken A.B. Joubert, sitting gehad.[54] Die ouderling het aan die voorsitter gevra in hoeverre hul gemeente onder die hier bestaande kerkbestuur gereken word, waarop die voorsitter hom antwoord dat ds. Van Heyningen „in naam der gemeente Lÿdenburg zyn adheetie geskonken (heeft) .... aan de hier bestaande kerkelyke bepalingen en verordeningen".[55] Die verteenwoordigers sê egter dat hulle geen kennis van die vereniging ontvang het nie en dat die verskil in naam hul ook pla om in die toekoms sitting in die vergadering te neem. Daar is besluit dat, aangesien sake onduidelik is, hulle die vergadering kan verlaat.[56]

Later met die Algemene Kerkvergadering van Februarie 1866 het ds. Van Heyningen tog weer die vergadering bygewoon en is 'n verklaring van die Lydenburgse kerkraad voorgelees waarin hulle erken dat die vereniging onvoorwaardelik geskied het.[57] Op dieselfde dag het die Kerkraad ook ds. Van Heyningen (wat 'n beroep na Kroonstad aangeneem het) as hul konsulent gevra nadat hulle in Desember 1865 di. Van Warmelo en Smits na Lydenburg beroep het.[58]

Die volgende beswaar van ds. Cachet teen die Nederduitsch-Hervormde kerk wat eers uit die weg geruim moes word voordat die Nederduitsch Gereformeerde gemeente van Utrecht hom met hulle kon verenig, was oor die belydenis van die Hervormde kerk. Dit het gelei tot breedvoerige beredenerings en diskussies waaraan hoofsaaklik die predikante deelgeneem het. Net ouderling F.G.A. Wolmarans en

190/...

---

54. Hul geloofsbrief was geteken deur ds. van Heyningen en drie kerkraadslede.
S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 17. Ned. Herv. Kerkargief.
Vir gewaarmekte kopie deur ds. Begeman van notule van vergadering kyk Ibid.
Ds. Van Heyningen was nie teenwoordig nie a.g.v. die beroep na Kroonstad wat hy aangeneem het, die groot afstand en die ongunstige jaargety. Brief ds. Van Heyningen aan Voorsitter, 12/6/1865 by Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 198.
55. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 184, 185. T.A.
56. Kyk Spoelstra, C.: a.w. bl. 270, 271.
57. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 214.
Brief van Kerkraad, 8/1/1866. (Bylaes) Ibid. bl. 253.
58. Ibid. bl. 253, 254.
Kyk ook Staats Courant, 17 April. 1 Mei en 8 Mei 1867 vir afdrukke van al die briewe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ouderling Roets het genoeg geweet van die Nederlandse geloofsbelydenis, die Dordtse leerreëls en ander fundamentele kerkleerstukke om aan die teologiese bespreking te kon deelneem.[59] Die agressiewe houding van ds. Cachet het egter al die onderhandelings laat misluk en toe die predikante van die Hervormde kerk hulle nie wou laat voorsê en nie in alles met ds. Cachet saamgestem het nie, het laasgenoemde besluit dat hy nie wil verenig nie. „Hy zegt de geheele Republiek in lengte en breedte te zullen doortrekken om zuiver geref. gemeenten op terichten, aangezien hÿ de enige zuivere Nederd. Ger. predikant hier te lande is."[60]

Dit was nou duidelik dat sy doel was om die onafhanklike staatskerk van die republiek in die kerkverband van die Nederduitsch-Gereformeerde kerk op te los en met die gemeentes Utrecht en Lydenburg as uitgangspunt deurreis hy Transvaal en stig op enkele plekke kleiner gemeentes van die Nederduitsch-Gereformeerde kerk wat op 4 Desember 1866 hul eerste Algemene Kerkvergadering hou. Ds. Cachet staan bekend as die stigter van die Nederduitsch-Gereformeerde kerk in Transvaal.[61]

Ds. Cachet het die vereniging van Lydenburg met die Hervormde kerk doelbewus verydel en dieselfde lede van die Lydenburgse kerkraad wat vereniging met die Hervormde kerk aangevra het, oorgehaal om 'n geskrif te teken waarin die vereniging ontken is.[62]

191/...

59. In die boekery van F.G.A. Wolmarans was onder andere die boek „Bÿbelsche Gesckiedenis van het oude en Nieuwe Testament. Uit de Engelsch van McLear. Vertaald door P.A.C. van Heyningen. Ned. Herv. Kerkargief.
60. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 197-201. Kyk ook briewe van Cachet 27/12/1865 en 22/6/66 met redes vir nie-vereniging by S.P. Engelbrecht-versameling AII/2 nr. 1 en 2. Ned. Herv. Kerkargief. Spoelstra, C.: a.w. bl. 281-290.
61. Stigtingsverklaring van N.G. kerk in Tvl. 4/12/1866 kyk S.P. Engelbrecht-versameling AII/2 nr. 3. Ned. Herv. Kerkargief.
In 'n brief van die U.R. van 5/9/1866 aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering byeen te Rustenburg 4/3/1867 vra hulle dat 'n Algemene Kerkvergadering byeengeroep moet word om aan ds. Cachet geleentheid te gee om sy beskuldigings met besware te staaf. Die vergadering het die voorstel noukeurig ondersoek maar besluit om die voorstel van die hand te wys onder andere „daar de Kerk van de heer Cachet reeds geconstitueerd is, en de vereeniging onmogelyk is gemaak" Notule van vergadering, notuleboek, bl. 246, 247. Die afskeiding was 'n voldonge feit.
62. Brief van kerkraad, 17/3/1866. Ibid.
Spoelstra, B.: a.w. bl. 230.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ook het die kerkraad ontken dat di. Van Warmelo en Smits na Lydenburg beroep is.[63]

Met die sitting van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te Rustenburg, Junie 1865, het ouderling A. Cronje voorgestel dat die diensdoende predikante nie kinders buite die grense van Transvaal moet doop nie omdat die ouers se leefwyse en gedrag onbekend is. Die vergadering het besluit om aan die kommissie wat die kerkwet moet hersien, te wete die drie predikante en drie ouderlinge waaronder F.G.A. Wolmarans, op te dra om ook die saak te ondersoek.[64] In November van die jaar, met die sitting van die Algemene Kerkvergadering, is die verslag van die kommissie ter tafel geneem waaruit geblyk het dat hulle die voorsteller, ouderling A. Cronje, in sy oordeel steun.[65]

Ds. Van der Hoff het egter nie persoonlik saamgestem nie. Hy sê dat baie mense van Boshof in die Oranje-Vrystaat hom gevra het om hulle as konsulent te bedien en wys ook daarop dat die gemeente Hartebeesfontein, binne die Transvaalse grense deur Vrystaatse predikante bedien word.

Die oorsprong van die probleem het gelê by 'n besoek van ds. Murray in 1862. Hy het destyds 'n groepie ontevredenes op Hartebeesfontein besoek, aldaar gepreek, kinders gedoop, kerkraadslede aangestel, nagmaal bedien en 'n soort afgeskeie gemeentetjie gestig. Die groepie is daarna gereeld deur Vrystaatse predikante besoek.[66]

Die Algemene Kerkvergadering het toe besluit om 'n kommissie van een predikant en twee ouderlinge na Hartebeesfontein te stuur en hulle te beweeg om aan te sluit by die gemeente Mooirivier. Oor die doop van kinders buite Transvaal sal eers weer geredeneer word nadat die verslag van die kommissie gelewer is. Tot lede van die kommissie is benoem ds. Smits en ouderlinge F.G.A. Wolmarans en A. Cronje.[67]

Hulle verslag is met die volgende Algemene Kerkvergadering, Februarie 1866, voorgelê en goedgekeur [68]

192/...

63. Brief van Kerkraad (geskryf deur Cachet). Notuleboek bl. 254. Kyk ook bl. 252, 253 vir oordeel van kommissie van die Algemene Kerkvergadering in hul sitting van Maart 1867, en Staats Courant 17 April, 1, 8 Mei 1867.
64. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 186.
65. Ibid. bl. 188
66. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 188, 189.
67. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 189, 190. 'n Aanklag van beweerde ontug teen ouderling B. de Beer wat met die Sept. 1864-vergadering genoem is, sou ook deur die kommissie verhoor word en toe hul bevindings bekend gemaak is met die volgende vergadering is hy op 1/3/1866 onskuldig bevind en die sensuur opgehef. Kyk notuleboek bl. 168, 190 en bl. 234. Band 50. T.A.
68. Ibid. bl. 214.
Verslag van kommissie, 16/2/66. S.P. Engelbrecht-versameling, AII/2 nr. 7. Ned. Herv. Kerkargief. ook: Klerksdorp 1866-1966, a.w. bl. 24.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die verteenwoordigers van Hartebeesfontein het op die vergadering besluit om „aan het verlangen der gemeente en der vergadering te voldoen, met de Algem. vergadering verenigd te zyn en Ds. Smits as consulent te verkiesen"[69]

Aangesien daar te Hartebeesfontein nog 'n mate van wrywing of verskil was, sou ds. Cachet ook van ontevrede mense gebruik maak om later 'n vastrapplek vir sy skeuringswerk te vind.[70]

Oor die doop van kinders buite die staat is besluit om alleen daartoe oor te gaan met die toestemming van die gemeente aldaar en die ongekeerde.[71]

Op die vergadering van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering van Junie 1865, het die praeses voorgestel dat 'n kommissie benoem moet word om op die eersvolgende Algemene Kerkvergadering 'n konsep-reglement op vakatures in te dien. Met 'n verdere voorstel is bepaal dat hulle ook wysigings en veranderings kan aanbring in die kerkwet.[72]

Met die Algemene Kerkvergadering van November 1865 is die konsep-reglement, opgestel deur die dominees voorsitter en skriba, aan die vergadering voorgelê en 'n verdere kommissie uit die vergadering is benoem om verslag daaroor uit te bring. Hiertoe is verkies twee predikante en die ouderlinge F.G.A. Wolmarans,P.P.Roets en J.H.Nel.[73] Hulle het die reglement goedgekeur, waarop die vergadering die reglement bekragtig het en besluit om dit op te neem in die kerkwet.[74]

Met dieselfde vergadering is die bekwame ouderling F.G.A. Wolmarans weer voorgestel as lid van 'n kommissie wat moes ingaan op 'n klag van beweerde onreëlmatigheid met die bevestiging van 'n huwelik te Wakkerstroom deur ds. Van der Hoff, maar die keer het Wolmarans gevra om van die kommissie verskoon te word - 'n versoek wat geredelik toegestaan is.[75]

---oOo---

193/...

69. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 217 en kyk bl. 218.
Vir name van afgevaardigdes en hul verkiesing kyk brief van ds. Smits, 19/2/1866; Vir verklaring kyk brief van oudl. Lemmer, 27/2/1866. S.P. Engelbrecht-versameling AII/2 nr. 7. Ned. Herv. Kerkargief.
70. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, bl. 189. Vir latere hofsaak tussen Ned. Geref. gemeente Hartebeesfontein en Ned. Herv. gemeente Potchefstroom i.v.m. eiendomme, dokumente, papiere en gelde kyk S.P. Engelbrecht-versameling A/II 2 nr. 7. Ned. Herv. Kerkargief.
71. Notule van vergadering. Notuleboek bl. 218, 219.
72. Ibid. bl. 178, 179.
Vir die 1869-kerkwet kyk S.P. Engelbrecht-versameling, AII/2 nr. 8. Ned. Herv. Kerkargief.
73. Notule van vergadering, Notuleboek, bl. 188.
74. Ibid. bl. 204.
75. Ibid. bl. 202. Vir dokumente in die verband kyk S.P. Engelbrecht-versameling AII/1 nr. 18. Ned. Herv. Kerkargief.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IX

## DIE LAASTE JARE VAN F.G.A. WOLMARANS, 1872 - 1884.

F.G. Wolmarans was daar nie meer nie en F.G.A. Wolmarans was 60 jaar ou en nie meer so aktief soos vroeër nie, ook omdat volksraadslede op sestigjarige ouderdom moes uittree.[1] As belangrike sake egter opgeduik het, kom ons tog weer sy naam teë want hy het sy belang in sy land se sake behou.

Op 27 November 1871 het F.G.A. Wolmarans, sy oudste seun, J.M.A. Wolmarans en elf ander 'n rekwisisie op C.J. Bodenstein uitgebring om hom verkiesbaar te stel as lid van die Volksraad[2] - 'n versoek wat ook deur Bodenstein aanvaar is,[3] maar hy is egter nie tot lid verkies nie.[4]

F.G.A. Wolmarans was bewus van Bodenstein se bekwaamhede en hy (Bodenstein) is later as volksraadlid verkies. Sy naam kom vir baie jare as lid in die Volksraadnotules voor, selfs as voorsitter.[5]

In die Z.A.R., wat nog nie sy finansieële probleme te bowe gekom het nie, was die paaie maar baie swak, wat die verbinding tussen die verskillende sentra bemoeilik het. In een stadium was dit so erg dat twee volksraadlede, Taljaard en Hoffman, dit nodig gevind het om voor te stel om van die agenda van die volksraadvergadering af te wyk om die saak oor die paaie in bespreking te neem. Met die bespreking wat gevolg het, is onder meer besluit om „de Municipaliteit te Potchefstroom te gelasten, de wegen in de munisipaliteit behoorlik te laten repareren".[6]

Ongeveer in die tyd het F.G.A. Wolmarans ook sy vaardigheid as padbouer beproef en het hy 'n brief in die verband aan president T.F. Burgers gerig. Hy meld dat die pad wat hy onderneem het om te herstel, met die hulp van sy buurman gerepareer is, maar dat hulle nie die banke kon uithaal nie.

194/...

1. Kyk Z.A.R. Staats-courant. Band 48-61 vir notules van volksraadvergaderings 1872-1884.
2. Staats Courant, 21/1/1873, nr. 457. Z.A.R. Staats-courant 1873. Band 49 en verwysing in S.S. 8510.
3. Aanvaar op 7/12/72. Staats Courant 21/1/1873, nr. 457. Band 49.
4. Goewerments kennisgewing 1126 in Staats Courant 22/4/1873, nr. 470 en notule Volksraadvergadering, 19/5/1873, by Staats Courant 27/5/1873, nr. 475. Band 49.
5. Byvoorbeeld 1881, 1882, 1883, 1884, by Staats-Courant 18/8/1881, 6/7/1882, 24/5/1883 en 7/8/1884 resp.
6. Notule volksraadvergadering 3/5/1875, art. 100. Staats-Courant 16/6/1875 nr. 582, Band 51. Kyk ook art. 152, Staats Courant 30/6/1875, nr. 584.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hulle het egter die pad verlê en alles in goeie orde gebring. Hy meld ook dat die koetsier wat die pad dikwels gebruik, sal kan getuig oor die toestand van die pad. Wolmarans sê verder dat hy die pad vir £30 sterling gemaak het, die helfte minder as wat 'n ander daarvoor sou gevra het en versoek nou vriendelik om die geld te ontvang want die mense wat hom gehelp het, is baie arm en het die geld dringend nodig.

Hy meld verder dat die president aan hom gesê het dat 'n sekere Vorster die pad van Stampbrug (?) af na Brandvlei sou maak vir £100, maar hy bied aan om dit te doen as daar nog nie finaal met Vorster ooreengekom is nie. Hy onderneem om die pad reg te maak en in 'n goeie toestand te hou vir 'n hele jaar vir die bedrag van £100.[7]

Daarop het staatsekretaris Swart aan die landdros van Potchefstroom geskryf en aan hom opgedra om ondersoek in te stel na die toestand van die pad wat deur Wolmarans herstel is en aan hom te rapporteer.[8] Dan eers sou die tweede aanbod oorweeg word.

So benard was die paaie later dat die waarnemende staatspresident P.J. Joubert[8a] in sy „aanspraak" met die opening van die sitting van Mei 1875 die saak aangeraak het en beklemtoon het hoe noodsaaklik dit was om die paaie te verbeter en is dit ook bespreek in die vergadering daarna.[9] Die besluit van die vergadering was om aan die volk bekend te stel dat alle mans bo 16 jaar, wit en swart, 2/6 per jaar moes bydra „alleen bestemd voor het in stand houden en verbeteren van de publieke wegen in deze Republiek.[10] Dit is dan ook in die „Staats Courant" aangekondit met goewerments-kennisgewing 2042.

In

In 1874 het F.G.A. Wolmarans op 'n geheel ander terrein diens aan die Z.A.R. gelewer toe hy op 22 Junie namens die staat gerekwireer is as jurielid of gesworene in die hooggeregshof van Potchefstroom. Hy het opgetree as jurielid met die saak van P.J. A. Spies in appél op die uitspraak van die hof van Landdros en Heemrade te Potchefstroom van 6 Mei 1874 teen A.J. van Coller. Toe hulle in sitting gaan, is F.G.A. Wolmarans as een van die jurielede

195/...

7. R.1207/73. Brief F.G.A. Wolmarans aan T.F. Burgers. 28/5/1873. S.S. 159, bl. 198.
8. B.B. 1318. Brief 19/8/1873. S.S. 8621 (nuwe nr.), bl.229
8a. Vir aanstelling kyk Notule volksraadvergadering, 9/12/1874 art. 258 en vir sy salaris art. 259. Z.A.R. Staats-courant 1874, band 50. T.A.
9. Notule volksraadvergadering Mei 1875, art. 96. Staats Courant, 9/6/1875 nr. 581, Band 51.
10. Ibid en Staats Courant 13/10/1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ingesweer.[11]

In Mei 1875 het F.G.A. Wolmarans weer 'n brief aan die waarnemende president P.J. Joubert en die Uitvoerende Raad gerig en die keer in die hoedanigheid as eksekuteur van sy vader se boedel. Hy deel die Uitvoerende Raad mee dat sy vader F.G. Wolmarans die reg op 'n plaas geneem het in die distrik Wakkerstroom en Utrecht in 1859. Vir tien jaar lank het hy rekognisiegeld aan die Transvaalse regering betaal, later transport gekry maar nog later, deur die „limiets kwestien en arbitragie" van die kant van die Vrystaatse regering en die bepaling van die grenslyn, het die plaas in die Oranje-Vrystaat geval. Nou versoek hy namens die erfgename 'n billike kompensasie.

Voorts sê hy dat hy verneem het dat daar in die staats koerant van die afgelope jaar 'n oproep was op almal wat belang gehad het op gronde in Ohrigstad om hul eiendomskap te herbevestig. Die tyd is egter reeds verby en nou hoor hy eers daarvan. Die fout, sê hy, lê by die veldkornette wat die staatskoerant kry maar dit selde met aandag lees en die inwoners van hulle betrokke wyke nie bekendstel met kennisgewings van die regering nie. „Het valt iemand hart, zyn nagelatene Erfenis door zyn ouders hem nagelaten, te zien ontnomen worden," sê hy.

Hy meld dat sy vader F.G. Wolmarans 3 á 4 erwe in Ohrigstad as eiendom gehad het, behoorlik met watervore ensovoorts[12] en dat dit in die Ohrigstadse boeke aangeteken is. Nou versoek hy ootmoedig, omdat hy nie nalatig was nie maar deur omstandighede onbekend was met die kennisgewing van die regering, dat die erwe „aan ons Erfgenamen zal blyven als vry Eigendom".[13]

196/...

---

11. Landdros Potchefstroom. Siviele sake 1874-1876. Band 166. T.A. Op 1/7/1874 vra Wolmarans dat die geld wat hom toekom as jurie aan J.W. Reid afbetaal moes word. Ook op 23 Junie tree hy op in die saak tussen J.J. Hoffman en F.W. Buitendag, op 28 Junie in die saak tussen J. Rynhard in appél teen P.E.J. Kruger en op 1 Julie was hy weer 'n lid van die jurie in die saak tussen C. Cronje en E.P. Kleynhans. Later ontvang hy 'n vergoeding vir die „afstand van gedagvaarden voor het Hooge Geregtshof" en ontvang hy £5.12.0 vir drie uur te perd.
12. Kyk bl. 19 hierbo.
13. Brief F.G.A. Wolmarans 24/5/1875 aan P. Joubert, wnd. president en U.R. S.S. 201, bl. 150, 152. Vind geen verdere verwysing hierna in U.R. 5, 1873-1877 en in indekse op besluite U.R. 50, 1873-1877 nie, ook nie in die notules van die Volksraad nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Intussen het die Suid-Afrikaanse Republiek en sy president T.F. Burgers moeilike tye tegemoet gegaan. Die landskas was leeg, die Republiek het heelwat skuld gehad, daar moes verhinder word dat Transvaal deur die Keate-uitspraak 'n groot deel van Wes-Transvaal verloor en dan moes die ideale van president Burgers ten uitvoer gebring word. Hy wou die bogenoemde finansiële probleme oplos, verseker dat Transvaal nie grond aan sy wesgrens verloor nie, die onderwys moes verbeter word en 'n spoorweg na Delagoabaai gebou word. Al die ondernemings moes aangepak word met teenstand in die Republiek self en van Brittanje wat al hoe beslister teen die Republiek begin optree het.

Intussen in 1873 is ook goud te Lydenburg ontdek en het die uitlanders standpunt teen die Republiek ingeneem en alles probeer swartsmeer en verkleineer wat met die Republiek te doen het.

Die spoorwegplan, al het dit in duie gestort, het aan die Engelse getoon dat die Republiek sy eie heil wil uitwerk en onwillig was om saam met die Engelse kolonies te werk. Juis dit wou Brittanje verhoed.

Die ontdekking van goud het Transvaal nog begeerliker gemaak en meegehelp tot die planne van lord Carnarvon om 'n federasie van al die state in Suid-Afrika tot stand te bring.

Een van sy skynredes was die dreigende naturellegevaar in die verskillende dele van Suid-Afrika, onder andere dié geskep deur die Bapedi van kaptein Sekoekoeni in die distrik Lydenburg. Dit het Carnarvon tot sy voordeel uitgebuit om die Sandrivierkonvensie van 1852 te verbreek ter „redding" van die gebied noord van die Vaalrivier.

Transvaal moes as 'n Britse kolonie geannekseer word om die beplande vereniging te bewerkstellig en sir T. Shepstone is in Januarie 1877 na Transvaal met die doel.

Toe dit na sy aankoms bekend word dat hy Transvaal wou annekseer of laat federeer,[14] kom daar dadelik reaksie van die kant van die burgers. So het 'n groep burgers vroeg in 1877 onder twee voormanne „F.G.(A). Wolmarans de oude" en B. Liebenberg verskeie memories aan die staatspresident en Uitvoerende Raad gestuur.[15]

197/...

14. Goewermentskennisgewing 511, 30/1/1877 in Staats Courant 7/2/1877 nr. 671. Kyk ook art. 4 van volksraadvergadering, 14/2/1877 en openingsrede van staatspresident, punt 2. Staats Courant 28/2/1877. Z.A.R. Staats-courant, 1877, band 53. T.A.
15. R.591/77, R.592/77, R.622/77 en R.589 by S.S. 229, bl. 177, 180, 244 en bl. 173 onderskeidelik. Kyk ook Staats Courant 28/2/1877. Band 53.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Al die memorialiste, het dieselfde versoeke gerig. Ten eerste beweer hulle, „zien wÿ in Verskeÿdene Neuwsbladen dat een deel Inwonirs Alhier zig win dir Naar haare Maaÿjenstÿd. Haar hoof Comesares De WelEdele Heer Shepstone in dringen aan op vederatie of anexatie onder Brits Bestuur om ons te ontroven Van ons dúúr gekochte vreÿheÿd in Onafhankelykheÿd. Zoo Prodesteren wy mets dese dat zulks zal gedaan worden nog door de regering, Nog door een deel Van het Volk. Maar dat onse Vreÿheÿd in onafhankelykheyd zal ongeschonden blyven in dat het Volk zodanige handelwyse Van de gene die het doin (doet) Als verraders Van het land zal beschouwen."

Die memorialiste sê verder dat hulle nie daarteen is dat 'n ooreenkoms met Brittanje aangaande die naturellestamme gesluit word tot voordeel en beskerming van die blankes van Suid-Afrika nie, en sluit af met die woorde „in ook wenschen wy bekend te maken dat wy ons stiptelyk houden aan de traktaat gemaakt met hare mayesteyds comesaris te zandrevier op de 17de January 1852. Als afgevaardigde tot Voormannen zÿn Benoimen de heere F.G.(A) Wolmarans de oude en B. Liebenberg".[16]

Die koms van Shepstone was vir die Republiek baie ongeleë want die nuwe presidentsverkiesing moes binne enkele maande plaasvind en daaroor was juis baie onsekerheid en verwarring, veral omdat die stemme verdeel was tussen president Burgers en Paul Kruger.

F.G.A. Wolmarans was blykbaar, om uit 'n enkele brief te oordeel, 'n aanhanger van T.F. Burgers. Hy skryf byvoorbeeld in Desember 1876 aan die staatspresident 'n brief waarin hy meld dat hy (Wolmarans) verneem het dat veldkornet J. Joubert van Bo-Mooirivier 'n bekendmaking uitgestuur het dat alle burgers van die wyk by hom ten huise moet kom om hul name op te gee as stemgeregtigde burgers en dat die wat nie voor 1 Januarie 1877 opdaag nie, geen stem sou hê nie. Hy vervolg dat hy verneem het dat die bekendmaking bykans geheel onbekend is in die wyk en dat die registrasie nie na behore gedoen sal word nie. Hy meld dat Joubert 'n teenstander van die kandidatuur van T.F. Burgers in die presidentsverkiesing is en dat baie burgers deur die planne van Joubert „buiten stem moeten blyven zal". Daardeur sal „grote moeilikhede ontstaan want de burgers is eenstemmig in den wyk"[17] om hul stem ten

198/...

16. R.589/77. Memorie S.S. 229. bl. 173. T.A.
17. R.3776/76. Brief F.G.A. Wolmarans aan president Burgers, 25/12/1876. S.S. 239, bl. 239.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gunste van Burgers uit te bring. Die ander veldkornette het orals byeenkomste gehou om die opname te maak en nou wil Wolmarans weet waarom Joubert nie ook dieselfde kon doen nie. Baie burgers kon nie aan sy opdrag gehoor gee om na sy huis te gaan nie en Wolmarans is bevrees dat die ondermyners van hul vryheid daaruit voordeel sal trek. Hy vervolg dat hy en sy medeburgers verwag dat die staats-president onmiddellik 'n bevel aan die veldkornet sal stuur om met byeenkomste die wyk op te neem.

F.G.A. Wolmarans wys ook daarop dat die veldkornet 'n lys het waaruit hy burgers opkommandeer en dat, as 'n nuwe lys gemaak moet word, hy dit net uit die oue kan saam-stel omdat hy weet wie vertrek het en wie nuwe intrekkers in die wyk is.

Dan sluit hy sy brief af met die woorde „U vriend en dienaar,"[18]

Op 12 April 1877 is Transvaal egter deur Shepstone as Britse kolonie geannekseer[19] en die burgers was te ver-deeld en swak om gewapende verset te bied. So kom die eerste Transvaalse republiek tot 'n roemlose einde en neem Theophilus Shepstone oor as die eerste Britse administra-teur. Die meeste burgers was in die stadium so moedeloos dat hulle in die nuwe toestand wou berus - dit het geskyn of Transvaal se vryheid vir altyd verlore was.

Kort na die anneksasie het regter sir John Kotze ge-sê „So far I had not seen or heard anything ..... that indi-cated any hostile feeling against the act of annexation" maar op reis van Potchefstroom na Pretoria het hy en sy koetsier na die eerste dagreis op die plaas Stompoorfontein, die plaas van F.G.A. Wolmarans, aangekom „and Mr. Green, one of the coach proprietors, .... took me to the home-stead and introduced me to this good old Voortrekker. I found him a staunch patriot, and a shrewd intelligent man of about 65 years of age. He was decidedly opposed to the annexation of the country and talked and reasoned about the matter in a calm though serious manner."[20]

F.G.A. Wolmarans se opinie was dat die tyd sou wys dat anneksasie 'n verkeerde en onwyse stap was en hy was

199/...

18. Ibid. Kyk B.B. 3504 en 3492.
19. Vir proklamasies van Shepstone en Carnarvon kyk Gazette Extraordinary van 12/4/1877. Z.A.R. Staats-Courant 1877, band 53; Eybers, M.A.: a.w. bl. 448 en 454; Staats Courant 1881 (herdruk 1885) bl. X, XI.
20. Kotze, Sir John.: Biographical Memoirs and Reminiscences. Maskew Millar, Ltd. Cape Town, 1934. bl. 402, 403.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tevrede dat die Boere, as hulle die toedrag van sake eers besef, nie daarby sou berus nie.

Regter Kotze, vervolg: „This was the first opportunity I had of conversing with one of the Voortrekkers, and I much admired this fine tipe of man, who thought so clearly and expressed himself so well."[21]

Hy is daarop ook voorgestel aan mevrou Wolmarans[22] wat haar man se opinie gedeel het „and expressed her feelings in regard to it with some animation".[23]

Daarna het regter Kotze dikwels op die plaas van F.G.A. Wolmarans uitgespan.

Nou het kommandant-generaal Paul Kruger, in vertroue op God na vore getree. Deputasies is gestuur, vergaderings gehou asook 'n volkstemming vir en teen anneksasie en die anti-anneksasiegroep het 'n groot oorwinning van 6591 teen 587 stemme behaal.[24] Hulle was verenig om hul vryheid te herwin, sê sir John Kotze en verwys ook na die voorspelling van F.G.A. Wolmarans wat bewaarheid is.[25]

In Januarie 1879 trek ongeveer 2,500 burgers saam te Wonderfontein, in April 1879 ongeveer 4,500 te Kleinfontein en die volksleiers Paul Kruger, Piet Joubert en M.W. Pretorius moes die volk maan om kalm te bly want baie het reeds gewapend opgedaag.

Voor die vergadering te Wonderfontein op 10 Desember 1879 dreig die nuwe kommissaris, sir Garnet Wolsely,[26] met strawwe en vervolging as die vergadering gehou word, maar sy dreigemente is geïgnoreer en 6,000 burgers kom byeen. Kort daarna, op 15 Desember 1879, neem die Volksraad ook 'n besluit „Dat het volk der Zuid-Afrikaansche Republiek nooit onderdanen van Hare Majesteit geweest is en het ook niet wil wezen; dat iedereen dus, die van ons als oproermakers spreekt, een lasteraar is."[27]

In die tyd wou Engeland sy federasieplanne deurvoer en het die leiers in Transvaal besef dat as dit gebeur, Transvaal nooit weer vry sou word nie. Toe die nuwe Britse eerste minister Gladstone ook hulle versoeke van die hand wys, was die laaste hoop verydel en het die burgers in stilte alles gereed gemaak vir 'n gewapende optrede.

Geruime tyd al het die burgers geweier om belasting te

200/...

21. Ibid. bl. 403.
22. Die tweede vrou van F.G.A., die suster van kommandant Hans Botha van Zwartkop.
23. Kotze, J.: a.w. bl. 403.
24. Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 78.
25. Kotze, J.: a.w. bl. 498.
26. Aangekom Sept. 1879.
27. Volksraadbesluit 15/12/1879. Staats Courant 1881, bl. XI. Herdruk op las van die regering 1885.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betaal,[28] en op geloftedag 16 Desember 1880 is die vierkleur weer gehys.

Op 18 Desember 1880 het sir Owen Lanyon in 'n proklamasie gewaarsku teen rebellie teen die staat[29] en toe dit geen vrugte afwerp nie, krygswet geproklameer op 21 Desember 1880.[30]

Die stryd was egter gou verby en na die beslissende slag te Amajuba op 27 Februarie 1881 is met onderhandelings begin. Die Pretoria-konvensie vind plaas op 3 Augustus 1881[31] waarna die driemanskap 'n proklamasie uitvaardig op 8 Augustus met onder andere die woorde „op heden den 8sten Augustus 1881 is het land weder onder onze Regering teruggekeerd."[32]

Op 21 September kom die nuutverkose Volksraad weer byeen.[33] In 1883 is oorgegaan tot die verkiesing van 'n nuwe staatspresident[34] en is Paul Kruger met 'n aansienlike meerderheid bo sy teenstander Piet Joubert verkies.

Omdat daar nog besware was teen die Pretoria-konvensie, is president P. Kruger, generaal N.J. Smit en ds. S.J. du Toit in 1884 na Engeland en is uiteindelik op 27 Februarie 1884 die nuwe konvensie van Londen geteken.[35] Deur die ooreenkoms is alle verwysing na die Britse susereiniteit oor Transvaal weggelaat en het die Republiek sy vryheid tot 'n groot mate herwin, behalwe dat Engeland alle verdrae tussen die Z.A.R. en 'n vreemde moondheid (behalwe die O.V.S.)

201/...

---

28. R.4264/80. Betaal belasting net onder protes.
7 Okt. 1880, 3 Sept. 1880. S.S. 8517 en Badenhorst, W.J.: a.w. bl. 82.
29. Staats Courant, 18/12/1880, nr. 232. Z.A.R. Staatscourant 1880, band 56. T.A. Staats Courant 1881 (herdruk 1885), bl. XV, XVl.
30. Staats Courant, 21/12/1880, nr. 233.
31. Staats Courant, 18/8/1881, nr. 15. Z.A.R. Staats-courant, 1881, band 57. T.A.;
Eybers, M.A.: a.w. bl. 455.; Staats Courant 1881, (herdruk 1885), bl. 37, 43, 47.
32. Ibid, bl. 5.;
Eybers, M.A.: a.w. bl. 463; Staats Courant 1881, bylaag bl. X. (herdruk 1885).
33. Goewernements kennisgewing nr. 23. Staats Courant 1/9/1881, nr. 17, bl. 1 en Staats Courant 27/9/1881, nr. 23, bl. 3.
34. Goewernements kennisgewing nr. 301 van 11/7/1882. Staats Courant 3/8/1882 nr. 74. bl. 1. Z.A.R. Staatscourant 1882, band 59.
35. Eybers, M.A.: a.w. bl. 469.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moes goedkeur.[36]

Die ouderdomsgrens van 60 jaar was nie op kerklike vergaderings van toepassing nie en het F.G.A. Wolmarans met die twee-en-twintigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde kerk weer die gemeente Potchefstroom verteenwoordig gedurende sy sitting van November 1882 te Heidelberg.[37] Die vergadering het gestaan in die gees van die beplande kerkvereniging tussen die Nederduitsch Hervormde en Nederduitsch Gereformeerde kerke,

Met die twintigste Algemene Kerkvergadering van November 1879, toe dit staatkundig daar donker uitgesien het, is die saak van kerkvereniging die eerste keer amptelik behandel. Ds. Bosman van Pretoria het by die geleentheid 'n beskrywingspunt in die verband ingedien.

Uit die diskussies het dit geblyk dat die hoogste vergadering van die kerk baie versigtig opgetree het. Die naam Nederduitsch Hervormd wou die vergadering nie prysgee nie en ds. Van Warmelo het daarop gewys „dat aan den naam van Hervormd in de Transvaal een geschiedenis verbonden is van lÿden en van strÿd, die niet gemakkelÿk kan worden vergeten".[38]

Die vergadering het egter besluit dat vereniging tussen die twee kerke wenslik is en dit sou aan die Nederduitsch Gereformeerde kerk meegedeel word met die doel om van hul kant toenadering af te wag.[39]

In die Algemene Kerkvergaderings van die Nederduitsch Gereformeerde kerk van 7 November 1881 en van die Nederduitsch Hervormde kerk op 28 November 1881[40] was dit die onderwerp vir bespreking en met die vergadering is

202/...

36. Vir meer besonderhede oor die Transvaalse geskiedenis kyk Engelbrecht, S.P.: T.F. Burgers; Badenhorst, W.J.: a.w. hoofstuk X; Van Oordt, J.F.: a.w. hoofstuk XXII-XXXVIII, XLI en XLII; Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal, hoofstuk XII-XXII; Botha, P.R.: Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1925, hoofstuk V-VII; Kemp, J.C.G.: Vir vryheid en reg. Nasionale pers, 1941, bl. 29-58; Van der Walt, A.J.H. e.a.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Nasou beperk. Hoofstuk XII; Staats Courant 1881. Herdruk op las van regering 1885.
37. Notule van Algemene Kerkvergaderings, Ned. Herf. kerk 1882. S.P. Engelbrecht-versameling, A 1/2. Ned. Herv. kerkargief.
38. Ibid. A. 1/4. Notule (kopie) 1879.
39. Ibid.
40. Die vergadering het begin met 'n mosie van roubeklag vanweë die dood van ds. D. van der Hoff wat die kerk vir ruim 28 jaar gedien het. Notule van vergadering, 1881; Pont, A.D.: N.J. van Warmelo, a.w. bl. 131.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die eintlike staat tot die kerkvereniging gegee.[41] Die Hervormde kerk het die voorstel van die Nederduitsch Gereformeerde kerk aanvaar om 'n kommissie bestaande uit twee predikante en vyf ouderlinge te kies om oor die kerkvereniging te handel.

Ds. Bosman het dit goedgevind om sekere wenke aan die kommissie voor te lê en interessant genoeg is die feit dat dit andermaaal die vryheids- en onafhanklikheidsbeginsels van die Hervormde kerk omsluit het waarvoor hulle al die jare gestaan het, naamlik:

1. „dat hy den naam van de Kerk niet wil veranderen;
2. dat men los moet zÿn van het gezag der Synode van de Ned. Gereformeerde Kerk in de Kaapkolonie, alleen een broederhand moet blÿven bestaan;
3. wÿ willen niet weten van gelÿkstelling; aan het werk van een zendeling, om te arbeiden als predikant in een blanke gemeente kan in onze vereenigde Kerk niet worden gedacht."[42]

Die twee kommissies het op 31 Oktober 1882 te Pretoria byeengekom en daar is na 'n heftige getwis veral oor die Kaapse Sinode en die kerknaam tog tot 'n ooreenkoms gekom. Hulle besluite moes toe aan die onderskeie Kerkvergaderings van die twee kerke vir goedkeuring voorgelê word.[43]

Die Kerkvergadering van die Hervormde kerk van November 1882 waarop F.G.A. Wolmarans sitting gehad het, het die optrede en bepalings van die interkerklike kommissie sonder enige wysiging goedgekeur. Die Kerkvergadering het egter 'n oppervlakkigheid aan die dag gelê. Die besluite en voorstelle van die kommissie is goedgekeur sonder dat almal die hele verslag begryp en deurdink het, want die verslag was pas negentien dae vantevore eers voltooi en moes daarna nog eers gedruk word.[44]

203/...

41. Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 282.
42. Ibid, bl. 284; Pont, A.D.: N.J. van Warmelo, a.w. bl. 135; Notule Algemene Kerkvergadering, 1881.
Met die sitting van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Herv. kerk in April 1872 is o.a. 'n afvaardiging van die Kaapse Sinode ontvang en is daar weer ingegaan op die redes waarom die Herv. kerk nie lid van die Sinode is nie en is die volgende redes opgegee: 1) verlange om geen Britse gesag oor hulle te hê nie; 2) Vrees vir gelykstelling en 3) daar is geen predikante aan hulle voorsien nie. Notule vergadering 1872. S.P. Engelbrecht-versameling A 1/5.
43. Engelbrecht, S.P. : Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 285-290. Pont, A.D.: N.J. van Warmelo, a.w. bl. 135-146; Notule der Verenigde Commissien. Ned. Herv. kerkargief.
44. Pont, A.D.: N.J. van Warmelo, a.w. bl. 146-148; Engelbrecht, S.P.: Kerkgeskiedenis, a.w. bl. 290-292; Notule van vergadering.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na heelwat verdere bespreking en na nuwe meningsverskille aan die lig gekom het, het die Kerkvergaderings van die twee kerke 'n gesamentlike Algemene Kerkvergadering te Pretoria gehou op 7 Desember 1885 wat as die begin van die vereniging beskou moet word.[45]

In die Algemene Kerkvergadering van 1882 het F.G.A. Wolmarans ook deelgeneem aan die bespreking - hoe 'n predikant vir die klein gemeente van Waterberg gevind kan word, oor die sensuur op M.J. Pos van die gemeente Soutpansberg en deel gehad in die bespreking oor die handelinge van die skoolkommissie van die skool te Pretoria wat die verantwoordelikheid was van die Nederduitsch Hervormde kerk.[46]

Soos die naam van F.G. Wolmarans verewig is in Wolmaransstraat, Potchefstroom, is die van F.G.A. Wolmarans ook verewig in die naam van die huidige spoorwegstasie Frederikstad op die spoorlyn van Welverdiend na Potchefstroom.

Op 8 Oktober 1868 het F.G.A. Wolmarans onder andere die plaas, Gerhardminnebron[47] wat reeds vir hom uitgemeet was in die wyk Mooirivier, op sy naam as eiendom geregistreer.[48] Op die plaas Gerhadminnebron nr. 328 distrik Potchefstroom is die dorp Frederikstad later gestig[49] waar 200 standplase uitgemeet is.[50]

Op 21 Desember 1889 was daar 'n versoek van die mynkommissaris van Klerksdorp vir die bou van 'n brug oor die Mooirivier by Frederikstad[51] en in 1890 was daar 'n versoek om die 13 standplase wat nog nie verkoop is nie te adverteer.[52]

204/...

45. Ibid. Pont, A.D.: bl. 148-159; Engelbrecht, S.P.: bl. 292-301; Notule van Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Gereformeerde Kerk, 1888, bl. 80.
46. Notule van vergadering, 1882.
47. Gerhadzbronemin/Gerhardsbron/Gerhardbron. Moontlik ook vernoem na Frederik Gerhardus Andreas Wolmarans
48. Argief Potchefstroom, Landdros 66, Lys van registrasie van eiendomme 1869. Kyk vir nog bewyse van eiendomsreg Argief Potchefstroom, Landdros 68, Landdros bydraeboek (Veldkornet 1858-1863)en Argief Potchefstroom, Landdros 69, Belastingregister 1863-1872. T.A.
49. R.5430/90 by S.S. 2316, bl. 50 en R.5430/90, ibid bl. 44 en ad 5430/90 bl. 52.
50. Kyk kaart van Frederikstad by S.S. 2211 bl. 87.
51. R.13716/89 by S.S. 2193. Kyk kaart bl. 27 en ander korrespondensie in die verband bl. 23-25.
52. R.634/90. Brief van mynkommissaris. S.S. 2211.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van die beplande dorp het egter niks tereg gekom nie.

Behalwe die plaas hierbo genoem, het Frederik Stompoor,[53] soos hy by sy vriende bekend was, ook ander plase besit soos die meergenoemde Stompoorfontein en die plase Welverdiend, Varkenslaagte en Blaauwbank.[54]

Op 5 Maart 1884 is F.G.A. Wolmarans in die ouderdom van 72 jaar op sy plaas Stompoorfontein oorlede[55] tot groot droefheid van sy naasbestaandes en vriende, maar die groot werk van twee geslagte, die van F.G. Wolmarans en sy seun F.G.A. Wolmarans, sou deur die volgende geslag verder voortgedra word in die persoon van laasgenoemde se bekwame seun Andreas Daniel Wynand Wolmarans. In 1889 is hy verkies tot lid van die Volksraad vir die distrik Pretoria[56] en sou netsoos sy voorgangers, vader en grootvader, 'n magtige rol speel en diens van sy kerk en staat.

Dis nie 'n wonder dat die beskuldiging soms gemaak word as sou die regering van die Z.A.R. oligargies gewees het nie want die Wolmaranse het veral vir drie geslagte op alle terreine van die Transvaalse kerklike en staatkundige lewe 'n groot en uitstaande rol gespeel.

Die gemis met die afsterwe van F.G.A. Wolmarans was groot en dit het een van sy naaste vriende gedryf om die pen te neem en 'n loflied tot eers van sy vriend aan te hef met die woorde:

„De regt vaardige komt om en er is nimant die het tir harte neemt En de weldadige liden Worden weggeraapt Zonder dat er iemant op let dat de regt vaardige weggeraap wort voor het kwaat. Jezaia 57 vers 1

Ter nagedagtenis aan Fredrik Gerhardis Andrias Wolmarans, Stompoorfontyn. Zilk te zingen op de wyze van het oorlogs liet.

205/...

53. Sy plaasnaam dateer van die jare toe Potgieter beeste van die Matabele afgeneem het. Al die beeste se ore was afgesny. Op die plaas het die burgers hul gesteelde beeste kom eien. Omdat Frederik Wolmarans later die eienaar van die plaas geword het, het hy die bynaam gekry.
Oorlewering van S.J.P. Schutte, 15/10/1940. S.P. Engelbrecht-versameling X/12/16.
54. Argief Potchefstroom, Landdros 66, Lys van registreerde eiendomme 1869 en ibid. Landdros 69, Belasting register 1863-1872. F.G. Wolmarans het besit as eiendomsplaas ½ van Boshoek. Ibid. Landdros 68. Bydraeboek 1858-1863. Kyk vir ander plase en erwe indekse van Volksraadnotules onder die name F.G. en F.G.A. Wolmarans.
55. Boedelakte F.G.A. Wolmarans nr. 2517. T.A.
56. Ingesweer op 6/5/1889. Kyk notule Volksraadvergadering.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vers 1. Alweer een lieve vriend gegaan
Zo haastig van ons weg
nog rolt om hem een stelle traan
Die ons zeer veel kan zeg

Vers 2. Zÿn nuttig leven voor zo veel
is nu gedaan gedaan
Het was geweidt in zyn geheel
Din vroomen pilgrems baan

**Vers** 3. Een trouwe man voor zyne vrouw
Een pilaar van zyn huis
En kerk en staat was hÿ getrouw
En't sombre aardsch gedruis

Vers 4. Als't morgen ligt zyn stralen spreid
Dan galmd een blyden toon
Een morgen offer god geweid
Tir eere van **Gods** zoon

Vers 5. Zyn dagwerk deet hÿ god tot eer
mit lus en Christen vlyt
Als avont daald looft hÿ den (Heer)
Aan't huislyk maal verblyd

Vers 6. Hy was een vriend van't vreemdeling
Een Herberg was zyn huis
Den arme bood hÿ't milde hand
Bÿ hem was allen tuis

Vers 7. Zÿn tavel was een vadren dis
Die hongert at zyn brood
Hy was een vriend o ja gewis
Voor veelen in hun nood

Vers 8. Maar nu is hÿ op aard niet meer
Zÿn Echtvriend is alleen
mit zyne lieve kindren tal
Die bittre traanen ween

Vers 9. Hÿ wort door veelen nu gemist
Als vader voor een kind
O menig zuchje gaat omhoog
Om 't missen dezen vrind

Vers 10. Wÿ kan hem niet zo ras vergeet
Hy wort voorwaar gemist
ondankbaar moet de zulken heet
Die tans niet treurig is

206/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vers 11. Zyn wederhelft en rouwgewaat
Zyn lieve kindren ween
om't missen van hun vadren raad
o nu tog zo alleen.

Vers 12. De syzegen zyn tavel mist
De arreme zyn grond
Wien zwervens lot nu is beslist
Nu daalen moet en't rond

Vers 13. Zeer kalm is hÿ van hier gegaan
Zÿn sterfuur was zo zag
Zÿn dagwerk was nu afgedaan
Voor altyd nu volbragt

Vers 14. Zÿn leven aan den heer geweid
hoewel als zwakke mensch
Die op dees aarde zwoegt en stryd
Verwenning was zÿn wensch

Vers 15. En nu legt hÿ de wapens af
Voor de overwinnaars kleet
En rust een poos in't stille graf
Verlost van rouw en leet

Vers 16. Wie kan tog zulk een vriend vergeet
Geen vreemdling vrouw of kind
Die zulke liefde werk en deet
meer nog want hÿ bemind

Vers 17. Slaat kindren nu de voetspoor in
Van uwen vader ja
Dan wort het sterven u gewen
En Christus volgt hem na

Vers 18. O bint zyn raad om uwen hals
Als eenen paarlen snoer
En stryd als hÿ den goeden stryd
En't heetste strydsch rumoer

Vers 19. O Echtvriend veegt u tranen weg
En volgt u wederhelft
Ja volgt in uwen heer hem na
Tot ge ook het graft eens delft

Vers 20. Ay ryzigers En vreemdling hier
nog leeft u beste vrind
Die hongrige het brood hier geeft
Die weduwen en wezen mind.

207/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vers 21. Adieu ons vrind voor dezen tyd
gÿ rust in abramsschoot
tot Jesus ons het graf ontsluit
ontrukt aan graf en dood"

---oOo---

57. Samesteller onbekend. Oorspronklike in Ned. Herv. Kerkargief, Pretoria. S.P.E. X/12/7

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylaag 1

Aan Den WelEdel Agtbare heer
Ms Pretorius, A Zoon
Comandt Generaal
in het velt in hande

. . . . . . . . . . .

Mooyrevier Den 23ste November 1854.

Aan Den WelEde Hoog agtbare heer M. Pretorius, Generaal. Zeer geagte Vriend. Ik kan niet nalaten dese gelegendhÿd te baat te nemen om UEd. dese geringe lettere toe te zenden. Met dese is mÿn hartelyke groetenisse aan UEd. Ten eerste verblÿde ik mÿ uit u laatste raport te vernemen dat UEd. nog in't leve is en dat gÿ met de zaken aldaar gezegend is geweest, dog schrÿft het de Eeuwige Koning toe van hemel en aarde.. Dog met droevenis was mÿ de tÿding dat de generaal Potgieter gesneuveld is. Vergund mÿ dus, UEd. te her-hinneren, hoewel ik vertrouwe dat gÿ u verbont vroeger reets met den Koning alle koningen gemaakt heeft van wien gÿ zeker hulp verwagt. Nu mÿn vriend, indien het zo is zo kunt gemoedigt zÿn, hy is getrouw. Kent dan den Heer in al uwe wegen. Zo gÿ Hem van harte zoekt en aan loopt zoo sult gÿ Hem ook vinden en ook ondervinde dat hÿ getrouw is aan zÿn belofte. Indien gÿ hem vraagd als een David, Hiskia, Asa ofte Josaphat in hunne verdrukkinge, zo sal hy ook u antwoord en, raad geeven en uwe aan slaagen zegenen en ge-loofd aan woord en houd u digt by den Heer en eÿndigt en begint elk avont en morgen met en door vertrouwen op Hem die belooft heeft te horen en zwakke kragt kan geven en UEd. met kragt om gorden kan. Zo doende me heer kunt gÿ moedig zÿn en vermaand ook onse mede broederen zig aan den Heere te verbinde en in zÿn naam in kragt te vegten, want de oorlogen zÿn des Heere en van Hem komt de overwinning en zyne kragt en mogendhÿd kunt wÿ alles doen.

Myne gebede voor u en voor alle vermenigvuldige ik en houde niet op en ik hoope dat de Heere het gehoord heeft want Zÿn oore is niet swaar om te kunne horen. ------- niet op u zelve nog op eÿge kragte maar vraagd de Heere en hy zal u antwoorde in u harte en zegene om de bosen bloedig moorders te straffe en hun te onder te brenge. Gedink hoe God Israel geboden heeft de volkeren geheel te verbannen om hun weg te kunnen. Jongelinge en meytjes kunnen ge-spaard worden en de selve verdelen onder ons volk ten op voeding om beskaafdhÿd te leeren.

2/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waarde vriend, gedraagt u dapper en dog verzigtig wetende dat wanneer overste des legers valt welk verwarring, er kunnen kome, dog zo u verbont met de Heere is kunt gÿ u vertrouwe ook op hem stellen. Hy sal u hart besture in kragt geven om u volk aan te moedigen in des Heeren naam tot geen eygen ik daar gehoord word maar alles door de hulpe en kragt des Heeren gelyk David zÿde in de naam des Heer hebben wÿ se verslagen.

Nu me heer en mÿn waardste vriend, ik hope dat de Here u behoede en beschermen mugt en u werken zÿne naam sal seegenen op dat de hÿdenen weeten moge dat God, koni(n)g is en verlost en kragt geeft den zwakke en dat ook wÿ alle de Heere meer mogt leere vreese in sÿn gebode beware.

Nu waarde heer en vrind, ik heb ook de broeders die komen gearsesteerd met osse. Ik woude meer doen tot hun maar het was ongelege voor hun want ik wilt niet andere al ------ late merke en ik stil zitten gelyk veel --- wilt meesten nogtaans syn en heer om te doe wat ze willen dog indien u door de genade Gods het mogt overwinnen en u veel jonge volk krÿgsgevange neemt, siet dog om voor my een jongetje zo van 12 jare ofte zo ten opvoeding om ook my tot hant rykinge te moge sÿn en myn ---- en pligt waar ik ryse moete en zoo was het zeker goet om het zo te verdele ten op voeding, maar dog niet tot verkoping.

Nu Waarde Heer en vrind, de God des vredes sy met u alle en zegent u werk om het bloet te wreke die goddelooslik vergoten zÿ en ik zo blyve ik anders hyl bede u toegenegend opregte vrind in den Heere en noeme my

F.G. Wolmarans
Ouderling.

R.728/54 by S.S.7, T.A.
bl. 336-339

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG 2

Die bekende skilder Thomas Baines het gedurende die vorige eeu saam met die ontdekkingsreisiger, jagter en handelaar Joseph McCabe die binneland van Suid-Afrika besoek. Van sy wedervarings het hy 'n dagboek gehou en die besienswaardighede op papier en doek vasgelê.

Gedurende hulle Vaalrivier ekspedisie in 1850 het hy die volgende aangeteken:

17 Nov. 1850. „Vaal River get lower every day; and, of late, a Mynr Wolverhaanes has been breaking away the stones at the drift, to draw off the waters still more, that he may work at a wagon he lost three years ago, when the river was flooded.

20 Nov. 1850. On Wednesday, Mabrere, one of the Kafirs, brought in a porcupine that he and the dogs had just killed. It was laid upon the floor and I had just sketched it when a son of Mynheer Wolverhaans came, with a request from his father that I would go down to give him een beetje raad - a little counsel - about his wagon. On reaching the spot I found that they had dug away the sand and fastened chains to the fore-wheels, but the water was still so deep that when I waded nearly to my shoulders I could barely put my foot upon the after-ones, and could not feel the fore-ones at all, though a tall young Africander said he could put his foot upon them. They had already tried to move the wagon by means of two spans of fourteen oxen each; but, as no power applied horizontally could have any effect on it, I advised them to cut poles and make sheers of them. These, being morticed into another pole to prevent their ends sinking in the sand were brought into the water and placed over the hinder wheels, inclining forward about 15 to 20 degrees; the chains from the fore-wheels were passed over them, the oxen were hooked on, the whips cracked, the fore part of the wagon rose about six inches, when the chains gave way and the wagon fell again, a mark, which he had made at the water's edge, remaining, however, about two inches above it.

24 Nov. 1850. In the course of the day old Mynheer Wolverhaans came to purchase tar for his wagon, which, after it had lain under water three years and ten days, he succeeded in lifting and bringing safe to land. The old man, in the height of his joy at its recovery, named it 'the lost son', and bestowed upon

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

each of the Kafirs, as a reward for his week's work, a striped woollen nightcap, ranging them in line that they might admire the uniformity of their appearance before he let them depart. Tar, we had none for sale and hardly enough for our own use, but, at the old man's pressing entreaty, we gave him two or three basins full, and he managed to get more elsewhere.

- - - - - - - - - - - - - - - -

Hoofstuk 5. The Vaal River Expedition. At Coqui's, 23 September to 15 December 1850. (Coquisdrif is naby die sameloop van die Mooi- en Vaalrivier en naby Potchefstroom.)

Dit was vermoedelik F.G. Wolmarans want hy was toe 'n „old man" van 62 jaar, maar aangesien daar geen definitiewe bewyse is nie, word die beskrywing in die bylaag geplaas.

Bron: Baines, Thomas: Journal of residence in Africa 1842-1853. Volume Two 1850-1853 Edited, with introduction, notes and maps, by R.F. Kennedy. The Van Riebeeck Society, Cape Town, 1964, bl. 171, 173 en 175.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG 3

## ALGEMENE KERKVERGADERINGS BYGEWOON DEUR F.G. EN F.G.A. WOLMARANS, 1853 - 1884.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Eerste | Algemene | Kerkvergadering, | Aug. 1853 | F.G. Wolmarans (Voorsitter) |
| Tweede | " | " | Nov. 1853 | F.G. Wolmarans (Voorsitter) |
| Derde | " | " | Jun. 1854 | - |
| Vierde | " | " | Des. 1855 | F.G. Wolmarans |
| Vyfde | " | " | Des. 1856 | F.G. Wolmarans |
| Sesde | " | " | Febr.1857 | - |
| Sewende | " | " | Des. 1857 | F.G. Wolmarans |
| Agste | " | " | Jan. 1859 | F.G.A. Wolmarans |
| Negende | " | " | Apr. 1859 | F.G. Wolmarans |
| Tiende | " | " | Sept.1859 | F.G.A. Wolmarans |
| Elfde | " | " | Sept.1860 | ? 1) |
| Twaalfde | " | " | Sept.1861 | F.G.A. Wolmarans |
| Dertiende | " | " | Okt. 1863 | F.G.A. Wolmarans |
| Veertiende | " | " | Sept.1864 | F.G.A. Wolmarans |
| Vyftiende | " | " | Nov. 1865 | F.G.A. Wolmarans |
| Sestiende | " | " | Febr.1866 | - |
| Sewentiende | " | " | Nov. 1869 | - |
| Agtiende | " | " | Jul. 1874 | - |
| Negentiende | " | " | Mrt. 1875 | - |
| Twintigste | | " | Nov. 1879 ) Okt. 1880 ) | - |
| Een-en-twintigste | | " | Nov. 1881 | - |
| Twee-en-twintigste | | " | Nov. 1882 | F.G.A. Wolmarans |

. . . . . . . . .

F.G. Wolmarans was ook lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in Desember 1855 en F.G.A. Wolmarans was lid met die September 1861, Julie 1862 en Oktober 1863 vergadering.

---oOo---

1) Notule ontbreek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## ONGEPUBLISEERDE ARGIEFSTUKKE

### Kaapse argief, Kaapstad

C.81, p. 66. Rosolutiën, Politieke Raad.
C.254. Requesten en Nominatiën
C.259 Ibid
C.268 Ibid
C.J. 2619 nr. 13, p. 83 (Testament)
C.J. 2892 p. N 13, dok. 53.
M.O.O.C. 6/1 Dood register (Weeskamer)
V.C. 43, 44. Generale Monsterrolle; Vrije Lieden, 1747-1754.

### Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Pretoria.
(S.P. Engelbrecht-versameling)

91/3. Doopboek III, 1851-1857. Gemeente Potchefstroom.
G.2. Doopboek, 1850-1865. Ned. Herv. Gemeente, Rustenburg.
Geslagsregister F.G.A. Wolmarans (S.P. Engelbrecht-museum)
Lidmaatregister van die gemeente Potchefstroom, nr. II.
X/12/16. Oorlewering van S.J.P. Schutte, 15/10/1940.
X11/35/3. Koerantuitknipsels.
A11/1 nr. 6, 6a, 12, 13, 15, 16, 17, 18. Notules, Briewe ens. 1837-1865.
IV/52. Notule Algemene Kerkvergadering (getikte kopie), 1853-1872.
IV/8. Programme hoeksteenleggings, 1859, 1866. Ned. Herv. Gemeente, Potchefstroom.
IV/10. Open brief aan ds. Joosten deur D. v.d. Hof.
A1/2. Notule Algemene Kerkvergaderings, 1880-1885.
A1/4. Notule van Algemene Kerkvergadering (Kopie) 1874-1885.
A1/5. Notule Algemene Kommissies en A.K.V., 1853-1872. Notule der Verenigde Commissiën. Notule van Algemene Kerkvergadering N.H. of G. kerk, 1888.

### Nederduitse Gereformeerde Kerkargief, Kaapstad.

Doopboek, gemeente Swellendam.
Doopregister, gemeente George.

### Transvaalse Argief, Pretoria.

Argief Lydenburg.

L4, Grondwet van Rep. Lydenburg 1856. Ook instruksies aan die verskillende deputasies, kommissies en aan amptenare.
L12, Dagboek van die landdros, 1859-1862.
L83, Indeksregister.

Argief Pretoria.

Landdros Pretoria 1.

Argief Potchefstroom.

Landdros 1. Ingekome stukke 1842-1863. Brieweboek Jul.-Des. 1863.
" 3. Ingekome stukke 1864-1867 (Van Staatsekretaris) en inkomende stukke, Jan. 1865 - Apr. 1866)
" 4. Ingekome stukke 1864-1870. (Van registrateur van Aktes, Pretoria.)
" 59. Transport register van erwe, 1860 - 1888.
" 61. Verbandeboek, 1854-1861.
" 62. Landdros verbandeboek, 1862-1881.
" 66. Lys van registrasie van eiendomme, 1869.

3/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LITERATUUR EN BRONNELYS

(slegs 'n lys van aangehaalde bronne)

## GEPUBLISEERDE ARGIEFSTUKKE


Bird, J.: Annals of Natal. Vol. II. P. Davis & Sons, Pietermaritzburg, 1888.

De Handelingen der zeven eerste Vergaderingen van de Algemene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in S.A. 8e druk. G.J. Pike, Kaapstad, 1857.

De Lokale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885. Pretoria.

De Staats Courant gedurende den Vryheidsoorlog van 1881. Herdrukt op gezag der regering van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Uitgegee deur J.F. Celliers, Pretoria, Suid-Afrikaanse Republiek. 1885.

Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Van der Sandt de Villiers, Kaapstad. 1929.

Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910. George Routledge, Londen. 1918.

Gerdener, G.B.A.: Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Nasionale pers, Kaapstad. 1930.

Index of Estates of Deceased Persons. Tot 1910. Pretoria Staatsdrukkers 1912.

Krynauw, D.W. en Pretorius, H.S.: Transvaalse Argiefstukke Statsekretaris; Inkomende stukke, 1850-1853. Minerva drukpers vir staatsdrukkers. Pretoria. 1949.

O.V.S. Notulen der verrigtingen van den Hoog-Edelen Volksraad. Gedrukt by Van Iddekinge & Comp., Bloemfontein 1868.

Preller, G.S.: Voortrekker Wetgewing. Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845. J.L. van Schaik, Bepk. Pretoria. 1924.

Pretorius, H.S.; Kruger, D.W.; Beyers, C.: Voortrekker-Argiefstukke. 1829-1849. Staatsdrukkers, Pretoria. 1937.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Natal nr. 1. Notule van die Natalse Volksraad (1838-1845). Saamgestel deur J.H. Breytenbach. Cape Times, Kaapstad vir Staatsdrukkers. 1958.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Notules van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, persklaar gemaak deur P.F. van der Schyff. Staatsdrukker. 1965

Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Transvaal nr. 1. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850. Saamgestel deur J.H. Breytenbach en H.S. Pretorius. Cape Times, Kaapstad vir Staatsdrukkers 1949.
Ibid nr. 2. Saamgestel deur J.H. Breytenbach, 1950.
Ibid nr. 3. 1951.
Ibid nr. 4. 1952.
Ibid nr. 5. 1953.
Ibid nr. 6. 1956.
Ibid nr. 7. Saamgestel deur D.C. Joubert. 1965. (Afkorting: Volksraadnotules 1-7)


2/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Landdros 68. Bydraeboek (veldkornet) 1858-1863.
" 69. Belastingregister. Jun. 1863 - Des. 1872.
" 73. Register persoonlike belasting, Gatsrand 1864-1872.
" 121. Burgerlyste, 1865-1892.
" 162. Landdros en Heemrade Siviele sake, 1859-1865.
" 163. Landdros en Heemrade Siviele Sake, 1866-1867.
" 166. Siviele sake, 1874 - 1876.

U.R.

1A (nuwe nr. 1) Besluite van Uitvoerende Raad, Jun. - Des. 1864.

1B (nuwe nr. 2) Kopië van U.R. besluite, 1858-1866.

2 (ou nr. ) Uitvoerende Raadsbesluite art. 29-88 vir 13/2/65 - 18/12/68.

5 Art. 1 - 16 van 2/1/1873 - 12/4/1877.

50. Indekse op besluite, 1873 - 1877.

Boedelaktes.

201 A, E.A. Wolmarans (Steyn)
2517, F.G.A. Wolmarans
7591, F.G. Wolmarans
13957, M.P. Wolmarans (Botha)
14346, A.C.S.E. Wolmarans (Prinsloo)
14892, G.M. Wolmarans.
20733, F.G. Wolmarans (Miscellaneous Estates)
20735, C.M. Wolmarans (le Roux)

E.V.R.

2. Volksraadnotules Mrt. 1845 - Mrt 1849
6. Besluite art. 1, 12/9/1859 - art 738, 10/4/1866.
105A. Inkomende stukke, ongedateerd.
204. (ou nr. 110) Inkomende stukke 1867 - 1868.
205. (ou nr. 110) Inkomende stukke 1867 - 1868.
209. (ou nr. 112) Inkomende stukke 1868 - 1869.

| | | |
|---|---|---|
| S.S. 4. | R.360-479a | Jan.-Des. 1852. |
| 5. | R.480-596 | Jan.-Des. 1853. |
| 6. | R.597-725a | Jan.-Nov. 1854. |
| 7. | R.726-852 | Nov.-Jun. 1855. |
| 8. | R.853-956 | Jul.-Des. 1855. |
| 10. | Supplementêr | Jan.-Des. 1855. |
| 11. | R.957-1128 | Jan.-Jun. 1856. |
| 12. | R.1129-1261 | Jul.-Des. 1856. |
| 15. | R.1333-1504 | Febr.-Apr. 1857. |
| 16. | R.1505-1697 | Mei- Sept. 1857. |
| 17. | R.1698-1836 | Sept.-Des. 1857 |

4/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| S.S. 19. | R.1837-1988 | Jan.-Apr. 1858. |
| 21. | R.2160-2371 | Jul.-Okt. 1858. |
| 22. | R.2372-2523a | Okt.-Des. 1858. |
| 24. | R.2524-2636 | Jan.-Mrt. 1859. |
| 25. | R.2637-2795 | Mrt.-Mei 1859. |
| 27. | R.2941-3040 | Jul.-Aug. 1859. |
| 29. | R.3167-3297 | Okt.-Nov. 1859. |
| 30. | R.3298-3406a | Nov.-Des. 1859. |
| 32. | R.3407-3570 | Jan.-Febr. 1860. |
| 33. | R.3571-3832 | Febr.-Jun. 1860. |
| 35. | R.4025-4195 | Sept.-Des. 1860. |
| 37. | R.4196-4397 | Jan.-Mei 1861 |
| 38. | R.4398-4616 | Mei-Sept. 1861. |
| 39. | R.4617-4907 | Sept.-Des. 1861. |
| 42. | R.154-265 | Mrt.-Jun. 1862. |
| 43. | R.265a-408 | Jul.-Nov. 1862. |
| 48. | R.294-453 | Apr.-Jun. 1863. |
| 49. | R.454-636 | Jun.-Aug. 1863. |
| 50. | R.637-818 | Sept.-Okt. 1863. |
| 51. | R.819-939 | Okt.-Des. 1863. |
| 52. | Supplementêr | Jan.-Des. 1863. |
| 53. | R.1-76 | Jan.-Febr. 1864. |
| 59. | R.692-836 | Sept. 1864. |
| 60. | R.837-966 | Sept.-Okt. 1864. |
| 64. | R.1-170 | Jan.-Febr. 1865. |
| 71. | R.1140-1273 | Okt.-Des. 1865. |
| 75. | R.143-303 | Febr.-Mrt. 1866. |
| 79. | R.741-889 | Jul.-Aug. 1866. |
| 89. | R.609-758 | Jun.-Jul. 1867. |
| 90. | R.759-909 | Jul.-Aug. 1867. |
| 91. | R.910-1043 | Sept.-Okt. 1867. |
| 103. | R.1116-1347 | Okt.-Nov. 1868. |
| 121. | R.282-421 | Mrt.-Apr. 1870. |
| 125. | R.856-1027 | Jun.-Aug. 1870. |
| 146. | R.920-1111 | Jul.-Aug. 1872. |
| 159. | R.1090-1280 | Jul.-Aug. 1873. |
| 201. | R.3078-3099 | Nov.-Des. 1875. |
| 229. | R.517-694 | Jan.-Febr. 1877. |
| 239. | R.2324-2500 | Jun.-Jul. 1877. |
| 2193 | R.13714-13771 | Des. 1889. |
| 2211 | R.600-640 | Jan. 1890 |
| 2316 | R.5422-5443 | Apr. 1890 |
| 2703 | R.1534-1572 | Febr. 1891 |

5/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



S.S. 8510 Register op inkomende stukke 1873-Jul. 1875.
8517 Register op inkomende stukke Apr.-Des. 1880.
8621 Uitgaande briewe. 859-1722. Jun.-Nov. 1873.
8657 Uitgaande briewe. 1881-3545. Aug.-Okt. 1882.
8658 Uitgaande briewe. 3546-4262. Okt.-Des. 1882.

Lauts-versameling, A13.
Band 2 ) Oorspronklike briewe ens.
Band 4 )

Soutter-versameling, A3.
Pak 1, 2, 3, 4.

S.P. Engelbrecht-versameling, A.371.
Band 48, 49, 50, 51, 52. Notules van Algemene Kerkvergaderings.

Paleis van Justisie

Boedelakte 66396. A.D.W. Wolmarans.

## SEKONDêRE EN KONTEMPORêRE BRONNE.

Alheit, W.A.: Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente, Swellendam. N.G. Kerkpers, Woodstock, 1948

Badenhorst, W.J.: Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1938. A.P.B. 1939.

Baines, T.: Journal of residence in Africa, 1842-1853. Volume Two 1850-1853. Persklaar gemaak deur R.F. Kennedy. Van Riebeeck Society, Kaapstad. 1964.

Bosman, F.C.L. en Dreyer, A.: Hollandse Joernalistiek in S.A. en Lewenssketse van Hollandse Journaliste in Kaapstad. Brosjure.

Botha, P.R.: Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1925.

Bredell, H.C. en Grobler, P.: Gedenkschriften van Paul Kruger. J. Funke, Amsterdam, 1902.

De Villiers, C.C.: Geslacht-register der oude Kaapsche familien, Deel 2, A tot O. Van der Sandt de Villiers, Kaapstad. 1894.
Ibid. Deel III, P tot Z.

Dreyer, A.: Geschiedenis van de Gemeente Swellendam. Townshend, Taylor en Snashall, Kaapstad 1899.

Du Plessis, A.J.: Die Republiek Natalia. Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Vyfde jaargang, Deel 1. Cape Times vir Staatsdrukkers. 1943.

Du Toit, S. Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis, 2e uitgawe. Calvyn-Jubileum-Boekefonds. 1945.

6/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Duvenhage, G.D.J.: Die Republiek Lydenburg in S.A. Agtergrond, ontstaan en einde. Doktorale verhandeling Jan. 1966. (ongepubliseerd)

Duvenhage, G.D.J.: Willem Hendrik Jacobsz se rol in die onafhanklikheid- en eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld. 1847-1852. Argief Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. Negende jaargang. volume 1. Cape Times vir Staatsdrukker, 1956.

Encyclopoedia Britannica, 19631 Deel 4.
Deel 21.

Engelbrecht, S.P.: Eeufees-album van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika, 1842-1942. Wallachs, Pretoria. 1942.

Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. H.A.U.M.-J.H. de Bussy. 1953.

Engelbrecht, S.P. Historiese album van die Ned. Herv. Kerk van Afrika. J.H. de Bussy, Pretoria. 1948.

Engelbrecht, S.P. Album vir die geskiedenis van die Ned. Herv. kerk van Afrika. H.A.U.M., Pretoria. 1965.

Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg (Zoutpansberg), 1852-1952. Uitgegee deur die Kerkraad. 1952.

Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervomde Gemeente Potchefstroom, 1842-1942. J.H. de Bussy, Pretoria. 1942.

Engelbrecht, S.P.: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg, 1850-1950. Uitgegee deur die Kerkraad. 1950.

Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers. 'n Lewenskets. J.H. de Bussy, Pretoria. 1933.

Gedenkboek van die gemeente George by geleentheid van die honderdjarige herdenking van die kerkinwyding, 1842-1942. George & Knysna Herald. George. 1942.

Grobbelaar, J.J.G.: Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto-vraagstuk. Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. Tweede jaargang, deel II.
Cape Times vir Staatsdrukkers. 1939.

Hoge, J.: Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806 Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. Negende jaargang, 1946.

Hugo, M.J.: Die stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaanse Republiek. Argief-jaarboek vir S.A. geskiedenis Tiende jaargang, 1947.

Kemp, J.C.G.: Vir vryheid en reg. Nasionale pers, 1941.

Kotze, Sir J.: Biographical Memoirs and Reminiscences. Maskew Millar, Ltd. Cape Town, 1934.

Kruger, D.W.: Paul Kruger. Deel I. 1825-1883. Dagbreek boekhandel 1961.

Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, dl. 11. Onder redaksie van C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar. Nasionale pers, 1947.

Lauts, U.G.: De Kaapsche Landverhuizers of Nederlands afstammelingen in Zuid-Afrika. Leyden 1847.

7/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Leibrandt's Precis Requesten: V-Z. 1715-1806. Ongepubliseerde kopie. N.H.K.A.

Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal. A. de Lange, Amsterdam. 1906.

Lombard, J.P. la Grange. Paul Kruger, die Volksman. J.L. van Schaik. 1925.

Malherbe, D.F. du T. Driehonderd Jaar Nasiebou. Stamvaders van die Afrikanervolk. Tegniek. Stellenbosch. 1959.

Mc Lear, Bÿbelsche Geschiedenis van het Oude en Nuwe Testament. Uit de Engelsch vertaald door P.A.C. van Heyningen. Derde Uitgawe.

Morrees, A.: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873. S.A. Bybelvereniging, Kaapstad. 1937.

Muller, H.P.N.: Oude Tÿden in den Oranje Vrystaat, E.J. Brill, Leiden. 1907.

Nathan, M.: The Voortrekkers of South Africa. C.N.A. 1937.

Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1. Wordingsjare. A.A. Balkema. Kaapstad.

Pont, A.D.: Nicolaas Jacobus van Warmelo, 1835-1892. Kemink en Zoon. Utrecht. 1955.

Potgieter, C. en Theunissen N.H. Andries Potgieter. A.P.B. 1938.

Preller, G.S.: Andries Pretorius. Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal. 1937.

Preller, G.S.: Piet Retief. Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker. 10de druk. Nasionale Pers. 1930.

Preller, G.S.: Sketse en Opstelle. J.L. van Schaik. 1928.

Preller, G.S.: Voortrekkermense 1. Herinneringe van J.H. Hattingh, Sr. Nasionale Pers. 1920.
Voortrekkermense 5. Herinneringe van J.H. Hattingh. (slot). 1938.

Rex, H.M.: Pretoria van Kerkplaas tot regeringsetel. H.A.U.M. Kaapstad. 1960.

Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van S.A. 1842-1885. N.G. Kerk-uitgewers, Pretoria, 1956.

Spoelstra, B.: Die „Doppers" in Suid-Afrika. 1760-1899. Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad 1963.

Speolstra, C.: Het Kerkelÿk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. J.H. Kok, Kampen. 1915.

Stuart, J.: De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika. G.W. Tielkemeÿer. Amsterdam. 1854.

Van der Hoff, D.: Eene stem uit de Kaapstad door den Advokaat Brand weerklonken in Mooirivier .... met eenige aanmerkingen en toevoegselen. 1857.

Van der Hoff, D.: Open brief aan ds. J.P. Jooste, Potchefstroom 1871.

Van Jaarsveld, F.A.: Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners. Deel 1. Pioniers hartstogte, 1836-1864. Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg. 1951.

Van der Walt, A.J.H.; Wiid, J.A.; Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede druk. Nasionale Boekhandel Bpk. Johannesburg, 1955. 8/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Oordt, J.F.: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Hollandsch Afrikaansche Uitgevers-Maatschappy. Amsterdam-Kaapstad. 1898.

Wichmann, F.A.F.: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Vyfde jaargang, deel II. 1941.

Wolmarans, A.D.W.: Kerkhistoriese Feiten II. Wallachs. Pretoria.

Wypkema, A.: De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881. De Bussy, Pretoria. 1939.

TYDSKRIFTE, PERIODIEKE PUBLIKASIES, KOERANTE.

Almanak Nederduitsch Hervormde kerk. (artikels)

1909. Muller, P.J.: De Ned. Herv. kerk van Transvaal. Historiese Herinneringen.

1918. Van Belkum, Jac.: Bÿdrage tot u geschiedenis der Hervormde kerk in Zuid-Afrika.

1917. Programma van de optogt en verder verrigtingen by gelegenheid der plegtige inwyding van het nieuwe kerkgebouw der Nederduitsch Hervormde gemeente te Potchefstroom. bl. 108.

1922. Engelbrecht, S.P.: De Hervormde kerk van Potchefstroom.

1922. Engelbrecht, S.P. Ds. G.W. Smits.

1924. Engelbrecht, S.P.: De Herderloosheid onder de Voortrekkers. bl. 157.

1925. Hoe in vroegere dagen een predikant beroepen werd. (Dr. S.P. Engelbrecht) bl. 119.

1929. Engelbrecht, S.P.: Die Kaapse kerk en die Voortrekkers.

1929. Engelbrecht, S.P.: Gedagtenisrede op die dood van A.D.W. Wolmarans.

1935. Engelbrecht, S.P.: Die Afrikaners met die geestelike swaard vervolg.

Kerklike organe.

De Gereformeerde Kerkbode in Z.A. 10/2/1849, 25/10/1856.

Die Hervormer. 15/9/1931. Herdruk: Eene stem uit Mooirivier. Ds. D. van der Hoff en F.G. Wolmarans, bl. 79. Kyk bl. 83.

Die Huisgenoot.

Pretorius, H.S.: Die Eerste Grondwet. Gedenkuitgawe Desember 1938.

Hervormde Teologiese Studies.

Engelbrecht, S.P.: Frederik Gerhardus Wolmarans en sy kleinseun Andries Daniel Wynand Wolmarans as handhawers van die onafhanklikheid van die Transvaalse kerk. 15de jaargang, afl. ii, iii, iv. November 1959.

9/...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Engelbrecht, S.P.: Staatkundige strominge in Transvaal in die jare 1836-1857. 4de jaargang, April 1948 en 5de jaargang, September 1948.

Kruger, B.R.: Die aandeel van die ou Gereformeerdes in die verwerping van die inlywing by die Kaapse Sinode. 16de jaargang, afl. 11, Julie 1960.

Pont, A.D.: Die vestiging van die Ned. Herv. kerk in 1853 en die eerste afskeiding van Lydenburg 1854 - kerkregterlike implikasies. 20ste jaargang, afl. 3, 4.

Van Staden, G.J.: Die rol van ouderling A.D.W. Wolmarans in die kerkgeskiedenis van die Z.A.R. tot 1900. 18de jaargang, afl. 1 en 11, Junie 1962.

<u>Die Zeerustse Eeufees gedenkboek, 1867 - 1967. (Uitgegee deur die Stadsraad van Zeerust.)</u>

Rex, H.M.: Grepe uit die geskiedenis van die Ned. Herv. gemeente Zeerust tot in 1884.

<u>Koerante</u>

Die Volkstem. Dagbladuitgawe 17/1/1945.
Halfweeklikse uitgawe 18/1/1945.

De Zuid-Afrikaan
1/6/1848 Mikrofilm C.L. 327.
17/10/1853 " C.L. 331
18/10/1853 " "

Staats Courant / Government Gazette / Gouvernements Courant / Gazette Extraordinary.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Z.A.R. Staats-courant | 1858 | Band 2 | Nuwe nr. 36. |
| | 1859 | 3 | 37 |
| | 1860 | 4 | 38 |
| | 1861 | 5 | 39 |
| | 1862 | 6 | 40 |
| | 1863 | 7 | 41 |
| | 1864 | 8 | 42 |
| | 1867 | 11 | 45 |
| | 1868 | 12 | 46 |
| | 1869,1870 | 13 | 47 |
| | 1871,1872 | 14 | 48 |
| | 1873 | 15 | 49 |
| | 1874 | 16 | 50 |
| | 1875 | 17 | 51 |
| | 1876 | 18 | 52 |
| | 1877 | 19 | 53 |
| | 1878 | 20 | 54 |
| | 1879 | 21 | 55 |
| | 1880 | 22 | 56 |
| | 1881 | 23 | 57 |
| | 1882 | 25 | 59 |
| | 1883 | 26 | 60 |
| | 1884 | 27 | 61 |

Friend of the Free State

20/2/1863 Mikrofilm C.L. 4.
23/7/1865 Byvoegsel Mikrofilm C.L. 5.

---o0o---

© University of Pretoria